





NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

®

Dit begin alles hier®

JAARVERSLAG 2015



15 597

graduandi

83,9%

algehele
slaagsyfer

15

fakulteite



64 070

studente



3

kampusse



7 833

personeel-
lede

34

navorsingsentiteite

2 146

totale eenhede
navorsingsuitset

10

lede in institusionele bestuur

30

raadslede

inhoud

- 4 omtrent hierdie verslag
- 8 bestuursopsomming
- 10 ons organisatoriese oorsig
- 12 ons eksterne omgewing
- 15 ons kernbesigheidsaktiwiteite
- 16 verligting van ons risiko's
- 24 verklaring van die raad oor volhoubaarheid

hoe ons die NWU korporatief bestuur

- 32 boodskap van die kanselier
- 34 verslag van die voorsitter van die raad
- 42 verklaring van die raad oor korporatiewe bestuur
- 50 ontmoet ons raadslede
- 56 verslag van die institusionele forum
- 58 verslag van die senaat

hoe ons die NWU bestuur

- 64 ontmoet ons institusionele bestuur
- 65 ons jaarlikse prestasieplan
- 66 verslag oor transformasie
- 72 prestasiebeoordelingsverslag
- 86 verslag van die visekanselier oor bestuur en administrasie

hoe ons teen ons kapitaalvorme presteer het

- 94 ons intellektuele kapitaal (waaronder ons onderrig-leer, ons navorsing en hoe ons ons kernbesigheidsaktiwiteite ondersteun)
- 121 ons maatskaplike en verhoudingskapitaal
- 130 ons mensekapitaal
- 146 ons vervaardigde kapitaal
- 148 ons natuurlike kapitaal
- 151 ons finansiële kapitaal
- 156 jaarlikse finansiële oorsig
- 166 verslag van die oudit-, risiko- en nakomingskomitee
- 168 dankbetuigings

> omtrent hierdie verslag

Hierdie is die NWU se jaarverslag, wat deur die NWU-raad op 23 Junie 2016 goedgekeur en aan die einde van Junie 2016 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ingedien is. Dit is beskikbaar op die NWU se webwerf by <http://www.nwu.ac.za/af/content/nwu-jaarverslag>.

verslagdoeningstydperk

Januarie tot Desember 2015 en ook vergelykings met syfers van vorige jare en vooruitskouings waar van toepassing

datum van mees onlangse verslag

Januarie tot Desember 2014

verslagdoeningsiklus

jaarliks

kontakpunt

vir vrae oor hierdie verslag
nelia.engelbrecht@nwu.ac.za

fundamentele konsep en struktuur van ons verslag

In die verlede het ons twee afsonderlike jaarverslae gehad:

- Die volledige jaarverslag, opgestel in ooreenstemming met die DHOO se Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoëronderwysinstellings (wat in Junie 2014 gepubliseer is en beginsels uit die King III-verslag insluit)
- 'n Bondiger, gebruikersvriendelike belanghebbersweergawe gegrond op die bogenoemde volledige verslag en die struktuur van die International <IR> Framework van die International Integrated Reporting Council (IIRC)

Vanjaar het ons egter hierdie twee weergawes in een verslag gekombineer en albei raamwerke gebruik om die unieke verhaal van hoe die NWU waarde skep, te vertel.

In hierdie verslag sal julle, ons belanghebbers, sien hoe ons ons hulpbronne en verhoudinge (wat ons ons 'kapitaaltorme' noem) gebruik en beïnvloed om op die kort tot lang termyn waarde vir onself en ons belanghebbers toe te voeg.

ons belanghebbers

Ons belanghebbers is daardie groepe of individue wat deur die universiteit se aktiwiteite en dienste geraak word, en wie se handeling die vermoë van die universiteit om sy strategie te implementeer en sy doelstellings te verwesenlik, kan beïnvloed.

Ons belangrikste belanghebbers word in die tabel hieronder uiteengesit.

Vlak 1-belanghebbers	Vlak 4-belanghebbers
Studente (huidig, nagraads)	Suid-Afrika, algemene publiek (dwarsoor Afrika)
Personeel (akademies, ondersteuning, kontrak)	Biblioteke, Biblioteekinligtingsvereniging van SA, Biblioteekadviesraad
Werkgewers, besigheid, nywerheid	Fakulteite (NWU)
Eweknieë, akademiese en navorsingsinstansies	Kerke
Vlak 2-belanghebbers	Provinsiale regerings
Ouers, families (van geregistreerde studente)	Vakbonde met NWU-lede
Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, Hoëronderryskwaliteitskomitee, Universiteite Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid	Internasionale ontwikkelingsinstansies
Skole (graad 11- en 12-leerders)	Eduoloan, Nasionale Finansiële Hulpkema vir Studente
Donateurs, borge, beskermhere	Diensverskaffers
Media	Vlak 5-belanghebbers
Vlak 3-belanghebbers	Politici, politieke partye
Regering, staatsdepartemente	Boere
Alumni, Konvokasie	Tradisionele leiers, hoofmanne
Senaat, Raad	NRO's
Bestuur	VOO-kolleges
Professionele rade, akkrediteringsinstansies	Statutêre liggame
Gemeenskap, plaaslike ekonomie, besigheid	Ouers van voornemende studente
Plaaslike regering, munisipaliteite, burgerlike organisasies	
Afrikaanse gemeenskap	

ons ses kapitaalvorme

Die NWU maak vir ons sukses op hierdie ses vorme van kapitaal staat.

Intellektuele kapitaal	Mensekapitaal	Maatskaplike en verhoudingskapitaal	Vervaardigde/vervaardigingskapitaal	Natuurlike kapitaal	Finansiële kapitaal
<p>Prosesse, prosedures en beleide wat goeie korporatiewe en gewone bestuur ondersteun</p> <p>Ons benadering tot etiek, ons waardes, visie, missie, strategie en Jaarlikse Prestasieplan</p> <p>Intellektuele eiendom of ander kennis-gebaseerde ontasbare aspekte wat uit ons onderrig-leer-aktiwiteite voortspruit</p> <p>Soortgelyke kennisgebaseerde ontasbare aspekte wat uit ons navorsing, innovasie en tegnologie-oordragaktiwiteite voortspruit (wat strek van publikasies, toetsdienste, kundige menings, patente, prototipes en sagteware tot die bestuur van netwerke).</p>	<p>Ons personeel en studente (ons interne belanghebbers)</p> <p>(Dit gaan oor hulle bereidwilligheid om die NWU se waardes en strategiese doelwitte te ondersteun, oor hul lojaliteit, vaardighede, kennis en ervaring en hul motivering om te innoveer en waarde aan ons ander kapitaalvorme toe te voeg, veral ons intellektuele kapitaal)</p>	<p>Ons verhouding met ons eksterne belanghebbers</p> <p>(Dit gaan oor hul lojaliteit, vaardighede, kennis, ervaring en motivering om waarde aan die NWU en ons kapitaalvorme toe te voeg. Dit gaan ook oor onderlinge vertroue en voordeel.)</p>	<p>Ons tasbare infrastruktuur wat ons kernbesigheids-aktiwiteite ondersteun en tot diensverskaffing bydra</p> <p>(Met ander woorde, ons gebruik fisiese dinge om waarde aan ons ander kapitaalvorme toe te voeg)</p>	<p>Ons omgewings-hulpbronne, wat die omgewing vir die ander kapitaalvorme voorsien</p> <p>(Dit sluit natuurlike hulpbronne of omgewingsbates in wat ons gebruik om waarde aan ons ander kapitaalvorme toe te voeg)</p>	<p>Fondse wat die NWU verkry het en beskikbaar het</p> <p>(Dit gaan oor hoe die finansiële kapitaal se waarde deur omskepping in ander vorme van kapitaal vrygestel word)</p>

Hierdie kapitaalvorme is almal onderling verwant.

Byvoorbeeld:

Inligtingstechnologie kan as intellektuele eiendom beskou word, maar ook as vervaardigde kapitaal.

(Die ontasbare, kennisgebaseerde deel van inligtingstechnologie kan onder intellektuele eiendom val, en die tasbare deel, byvoorbeeld die infrastruktuur, stelsels en hardware, onder vervaardigde kapitaal.)

Ons besef dat verslagdoening oor hierdie onderlinge verwantskap vir geïntegreerde verslagdoening besonder belangrik is, en in ooreenstemming is met die leidende beginsel van samehangendheid van inligting.

Byvoorbeeld:

Vervaardigde kapitaal wat die waarde van finansiële kapitaal verlaag

OF:

Mensekapitaal wat waarde aan finansiële kapitaal toevoeg

(geld uit die begroting wat aan bouwerk en instandhouding van infrastruktuur bestee word)

(vaardighede of statuur van ons navorsers lok navorsingsbefondsing)

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar voortdurende **wisselwerking** tussen hierdie kapitaalvorme is – indien die waarde van een kapitaal verlaag of verhoog word, kan dit tot 'n algehele daling/styging in sommige van die ander kapitaalvorme lei.

bepaling van verslaginhoud/-wesenlikheid

As die NWU besef ons dat die inhoud en gehalte van die inligting wat in hierdie verslag ingesluit is ons belanghebbers in staat moet stel om gegronde en redelike evalueringe van ons prestasie te maak, en daarvolgens op te tree.

By die opstel van hierdie verslag het ons die volgende in aanmerking geneem:

- Die DHOO se Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoërondewysinstellings, wat in Junie 2014 gepubliseer is en beginsels uit die King III-verslag insluit.
- Riglyne uit die International <IR> Framework van die International Integrated Reporting Council (IIRC) en terugvoer van Ernst & Young ná 'n gapingsanalise van ons 2014-jaarverslag.

Ons moes egter hierdie raamwerk effens aangepas, omdat:

- ons omstandighede in die hoërondewyssektor verskil van dié van 'n JSE-genoteerde maatskappy met 'n winsoogmerk
- die NWU 'n diensgeoriënteerde instelling is wat kennis en idees produseer, eerder as om tasbare goedere te vervaardig
- ons deur die wet verplig word om sekere inligting te voorsien wat deur die DHOO vereis word
- Ons Jaarlikse Prestasieplan, wat ons rigtinggewende strategiedokument is, soos uiteengesit op p65.
- Ons aanvaar dat sake waarna daar in die JPP se missie-elemente en doelwitte verwys word, wesenlik is en in hierdie verslag genoem behoort te word. (Met ander woorde, ons sluit inligting in oor hoe ons die waarde van ons ses kapitaalvorme beïnvloed deur ons kernbesigheidsaktiwiteite, naamlik onderrig-leer en navorsing, met gemeenskapsbetrokkenheid en innovasie wat met hierdie aktiwiteite vervleg is.)
- Die inset verkry uit ons interaksie met ons belanghebbers as deel van ons gewone aktiwiteite.

ons reis na geïntegreerde verslagdoening

Sedert die NWU drie jaar gelede begin het met 'n reis na geïntegreerde verslagdoening, het ons groot vordering gemaak en is die finale bestemming – 'n ten volle geïntegreerde verslag – nou binne ons bereik.

Met hierdie bestemming in gedagte het ons probeer om 'n begrip vir geïntegreerde denke binne die NWU-gemeenskap aan te moedig. Ons het byvoorbeeld die verskillende rolspelers by die universiteit gevra om inligting te voorsien op 'n wyse wat rekening hou met die beginsels van geïntegreerde verslagdoening, soos strategiese fokus en toekomsgerigtheid, risiko's en geleentheid, waardeskepping, wesenlikheid en belanghebbersverhoudinge.

volg ons voetspore

Ons as die NWU erken ons verantwoordelikheid teenoor alle belanghebbers om ons doelwitte met integriteit na te streef terwyl ons voortdurend in gedagte hou dat al ons handeling 'n impak op mense en die omgewing het.

Ons is bewus dat ons op so 'n wyse moet optree dat die instelling, ons aktiwiteite en die voordele wat dit oplewer in die toekoms voortgesit kan word. Met ander woorde, ons moet streef na volhoubare ontwikkeling.

Vir die doel van hierdie jaarverslag word volhoubare ontwikkeling beskou as ontwikkeling wat vandag aan die behoeftes van mense voldoen, sonder om die vermoë van toekomstige geslagte om in hul eie behoeftes te voorsien in die gedrang te bring.

Vir ons strek dit verder as om ons koolstofvoetspoor te verminder en op die omgewing te fokus. Dit beteken ook om aandag te skenk aan sake soos menseregte, arbeidspraktyke,

gemeenskapsbetrokkenheid, finansies en aanspreeklikheid vir produkte.

Ons nooi julle, ons lesers, om ons "voetspore" te volg terwyl julle deur hierdie publikasie blaai.

Hierdie voetspore toon hoe ons probeer om verantwoordelik op te tree om die impak van ons aktiwiteite op ons volhoubaarheid sowel as op dié van ons belanghebbers en die omgewing te bestuur.



*Ekonomiese
impak*



*Impak op
mense*



*Impak op die
omgewing*

bestuurs- opsomming

Die jaar 2015 staan uit vir die sukses wat behaal is met die finalisering van 'n strategie en voorgestelde bestuursmodel wat die NWU sal voorberei vir die uitdagings en geleentehede wat in die volgende 10 jaar voorlê.

In November 2015, na 'n tydperk van 16 maande se intensiewe beplanning en oorlegpleging met belanghebbers, het die Raad van die universiteit die hersiene strategie goedgekeur: om die NWU te transformeer en as unitêre instelling van voortrefflike akademiese uitnemendheid met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid te posisioneer.

Die strategie wat aanvaar is, vereis sekere strukturele veranderinge, soos die daarstel van akademiese fakulteite wat oor al drie NWU-kampusse strek – om sodoende groter eenheid, maatskaplike samehorigheid en inklusiwiteit te bevorder – in die plek van die voormalige model van kampusspesifieke fakulteite.

Die nuwe struktuur sal in 2016 gefinaliseer word. Die tyd is ryp daarvoor, aangesien die universiteit se kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en innovasie goed gevestig is, wat 'n stewige grondslag voorsien waarop daar vir die toekoms gebou kan word.

Trouens, die kernbedrywighede het in 2015 voortgegaan om goed te presteer. Die graueringsyfer van studente wat ingeskryf was vir algemene driejarige grade het van 20% tot 21% gestyg, en van 18% tot 20% vir professionele vierjarige grade. Net so het die doktrale graueringsyfer van 13% tot 15% gestyg. In die ander kategorieë het graueringsyfers konstant gebly vergeleke met 2014.

Soos verwag, was daar 'n effense daling in algehele navorsingsuitset, met die totale artikelekwivalente gepubliseer vir 2014 wat op 1 127,48 te staan gekom het, teenoor die vorige jaar se 1 169,44. Andersyds was daar toenames in die getal NRF-gegradeerde navorsers, postdoktrale genote en doktrale grade wat toegeken is.

Totale inskrywings het gegroei tot 64 070 – 1,5% hoër as die vorige jaar. Dit was egter minder as die algehele doelwit van 67 435. Andersyds het die NWU beter as verwagte groei in doktrale inskrywings ervaar, wat 8% hoër was as in 2014.

Een aspek waaroor daar kommer bestaan, is die universiteit se finansiële volhoubaarheid. Die Fees Must Fall-veldtog, wat in Oktober 2015 gelei het tot die regering se aankondiging dat klasgelde by openbare universiteite nie in 2016 verhoog sal word nie, het begrotingstekorte vir die komende jaar tot gevolg gehad.

Hoewel die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding 75% van die NWU se tekort voorsien het, moet die universiteit self meer as R44 miljoen uit eie bronne voorsien. Dit beteken dat daar minder geld beskikbaar sal wees vir infrastruktuurprojekte, personeelaanstellings en lewenskosteaanpassings vir personeel.

Die NWU het 'n hoogs bekwaame span finansiële kundiges en doen hul bes om die situasie te bestuur. Die regering sal egter met 'n lewensvatbare nuwe befondsingsmodel vorendag moet kom om te verseker dat hoër onderwys in Suid-Afrika steeds effektief gelewer word.

Tshobokanyo ya Khuduthamaga

Ngwaga ya 2015 e itlhaotse mo dingwageng ka ntlha ya katlego e e bonweng ka go tswela go fetsa motlele o mošwa o o tshishingwang wa mosolatogamaano o o tla baakanyang YBB go tshwara dikgwetho le ditšhono tse di lebaneng le rona mo dingwageng di le 10 tse di tlang.

Ka kgwedi ya Ngwanaitseele 2015, morago ga paka ya go loga maano dikgwedi di le 16 le go tshwara ditherisano le batsayakarolo, Khansele ya yunibesiti e dumeletse mosolatogamaano o o boeleditsweng; go fetola le go baya ka maemo YBB go nna setheo se se ikemetseng ka nosi ka boitseanape jwa maemo a a gaisang gotlhe a akatemi, mme se ineetse go baakanya le go siamisa loago.

Mosolatogamaano o o ilweng wa amogela o tlhoka diphetogo tse di rileng tsa popego, jaaka go bopa magoro a akatemi a a tshwanang mo dikhamphaseng tsa YBB ka boraro, mme go bopiwe setheo se se senngwe mme go nne le kopano ya loago mme go tsestwe botlhe - mme se se tse na mo popegong ya pele ya motlele ya dikhamphase tse tharo tse di sa tshwaneng.

Popego e e ntšha e tla fetswa ka mo ngwageng ya 2016. Nako ya phetogo ke nako e e siameng ka gore kgwebokgolo ya yunibesiti ya go ruta le go ithuta, go batlisisa le go bopa sešwa e itsetsepsetse mme se ke motheo o o siameng thata o mo go one bokamoso bo ka agiwang mo go bone.

Mme ka nnete, kgwebokgolo ya setheo e tswelitse go dira ka maatla le ka katlego ka ngwaga wa 2015. Palo ya baalosi ba baithuti ba ba ikwadiseditseng dikerii ya kakaretso ya dingwaga tse tharo e tlatlogile go tswa go 20% go ya go 21% mme mo didikerieng tsa boithutelo tsa dilemo di le 4 palo e ile go tsa go 18% go ya go 20%. Fela jalo le palo ya didikerii tsa di-PhD e ile kwa godimo go tswa go 13% go ya go 15%. Mo dikarolong tse dingwe palo ya dikaloso e ne e eme sentle fa e bapisiwa le ngwaga ya 2014.

Jaaka go ne go solofetswe palo ya dikumo tsa patlisiso ya botlhe e ile kwa tlase gannye, ka palo ya diathikele tse di gatisitsweng ka 2014 mo go 1 127,48 fa e bapisiwa le palo ya 1 169,44 ya ngwaga e e fetileng. Le fa go le jalo, go ne go na le koketso ya palo ya babatlisisi ba ba athlotsweng ke NRF le palo ya barutegi morago ga di-PhD le palo ya didikerii tse di filweng baalosi ba di-PhD.

Palo ya baithuti botlhe ba ba ikwadiseditseng e goletse kwa godimo go ya go 64 070 mme se ke palo ya 1,5% go feta ngwaga e e fetileng. Palo, le fa go le jalo, e ne e le kwa tlase ga palo ya maikaelelo ya 67 435. Mo karolong e nngwe, baikwadisi ba didikerii tsa di-PhD mo YBB e ne e feta tsholofelo kgakala ka palo mme palo e ne e le kwa godimo 8% go feta palo ya 2014.

Karolo e nngwe e e tshwenyang ke kemo ya go ka tswela pele ya tsa ditšhelete. Go itsiwa ke botlhe gore letsholo la #Fees Must Fall e e tlisitseng kitsiso ya mmuso ya kgwedi ya Diphale 2015 gore madi a dithuto tsa diyunibesiti tsa batho ga e ketla e tlatlosiwa ka 2016. Se se dirile gore go nne le ditlhokego mo ditkanyetsong tsa ngwaga e e tlang.

Le fa go le jalo gore Lefapha la Thuto-Godimo le Katiso e thusitse ka 75% ya tlhokego ya YBB, yunibesiti e sa le mo maemong a gore e tshwanele go ipatlela palo e e fetang R44 milione go tswa mo metswedding ya yone. Se se raya gore go tlele go na le madi a mannye a diporojeke tsa mafaratlatlha, thapo ya badiramogo le koketso ya ngwaga le ngwaga ya badiramogo.

YBB e na le setlhopha se se kgonang thata sa baitseanape ba tsa ditšhelete mme ba dira ka maatla go laola kemo e. Fa go buiwa ka kgang e go botlhokwa thata gore mmuso o tle ka motlele e mošwa wa ditšhelete go tlhomamisa gore thuto-godimo mo Aforikaborwa mme e tswela go ka direla batho botlhe ba setšhaba.

Executive summary

The year 2015 stands out for the success achieved in finalising a strategy and proposed management model that will prepare the NWU for the challenges and opportunities to come in the next 10 years.

In November 2015, after an intensive, 16-month period of planning and consultation with stakeholders, the Council of the university approved the revised strategy: to transform and position the NWU as a unitary institution of superior academic excellence, with a commitment to social justice.

The strategy that was adopted requires some structural changes, such as establishing academic faculties that span all three NWU campuses – thus promoting greater unity, social coherence and inclusivity – in the place of the former campus-specific faculty model.

The new structure will be finalised in 2016. The timing is opportune as the university's core business of teaching-learning and research and innovation is solid, providing a firm basis on which to build for the future.

Indeed, the core operations continued to perform well during 2015. The graduation rate among students enrolled for general three-year degrees rose from 20% to 21%, and from 18% to 20% for professional four-year degrees. Similarly, the doctoral graduation rate climbed from 13% to 15%. In other categories, graduation rates held steady compared to 2014.

As anticipated, there was a slight dip in overall research output, with total article equivalents published for 2014 standing at 1 127,48 against the previous year's 1 169,44. On the other hand, there were increases in the number of NRF-rated researchers, postdoctoral fellows and doctoral degrees conferred.

Total enrolments grew to 64 070, up 1,5% on the previous year. This was below the overall target of 67 435, however. On the other hand, the NWU enjoyed better-than-expected growth in doctoral enrolments, which were 8% higher than in 2014.

One area of concern is the university's financial sustainability. It is well known that the Fees Must Fall campaign, which led to government's announcement in October 2015 that tuition fees at public universities would not be increased in 2016, has resulted in budgetary shortfalls for the coming year.

While the Department of Higher Education and Training will provide 75% of the NWU's shortfall, the university finds itself in the position of having to come up with over R44 million from its own resources. This means there will be less money available for infrastructure projects, staff appointments and staff cost-of-living adjustments.

The NWU has a highly competent team of financial experts and is doing its best to manage the situation. That said, government will have to come up with a viable new funding model to ensure that higher education in South Africa continues to be effectively delivered.

Kakaretso ya Lekgotla la Phethahatso

Selemo sa 2015 se supa katleho e fihletseng phethahatsong ya setshwantsho sa leano la bolaodi bo sisingwang bo tla hlophisetsa Unibesithi ya Leboya Bophirima (NWU) diphephetso le menyetla e lebeletsweng nakong ya dilemo tse leshome (10) tse tlang.

Kgweding ya Pudungwana selemong sa 2015, kamora dikgwedi tse leshome le metso e tsheletseng (16), tsa dihlophiso tse matlafaditsweng le boeletsu ba beng-ba-diabo, lekgotla la tsamaiso ya unibesithi le ananetse molao o lekotsweng botjha bakeng sa ho fetola boemo ba Unibesithi ya Leboya Bophirima ho ba karolo e ikemetseng boemong bo hlwahlwa ho tsa thuto mmoho le boikitlaetso tsamaisong ya toka hara setjhaba.

Leano la moralo le ileng la amohelwa le hloka diphethoho tsa hlophiso ya sebopeho tse kang ho thehwa ha makala a thuto a kahara dikhampase kaofela tse tharo tsa NWU – mme ka tsela e jwalo ho kgothaletswe tlamahano, katamelano ya setjhaba le kenyeletso sebakeng sa mokgwa wa kgale wa dikhampase tse neng di fana ka dithuto tse ikgethang.

Sebopeho se setjha sa hlophiso se tla phethelwa selemong sa 2016. Nako a beilweng e fana ka monyetla jwale kaha morero o ka sehlohong wa unibesithi eleng thupello le ho ithuta, diphuputso le kutullo ya tsebo o tsitsitse, mme e le mohlodi wa motheo bakeng sa kaho ya bokamoso.

Nnete ke hore tshebetso e ka sehlohong e ile ya tswella ho ntshetswapele hantle selemong sa 2015. Sekgahla sa dikapeso tsa baithuti ba ingodiseditseng degri e akaretsang ya dilemo tse tharo se nyolohile ho tloha ho 20% ho isa ho 21%, le ho tloha ho 18% ho isa ho 20% tsa lengolo la profeshene la dithuto tse nkang dilemo tse nne. Ka mokgwa o tshwanang sekgahla sa dikapeso tsa mangolo a doktrate se nyolohile ho tloha ho 13% ho isa ho 15%. Haele mekgahlelong e meng ho bonahala botsitso ba sekgahla sa dikapeso ha ho bapiswa le selemong sa 2014.

Jwale kaha ho ne ho lebeletswe, ho bile le phokolo lehlakoreng la diphuputso ka kakaretso, ka palo e lekanang ya phatlalatso ya dingolwa tse 1 127,48 selemong sa 2014 papisong le 1 169,44 tsa selemo se fetileng. Ka lehlakoreng le leng palo ya bafuputsi ba boemong ba NRF, baithuti ba kahodimo ho dithuto tsa doktrate le dikgau tsa doktrate tse ileng tsa ajwa e ile ya nyoloha.

Palo e akaretsang ya boingodiso e nyolohetse ho 64 070 ho fihla ho 1,5% selemong se fetileng. Leha ho le jwalo palo ena e ka tlase ho e neng e lebeletswe ka kakaretso eleng ya 67 435. Ka lehlakoreng le leng NWU e ipabola ka kgolo e ntlafetseng boingodisong ba dithuto tsa doktrate e phahameng ha ho bapiswa le 8% eleng ya selemo sa 2014.

Karolo e nngwe ya bohlokwa ke boemo bo tsitsitseng ba ditjhelete tsa unibesithi. Ke taba e tsebahalang hore khampeine ya Fees Must Fall e bakile hore puso e etse phatlalatso ka kgwedi ya Mphalane 2015 mabapi le ho se nyollwe ha ditefelo tsa dithuto tsa unibesithi selemong sa 2016, eleng se bakileng kgaello bakeng sa selemo se tlang.

Leha Lefapha la Thuto e Phahameng le fanne ka 75% ho ntlafatsa kgaello ya NWU, unibesithi e sa ntse e lokela ho fumana diranta tse kahodimo ho dimilione tse 44 (R44 million) ho tswa mehloding ya yona. Sena se bolela hore ho tla fokotswa tjhelete e tla sebedisetswa diprojeke tsa kaho, khiri ya basebetsi le nyollo ya meputso ya basebetsi.

Unibesithi ya Leboya Bophirima e ipabola ka sehlopha sa ditsebi tsa tshebediso ya matlole se iketlaetsang ka hohle botsamaisang ba maemo a ditjhelete. Ba boletse hore puso e lokela ho hlahisa tsela e ntjha ya kabo ya ditjhelete e tla netefatsa hore ditsha tsa thuto e phahameng Afrika Borwa di ntshetsapele tshebetso e phethahetseng.

ons organisatoriese oorsig

Die Noordwes-universiteit is 'n unitêre multikampusinstelling met 'n enkele stel beleide, stelsels en standaarde, en word gedryf deur 'n stel grondwetlik gebaseerde waardes, in die besonder menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

Ons visie en missie is daarop gemik om eenheid in verskeidenheid te bevorder deur verdraagsaamheid en respek vir alle perspektiewe en geloofstelsels te kweek om so 'n geskikte omgewing vir onderrig-leer, navorsing en die kommersialisering van kundigheid te verseker.

wat ons doen

Ons kernbesigheid is onderrig-leer en navorsing, met gemeenskapsbetrokkenheid en innovasie onderling verweef met hierdie aktiwiteite.

Uiteindelik is ons rol egter om waarde te skep. Dit verwys na ons uitset, sowel as ons verpligting om die tekort aan maatskaplike kapitaal in gemeenskappe die hoof te bied. Dit koppel ook ons langtermynstrategieë aan die doelwitte van die Suid-Afrikaanse regering se Nasionale Ontwikkelingsplan, waarvan die einddatum 2030 is.

ons visie, missie en strategie

Hoewel die NWU-raad aan die einde van 2015 'n nuwe strategie vir die NWU aanvaar het, het die volgende visie, missie en strategie steeds die universiteit deur 2015 gelei.

visie

Die NWU se visie is om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

missie

Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om sy kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer. Die instelling sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.

strategie

Die NWU-strategie ter ondersteuning van sy missie is om die kwaliteit en kwantiteit van navorsingsuitsette te verhoog deur volgens kampusnise te fokus, en deur toepaslike aansporingsmaatreëls en kapasiteitsbou en -ontwikkeling, terwyl die kwaliteit van onderrig en leer deur 'n verbeterde kliëntefokus, e-leer, innovasie en diversiteit versterk word.

Op hul vergadering van 20 November 2015 het die NWU-raad 'n nuwe strategie vir die volgende 10 jaar vir die NWU goedgekeur.

ons strategie

Om die NWU te transformeer en as unitêre instelling van voortrefflike akademiese uitnemendheid met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid te posisioneer.

ons droom

Om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir betrokke wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek.

ons doel

Om uit te munt wat betref innoverende leer en onderrig asook baanbrekersnavorsing, om sodoende die gemeenskap deur kennis te dien.

ons waardes

Ons sal betrokke en sorgsame personeel en studente kweek en die volgende fundamentele waardes vaslê, wat op die grondwetlike beginsels van menswaardigheid, gelykheid en vryheid gebaseer is:

- etiek in al ons strewes
- akademiese integriteit
- akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike ondersoek
- verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid en deursigtigheid
- entoesiastiese aanvaarding van diversiteit

naam van die organisasie

Noordwes-
Universiteit

skaal van die organisasie

64 070

studente was in 2015 ingeskryf en

7 833

personeellede was in diens.

primêre handelsmerke, produkte en dienste

Ons kernbesigheid bestaan uit onderrig-leer, navorsing, innovasie en gemeenskapsbetrokkenheid.

markte bedien

Hoewel ons hoofkliënte ons studente is, het ons ook interaksie met verskeie ander groepe belanghebbers.
(Kyk tabel op p5)

aard van eienaarskap en regsform

Die NWU word korporatief bestuur ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 en is 'n openbare universiteit wat deur die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding teenoor die Parlement aanspreeklik is.

lande waar die organisasie werksaam is

Ons werk hoofsaaklik in Suid-Afrika, maar deur ons daaglikse aktiwiteite werk ons op groot skaal saam met instansies en mense die wêreld oor. In 2015 het die NWU ongeveer 823 aktiewe ooreenkomste en memorandum van verstandhouding gehad.

netto inkomste

Die totale inkomste van die universiteit was R3 527,0 miljoen vir die 2015 finansiële jaar. Ons totale uitgawes (uitgesonderd die IAS 19-waardasie) het R3 339,2 miljoen beloop.

ligging

Die NWU is 'n Suid-Afrikaanse universiteit met drie kampusse en 'n Institusionele Kantoor. Die kampusse is geleë in

- Potchefstroom
- Mahikeng
- Vanderbijlpark

Die Institusionele Kantoor (hoofkantoor) is ook in Potchefstroom geleë.



mededingende landskap

Suid-Afrika het 26 openbare hoërondewysinstellings. Die volgende syfers is uit 'n dokument van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geneem. Hierdie dokument, "Statistiek oor Naskoolse Onderrig en Opleiding in Suid-Afrika: 2014" is in Maart 2016 gepubliseer.

tweede hoogste getal afstandstudente

Universiteit van Suid-Afrika	327 412
Noordwes-Universiteit	24 328
Universiteit van Pretoria	7 924
Universiteit van die Vrystaat	5 452
Universiteit van KwaZulu-Natal	2 294

tweede hoogste getal graduandi

Universiteit van Suid-Afrika	37 898
Noordwes-Universiteit	15 254
Universiteit van Pretoria	12 722
Universiteit van Johannesburg	12 334
Tshwane Universiteit van Tegnologie	11 504

ons eksterne omgewing

Verskeie faktore in die NWU se eksterne omgewing beïnvloed ons vermoë om die waarde van ons onderskeie kapitaalvorme te verhoog.

ons regsomgewing

Die volgende figuur illustreer die wetgewende en regulatoriese omgewing waarin die NWU werk, vanaf die wette en regulasies wat ons die meeste raak (1) tot algemene wetgewing (3) waarby die universiteit moet hou.

Ter opsomming:

Naas die Suid-Afrikaanse Grondwet, wat die hoogste wet van die land is, word die NWU korporatief bestuur ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 1997, sowel as die regulasies en beleide voortvloeiend uit die Wet, die NWU-statuut en die Reëls.

Daarby kom ons die ander toepaslike wette en regulasies na waardeur ons aktiwiteite korporatief bestuur word en word ons ook gelei deur kodes vir korporatiewe bestuur, soos dié in die King III-verslag.

Die Raad se Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee hou toesig oor die mate waarin die NWU maatreëls het om voldoening aan toepaslike wette, kodes, reëls en standaarde te verseker.

Hier is 'n voorbeeld van hoe hierdie omgewing ons strategie en sakeaktiwiteite beïnvloed en ons kapitaalvorme raak:



Regsomgewing	Strategie (Jaarlikse Prestasieplan) en sakeaktiwiteite	Kapitaal
Nasionale wetgewing oor transformasie, byvoorbeeld die Wet op Indiensnemingsgelykheid.	Missie-element 1 – Dryf transformasie Doelwit: Gelykheid	Voeg waarde toe tot ons mensekapitaal deur personeel aan te stel om indiensnemingsgelykheid te verbeter.
Swart werknemers as persentasie van totale werkerskorps in 2015: 36,96% (2014: 35,12%)		

ons politieke omgewing

Ons neem kennis van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing waar sekere faktore soos maatskaplike geregtigheid en die uitwissing van ongelykhede van die verlede baie belangrik is. Ons strategieë en doelwitte is ook aan dié van die Suid-Afrikaanse regering se Nasionale Ontwikkelingsplan gekoppel. Hier is 'n voorbeeld van hoe hierdie omgewing ons kapitaalvorme raak en ons strategie en sakeaktiwiteite beïnvloed:

Politieke omgewing	Strategie (Jaarlikse Prestasieplan) en sakeaktiwiteite	Kapitaal
Behoeftes aan/fokus op hantering van ongelykhede van die verlede.	Missie-element 1 – Dryf Transformasie Doelwit: Regstelling Hanteer sistemiese en organisatoriese wanbalanse en ongelykhede, met regstelling van histories ingewortelde praktyke.	Voeg waarde toe tot ons vervaardigde kapitaal deur gelyke infrastruktuur en fasiliteite op al drie kampusse te voorsien.
Ons het ons 2015-diversiteitsteiken vir swart studente met 579 oorskry. (Die teiken was 40 193, terwyl die werklike syfer 40 772 was.)		

ons ekonomiese omgewing

Die grootste struikelblok is waarskynlik die finansiële uitdagings wat deur die skielike veranderinge aan die befondsingsmodel vir universiteite in Suid-Afrika veroorsaak is.

Hiermee saam is daar die verswakkende ekonomiese vooruitsig vir Suid-Afrika, wat daarop dui dat befonding 'n voortdurende uitdaging op die kort tot medium termyn sal bly.

Daar is dus 'n geleentheid om innoverende befondsingsoplossings te soek ten einde te verseker dat die NWU kan groei en gedy en voortgaan om akademiese aanbiedinge van hoë gehalte te lewer.

Hier is 'n voorbeeld van hoe hierdie omgewing ons strategie en sakeaktiwiteite beïnvloed en ons kapitaalvorme raak:

Ekonomiese omgewing	Strategie (Jaarlikse Prestasieplan) en sakeaktiwiteite	Kapitaal
Al hoe meer jongmense in Suid-Afrika wil studeer, maar as gevolg van moeilike ekonomiese omstandighede het nie almal van hulle die nodige middele nie.	Missie element 5 – Posisioneer die NWU as 'n aanspreeklike, doeltreffende, goed bestuurde finansiële lewensvatbare instelling.	Verminder die waarde van ons finansiële kapitaal om verdienstelike studente te ondersteun.
R170,1 miljoen is in 2015 as beurse uit ons eie fondse toegestaan (2014: R165,5 miljoen)		

ons tegnologiese omgewing

Tegnologiese uitdagings sluit in die vinnige versnelling van die voorsiening van tegnologiebemaagte onderwys, met benutting van massiewe oop aanlyn kursusse ("MOOCS") en ander afleweringstegnologieë.

Terwyl die volle uitwerking van hierdie ontwikkelings nie duidelik is nie, sal die NWU daardie deel van die strategie moet uitvoer wat die herposisionering van ons oop en afstandsaanbod vereis sodat ons 'n mededingende voordeel op hierdie gebied kan behaal.

Hier is 'n voorbeeld van hoe hierdie omgewing ons strategie en sakeaktiwiteite beïnvloed en ons kapitaalvorme raak:

Tegnologiese omgewing	Strategie (Jaarlikse Prestasieplan) en sakeaktiwiteite	Kapitaal
Bly op hoogte van en benut die jongste onderrigtegnologie wat beskikbaar is.	Missie-element 2: Ontwikkel, onderrig en bemaag afgeronde graduandi deur innoverende en onderrig-leer van hoë gehalte. Doelwit: Om steeds die kwaliteit van onderrig-leer te verbeter.	Ons voeg waarde aan ons intellektuele kapitaal toe deur moderne tegnologie te gebruik om programme af te lewer, byvoorbeeld deur ons Eenheid vir Oop Afstandleer.
Meer as 749 710 studente het in 2015 van die eFundi-leerbestuurstelsel gebruik gemaak (2014: 656 635). (Die syfers is gebaseer op die gemiddelde aantal individuele aantekeninge per dag.)		

markkragte

Ons kompeteer met 25 hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika om studente en personeel.

Hier is 'n voorbeeld van hoe hierdie omgewing ons strategie en sakeaktiwiteite beïnvloed en ons kapitaalvorme raak:

Markkragte	Strategie (Jaarlikse Prestasieplan) en sakeaktiwiteite	Kapitaal
Ander universiteite kompeteer ten opsigte van werwing van studente en personeel.	Missie-element 5: posisioneer die NWU in die sektor Doelwit: Sit die uitbou van 'n belynde NWU-handelsmerk voort	Voeg waarde toe tot ons intellektuele kapitaal deur die vestiging en uitbou van die NWU-handelsmerk deur geïntegreerde bemerking en kommunikasie.
Totale ekwivalente reklamewaarde van media-artikels in 2015: R197 090 792 (2014: R96,8 miljoen).		

ons natuurlike omgewing

Ons woon in 'n land waar natuurlike hulpbronne, veral water, skaars is. Nog 'n uitdaging is om die beurtkrag te hanteer wat deur Eskom ingestel is. Hier is 'n voorbeeld van hoe hierdie omgewing ons strategie en sakeaktiwiteite beïnvloed en ons kapitaalvorme raak:

Omgewingskragte	Strategie (Jaarlikse Prestasieplan) en sakeaktiwiteite	Kapitaal
Skaars natuurlike hulpbronne in Suid-Afrika.	Missie-element 4: Implementeer ons kundigheid tot die voordeel van almal. Doelwit: Integreer volhoubaarheid in strategie, standaardbedryfsprosedures en besigheidsaktiwiteite.	Voeg waarde toe tot ons natuurlike kapitaal deur elektrisiteit te bespaar.
60 200 921 kWh elektrisiteit in 2015 gebruik (2014: 59 985 873 kWh)		

ons belanghebbers se verwagtinge

Belanghebbers se verwagtings bly 'n uitdaging. Daar is baie dwingende maar teenstrydige verwagtings van die universiteit en oor wat dit aan aan die verskillende belangegroepes behoort te lewer. Die uitdaging sal wees om 'n metode te vind om hierdie teenstrydighede te versoen ten einde 'n unieke waardeproposisie te ontwikkel wat alle belanghebbersgroepe aantreklik vind.

Belanghebbers	Verwagting	Ons reaksie (implementering van ons strategie/Jaarlikse Prestasieplan deur ons sakeaktiwiteite)	Uitwerking op ons kapitaalvorme
Ouers, studente, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO), donateurs, die nywerheid en sakewêreld	Hulle verwag 'n hoë opbrengs op hul beleggings: akademiese en navorsingsprogramme van hoë gehalte, goed opgeleide akademiese, hoë slaag-, deurvloei- en graderingsyfers, hoëkwaliteit-kwalifikasies en aanstelbare graduandi.	Ons verbeter deurlopend die kwaliteit van ons onderrig-leer (p76, p94) en navorsing (p78, p104). Ons ontwikkel akademiese (p94) en navorsingsprogramme (p104) van hoë gehalte. Ons verseker die kwaliteit van al ons kernbesigheidsaktiwiteite (p114). Ons doen steeds opleiding en ontwikkeling van ons personeellede (p59, p139).	Deur hierdie aktiwiteite verhoog ons die waarde van ons intellektuele kapitaal (deur nuwe akademiese en navorsingsprogramme, strategieë, ens te ontwikkel) en verminder ons die waarde van ons finansiële kapitaal (deur salarisse te betaal) en ons omgewingskapitaal* (deur natuurlike hulpbronne te gebruik en afval te skep). Terselfdertyd verhoog ons ook ons finansiële kapitaal, byvoorbeeld deur kundige dienste aan die nywerheid te lewer (wat vir ons derdegeldstroominkomste verdien).
DHOO	Die departement verwag: <ul style="list-style-type: none"> transformasie studentetoeegang herstel, diversiteit en gelykheid 	Ons dryf transformasie (p66). Ons maak seker dat alle kwalifiserende studente toegang tot die NWU het (p72). Ons streef daarna om ons diversiteits- en gelykheidsteikens te bereik (p74).	Deur hierdie aktiwiteite verhoog ons die waarde van ons mensekapitaal en ons maatskaplike en verhoudingskapitaal. Ons verminder die waarde van ons finansiële kapitaal** (deur byvoorbeeld te betaal vir tolkdienste om toegang toe te laat).
Alle belanghebbers	Hulle verwag almal goeie, deursigtige korporatiewe bestuur.	Die Raad bestuur die NWU ingevolge die Statuut (p42).	Etiese en deursigtige aktiwiteite voeg waarde aan al ons kapitaalvorme toe.
Gemeenskap	Hulle verwag van ons om hul behoeftes te vervul en hul probleme te help oplos om so hul lewenskwaliteit te verbeter.	Ons maak navorsing en innovasie, wat die lewens van mense verbeter, moontlik en bevorder dit (p78, p104, p126). Om bogenoemde te bereik, lei ons voortdurende ons personeellede op en ontwikkel hulle (p59, p78). Ons implementeer ons akademiese kundigheid en kommersialiseer hul navorsingsresultate (p38, p126). Ons onderneem volhoubare gemeenskapbetrokkenheid-aktiwiteite en bely dit met ons kernbesigheidsaktiwiteite (p80, p126). Ons betrek studente by ons gemeenskapbetrokkenheid-aktiwiteite en optimaliseer daardeur studentedeelname en werkgeïntegreerde en indiensleer (p80, p126).	Hierdie aktiwiteite verhoog die waarde van ons maatskaplike en verhoudingskapitaal in die besonder, maar ook ons intellektuele, mense- en finansiële kapitaal.

* In al ons aktiwiteite gebruik ons natuurlike en ander hulpbronne, soos water, elektrisiteit, papier en chemikalieë, en in die proses skep ons afval en besoedel die omgewing.

** Geld is nodig vir feitlik al ons aktiwiteite, en daardeur word die waarde van ons finansiële kapitaal verminder. Andersyds is baie van ons aktiwiteite daarop gemik om inkomste te verhoog en voeg dit dus waarde aan ons finansiële kapitaal toe (byvoorbeeld die ontvang van klasgeld in ruil vir die aanbieding van akademiese programme, en die verdien van derdegeldstroominkomste uit die kommersialisering van navorsingsresultate).


ons kernbesigheidsaktiwiteite – hoe ons waarde skep

Onderrig-leer Navorsing

... met gemeenskaps-betrokkenheid as 'n integreerende deel van hierdie aktiwiteite


ons waardeskeppingsproses

Die NWU gebruik die onderskeie kapitaalvorme as insette en, deur ons wisselwerkings en kernbesigheidsaktiwiteite (onderrig-leer en navorsing), transformeer ons dit in uitsette wat op hul beurt tot uitkomst in die vorm van uitwerkings op die kapitaalvorme lei. (Die uitwerkings impliseer dat waarde geskep, verander of verminder word.)



> verligting van ons risiko's

ons belangrikste strategiese risiko's en geleenthede

Risikobestuur by die NWU is 'n bo-na-onder- sowel as 'n onder-na-bo-proses waarvoor die institusionele bestuur die primêre verantwoordelikheid aanvaar. Die huidige risikoregister is in 2014 opgestel deur middel van 'n omvattende proses van breë oorlegpleging, waar personeel op verskillende vlakke, waaronder senior bestuurders, vir insette gevra is. 

Dit vorm die raamwerk vir die geïntegreerde, iteratiewe en voortgesette bestuur van risiko by die NWU. Daarby het ons 'n parallelle proses op die verskillende sakeprosesvlakke vir die identifisering, bestuur en verligting van bedryfsrisiko.

Die uiversiteit beskou, risiko, prestasie en volhoubaarheid as onskeibare konsepte wat inherent aan geïntegreerde risikobestuur is. In die lig hiervan het ons 'n risiko-bestuurstelsel en -proses tot stand gebring wat deurlopende effektiwiteit en doeltreffendheid moontlik maak.

In 2014 het ons, ten einde 'n basislyn daar te stel, 'n bewysgebaseerde benadering tot die totstandbrenging van die NWU se risikoregister gevolg. Dit bevat 18 strategiese risiko's wat in agt kategorieë ingedeel is volgens die eienaarskap van die betrokke sakeprosesse by die NWU. Verder het ons in 2015 toepaslike IT-risiko's geïdentifiseer.

Die fokus van die deurlopende, iteratiewe en geïntegreerde 2015-risikobestuursproses was hoofsaaklik om voort te gaan met die skepping van 'n groter bewustheid, begrip en eienaarskap van die algemene risikobestuursproses by die NWU, asook om 'n aanduiding van die verbande tussen hierdie risiko's en die strategieontwikkelingsproses by die universiteit te voorsien.

Ons het ook begin met die rapportering van risiko's aan die toepaslike korporatiewebestuurstruktuur. Die proses sal in 2016 verder verfyn word. Hoewel dit in 2015 duidelik geword het dat dit te vroeg was om te begin om enige risiko's van die risikoregister te verwyder, het bestuur besluit om voort te gaan om op beheerdoeltreffendheid te fokus. Op hierdie wyse kan die NWU steeds die aanvaarbaarheid van die risikovlakke meet as maatreëls om die waarskynlikheid van risikovoorkomste te verminder of die impak van risiko's te beperk. Die volgende tabel toon aan dat die onaanvaarbare vlakke van risikoaanvaarding in die kategorie van lae beheerdoeltreffendheid is. Dit, tesame met ander faktore, het bestuur gedwing om in 2015 aandag te gee aan die verbetering van die beheerdoeltreffendheid van die betrokke risiko's. Bestuur het doeltreffende maatreëls in plek te stel en het ook die strategiehersieningsproses gebruik om hierdie risiko's aan te pak en die doeltreffendheid daarvan te verbeter.

ons belangrikste strategiese risiko's

Die volgende oorsig van die strategiese sleutelrisiko's by die NWU toon die vlakke van aanvaarbaarheid aan, wat gebaseer is op 'n skaal wat met doeltreffendheid van beheermaatreëls verband hou:

Geringe verbetering nodig	Veiligheid, gesondheid en omgewing (R1.6)												
Regstellende optrede nodig	Studente-ervaring (R1.17)	Studente-deurvloei (R1.18)	Akademiese programme – nieformele programme (R1.7)	Akademiese programme – akkrediterings-proses (R1.8)	Akademiese aanbiedings – belyning (R1.9)	Befondsings-model (R1.4)	Beleide, prosedures, riglyne en reëls (R1.16)	IT – verouderende SMP-stelsel	IT – SANREN-kapasiteit				
Vinnige regstellende optrede nodig	Leierskaps-oorgang (R1.12)	NWU-bestuurs-model (R1.13)	Transformasie (R1.15)	Kommunikasie en bemaking (R1.1)	Werwing en behoud van personeel (R1.11)	Onderrig-leer-aflerwingskanale (R1.10)	Onderne-mings-kontinuiteit (R1.5)	Risikobestuur (R1.14)	Voldoening aan wetgewing en regulasies (R1.2)	Korporatiewe en ander bestuur van inligting (R1.3)	IT – nie-IT-kundiges in IT-rolle	Onvolhoubare IT-personeel-vlakke	

hittekaart van risiko's

Die hittekaart wat hieronder volg, maak dit duidelik dat die meerderheid van die risiko's wat in 2014 geïdentifiseer is (agt van 18), as strategies van aard beskou is. Met ander woorde, die siening was dat dit voorkom dat die universiteit sy doel ter ondersteuning van sy oorkoepelende visie bereik.

Twee van hierdie risiko's – onderrig-leer-leweringkanale en studentedeurvloei – is as nievoorkombare risiko's beskou aangesien dit as eksterne risiko's buite die universiteit se beheer geag is. Al die ander – transformasie, leierskap, bemaking en kommunikasie, risikobestuur en studente-ervaring – is beskou as interne risiko's, en dus as voorkombaar.

Risiko's wat as van 'n bedryfsaard beskou word, is almal interne en voorkombare risiko's. Dit is korporatiewe bestuur van inligting, personeelwerwing en behoud, ondernemingskontinuiteit en beleide, prosedures en riglyne. Dieselfde kan gesê word van die risiko's wat verband hou met wetlike voldoingsaangeleenthede – akademiese programme (akkreditering), akademiese programme (nie-formeel) en wetlike voldoening.

Die enigste finansiële risiko – die befondsingsmodel – word as 'n eksterne, nievoorkombare risiko beskou.


Impak van risikogebeurtenis

Sleutelrisiko's NWU Mei 2015

Hoog = 3
(Beduidende impak op organisasiese strategiese doelstellings)

Medium = 2
(Groot bykomende hulpbronne nodig om impak te bestuur)

Laag = 1
(Impak kan in bestaande strukture bestuur word)



Let wel: Die diagram neem groter uitwerking van impak en moontlike verligting of verergerende uitwerking van beheermaatreëls in berekening wanneer die diagram vertolk word.
Voordele: Groter korrelagtheid

Risikobeheerdoeltreffendheid (RCE)

Hoog – Bevredigend – Geringe verbeterings nodig = 1
Medium – Regstellende optrede vereis = 2
Laag – Ontoereikend – Sleutelbeheermaatreëls is afwesig of ontoereikend.
Onmiddellike regstellende optrede word vereis = 3
Totale gradering = Impak*Waarskynlikheid*RCE

Sleutel

Ekstern
(Nievoorkombaar)

Intern
(Voorkombaar)

Strategie-inherent
(Vrywillig gedoen as deel van strategie)







Waarskynlikheid van risikogebeurtenis

Ca	Akademiese programme – akkreditering
Cb	Akademiese programme – nieformele programme
Cc	Wetlike voldoening
Fa	Befondsingsmodel
Oa	Korporatiewe en ander bestuur van inligting
Ob	Werwing en behoud van personeel
Oc	Ondernemingskontinuiteit
Od	Beleide, prosedures, riglyne
Oe	Veiligheid, gesondheid, omgewing

Sa	Kommunikasie en bemaking
Sb	Leierskap
Sc	Bestuursmodel
Sd	Risikobestuur
Se	O-L-afleringskanale
Sf	Transformasie
Sg	Studente-ervaring
Sh	Studentedeurvloei
Si	Akademiese programme – een instelling

ons ses grootste risiko's en verligtingsaksies

Die hoogste risiko's wat ons aktief moet verlig, is daardie strategiese risiko's wat die potensiaal het om te voorkom dat die universiteit sy doel ter ondersteuning van sy oorkoepelende visie bereik. Van hierdie risiko's is dié waarop ons die meeste fokus daardie risiko's wat binne ons lokus van beheer is, die interne, voorkombare risiko's. Die volgende tabel gee 'n oorsig van die verligtingstappe wat gevolg is om hoërisikogebiede deurlopend te bestuur:

Risikoarea	Verligtingsaksies
Bestuursmodel 	Soos in die NWU se 2014-jaarverslag genoem, het die uitkomst van die internasionale oorsig waarvoor die opdrag in 2013 gegee is, gelei tot 'n hersiening van die bestuursmodel wat die NWU sedert 2004 gebruik het. Die omvattende strategiehersieningsproses het gelei tot die NWU-raad se aanvaarding in November 2015 van 'n nuwe strategie wat daarop gemik is om hierdie risiko te verlig.
Leierskaps-oorgang 	Daar moet aanvaar word dat, twee jaar na die verandering in die leierskap by die NWU, sowel as die bestuur van veranderingsprosesse rondom leierskapstyl, die leierskap van die instelling gestabiliseer het. Die aanstelling van 'n beampete vir strategiese kommunikasie in die kantoor van die visekanselier, wat daarop gemik is om die konsekwentheid van kommunikasie en mediabetrekkinge te verseker, het ook 'n stabiliserende uitwerking gehad.
Transformasie 	<p>Transformasie is 'n proses en nie 'n produk nie. Die volgende maatreëls bly in plek as 'n manier om die gevolge van die oorblywende risiko so doeltreffend moontlik te bestuur: die plasing van transformasie in die hoofstroom deur dit as 'n vaste item op alle NWU toesig- en bestuursagendas van die NWU te plaas, en die insluiting van transformasie as deel van prestasiebestuur.</p> <p>Die NWU dra steeds effektief by tot die nasionale transformasiedebat in die hoërondewyssektor deur ons verteenwoordiging in die transformasiebestuurdersforum van Universiteite Suid-Afrika. Die NWU is ook bevoorreg om te kon deelneem aan die nasionale nGAP-inisiatief en vier aanstellings is aan ons toegeken.</p> <p>Die goedkeuring van die NWU se plan vir gelyke indiensneming is 'n belangrike mylpaal en sal die weg baan vir meetbare en volgehoue winste.</p>
Bemaking en kommunikasie 	<ul style="list-style-type: none"> 'n Proses is in plek gestel om alle interne en eksterne kommunikasie te belyn en beskikbare kanale optimaal te benut. Gevolglik is 'n besluit geneem om aktief en aggressief goeienuusstories op al drie kampusse te bemark om so die impak van negatiewe nuus te minimaliseer. Gedurende 2015 het ons 'n veldtog van stapel gestuur wat op die impak van die NWU se gemeenskapsbetrokkenheid fokus. 'n Volgehoue poging word ook aangewend om navorsingsnuus op soveel platforms as moontlik te plaas. Die dienste van die <i>Mail and Guardian</i> se perskantoor is ook verkry met die doel om die wyer verspreiding van navorsingsnuus in Afrika te verseker. 'n Gesamentlike proses om studentewerwing oor die kampusse heen te belyn is tot stand gebring om gelyke ervarings vir nuwelinge aan die universiteit te verseker. 'n Nuwe webtema is ontwikkel en geïmplementeer. Die Raad se goedkeuring van 'n nuut ontwikkelde NWU-mediabeleid sal die weg baan om die bestuur van hierdie belangrike saak te optimaliseer.
Risikobestuur 	<p>Die benadering tot risikobestuur by die NWU het aansienlik verander sedert 2014 toe ons risiko-identifisering begin het. Risikobestuur is in die hoofstroom geplaas deur die institusionele bestuur verantwoordelik te maak vir die bestuur van strategiese en IT-risiko's, en die institusionele kantoor en kampusbesture vir bedryfsrisiko's.</p> <p>Verslae word twee maal per jaar op die verskillende vlakke van bestuur en op vergaderings van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee ter tafel gelê. Daar word voorsien dat die doelbewuste fokus op risikobeheerdoeltreffendheid sal voortduur en sal verseker dat die interne prosesse deurlopend vir hul geskiktheid-vir-doel geëvalueer sal word.</p>
Studente-ervaring 	<p>Die vestiging van 'n Studentetoesigkomitee as 'n vaste komitee van die NWU-raad het beduidend tot die belyning van die studente-ervaring en studenteaktiwiteite by die NWU bygedra.</p> <p>Bestuur is daarvan bewus dat die NWU steeds kwesbaar bly wat betref die skepping van 'n omgewing wat bevorderlik vir optimalisering van die studente-ervaring is, veral aangesien stabiliteit nog nie op die vlak van korporatiewe bestuur van studente bereik is nie. Dus het die Raad die visekanselier versoek om hierdie aangeleentheid as 'n gefokusde projek uit sy kantoor te bestuur.</p>

hoe ons ses hoogste risiko's met ons missie-elemente verband hou

Die Transformasiehandves wat die Raad en die Senaat in Mei 2012 bekragtig het, verklaar:

“Transformasie is onlosmaaklik verbind aan kwessies van geregtigheid, kultuur, prestasieaanwysers, gemeenskaplike welstand, uitnemendheid, relevansie, ens, sowel as die wyer konsep van responsiwiteit op omgewings- en politieke veranderinge, en om relevant te wees vir die huidige behoeftes van die gemeenskappe wat ons dien.”

Tien transformasiedoelwitte is aanvaar en maak missie-element 1 van die NWU se Jaarlikse Prestasieplan uit. Die volgende elemente is aktief bestuur en gemeet:

Toegang	Belyning	Diversiteit	Gelykheid	Verhoogde eenheid	Kwaliteit	Regstelling	Hulpbron-toedeling	Studente-ervaring	Sukses
---------	----------	-------------	-----------	-------------------	-----------	-------------	--------------------	-------------------	--------

Gedurende die strategieherieningsproses het die NWU die belangrikheid beklemtoon om transformasie deel te maak van alle aspekte van die nuut beplande universiteitsake.

Die volgende verbintenis tot transformasie is dan ook aanvaar om die nuwe transformasietrajek van die NWU in die nabye toekoms tot op die medium termyn te stuur:

“Die NWU se suksesmodel verklaar dat die universiteit daartoe verbind is om strategieë en transformasiepraktyke en prosesse aan te wend wat sal streef om volhoubare mededingende verandering te bewerkstellig, wat verantwoordelik en risikoverwelkomend is in ontwerp en implementering, en ook inligtingsgebaseer, geloofwaardig, optimaal deelnemend, leierskapsgedrewe en gesamentlik besit is.”

verslag oor evaluering van risikoblootstelling, en risikobestuur

Doeltreffende evaluering van risikoblootstelling en risikobestuur is van primêre belang vir die Noordwes-Universiteit, veral vir sover kennis geneem moet word van die bedryfs-, bestuurs- en korporatiewebestuursvlakke waar risiko's beheer word.

Die Raad bly vol vertroue dat die risikobestuursmaatreëls by die NWU doeltreffend is.

Risiko by die NWU word bestuur deur die institusionele bestuur wat, in ooreenstemming met die Statuut (par 69) die visekanselier bystaan met die beplanning en uitvoering van die bestuur, administrasie, en die toesig van die universiteit, in ooreenstemming met bestaande beleide en reëls. Risikoverslae word twee maal per jaar by die institusionele bestuur se formele vergaderings voorgelê, en notules word gehou.

Die rol van die institusionele bestuur is om verantwoordelik te bly vir die handhawing van die risikobestuursproses by die universiteit, en om om ter sien na die totstandbrenging van gesonde interne beheermaatreëls om die bereiking van beleide, doelwitte en doelstellings te ondersteun, terwyl publieke en ander fondse en bates waarvoor hulle verantwoordelikheid aanvaar ooreenkomstig die betrokke wetgewing en die universiteit se statuut beveilig word.

Die lede van die institusionele bestuur sluit die visekanselier, twee adjunk-visekanseliers, drie kampusrektore (onderskeidelik vir die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoek-kampus van die universiteit), drie uitvoerende direkteure

(finansies en fasiliteite, mensekapitaal en institusionele bevordering), en die institusionele registrateur in. Hierbenewens is akademiese en ondersteuningsbestuurders verantwoordelik vir die implementering van risikobestuursstrategieë in hulle onderskeie areas van verantwoordelikheid, en om toe te sien dat daar aktiewe vermindering van risiko's is deur middel van die deurlopende verbetering van interne beheermaatreëls.

Die institusionele registrateur het die lynfunksie met die opdrag om risiko's te identifiseer en te evalueer/vertolk, asook ingrypingsmaatreëls en alle aspekte van die bestuur van risiko's wat die universiteit raak. Daarby het die institusionele registrateur die verantwoordelikheid om die proses op institusionele bestuursvlak te dryf, en hou sy die NWU-risikoregister in stand.

Wat betref die toesighoudende verantwoordelikheid van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee is die mandaat van die komitee om toesig te hou oor die rol van bestuur. Dit is nie slegs in die skepping en instandhouding van 'n behoorlike risikobestuursproses nie, maar ook om 'n doeltreffende beheeromgewing by die universiteit te verseker. Die komitee is daarvoor verantwoordelik om bestuur behulpsaam te wees met die evaluering van die beduidendste risiko's wat in die universiteit se risikoregister ingesluit sal moet word.

In ooreenstemming met die NWU se Raamwerk vir Risiko-bestuur is die rol van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee om die Raad te adviseer oor die doeltreffendheid van die universiteit se risikobestuursproses. Om hierdie rede word die omvang van die pligte van risikobestuur binne die universiteit duidelik in die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee se Handves omskryf.

Die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee dien gereeld 'n verslag by die Raad in oor beduidende risiko's waarmee die universiteit te kampe het.

Afgesien van die aktiewe bestuur van risiko's waarvoor die institusionele bestuur verantwoordelik bly en die toesighoudende rol van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee, funksioneer nog twee komiteestrukture as korporatiewebestuurstrukture ten opsigte van die evaluering van risikoblootstelling en risikobestuur by die universiteit. Dit is die NWU-nakomingskomitee en die NWU Gekombineerde Gerusstellingsforum.

Hierdie strukture handel met die goedkeuring van die institusionele bestuur en die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee en bestaan uit interne personeelle wat help om die mees beduidende risiko's wat deurlopend in die risikoregister van die universiteit ingesluit moet word, te evalueer.

Nakomingskomitee: Die primêre rol van die Nakomingskomitee is om bestuur behulpsaam te wees met die vervulling van hul verantwoordelikheid om aan die toepaslike regulerende vereistes te voldoen deur die voorsiening van beste praktyke vir strategiese risikobestuur met die oog op voldoening aan wetgewing.

Die Nakomingskomitee monitor en rapporteer dus oor die voldoeringsrisiko's binne die universiteit met betrekking tot alle strategiese wetgewing. Die komitee sluit verteenwoordig in van interne lede van Regsdienste, Interne Oudit, Finansies, Beroepsgesondheid en Veiligheid asook die institusionele registrator, en betrek lede van verskillende dissiplines op uitnodiging. Drie vergaderings is jaarliks op die amptelike kalender van die universiteit geskeduleer. Notules word van al hierdie vergaderings gehou en is beskikbaar.

Gekombineerde Gerusstellingsforum: Die doel van die Gekombineerde Gerusstellingsforum is om die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee te help om hul verantwoordelikheid na te kom om aan die Raad gerusstelling te gee dat die universiteit se bedrywighede rakende die prosesse van risikobestuur, risikobeheer en korporatiewe bestuur van risiko voldoende hanteer word. Hul rol is ook om die gerusstellingsdekking te optimeer wat van bestuur en interne voorsieners van gerusstelling verkry word ten opsigte van alle risiko's wat die universiteit raak.

Die forum bestaan uit spesifiek geïdentifiseerde bedryfsbestuurders/-personeel, die institusionele registrator (as verteenwoordiger van die institusionele bestuur), verteenwoordigers van die drie kampusse, die direkteur vir interne oudit en verteenwoordigers van die eksterne ouditeure.

Die taak van die forum is om te help met die bevordering van risikobestuursaktiwiteite binne die universiteitsomgewing en met die identifisering en monitering van risiko's in die onderskeie areas van forumlede.

'n Belangrike funksie van die forum is om toe te sien dat 'n raamwerk gevestig word waarbinne gerusstelling aan bestuur sowel as die raad gegee sal word oor die doeltreffendheid van risikobestuursprosesse wat die bestuur van ondernemingskritieke risiko's lei. Drie vergaderings is jaarliks geskeduleer en op die amptelike kalender van die universiteit ingesluit. Notules word van hierdie vergaderings gehou en is beskikbaar.

Laastens word alle verslae oor aangeleenthede met betrekking tot risikobestuur noulettend deur die Gekombineerde Gerusstellingsforum en die institusionele registrator nagegaan. Verslag oor strategiese risiko's word aan die institusionele bestuur gelewer en sleutelrisiko's word by die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee aangebied om dit aan die Raad te kommunikeer.

Die afdeling Interne Oudit speel 'n beduidende rol in die vestiging van 'n universiteitswye omgewing wat bevorderlik is vir risikobestuur. As gevolg van die groeiende vlakke

van wasdom binne die universiteit wat betref bestuur van risiko's op verskillende bedryfsvlakke ooreenkomstig die Jaarlikse Prestasieplan, is daar in 2014 met 'n proses begin om Interne Oudit uit die bedryfsaangeleenthede rakende risikobestuur te onttrek. Die direkteur vir interne oudit bly egter gedeeltelik betrokke as 'n lid van die Gekombineerde Gerusstellingsforum en die Nakomingskomitee en dra die verantwoordelikheid om dienoooreenkomstig aan die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee te rapporteer.

identifisering en evaluering van risiko

Deur die proses wat in 2014 begin is, is 18 strategiese risiko's geïdentifiseer. Elke risikogebeurtenis is ook aan omskrewe verantwoordelike en aanspreeklike ampte toegewys en is ooreenkomstig die hoofipes risiko's gekategoriseer in die risikoregister wat uit die raadplegingsproses ontstaan het. Die hoofipes is strategies, bedryfs, finansiële en nakoming.

Die oorlegplegende risiko-evalueringsproses het 'n raamwerk vir risikobestuur tot gevolg gehad. Hierdie raamwerk verskaf nie net die agtergrond vir die bestuur van risiko's by die universiteit nie, maar het ook ten doel om te verseker dat die regulerende vereistes vir korporatiewe bestuur toereikend gedek word.

'n Duidelike doel met die raamwerk is dat dit daarop gemik is om te verseker dat voldoende bestuursprosedures ontwikkel word om toe te sien dat die risikoblootstelling van die universiteit deurlopend evalueer word. Van besondere belang is die feit dat die raamwerk poging om die toegevoegde waarde van risikobestuur as 'n strategiese instrument te verhoog, en om die universiteit se voldoening aan die King-kode van Goeie Praktyk te verbeter.

Op bestuursvlak was een van die doelwitte van die 2015-Jaarlikse Prestasieplan om 'n sterk fokus op risikobestuur en voldoening te handhaaf. Doelwitte deur middel waarvan hierdie doel gerealiseer moes word, was om toe te sien dat daar 'n toereikende risikobestuursproses is en om te verseker dat risikobestuursverantwoordelike deel van die prestasieooreenkomste van alle bestuurders uitmaak.

Nog 'n doelwit was om te sorg vir halfjaarlikse risikoverslae aan die institusionele bestuur en 'n jaarlikse verslag aan die NWU-raad.

Daar word aanvaar dat sekere risiko's regstreekse finansiële implikasies het en dat ander nie onmiddellike finansiële implikasies sal hê nie. Hoewel hierdie as "finansiële risiko's" en "niefinansiële risiko's" van mekaar onderskei word, word daar aanvaar dat "nie-finansiële risiko's" ernstige finansiële implikasies kan inhou. In die lig hiervan moet hierdie risiko's ewe veel aandag as die sogenaamde finansiële risiko's ontvang, en moet hulle dus ook gedurende die risikobestuursproses geïdentifiseer en bestuur word.

Om die residuele risiko's te bepaal, word 'n gradering van beheerdoeltreffendheid ook ingesluit as 'n middel om die prioriteit en vlak van verslagdoening volgens 'n risikomatriks te rapporteer. As gevolg van die risikobestuursproses word risiko's wat 'n impak op die verwesenliking van die universiteit se visie en missie kan hê, geïdentifiseer en kan dit bestuur word.

Risikoprofiel word binne die normale organisatoriese interne beheerstrukture en -prosedures beheer. Ten spyte van hierdie strukture en prosedures bestaan die potensiaal dat nadelige gebeure kan voorkom en die resultate van normale bedrywighede regdeur die instelling op alle aktiwiteitsvlakke sal raak.

Die proses wil eerstens gerusstelling voorsien dat die blootstelling aan sodanige "risikogebeurtenisse"

geïdentifiseer word, en wil tweedens die waarskynlikheid evalueer dat enige van hierdie gebeurtenisse sal voorkom, sowel as die potensiele impak daarvan.

Graderings vir impak, waarskynlikheid, beheerdoel-treffendheid en residuele risiko is vir toepassing ontwikkel ten einde die prioriteit van die geïdentifiseerde risiko's te bepaal en hierdie risiko's dienoreenkomstig te bestuur.

Verantwoordelike persone is aan elke risiko gekoppel en terugvoer oor die vordering met die minimering van die risiko vir die universiteit word gemoniteer en gereeld in die amptelike risikoregister van die universiteit bygewerk.

Intussen gaan die universiteit voort om, deur omskrewe verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir bestuur, te fokus op beduidende risikogebeure, en op omstandighede en/of risikoverligtingstrategieë vir geïdentifiseerde risikogebiede.



bestuur en beheer van die gevolge van risiko (ingrepe en fisiese/finansiële beheer)

Potensiele risikogevolge is deurlopend gedurende 2015 geïdentifiseer en geëvalueer, en die omstandighede waarin sodanige risiko's ontstaan het, is dienoreenkomstig deur toepaslike bestuursoptrede beheer en gemoniteer.

Hierdie maatreëls bly in plek weens die feit dat die behoorlike bestuur van sodanige toestande 'n aangeleentheid is waaroor die korporatiewebestuurstrukture van die universiteit gerus gestel moet word en op grond waarvan verligtingstrategieë ontwikkel moet word.

Die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die identifisering en bestuur van risikogebeure en risikogebiede word deur bedryfsbestuurders toegewys en bestuur, en strategiese risiko's word deur die institusionele bestuurskomitee bestuur.

PROF M VERHOEF
INSTITUSIONELE REGISTRATEUR BEKLEE MET
VERANTWOORDELIKHEID VIR RISIKO

ADV TJ KRUGER
VOORSITTER OUDIT-, RISIKO- EN NAKOMINGSKOMITEE

Datum: 26/05/2016

RISK MANAGEMENT

verslag van interne administratiewe/bedryfstrukture en beheermaatreëls

Die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee is vol vertroue dat die Noordwes-Universiteit 'n stelsel van interne beheer in stand hou om redelike gerusstelling te verskaf betreffende die volgende sake:

- die bereiking van doeltreffendheid en effektiwiteit van bedrywighede,
- die betroubaarheid van finansiële verslagdoening, die beveiliging van bates teen die ongemagtigde verkryging, gebruik of vervreemding van sodanige bates,
- die oorkoepelende voldoening aan toepaslike wette en regulasies,
- die voorkoming van verlies van hulpbronne en bates, en
- om regs aanspreeklikheid te verminder.



Die stelsel van interne beheer is ontwerp om redelike gerusstelling aan die universiteit en die Raad te voorsien oor 'n bedryfsumgewing wat die beveiliging van die universiteit se bates en die opstel en kommunisering van betroubare finansiële en ander soorte toepaslike inligting bevorder.



Die doelstellings van interne beheer sluit maatreëls in ter versekering van volledigheid, akkuraatheid en behoorlike magtiging ten opsigte van gedokumenteerde organisatoriese strukture, wat die verdeling van verantwoordelikhede uiteensit, sowel as gevestigde beleide en prosedures, waaronder 'n gedragkode wat regdeur die universiteit gekommunikeer word om 'n sterk etiese klimaat te bevorder, en die sorgvuldige keuring, opleiding en ontwikkeling van sy mense.



Toepaslike internebeheerpraktyke word in stand gehou in soverre beleid en prosedures deur die institusionele bestuur en die Rekordbestuur-afdeling gedokumenteer en gemoniteer word vir gereelde bywerkings wanneer dit toepaslik is, en in ooreenstemming met 'n bywerkingskedule. Nadat die hersiene dokument deur die Raad goedgekeur is, word dit aan alle werknemers van die universiteit gekommunikeer en is dit op die intranet beskikbaar.



Daarby word 'n prestasiebestuurstelsel, met toereikende posbeskrywings in ooreenstemming met sleutelprestasieaanwysers, deur die NWU benut om individuele aanspreeklikheid en behoorlike toekenning van verantwoordelikhede te verseker.

Inligtingstelsels wat moderne inligtingstegnologie benut, word by die universiteit benut. Kernstelsels is ontwikkel en geïmplementeer ooreenkomstig omskrewe en gedokumenteerde standaarde ten einde doeltreffendheid, effektiwiteit, betroubaarheid en sekuriteit te bewerkstellig.



Die universiteit gaan voort om aanvaarde standaarde toe te pas om privaatheid te beskerm en beheer oor alle data te verseker, waaronder rampherstel- en rugsteunprosedures.



Wagwoordbeheermaatreëls word streng gehandhaaf, en daar word van gebruikers verwag om wagwoorde gereeld te verander, behalwe indien dit anders goedgekeur is. Daar is gereelde oorsigte om seker te maak dat daar geen botsings van gebruikertoegangsregte is nie en om te verseker dat

die basiese internebeheerkonsep van verdeling van pligte gehandhaaf word.



Waar daar, om kapasiteitsredes, wel by geleentheid 'n botsing voorkom, is daar voldoende handmatige beheermaatreëls in plek om te verseker dat die gevolg van hierdie botsings verlig word.

Stelsels is ontwerp om gerief van toegang vir alle gebruikers te bevorder. Verder is die stelsels geïntegreer om duplisering van inspanning te minimeer en die minimum handmatige ingrypings- en rekonsiliasieprosedures te verseker. Die ontwikkeling en bedryf van alle stelsels is onder die beheer van bevoegde opgeleide personeel.



In die benutting van elektroniese tegnologie om transaksies met derde partye en personeel te doen, geniet beheermaatreëlaspekte noulettende aandag, en prosedures word ontwerp en geïmplementeer om die risiko van bedrog of foute tot die minimum te beperk.

Die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee is bewus van die feit dat daar inherente beperkings op die doeltreffendheid van enige stelsel van interne beheer is, met inbegrip van die moontlikheid van menslike foute en die omseiling of oorheersing van beheermaatreëls en aanvaar dat selfs 'n doeltreffende interne beheerstelsel slegs redelike gerusstelling ten opsigte van die opstel van finansiële state en die beveiliging van bates bied.



Die komitee is van mening dat die stelsel van interne beheer soos op 31 Desember 2015 redelik voldoen het aan die maatstawwe vir doeltreffende interne beheer oor finansiële verslagdoening soos ingesluit in ons Finansiële Beleid, Verkrygingsbeleid, Beleid oor Delegasies, Algemene Finansiële Riglyne ter ondersteuning van die Finansiële Beleid en die Riglyne vir bestuur van finansiële rekords en verskeie ander finansiële verwante riglyne en prosedures asook ander riglyne wat tot die beskikking van werknemers is.

Eksterne en interne oudit, finansiële afdelings en werknemers aan wie die verantwoordelikheid opgedra is, is daarvoor verantwoordelik om die nakoming van beleide, riglyne en prosedures in verband met finansiële verslagdoening op 'n gereelde/daaglikse grondslag te evalueer, terwyl transaksies verwerk word en gedurende die uitvoering van interne en eksterne oudits.



Die komitee is oortuig dat, soos op 31 Desember 2015, die universiteit se stelsels van interne beheer oor ons bedryfsumgewing, inligtingsverslagdoening en beveiliging van bates teen die ongemagtigde verkryging, gebruik of vervreemding van bates redelik aan die maatstawwe van doeltreffende beheer oor finansiële verslagdoening voldoen het. Die universiteit is ook van mening dat interne beheermaatreëls die NWU gehelp het om sy doelwitte doeltreffend en effektief te bereik.



Die komitee neem kennis van die voortgaande proses waarvolgens die institusionele bestuur risiko's op 'n gereelde grondslag identifiseer, rapporteer, en bestuur. Die universiteit se risikoregister word op 'n gereelde grondslag bygewerk en in stand gehou met terugvoer wat van uitvoerende bestuurders, die lede van die Gekombineerde Gerusstellingsforum en verskeie bedryfsbestuurders aangevra word.

Interne Oudit het oudits in hul goedgekeurde Interne Ouditplan ingesluit om stelsels, prosedures en beheer te ondersoek op gebiede wat as hoërisikogebiede beskou word.



Die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee het hierdie Verslag oor interne administratiewe/bedryfstrukture en beheermaatreëls vir die 2015- finansiële oorsigjaar nagegaan op hul vergadering van 26 Mei 2016, wat 'n vergadering

met die nodige kworum was. Die dokumentasie vir goedkeuring deur die komitee is vooraf, met behoorlike kennisgewing, saam met die agenda van die vergadering gesirkuleer.



ADV TJ KRUGER
VOORSITTER: OUDIT-, RISIKO- EN NAKOMINGSKOMITEE



ME M VAN DER MERWE
DIREKTEUR: INTERNE OUDIT

Datum: 26/05/2016



Compliance

Regulation

raadsverklaring oor volhoubaarheid

Volhoubaarheid word beskou as 'n sleutelinstaatsteller van waardeskepping waardeur die universiteit se impak in die onmiddellike gemeenskap om ons kampusse bestuur moet word. Om op te som: dit demonstreer nie net hoe die NWU 'n invloed op die breër samelewing het nie, maar ook hoe die samelewing en die omgewing 'n impak op die universiteit het.

In hierdie opsig is verskillende doelwitte nagestreef wat in die Jaarlikse Prestasieplan uiteengesit word. Dit het onder andere behels dat gemeenskapsbetrokkenheid by die NWU uitgebrei is om van ons passie en kundigheid met gemeenskappe te deel sodat groter voordele vir die gemeenskap geskep word, robuuste maatskaplike kapitaal gebou word en sodat kommersialisering en aktiwiteite met betrekking tot maatskaplike betrokkenheid met die universiteit se kernaktiwiteite belynd word.



Van besondere belang is die doelwit van voortgesette ontwikkeling, integrering en vestiging van volhoubaarheid as 'n drywer van strategie en standaardbedryfsprosedures in al ons kernbesigheidsaktiwiteite.

Wat volhoubaarheid betref het die universiteit het 'n lang geskiedenis waarin die NWU-gemeenskapontwikkelingstrust

sedert 2010 'n belangrike rol speel in bewusmaking en die loodsing van projekte wat fokus op die belangrikheid van omgewings-, maatskaplike en korporatiewe aangeleenthede wat 'n impak op die ekonomiese lewe van die gemeenskappe naasliggend aan die universiteit se kampusse het. Daarby moes alle gemeenskapsprojekte in kennis gestel word dat 'n deeglike behoeftebepaling in die betrokke gemeenskap gedoen moet word om alle Korporatiewe Maatskaplike Betrokkenheids- (KMB-) projekte vooraf te gaan; en dat alle toepaslike belanghebbers oor die KMB-spektrum by sulke ondernemings ingesluit moet word.






Die volgende tabel bevat 'n hoëvlakoor sig van prestasies wat verband hou met belangrike aspekte van volhoubaarheidsaangeleenthede wat in die loop van 2015 verwezenlik is. Daar word ook verwys na die impak wat die eksterne omgewing op die universiteit se sake gehad het:

Tipologiese aanwyser	Toepaslike tema	Kruis-verwysing	Instrument waardeur die aktiwiteit plaasvind
OMGEWING	Energiedoel-treffendheid	<p>Ons maatskaplike en verhoudingskapitaal, p121</p> <p>Ons natuurlike kapitaal, p148</p>	<p>Die verteenwoordigende kampusstuderaderade (VKSR'e) en bewusmakingsveldtogte vir personeel het ten doel om meer verantwoordelike energieverbruik te bevorder.</p> <ul style="list-style-type: none"> Sedert die afskop van die Elektrisiteitsbesparingsinisiatief op die Potchefstroomkampus in 2012 is besparings van meer as R2,3 miljoen bereik. Die Potchefstroomkampus se VSR het die projek in studentekoshuise geïnisieer in die vorm van 'n kompetisie van Mei tot Oktober, 'n tydperk wat die winter insluit, wanneer die vraag na energie 'n spits bereik. Die inisiatief is daarna na die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus uitgebrei. In die eerste jaar daarvan het koshuise byna R1 miljoen bespaar, en teen die einde van 2015 het die totale besparing op meer as R2,3 miljoen te staan gekom. <p>Personeel was betrokke by elektrisiteitsbesparing op die kampusse.</p> <ul style="list-style-type: none"> In 2014 het die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus 'n elektrisiteitsbesparingsprojek vir sy personeel begin as voorloper vir 'n kampuswye elektrisiteitsbesparingsinisiatief wat in 2016 uitgerol sal word. <p>Ander energiebesparingsinisiatiewe:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die eerste biodieselproduksieaanleg by 'n Suid-Afrikaanse universiteit is in Oktober 2013 op die Potchefstroomkampus gevestig. Die aanleg gebruik herwonne olie van die Drakenstein-kafeteria en die eetsale om biodiesel te produseer, wat deur eksterne goedkeuringsrade as veilig vir gebruik gesertifiseer is. Die NWU se afdeling Fisiese Infrastruktuur en Beplanning is besig met die evaluering van die kwaliteit van die biodiesel wat, indien daar bevind word dat dit 'n effektiewe bron van energie is, in kragopwekkers gebruik sal word om te help om die kampus tydens elektrisiteitsonderbrekings van krag te voorsien. Energiebesparende ligte en storkoppe is in kampuskoshuise aangebring, meters is geïnstalleer om verbruik te meet en meetvermoëns is verfynd om die NWU in staat te stel om sy elektrisiteitsgebruik beter te bestuur.












	<p>Herwinning en afvalbestuur</p>	<p>Ons maatskaplike en verhoudingskapitaal, p121</p> <p>Ons natuurlike kapitaal, p148</p>	<p>Afvalbestuurinisiatiewe sluit onder meer verantwoordelike wegruiming van herwinbare produkte en papierlose vergaderings in. </p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Potchefstroomkampus was tot aan die einde van 2011 een van die grootste herwinnaars in Noordwes, toe die nuwe Wet op Bestuur van Afval in werking getree het en daar nie 'n groot genoeg kontrakteur in Potchefstroom gevind kon word nie. Dit het die kampus gedwing om alternatiewe soos die volgende te ondersoek: <ul style="list-style-type: none"> -  Glasherwinning: Die Drakenstein-kafeteria herwin al die glas wat hulle gebruik, en in 2015 het verskillende koshuise vrywillig na vore gekom om glas wat in klubhuise gebruik word te herwin. -  Herwinningstasies: Sedert 2012 het die kampus ses herwinningstasies gebou en van 2015 af word die afval gemeet om 'n basislyn te bepaal. -  Papierherwinning: Tegniese dienste op kampus samel een keer per week papier vir herwinning in. -  Olieherwinning: Soos hierbo genoem, skenk die kampusrestaurante, die kafeteria en die studentesentrum hul gebruikte olie aan die Fakulteit Ingenieurswese, wat die olie gebruik om biodiesel te maak. - Groen verpakking: die kampus is besig om die verpakking van voedsel by die studentesentrum te verander, met die fokus op meer volhoubare opsies. Daarby is 'n projek aan die gang om die moontlikheid te ondersoek om op die verpakking te adverteer as 'n manier om vir verpakkingskoste te vergoed. -  Op die gebied van afvalbestuur was nog 'n inisiatief op die Potchefstroomkampus die SR se Kaalvoetdag, wat in 2015 25 000 klerasie-items vir verspreiding aan mense in die omliggende gemeenskappe ingesamel het. • Die bestuur van gevaarlike afval op die Potchefstroomkampus is as 'n uitdaging geïdentifiseer in die omgewingsoudit wat in 2012 uitgevoer is. Daar was nie 'n geldende beleid vir gevaarlike afval nie, en ook geen gestandaardiseerde reëlins vir afvalbestuur wat oor die hele kampus gegeld het nie. <ul style="list-style-type: none"> - Die aanvanklike oudit het bevind dat die kampus artikel 16 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval oortree het deur verdunde, gebruikte chemikalieë in die munisipale rioolstelsel vry te stel.  - Die situasie het verbeter toe 'n diensverskaffer aangestel is om die kampus se gevaarlike afval te bestuur. 'n Nadeel was egter dat die kampus staat gemaak het op afvalbestuursprosedures wat deur die diensverskaffer ontwikkel is en het nie 'n eie beleid of prosedure gehad het nie.  - 'n Nuwe diensverskaffer is sedert die middel van November 2015 aangestel en is verantwoordelik vir die bestuur van alle gevaarlike afval, behalwe vir die wegdoening van afval in die toepaslike houers by die punt waar dit gebruik word. Behoorlike houers is voorsien vir die verskillende tipes afval by alle punte waar dit gebruik word, en daar is toegangsbeheer oor alle houers. Daar is egter nog steeds geen formeel gedokumenteerde afvalbestuursreëlins nie.  - 'n Beleid en prosedure vir die hantering van gevaarlike en van algemene afval sal in 2016 geformuleer word.  • 'n Diensverskaffer, Servest, bedryf die ses herwinningsbakstasies op die Potchefstroomkampus en reik 'n maandelikse verslag uit oor die soorte en hoeveelhede afval. Afsien van die ad hoc-herwinningprojekte wat vroeër genoem is, word geen sortering of weeg van ander, algemene afval gedoen nie, aangesien daar geen herwinningaanlegte in Potchefstroom is nie en afval nie op die Potchefstroomkampus sorteer kan word nie.  <ul style="list-style-type: none"> - Vir sover dit die ad hoc-maatreëls op die kampus betref, kan dit moontlik nie genoeg wees om aan die algemene verpligting te voldoen wat ingevolge artikel 16 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval op houers van afval geplaas word nie. - Die afwesigheid van 'n algemene afvalbestuurprosedure het dit moeilik gemaak om hierdie uitkoms te bereik. Hoewel diensverskaffers standaardbedryfsprosedures deur al die stadiums van afvalbestuur het, is dit nie gedokumenteer nie en kon dit dus nie geverifieer word nie.  - Die tenders wat die NWU vir die voorsiening van vullisverwyderingsdienste, landskapontwerp en tuinstandhouding asook skoonmaakdienste uitgereik het, sluit almal bepalinge in wat vereis dat die diensverskaffers by omgewingswetgewing hou.  - Reëlins is met die Sentrum vir Omgewingsbestuur getref om vroeg in 2016 'n plan vir die bestuur van algemene afval op te stel.
--	--	---	--















			<ul style="list-style-type: none"> Herwinning op die Mafikengkampus: Die Enactus-span op die kampus het 'n houer vir plastiekbottels gebou en dit by die studentesentrum geplaas. Baie bottels word ingesamel, maar dit is 'n probleem om dit van die kampus te verwyder, aangesien daar geen herwinningdiensverskaffers in Mahikeng is nie.
	<p>Kurrikulum-inhoud</p> <p>Ons maatskaplike en verhoudingskapitaal, p121</p> <p>Ons natuurlike kapitaal, p148</p>		<ul style="list-style-type: none"> Die module Professionele Praktyk (FIAP), wat in die Fakulteit Ingenieurwese op die Potchefstroomkampus aangebied word, gee aan eerstejaar-ingenieurstudente blootstelling aan omgewingsgeoriënteerde projekte. Voorbeelde sluit in die maak van herwinningsasblikke vir die gemeenskap en die ontwikkeling van 'n metaangas-kragepwekkingstelsel. Die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus – in samewerking met die Vrije Universiteit in Nederland – het 'n volhoubaarheidskurrikulum ontwikkel wat in 60 primêre skole begin is. Die Entrepreneurskap-honneursgroep lê jaarliks groensakekonsepte aan die groenkampuskoördineerder en die Kantoor vir Tegnologie-oordrag en Innovasiesteun voor, wat die sake-idees evalueer en terugvoer daarvoor gee. Indien 'n sake-idee goed genoeg is, help die Kantoor vir Tegnologie-oordrag en Innovasiesteun om die onderneming op die been te bring. In 2015 is die sake-idee van 'n waterlose karwassery deur die kampusgelukbringersfonds en die Kantoor vir Tegnologie-oordrag en Innovasiesteun befonds en ondersteun. As deel van haar PhD in omgewingswetenskappe en -bestuur het Madeline Evert, 'n personeellid, die omgewingshoudings van studente op al drie die kampusse ondersoek, met die doel om ingrepe te ontwikkel om neutrale en negatiewe houdings te verander, en dan die doeltreffendheid van die ingrepe te evalueer. Die Regsfakulteit op die Potchefstroomkampus fokus op omgewingsreg en -navorsing deur die Sentrum vir Innovasie in Omgewings- en Klimaatveranderingsreg en Korporatiewe Bestuur. Die doel is om die kennistekort in ons eie en ander ontwikkelende lande aan te vul, wat ons vermoë vir klimaatverwante risiko-evaluering, aanpassingsbelanning en besluitneming beïnvloed. Die sentrum is besig om sy strategie en navorsing met die regering se Nasionale Ontwikkelingsplan en die Witskrif op die Suid-Afrikaanse Nasionale Klimaatsveranderingsrespons te belyn. Navorsing oor die tegnologie van hernubare energie uit biomassamateriaal is in 2004 by die NWU begin. Die projek gebruik biomassa as voermateriaal en fokus op die ontwikkeling van ekonomies lewensvatbare biobrandstof en bio-energie. 'n Waterlose biodieselproduksieproses en aanleg is op die Potchefstroomkampus opgerig, met die vermoë om 165 000 liter per jaar te produseer. Alle afvalstrome word in die produksieproses heraanwend of gebruik om ander toegevoegdewaardeprodukte vir gebruik op die kampus te produseer, soos gliseriengebaseerde seep. Die Potchefstroomkampus en die Universiteit van Kaapstad huisves gesamentlik een van die Sentrums vir Waterstof Suid-Afrika. Die vermoë om wind- of sonkrag in brandstofselle op te gaar, is reeds ontwikkel. In teenstelling met wanneer fossielbrandstowwe gebruik word om energie te genereer, is daar by waterstof geen vrystellings nie. In 2015 het die Potchefstroomkampus, in samewerking met die Institusionele Kantoor, die Groen Innovasie-kompetisie vir die tweede keer aangebied. Dit doel hiermee is om studente te identifiseer wat oor die potensiaal beskik om nuwe idees of konsepte in die sfeer van volhoubaarheid te ontwikkel. Die 2015 wenner van die Innovasie Potchbeurs is Bathandwa Ndzulu vir sy voorstel om die volhoubaarheid te verbeter van die trollieprojek wat deur die Potch-Tlokwe-Sakekamer bedryf word. Groen Week word jaarliks gehou om studente aan te moedig om nuwe en herwonne produkte te ontwikkel en te skep. Die 2015-wenner was 'n student wat 'n gemakstoel uit die herwonne materiaal van 'n inkopietrollie gemaak het.  





	<p>Watergebruik</p>	<p>Ons maatskaplike en verhoudingskapitaal, p121</p> <p>Ons natuurlike kapitaal, p148</p>	<ul style="list-style-type: none"> • In Februarie 2015 het Irene Muller, 'n dosent in die Skool vir Opvoedkunde op die Vaaldriehoekkampus, 'n gemeenskapsgebaseerde watermoniteringsprojek oor die waterbron van die kampus begin en tweedejaarstudente in BEd Fisiese Wetenskap daarby betrek. Dit behels dat leerders by plaaslike skole gevra word om watermonsters uit hul eie gemeenskappe te versamel. Die kwaliteit van hierdie monsters word dan met gebruik van waterkwaliteit-toetsstelle van 'n verskaffer van opvoedkundige dienste in die skole se laboratoriums getoets.  Die projek dra die goedkeuring weg van die Gautengse Departement van Onderwys en sluit goed aan by 'n voorgeskrewe praktiese projek in Graad 10 Fisiese Wetenskap (KABV ("CAPS")). Rand Water was van die begin af by die projek betrokke en het waardevolle leiding sowel as voortgesette bevestiging van die bevindinge voorsien. Die koste van die waterkwaliteit-toetsstelle is ongeveer R350 elk. Befondsing vir 2015 is uit die Vakkundigheid van Onderrig en Leer-fonds van die NWU ontvang.  • Rivierbewaring is nog 'n belangrike waterverwante onderwerp op die Vaaldriehoekkampus. In Januarie 2015 het Frans Fuls, 'n omgewingsaktivis, 'n aanbieding gedoen oor 'n ekspedisie van 'n rivieroorsprong tot by die see wat hy en 'n kollega in kano's sou onderneem.  • Op die Potchefstroomkampus is daar twee belangrike waterbesparingsinisiatiewe: <ul style="list-style-type: none">  - Watermeting: In 2015 het die kampus meters by alle belangrike waterinlate geïnstalleer, wat dit makliker maak om lekkasies te vind en te herstel en help om 'n verbruiksbasislyn in 2016 vas te stel.  - Dambesproeiing: Die kampusgronde word uit damme op die perseel besproei. Wanneer hierdie damme leeg is, word die kampus nie besproei nie. Ongeveer 80% van die water in hierdie damme is grys water.
	<p>Beweging na 'n papierlose omgewing vir NWU-vergaderings</p>	<p>Ons maatskaplike en verhoudingskapitaal, p121</p> <p>Ons natuurlike kapitaal, p148</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Papierlose vergaderings is in 2013 en 2014 vir alle vergaderings van die uitvoerende komitee op Mafikeng ingestel, en is in 2015 na alle vergaderings op die kampusse uitgebrei.  • Alle interne nuusbriewe deur die onderskeie kampusbemarkings- en kommunikasieafdelings en die Kantoor vir Institutionele Bevordering is in 'n elektroniese formaat omgeskakel, wat tyd, papier en geld bespaar het.  •  Die biblioteke is voortdurend besig om al hoe meer boeke en artikels digitaal beskikbaar te stel. •  Die afdeling Bemarking en Kommunikasie van die Potchefstroomkampus het reeds die meeste bemarkingsmateriaal in digitale media omskep en die kampusbiblioteek het 80% van die bemarkingsmateriaal na digitaal omgeskakel.

<p>GEMEENSAP</p>	<p>Huidige gemeenskaps-betrokkenheids-inisiatiewe en impakte</p>	<p>Ons maatskaplike en verhoudings-kapitaal, p121 Ons natuurlike kapitaal, p148</p>	<p>Verteenwoordigende kampusstudenterrade dra by tot gemeenskaps-betrokkenheid deur vrywillige diens en indiensleer.</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Vaaldriehoekkampus het 'n Groenkampusinisiatief-komitee wat gereeld vergader om projekte te beplan wat gemik is op akademiese personeel en studente wat belangstel om 'n verskil aan die omgewing te maak. Die volgende omgewingsprojekte en -geleenthede is in 2015 van stapel gestuur: <ul style="list-style-type: none"> Vir die Aarde-uur-koshuiskompetisie het studente in koshuise aan aktiwiteite deelgeneem wat omgewingsbewustheid bevorder. Suntrust het die 2015-kompetisie gewen. 'n Skoonmaakgeleentheid is in die Vanderbijlparkse SSD gehou. Vrywilligers van die Golden Key Society and Saving the Environment by Working Together (SEWT) het deelgeneem. Lede van die Vaal-groenkampusinisiatief het die ACUHO-I-SAC-jaarlikse groenkampuskonferensie in Kaapstad bygewoon. Die kampus se afvaardiging het 'n aantal pryse gewen vir hul eco-runway-ontwerpe, wat uit herwonne materiaal bestaan. Die span het ook die nuwelinge-van-die-jaar-toekenning ontvang en omgewingswetenskappedosent Madeline Evert is as groen personeellid van die jaar aangewys. Die Groen Kampus-inisiatief het die jaarlikse groen kunskompetisie op die kampus aangebied en het 'n groen werkswinkel en groen kunsuitstalling gereël. Die kunswerke word deel van die Vaaldriehoekkampus se kunsuitstalling. In 2015 het die Potchefstroomkampus se SR 'n kompetisie vir die beste "groen struktuur" in die Jooloptog aangebied. Dit is die tweede maal wat die kompetisie aangebied is. Daarbenewens word die meeste van die materiaal wat op die vlotte gebruik is ná die kompetisie herwin. <p>Ander groen aktiwiteite waaraan studente in 2015 deelgeneem het, het die volgende ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die jaarlikse groen week is aan die einde van Februarie gehou om bewustheid oor die volhoubare gebruik van water en elektrisiteit te verhoog en die herwinning van elektroniese en ander afval aan te moedig. Studente het ook die week gevier deur blikkieskos vir behoeftige gemeenskappe in te samel. Studente het aan 'n groen selfiekompetisie deelgeneem waarin hulle foto's van hulself geneem het waar hulle groen leef en dit op die sosiale media van die kampus geplaas het. Die VKSR het die Herwinning- en Ruilwinkelprojek vir die vierde agtereenvolgende jaar by skole in die plaaslike gemeenskap aangebied. Hierdie projek wys leerders dat afval waarde het deur herwinbare materiaal vir ruilmunte uit te ruil. Die ruilmunte kan dan weer gebruik word om skryfbehoeftes, toiletware, sporttoerusting of lekkers te koop. Die Tlokwe-munisipaliteit het herwinningshouers voorsien en 'n kontrakteur verwyder die materiaal wat versamel word. Die Potch-Tlokwe-sakekamer en die Potchefstroomkampus werk saam om geleenthede te vind om materiaal te herwin wat deur meer as 30 afvaltrollieoperateurs ingesamel word. Die NWU ondersteun tans twee trollies per jaar en help om werk in die plaaslike gemeenskap te skep. Die NWU het in die 2015 Wêreldsonuitdaging in Australië deelgeneem en was een van slegs twee Afrikaspanne wat nog ooit daarin meegeding het. Die NWU se Sonkragmotor is 'n projek van die Fakulteit Ingenieurswese. Die Potchefstroomkampus se radiostasie bedryf die PUMPS-inisiatief, wat staan vir PUKfm Maak Potch Skoon. Dit is 'n gemeenskapsinisiatief waar studenteplatejoggies moeite doen om te help om Potchefstroom en die omliggende gemeenskappe skoon te hou, in samewerking met die Sakekamer.
	<p>Personeel- en studente-welstands-programme</p>	<p>Personeel: Ons mensekapitaal, p130 Studente: Verslag van die visekanselier, p88</p>	<p>'n Gesonde, goedversorgde personeelkomplement is noodsaaklik vir die handhawing van die hoë gehalte van die NWU se kernbesigheidsaktiwiteite en vir die bereiking van die universiteit se strategiese doelwitte.</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Ecare-e-posstelsel word gebruik om personeel op te voed oor gesondheidsonderwerpe soos geestelike welstand, omgewingsorg en tydsbestuur. 'n Volledige stel van gesondheids- en welstandsprogramme word vir personeel aangebied. MIV-berading en -toetsing (MBT), en opleiding van studente as MIV-voorsprake vind plaas. Verspreiding van mans- en vrouekondome.

	Menseregte		<p>Die NWU se Menseregtekomitee (MRK), onder 'n onafhanklike voorsitter, is verantwoordelik vir die bevordering van 'n kultuur van menseregte, nakoming, respek en beskerming daarvan by die NWU.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Drie gevalle is in 2015 by die MRK aangemeld.  • Werkswinkels is gereël om personeel en studente sensitief te maak vir menseregteangeleenthede.  • Die NWU ondersoek steeds moontlikhede om verhoudinge met die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) te verstewig. 
EKONOMIES	NSFAS	 	<p>Die NSFAS-toekenning het van 2014 tot 2015 met minder as 5% toegeneem en was laer as die inflasieverwante styging in klasgelde. Dit beteken minder studente kon in 2015 gehelp word. Verder neem die getal aansoeke elke jaar toe. Gevolglik kon ons in 2015 slegs 40% van aansoekers by die NWU met NSFAS-befondsing help.</p>
	Verdeling van NWU-hulpbronne om in diens van kernbesigheid te wees	       	<ul style="list-style-type: none"> • Die suksesvolle implementering van ons eie pasgemaakte Quali Finansiële Stelsel (KFS) is die belangrikste prestasie van 2015. • Ons interaktiewe begrotingsproses bevorder ook die verdeling van die NWU se hulpbronne om die kernbesigheid te ondersteun. • Die Presidensie se aankondiging op 23 Oktober 2015 oor die 0%-klasgeldverhoging vir 2016 het 'n hersiening van die 2016-begroting genoodsaak. • Risiko's en bekommernisse sluit in: <ul style="list-style-type: none"> - Die 1,3%-toename in subsidie dek nie hoëronderwysinflasie of -groei nie. - Minder werklike nuwe toetreders en pyplynstudente het in 2015 ingeskryf, vergeleke met die inskrywingsplan. - Die ekonomiese klimaat het 'n ongunstige impak op die beskikbaarheid van eksterne kontrakte, wat tot 'n daling in eksterne inkomste lei. - Die styging van 8,6% in die koste van permanente personeel is meer as die styging van 6,8% in inkomste. - Onmiddellik ná die aankondiging van die 0%-klasgeldverhoging op 23 Oktober het al drie die kampusse se finansiesafdelings stadiger verhalings van agterstallige studenteskuld gerapporteer. Dit het met R32,5 miljoen jaar op jaar van Desember 2014 tot Desember 2015 toegeneem en addisionele voorsiening vir slegte skuld moes gemaak word. - Die interne inflasiekoers (8,2%) is hoër as die netto groei in inkomste (6,8%), wat nie op die medium tot lang termyn lewensvatbaar is nie. - Die daling in die waarde van die rand het 'n groot impak op ons koopkrag en sal die koste van boeke en tydskrifte, programmatuur, lisensie-, rekenaar- en ander IT-verwante koste beïnvloed.
	Antikorrupsiebewusmaking en opleiding		<p>Die afdeling Interne Oudit bied elke jaar werkswinkels aan om 'n bewustheid van antikorrupsie-aangeleenthede te skep.</p>



inhoud

- 32 boodskap van die kanselier
- 34 verslag van die voorsitter van die raad
- 42 verklaring van die raad oor korporatiewe bestuur
- 50 ontmoet ons raadslede
- 56 verslag van die institusionele forum
- 58 verslag van die senaat

hoe ons
die NWU
**korporatief
bestuur**

boodskap van die KANSELIER


Kgosi Leruo Molotlegi





In jou hande is 'n boek wat verslag doen oor 'n jaar in die lewe van 'n multikampus-, veelrassige en multidimensionele universiteit. Die Noordwes-Universiteit is 'n merkwaardige plek – nie bloot as gevolg van sy spesiale geografie of geskiedenis nie, maar as gevolg van sy mense. Hier vind jy 'n groep mense wat probeer om teorie en kennis te bevorder, mense wat na oplossings soek vir die uitdagings van Suid-Afrika en die wêreld, en mense wat hierheen kom om te leer en met hul talente te woeker. 


By die NWU deel ons 'n gemeenskaplike visie. Dit is die strewe om "'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir betrokke wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek."

Gebruik hierdie visie as jou riglyn regdeur hierdie verslag. Dit sal verduidelik waarom ons onderrig-leer en navorsing in die middelpunt plaas van wat ons doen.



Ons poging om Suid-Afrika op te voed is duidelik: Ons het meer as 9 000 nuwe studente in 2015 aan die universiteit verwelkom en meer as 1 000 studente in PhD-programme ingeskryf, wat maar enkele van talle merkwaardige syfers is. 



Ons visie verduidelik ook waarom ons soveel klem daarop plaas om 'n goed bestuurde universiteit te wees. In hierdie verslag sal julle kennis neem van die presisie en deursigtigheid van ons rade en komitees, ons verreikende maatreëls vir goeie korporatiewe bestuur, sowel as die logika agter behoorlike finansiële beplanning en slim beleggings. 


Ons doen verslag oor instandhouding, onder meer die werk aan verskeie biblioteke, en uitbreidings soos die nuwe Verpleegkundegebou in Mafikeng, die nuwe Afrikatalegebou op die Vaaldriehoekskampus, en die nuwe Farmasiegebou in Potchefstroom. 

Jy kan meer lees oor 'n lewenskragtige studentelewe op al drie kampusse, waaronder die aktiwiteite en seges van verskeie dansklubs, kore en visuele kunstenaars. Jy sal ook meer te wete kom van onder meer ons studente se uitnemendheid in debatvoering en die nasionale begrotings-redekompetisie, die toekennings om ons gimnaste, atlete en netbalspelers te vereer, asook die prestasies van ons rugby-, sokker- en korfbalspelers. 

Ons het egter ook ons uitdagings. 

Suid-Afrika se groei as 'n demokratiese samelewing is stadig en pynlik. Ons is steeds in 'n hoogs ongelyke samelewing, met te veel werklose en arm mense. Dit is waarom ons, as die NWU, pynlik bewus is van die noodsaaklikheid om 'n nuwe geslag denkers en werkers te bemagtig, en om beter maniere te vind om ons studente te ondersteun. 


In 2015 het ons verskeie programme voortgesit. Dit is onder meer psigososiale ondersteuning, die Maaltyd-perdag-program, MIV-ondersteuningsinisiatiewe en beurse en lenings, om die druk op ons studente te help verlig. 


Verder, soos die geval ook met ander universiteite is, het ons nie ons gelde vir 2016 verhoog nie en werk ons hard daaraan om te probeer om die instelling finansiëel gesond te hou terwyl ons soveel helpende hande as moontlik na talentvolle en verdienstelike studente uitreik. 

Ons hoop jy geniet hierdie verslag. Jy sal lees van doktors- en eredoktorsgrade, medaljes, eksperimente, konferensies, colloquia en patente. Ons moedig jou aan om na die inhoud van hierdie publikasie te kyk nie bloot as rapportering oor 'n jaar wat op talle fronte suksesvol was nie – ten opsigte van bestuur, die akademie, studentelewe, uitnemendheid op sportgebied, groei en transformasie – maar om die jaar te beskou as deel van ons gesamentlike reis onderweg na ons visie.

Dis 'n eer om betrokke te wees by hierdie instelling, en dit is vir my aangenaam om almal geluk te wens wat die NWU in 2015 groot gemaak het.

KGOSI LERUO MOLOTLEGI

KGOSI LERUO MOLOTLEGI
KANSELIER

4%
meer inskrywings:
meestersgrade

12,4%
meer inskrywings:
wetenskap, ingenieurswese
en tegnologie

8%
meer inskrywings:
doktorsgrade



6%
toename in getal
NNS-gegradeerde navorsers

17%
toename in getal
nadoktorale genote

verslag van die VOORSITTER VAN DIE RAAD

Adv dr Johan Kruger, SC



Hierdie verslag bied 'n oorsig van die mate waarin die NWU-raad sy statutêre plig vervul het om die NWU in die oorsigtydperk te bestuur.

Die Raad vertrou dat hulle, as die hoogste besluitnemingsliggaam, in 2015 daarin geslaag het om op toepaslike wyse korporatiewe bestuur oor die NWU uit te oefen, ooreenkomstig hoofstuk 4 van die Wet op Hoër Onderwys, asook die regulasies en beleide uitgereik ingevolge die Wet, die NWU-statuut en die Reëls.

Die volgende drie belangrike prosesse het baie aandag van die Raad vereis gedurende die oorsigtydperk:

- Die proses van regstelling van 'n onregmatige en dus ongeldige besluit wat in November 2013 geneem is om die ampstermyn van 'n rektor van een van die NWU se kampusse te verleng het daartoe gelei dat die Raad verplig was om 'n aantal buitengewone vergaderings te belê. Die Raad het baie energie en aandag daaraan bestee om te verseker dat die proses van omkering van hul besluit deurgaans aan die eise van die reg sou voldoen.

- Die Raad het soos volg besluit wat betref die totstandkoming van die Noordwes- Trust vir Hoër Onderwys (NWTTHO) as 'n skenkingsfonds met die doel om geld deur kommersiële beleggings vir die NWU en ander geselekteerde hoëronderwysinrigtings in die Noordwes-Provinsie te werf, as gevolg waarvan 'n skenking van R10 miljoen in 2013 deur die NWU gemaak is om gebruik te word as die saadbefondsing om die trustprojekte aan die gang te sit:

- Om te aanvaar dat daar geen onbehoorlike beweegrede van die kant van die voormalige visekanselier was in die goedkeuring van 'n universiteitskenking van R10 miljoen aan die trust nie.
- Om te erken dat die voormalige visekanselier wyd met verantwoordelike universiteitsamptenare geraadpleeg het oor die lewensvatbaarheid en uitvoerbaarheid van die NWTTHO-inisiatief.
- Om te erken dat die trust as sodanig in ooreenstemming met wetlike vereistes geregistreer is.
- Om aan te beveel dat alle beweerde projekte wat verband hou met, of voortvloei uit, die trust met onmiddellike inwerkingtrede beëindig word.
- Om stappe te doen om die volle bedrag van R10 miljoen van die NWTTHO te verhaal.

Die proses van verhaling van die bedrag van R10 miljoen is steeds aan die gang.

- Nog 'n sleutelproses waaraan die Raad in 2015 baie aandag moes wy, was om deurlopend rigting te gee aan die proses van ontwikkeling, bespreking en goedkeuring van 'n nuwe universiteitstrategie en waardeverklaring.

Die Raad vertrou dat die nuwe strategie deurlopende verbetering in die korporatiewe bestuur van die NWU as 'n unitêre instelling sal verseker. Die nuwe strategie, gerig deur die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir betrokke wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, is eenparig deur die Raad op hul vergadering in November 2015 goedgekeur.

As deel van sy toesighoudingsrol het die Raad in 2015 die volgende nuwe en hersiene universiteitsbeleid goedgekeur, asook 'n herformuleerde raamwerk vir delegering van magte:

- Beleid oor Gesamentlike en Dubbele Grade op Meesters- en Doktorale Vlak met Buitelandse Universiteite
- Infrastruktuurbeleid
- Beleid oor Alumniverhoudings
- Beleid oor Fondswerwing
- Reëls vir die Toekenning van 'n Kanseliersmedalje
- Reëls vir die Toekenning van Eredoktorsgrade
- Beleid oor Delegerings en Skedule van Magtigingsvlakke
- Toelatingsbeleid
- Mediabeleid

Die Raad het sy funksie vervul om die bedryfsbestuur van die universiteit deurlopend te monitor en het ook die advies wat gereeld van die Senaat, die Institusionele Forum en die onderskeie raadskomitees ontvang is, in aanmerking geneem. Op dié wyse het die Raad toegesien dat hy sy rol vervul het deurdat die universiteit voortgaan om sy doel en waardes gestand te doen.

doeltreffende etiese leierskap en korporatiewe burgerskap

Hoe goed die universiteit daarin slaag om deur sy dienste en die kwaliteit van sy graduandi aan die behoeftes van die samelewing te voldoen is, in die oë van die Raad, die bestaansrede van die Noordwes-Universiteit. Die NWU as verantwoordelike Suid-Afrikaanse korporatiewe burger streef

daarna om in al sy werksaamhede bewus te bly van sy etiese verantwoordelikheid.

Die NWU se strategie, beleide en reëls is gesamentlik deurlopend gemik op die bereiking van volhoubare ekonomiese, maatskaplike en omgewingsprestasie. Hier is enkele van die korttermynresultate wat in 2015 in dié verband behaal is:

- Die universiteit het 'n totale algehele studentesukseskoers van 83,9% oor al die afleweringspunte en modusse (waaronder afstandonderrig) behaal.
- Die Raad het die proses van regstelling van die foute wat in 2013 gemaak is, suksesvol gelei en het aanvaarbare oplossings vir die situasie gevind.
- Verskeie projekte was by die universiteit aan die gang om omgewingsvolhoubaarheid te verseker. Vir meer inligting, raadpleeg p24 in die afdeling oor ons korporatiewe bestuur en p148 in die afdeling oor ons natuurlike kapitaal.



Die Raad en sy komitees het proaktief opgetree in die monitering van die nakoming van goeiepraktykkodes om aangeleenthede soos korrupsie te hanteer en van voldoening aan die gewysigde Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging.

In die toesig oor die vordering wat bestuur gemaak het met die vestiging van 'n klimaat wat bevorderlik is vir maatskaplike geregtigheid, het die Raad kennis geneem van verslae wat deur die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee, die Menskapitaal- en Indiensnemingsgelykheidskomitee en die Transformasietoetsingkomitee voorgelê is. Tydens sy vergadering in November 2015 het die Raad in besonder noukeurig aandag gegee aan die universiteit se indiensnemingsgelykheidsplan (2016-2020) en die langtermeyffek wat hierdie instaatstellende plan sal hê.

Die strategiehersieningsproses het daartoe gelei dat die Raad in November 2015 'n nuwe universiteitstrategie vir die volgende 10 jaar aanvaar het. Hierdie strategie plaas besondere klem op doeltreffende etiese leierskap en korporatiewe burgerskap. Die Raad is daartoe verbind om te verseker dat die goedgekeurde strategie geïmplementeer word in die gees van diens aan die samelewing deur die daarstelling van kennis, innoverende leer en die bemagtiging van gemeenskappe.



Volhoubare vennootskappe met nywerhede en gemeenskappe bly die kerndryfkrag wat die voortgesette relevansie en deelnemendheid van die universiteit verseker.



korporatiewe bestuur van risiko

Die Raad oefen hul aanspreeklikheid vir die korporatiewe bestuur van risiko uit deur middel van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee, wat hul toesighoudende rol vervul ooreenkomstig die beginsels van die King-kode van Goeie Praktyk. Die komitee het die mandaat om toesig te hou oor die effektiwiteit en doeltreffendheid van bestuur in die skepping van 'n toepaslike risikobestuurproses vir die verligting van risiko's en die ontginning van sakegeleenthede.

Ná ontvangs van die jaarlikse bestuursverslag oor die doeltreffendheid van die stelsel en die proses van risikobestuur aan die NWU het die Raad die aangeleentheid op hul vergadering in November 2015 bespreek.

Die nodige gerusstelling is van bestuur verkry dat voortdurende vordering gemaak word met die daarstelling van toepaslike maatreëls om voldoende risikobeoordeling,

risikomonitering en risikogerusstelling by die universiteit moontlik te maak.

Die Raad sien uit na die verbetering van die risikobestuurproses aan die universiteit en die ontwikkeling van 'n risikobestuurbeleid en -plan, wat albei na verwagting in 2016 'n werklikheid sal word.

korporatiewe bestuur van inligtingstegnologie

Die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee het die Raad op die vergadering in November 2015 ingelig dat die universiteit nog besig was met die daarstelling van 'n Raamwerk vir die Korporatiewe Bestuur van Inligtingstegnologie as deel van 'n oorkoepelende Raamwerk vir die Korporatiewe Bestuur van Inligting.

Ten spyte van die afwesigheid van hierdie raamwerk vir korporatiewe bestuur is daar aan die Raad die gerusstelling gegee dat die beplanning en implementering van inligtingstegnologieverwante hulpbronne in ooreenstemming was met die strategiese beplanning van die universiteit. Daar is kennis geneem van die uitdagings wat met die deurlopende monitering en ouditering van hierdie funksie verband hou, asook van die uitdaging van die bestuur van sekuriteitsmaatreëls.

Die Raad het ook kennis geneem van die vordering wat gemaak is met die ontwikkeling van 'n sakevoortsettingsplan en 'n rampherstelplan. Die finalisering van hierdie planne is vir eers uitgestel terwyl die universiteit se nuwe 10-jaarstrategie ontwikkel word.

voldoening aan wette, kodes, reëls en standaarde

Die Raad is daarvoor aanspreeklik om te verseker dat die universiteit maatreëls in werking het om aan toepaslike wette, kodes, reëls en standaarde te voldoen. As deel van sy toesighoudende rol het die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee 'n mandaat ontvang om toesig te hou oor die mate waarin die NWU daarin slaag om deurlopende nakoming te verseker.

'n Omvattende verslag oor die stand van sake is aan die Oktober 2015-vergadering van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee voorgelê en dit was duidelik dat die universiteit redelike vordering gemaak het met monitering en bestuur van nakoming. 'n Universiteitspersoneelid het spesifiek opdrag ontvang om nakoming te moniteer en om 'n webblad, *Compliance@NWU*, te ontwerp met die oog daarop om sakeprose-eienaars van al die toepaslike nasionale beleide bewus te maak.



Die Raad het kennis geneem van bestuur se daadwerklike poging om die korporatiewe en ander bestuur van alle Raadskomitees te versterk deur die opstelling van gestandaardiseerde opdragte aan al die komitees en deur gebruikmaking van 'n dekbladtemplaot om toesighouding te verbeter, die algehele doeltreffendheid en effektiwiteit van elke komitee te verhoog en om besluitneming op die toepaslike vergaderingsvlak te bespoedig.

Hoewel die universiteit geen regs-voldoeningsbeleid as sodanig het nie, is die Raad vol vertroue dat die Beleid oor Korporatiewebestuurstoetsing en Bestuursbeheer toereikend voorsiening maak vir die voortgesette integrasie van wetsvoldoening in die betrokke sakeprosesse, kwaliteitskontrole en interne beheermaatreëls.

Korporatiewe bestuur van belanghebbersverhoudings

Belanghebberbetrekkinge het in 2015 na vore getree toe dit vir die Raad duidelik geword het dat die persepsies van belanghebbers 'n uitwerking het op die aansien van die instelling. Die Raad het die voorreg gehad om betrokke te raak by vrugbare besprekings met onder andere die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie, asook by interaksie met verskillende studentegroeperings.



Bestuur het 'n aantal strategieëvormingsdokumente ter tafel gelê wat op die belangrikheid van die universiteit se betrekkinge met belanghebbers gerig was. Hoewel die korporatiewe bestuur van belanghebbersverhoudings nie 'n gereelde item op die Raad se agenda is nie, het hulle kennis geneem van die manier waarop sleutelbelanghebbersgroeperinge die aansien van die universiteit kan beïnvloed en hoe hierdie proses verbeter kan word.

Die Raad het in November 2015 met genoeg kennis geneem dat bestuur die rolle en verantwoordelikhede duidelik gemaak het van die bestuursposte wat betrekkinge met eksterne sleutelbelanghebbers (soos die openbare sektor, professionele en statutêre liggame, vakbonde, die media, die gemeenskap en nywerheidsmededingers) moet bestuur. Bestuur het berig dat tweerigtingskaking met belanghebbers van 2016 af en daarna bewerkstellig sou word, wat optimale deelname van die kant van belanghebbers in interaksie met die universiteit sal verseker.



Bestuur het aan die Raad die versekering gegee dat die nuut ontwikkelde strategie en beleid vir die bestuur van verhoudings met alle sleutelbelanghebbersgroeperinge in hoë mate sal bydra tot die verligting van bepaalde residuele risiko's wat in die NWU-risikoregister vervat is. Hierdie risiko's het betrekking op die onsekerhede in verband die leierskapoorgang aan die NWU en die aanstelling van 'n nuwe visekanselier in November 2013.

Vir 2016 is die Raad verbind tot die versekering dat meganismes en prosesse vasgestel is om die verhouding tussen hulle en belanghebbersgroeperinge te versterk om sodoende konstruktiewe betrokkenheid op die vlak van korporatiewe bestuur te verseker.

Vergoeding van eksterne verkose raadslede

Die vergoedingsreëling waaroor die Raad oorspronklik in 2009 ooreengekom het en wat in 2012 hersien is, geld steeds. Dit is dat 'n honorarium aan eksterne lede van die Raad, Raadskomitees en ander statutêre liggame betaal word as 'n teken van die NWU se waardering vir die lede se tyd en moeite. Die honorarium word twee keer per jaar uitbetaal, in Augustus en Desember, en is met ingang van Januarie 2013 met 10% verhoog. Die volgende honoraria is in 2015 betaal vir elke vergadering wat bygewoon is:



Eksterne Raadslede	R2 500
Raadsaangestelde eksterne kundige van 'n struktuur, maar nie 'n raadslid nie	R2 500
Voorsitter van 'n Raadskomitee	R3 100
Adjunkvoorsitter van die Raad	R3 100
Voorsitter van die Raad	R5 000
Voorsitter van die Raad of ondervoorsitter as 'n gewone lid van 'n struktuur	R2 500

Lopendesaak-verklaring

Die Raad het voldoende gerusstelling dat die universiteit in die onmiddellike toekoms steeds 'n lopende saak sal wees. Hierdie vooruitsig is gegrond op 'n gesonde solvensiëstand en gesonde finansiëlebestuursstelsels, risikobeheer en interne beheermeganismes. Die NWU het toereikende hulpbronne om in die afsienbare toekoms bedryfsaktiwiteite op 'n oop en deursigtige wyse voort te sit. Op hul vergadering in November 2015 het die Raad egter in die besonder kennis geneem van die uitwerking van die ministeriële ingryping in sy finansiële korporatiewe en ander bestuur ná die presidensiële verklaring op 23 Oktober 2015 dat geen klaggeldverhoging in 2016 sou plaasvind nie.



Dit het gelei tot 'n groot tekort in die universiteit se begroting vir 2016. 'n Brief is van die Minister ontvang met die mededeling dat die staat R134,1 miljoen sou bydra ten opsigte van die tekort van R178,9 miljoen, en dat 50% van hierdie bydrae in Januarie 2016 beskikbaar gestel sou word en die oorblywende 50% in April 2016. Die NWU-raad is egter diep bekommerd oor die finansiële lewensvatbaarheid van die universiteit as 'n lopende saak op die medium tot lang termyn.



Verklaring oor finansiële beheermaatreëls

Die Raad is terdeë daarvan bewus dat die stelsel van interne finansiële beheermaatreëls by die universiteit slegs redelike en nie absolute gerusstelling nie kan voorsien om seker te maak dat bates beveilig is, transaksies gemagtig en behoorlik geboekstaaf is en dat wesenlike foute of onreëlmatighede hetsy verhoed word of binne 'n redelike tydperk opgespoor sal word. Die stelsel van interne finansiële beheer is steeds gegrond op 'n raamwerk van gereelde bestuursinligting, beleide, riglyne en administratiewe prosedures, met inbegrip van die skeiding van pligte en 'n stelsel van delegering en aanspreeklikheid.

Die beleide wat die universiteit se finansiële bedrywigheede reël, word hersien en op 'n deurlopende grondslag deur die Raad goedgekeur, terwyl die riglyne en prosedures wat aan daardie beleide gekoppel is, ook op 'n deurlopende grondslag deur die institusionele bestuur hersien en goedgekeur word.



Die Raad se hersiening van die doeltreffendheid van die stelsel van interne finansiële beheer word gerig deur die werk van die interne ouditeure, die Ouditkomitee wat oor die werk van die interne ouditeur toesig hou, die uitvoerende bestuurders binne die universiteit wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling en instandhouding van die raamwerk van finansiële beheermaatreëls, en kommentaar deur die eksterne ouditeure in hul bestuursbrief en ander verslae.

Die Raad is van mening dat die NWU 'n doeltreffende stelsel van interne finansiële beheer gehandhaaf het.



Finansiële gesondheid en lewensvatbaarheid

Aangesien die begroting gevorm word deur die realistiese projeksie van inkomste, wat beteken uitgawes wat "bekostig" kan word, is die sleutelbronne van inkomste en hoofuitgawe-kategorieë die fokuspunte in die begrotingsproses. Die NWU se afhanklikheid van subsidie- en klaggeldinkomste is hoog, aangesien 75,8% (2015: 74,8%) van die begrote NWU-inkomste uit hierdie bronne kom.

Oor die afgelope vyf jaar was daar 'n mate van beweging tussen subsidie-inkomste en klasgeldinkomste. Namate subsidie-inkomste elke jaar in reële terme afgeneem het, het die afhanklikheid van klasgelde toegeneem, aangesien beleggings en ander inkomstebronne nie teen dieselfde tempo as klasgelde gegroei het nie. Die impak van die aankondiging van die 0%-klasgeldverhoging sal streng gemoniteer en bestuur word.



Die universiteit skenk in die besonder aandag daaraan om prestasie en voldoening moontlik te maak, wat die bestuur van risiko deur doeltreffende finansiële beplanning en kontantvloei-beheer, behoorlike finansiële bestuursstelsels en doeltreffende interne beheermeganismes verbeter. Die Raad is vol vertroue dat die universiteit finansiële gesond en lewensvatbaar is en op 'n verantwoordelike en deursigtige wyse bestuur word en dat die NWU vir die afsienbare toekoms sal kan voortbestaan.



Ten spyte daarvan dat die universiteit te kampe het met uitdagings soos dalende subsidie-inkomste in reële terme (met die DHOO se uitfasering van die multikampussubsidie as een van die bydraende faktore) en die impak van die onbestendigheid van internasionale ekonomieë op die Suid-Afrikaanse ekonomie, het die NWU deur die handhawing van finansiële dissipline voldoen aan die immer toenemende eise om hulpbronne, terwyl die groeiende organisasie binne sy vermoë ondersteun is.

verklaring oor risikobestuur

Die NWU-raad herbevestig hul algehele aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir die totale proses van risikobestuur aan die universiteit.

Die Raad het kennis geneem van die deurlopende risikobestuurproses wat gevolg het op die NWU se eerste omvattende strategiese risiko-identifiseringsproses in 2014. Hoewel dit nodig sal wees om die proses verder te ontwikkel, vertrou die Raad dat hulle gedurende 2015 voldoende bewyse en gerusstelling gebied het om effektief en doeltreffend te wees.

kampusontwikkeling

Die volgende tabel gee 'n oorsig van die NWU se algehele besteding aan die ontwikkeling van infrastruktuur en fasiliteite gedurende 2015. Dit beloop 'n belegging van altesaam R156,6 miljoen.



Potchefstroomkampus	Mafikengkampus	Vaaldriehoekkampus	Institusionele Kantoor	Totaal
R 93 775 681.66	R 38 358 649.40	R 22 945 989.66	R 1 471 134.60	R 156 551 455.32

fasiliteite en groot kapitaalwerke

Gedurende 2015 het die ontwikkeling van infrastruktuur op die **Mafikengkampus** hoofsaaklik gefokus op die versekering dat die projekte wat uit DHOO-fondse gefinansier is, gevorder het ooreenkomstig die spertye wat voorgelê is. Die nuwe Verpleegkundegebou en die personeelbehuising vir Veeartsenykunde is in dié verband voltooi. Die buitekant van die Mafikengkampusbiblioteek is opgeknip.



Daar is by verskeie koshuise aandag geskenk aan makro- en uitgestelde instandhouding. In 2015 het die totale belegging in infrastruktuur, fasiliteite en kapitaalwerke op hierdie kampus R38,35 miljoen beloop.



Die volgende is 'n aantal van die hoogtepunte van die risikobestuurproses by die NWU in 2015:

- Om risikobestuur uit te brei en te verbeter is risiko-identifisering na verskillende ondernemingsvlakke afgewentel. Dit het gelei tot die saamstelling van 'n bedryfsrisikoregister om die register van strategiese risiko's aan te vul.
- Ter vergemakking van verslagdoening en risikobestuur is die sentrale risikoregister van 'n papierproses na 'n webgebaseerde toepassing oorgeplaas.
- Die NWU se risikokaart is verfyn. Die volgende was die belangrikste residuele risiko's op die NWU se register van strategiese risiko's vir 2015 (met inagneming daarvan dat die nuwe 10-jaarstrategie vir die NWU waarskynlik die risiko-aanduidings van sommige hoëvlakrisiko's kan verander):
 - Risikokategorie 1: Leierskap, bestuur en transformasie, wat bestaan uit drie hoëvlakrisiko's: leiersoorgang, bestuursmodel en transformasie
 - Risikokategorie 2: Kommunikasie en bemerking
 - Risikokategorie 3: Mensekapitaal, veral werwing en behoud van personeel
 - Risikokategorie 5: Onderrig-leer, veral afleweringkanale wat vanweë tegnologiegebaseerde leerleenthede as 'n bedreiging in die hoëronderwyslandskap ervaar word
 - Risikokategorie 7: Voldoening, risiko- en inligtingsbeheer, veral die afwesigheid van 'n toereikende oorkoepelende NWU-raamwerk vir die korporatiewe bestuur van inligting, waaronder 'n raamwerk vir die korporatiewe bestuur van IT en sakevoortsetting
 - Risikokategorie 8: IT-risiko's, veral inisiatiewe deur 'n toenemende getal sogenaamde IT-kundiges in tipiese nie-IT-departemente, asook onvoldoende personeelvlakke in die IT-afdeling.



In die lig van bogenoemde vertrou die NWU-Raad dat die 2015-risikobestuurproses aan die NWU doeltreffend was. Die Raad is veral bemoedig deur bestuur se pogings om na geïntegreerde risikobestuur te beweeg deur die ontwikkeling van 'n risikobestuurbeleid en -plan in 2016. Die Raad glo dat hierdie poging risikobehoor aan die universiteit sal verbeter.

Die makro- en uitgestelde instandhouding van verskillende geboue is voltooi en het die buite-opknapping van vier geboue in die G-blok en die biblioteek ingesluit. Die binne-opknapping van die Dawie du Plessis-lesingsaal, die eerste verdieping van Gebou E3 en die Voorhuis-eetsaal is ook afgehandel.

Die totale belegging in infrastruktuur op die Potchefstroom-kampus in 2015 het R93,77 miljoen beloop.

Op die **Vaaldriehoekcampus** is die volgende fase van die koshuis (36 beddens) en die nuwe gebou vir Afrikatale, wat deur 'n DHOO-toekenning befonds is, voltooi. Die makro-instandhouding en opknapping van Gebou 3 is voltooi, asook die makro-instandhouding van Gebou 8. Die totale belegging in infrastruktuur op die Vaaldriehoekcampus het R22,95 miljoen beloop.

Die uitgestelde en makro-instandhouding aan die visekanselierswoning is ook voltooi.

verklaring oor bykomende beleggings in infrastruktuur

Daar was geen bykomende beleggings in infrastruktuur nie.

oop en afstandsl eer (OAL)

Die Eenheid vir Oop Afstandsl eer (EOAL) het 'n **paneel internasionale en nasionale kundiges** genooi om 'n oorsig van die bedrywighede sowel as die konteks van die EOAL te doen.

Die paneel het die NWU daarvoor geloof dat hulle hulself as 'n leidende verskaffer van oop afstandsonderrig in Suid-Afrika gevestig het. Verder is die EOAL geloof vir hul verbintenis tot en professionalisme en toewyding in die lewering en administrasie van oop afstandsprogramme.

Die paneel het aanbeveel dat die NWU sy begrip van OAL verdiep en daardie begrip in sy visie en Onderrig- en Leerstrategie weerspieël. Voorts het die paneel aanbeveel dat OAL deel moet word van die kernbesigheid van die NWU en het hulle aangedui dat verdere ontwikkeling van aanlyn programme noodsaaklik is.

Bedryfsnavorsing is 'n belangrike komponent van gehalteversekering by die EOAL en 'n **vraelys** was aanlyn beskikbaar vir OAL-studente. Oor die algemeen was die 1 903 deelnemers tevrede met die organisatoriese en administratiewe funksies van die EOAL. Die data het ook aangedui dat sommige studente die behoefte het aan meer konstruktiewe terugvoer oor hul werksopdragte.

Gedurende 2015 het EOAL-personeellede **kwaliteitsbesoeke** afgelê by 47 onderrigsentrums en 59 eksamensentrusse.

Die fakulteite Opvoedingswetenskappe, Gesondheids-wetenskappe, Lettere en Wysbegeerte en Teologie het reeds gedurende 2015 'n aantal OAL-programme aangebied. Hierdie **aanbieding sal** gedurende 2016 **uitgebrei word** omdat die fakulteite Regte, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Natuurwetenskappe beplan om geselekteerde OAL-programme aan te bied.

samewerking met die nywerheid

Die universiteit het interaksie met die nywerheid om te verseker dat NWU-graduandi en akademiese programme aan die vereistes van voornemende werkgewers voldoen, om te help om in die nywerheid se navorsings- en innovasiebehoefte te voorsien en om met gemeenskapsbetrokkenheid-inisiatiewe saam te werk.

Om studente en werkgewers bymekaar te bring het die NWU in 2015 agt loopbaanuitstallings gehou wat deur 126 verteenwoordigers van maatskappye bygewoon is.

Die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die Nywerheid (THRIP) van die NNS en die Departement van Handel en Nywerheid was steeds 'n belangrike voertuig vir samewerking met maatskappye aan projekte, die ontwikkeling van nuwe produkte en die oplossing van nywerheidsprobleme.

Gedurende 2015 het die universiteit altesaam R39 711 057 aan THRIP-befondsing vir projekte ontvang, waarvan talle ingenieursprojekte was. Inisiatiewe wat befonds is, het gewissel van mynveiligheidsoplossings tot lugvaartnavorsing en prekliniese geneesmiddelontwikkeling.

Vir meer besonderhede oor befondsing wat vir navorsing en kommersialisering gegeneer is, raadpleeg p62 onder die opskrif Navorsingsbefondsing in die afdeling oor ons intellektuele kapitaal. Meer inligting oor die NWU se verhouding met die nywerheid kan ook gevind word op p103 onder die opskrifte Algemene terugblik en Toekomstvooruitsig in die afdeling oor ons intellektuele kapitaal (spesifiek ons navorsing) en ook op p126 onder die opskrif Ander vennootskappe en samewerking in die afdeling oor ons maatskaplike en verhoudingskapitaal.

Op die gebied van gemeenskapsbetrokkenheid het die NWU gedurende die jaar vennootskappe gehad met 'n wye verskeidenheid groepe uit die private sektor, NRO's en die regering.

Ons privaatsektorvennote het die *Northwest Independent-koerant*, die Potchefstroom-Tlokwe Sakekamer, Anglo Gold Ashanti, Zingco Electrical Vehicles en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Energiedoeltreffendheid ingesluit.

Ons het saamgewerk met NRO's soos die Touching Africa Foundation, Charities Aid Foundation South Africa en iDUC (iDUC ondersteun vroulike verkragtingslagoffers). In die openbare sektor het ons vennootskappe aangegaan met die Departement van Arbeid, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en die Gemeenskapskemas-ombudsdienst.

verklaring oor lenings

Die NWU het nie enige langtermynleningsooreenkomste in 2015 aangegaan nie.

verklaring oor die verkrygingsproses

Die NWU het 'n gesentraliseerde verkrygingsbestuurstruktuur wat beheer en koördinering bied sonder om die magte van evaluering, aanbeveling en magtiging ten opsigte van verkrygingsbehoefte op 'n gedentraliseerde afdelingsvlak aan bande te lê. Hierdie gesag word gereguleer deur die Skedule van Magtigings soos deur die Raad goedgekeur.

Die NWU streef voortdurend daarna om die beste waarde vir geld op elke verkrygingstransaksie te verkry sonder om die vereistes van billike en deursigtige handelsetiek in die gedrang te bring. Ons strewende ook daarna om te hou by die standaard soos vereis deur die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, en plaas 'n hoë premie op verkryging van die universiteit se benodighede van BGSEB-gekwalifiseerde verskaffers met 'n gekwalifiseerde BGSEB-bydrae van meer as 70%.

ouditverslag

Eksterne ouditeure het al die vergaderings van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee (ORVK) as permanente

lede bygewoon en het 'n staande uitnodiging om alle vergaderings van die Gekombineerde Versekeringsforum by te woon. Ná elke formele vergadering van die ORVK word daar vir die eksterne ouditeure 'n geleentheid geskep om met die komitee te vergader sonder dat bestuur teenwoordig is. Die komitee is ook voortdurend in kontak met die eksterne ouditeure vir advies en gerusstelling oor finansiële en ander toepaslike aangeleenthede.



Die NWU het vir 2015 'n ongekwalifiseerde ouditeursverslag ontvang. Geringe gevalle van beklemtoning van aangeleenthede van belang en verklarings is egter op 4 Junie 2015 op 'n vergadering van die ORVK ter tafel gelê en op hul vergadering op 19 Junie 2015 onder die aandag van die Raad gebring. Swakhede in beheermaatreëls in die bestuur van botsing van belange is onder die aandag van die Raad gebring, wat hulle daarvan vergewis het dat bestuur meer maatreëls in werking gestel het om die situasie te bestuur en om aan die Raad verslag te doen oor die doeltreffendheid en effektiwiteit van hierdie maatreëls.

tenders wat beoordeel is

Tenders word streng volgens tenderbeleide, -prosedures en toepaslike magtigingsmandate geëvalueer en goedgekeur, ook dié wat met die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging 2003 (Wet 53 van 2003) verband hou, met die fokus op billikheid en deursigtigheid. Die NWU vra tenders aan van die mark vir alle benodigde goedere en dienste met 'n totale kontrakwaarde wat R100 000 oorskry.



Die tenderdokument vorm die grondslag van die beoogde verskaffingsooreenkoms en word derhalwe deur Regsdienste nagegaan en goedgekeur. Die evalueringsmaatstawwe soos gespesifiseer in die tenderdokument is soos volg:

- Vir tenders met 'n totale waarde van minder as R1 miljoen, word 80% toegeken vir prys, 16% vir die vlak van BGSEB en 4% indien die tenderaar se basis binne die bedryfsgebiede van die NWU is.
- In die geval van tenders wat 'n totale waarde van R1 miljoen oorskry, word 90% toegeken vir prys, 8% vir die vlak van BGSEB en 2% indien die tenderaar se basis binne die bedryfsgebiede van die NWU is.



Die Tenderkomitee het 'n mandaat van die Raad om tenders vir kontrakte tussen R10 miljoen en R30 miljoen te oorweeg en goed te keur, mits dit binne die begroting is. Vir kontrakte wat R30 miljoen oorskry, evalueer die komitee die ontvangde tenders en doen dan 'n aanbeveling aan die volledige Raad.

Die volgende tenders is in 2015 beoordeel en deur die Tenderkomitee goedgekeur:

Toegeken aan	Vir	Tenderwaarde
Servest	Tuindienste, Potchefstroom	R12 886 560
Tsebo Cleaning	Skoonmaakdienste, Potchefstroom	R24 249 801
Hlanganani	Sekuriteitsdienste, Mafikeng	R25 327 080
Ciaratouch & Amortispan	Studente-akkommodasie, Vaaldriehoek	R37 683 771

Die volgende infrastruktuurtenders is toegeken:

Toegeken aan	Vir	Tenderwaarde
2K Konstruksie BK	Makro-instandhouding van Eikenhof-dameskoshuis, Gebou B4, Potchefstroomkampus	R10 634 061

Vir die bogenoemde tenders het die Tenderkomitee gedetailleerde tenderverslae ontvang waarin die tenderproses wat gevolg is, die evaluering van tenders wat ontvang is en aanbevelings uiteengesit is. In alle gevalle is die verslae en aanbevelings onveranderd deur die Tenderkomitee goedgekeur.

Die samestelling van die Tenderkomitee soos deur die Raad aangestel

Dienende lede:

- Mnr DA Foster (voorsitter) – Eksterne lid, eksterne ouditeursfirma
- Mnr S de Bruyn – Eksterne lid van die Raad
- Mnr K Venter – Eksterne lid van die Raad
- Prof ND Kgwadi – Visekanselier
- Prof M Verhoef (ex officio) – Institusionele registrateur

Ander aanwesiges:

- Me E de Beer – Uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite
- Me R Hornsby – Komiteekoördineerder

geleenthede

2015 was vir die NWU in 'n groot mate 'n konsolidasiejaar. Die Raad het sy aandag grootliks toegespits op die regstelling van die onregmatige en derhalwe ongeldige besluit wat in November 2013 geneem is om die ampstermyn van 'n rektor van een van die kampusse te verleng. Die Raad het ook voortgegaan om leiding en insette te gee ten opsigte van die nuwe strategievormingsproses van die universiteit.

In 2015 het drie senior bestuurslede uit die universiteit se diens bedank om ander loopbane te volg. Prof Herman van Schalkwyk, rektor van die Potchefstroomkampus, me Phumzile Mmope, die uitvoerende direkteur vir institusionele bevordering en mnr Victor Mothobi, die uitvoerende direkteur vir mensekapitaal, het die diens van die NWU aan die einde van 2015 verlaat. Prof Fika Janse van Rensburg is aangestel as waarnemende kampusrektor, mnr Louis Jacobs as waarnemende uitvoerende direkteur vir institusionele bevordering, en me Ria Nel as waarnemende uitvoerende direkteur vir mensekapitaal. Hierdie waarnemende poste sal voortbestaan totdat die Raad nuwe aanstellings gemaak het.




Daarbenewens het die rektor van die Vaaldriehoekkampus, prof Thanyani Mariba, afgetree. Prof Linda du Plessis neem in hierdie pos waar totdat die Raad 'n nuwe aanstelling kan maak.




studentedienste

Vir meer inligting, kyk onder die opskrif Ondersteuning van ons studente op p132 in die afdeling oor ons mensekapitaal. Meer inligting is ook beskikbaar in ons prestasiebeoordelingsverslag op p72 en in die visekanselier se verslag op p88.

beduidende veranderinge wat plaasgevind het


Ten spyte van die veranderinge aan die beheer- sowel as bestuurstrukture by die universiteit het die kernbesigheid en korporatiewe bestuur glad en sonder beduidende veranderinge in die mandaat van hierdie strukture of in die aard van die universiteit se onderrig-leer- en navorsingsaktiwiteite verloop. 

Die veranderinge wat plaasgevind het in die lidmaatskap van die Raad, Senaat en die Institusionele Forum in 2015 was die gevolg van normale omstandighede wat verband hou met die verstryking van ampstermyne. Behoorlike prosesse is gevolg om nuwe lede te verkies en/of aan te wys.

Die steeds moeilike ekonomiese toestande het 'n uitwerking gehad op die toename in studenteskuld en 'n daling in derdegeldstroominkomste. Nogtans het die NWU daarin geslaag om 'n surplus op te lewer, 'n bevestiging van die fundamentele gesondheid van die finansiële stand van die universiteit. 

verklaring oor die bestuur van kontrakte, diensvlakoooreenkomste en monitering van verskaffersprestasie


Ooreenkomstig die beleidsvereistes van die NWU word alle kontrakte deur die Regsdienstefdeling deurgegaan en goedgekeur. Hierdie afdeling is ook verantwoordelik vir die veilige bewaring van alle oorspronklik getekende kontrakte wat die universiteit aangegaan het.

Diensvlakvereistes word by alle kontrakte met diensverskaffers ingesluit. 


Die universiteit het 'n voorgeskrewe sakeproses waarvolgens met enige gevalle van onbevredigende lewering van goedere of dienste gehandel word. Dit word by die gesentraliseerde verkrygingsafdeling aangemeld wat, in samewerking met Regsdienste en die afdeling wat die onbevredigende goedere of dienste ontvang het, toepaslike optrede koördineer.

versoeke ingevolge die wet op die bevordering van toegang tot inligting ("PAIA")

Die NWU onderskryf die Wet op Bevordering van toegang tot Inligting (WBTL) ten volle.


Die inligtingshandleiding is in Januarie 2015 vir die tiende keer bygewerk en afskrifte is aan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) gestuur. Ingevolge die Wet is die handleiding in drie tale (Afrikaans, Engels en Setswana) beskikbaar en op 'n NWU-webblad geplaas wat toegewy is aan die verskaffing van inligting oor bevordering van toegang tot inligting en beskerming van persoonlike inligting (<http://www.nwu.ac.za/node/20682>). 

Die verpligte artikel 32-verslag is ook by die SAMRK ingedien, soos vereis.


Na implementering van die elektroniese PAIA-versoekstelsel, nuut ontwikkelde administratiewe prosesse en wydverspreide bewusmakingsessies oor die hele NWU was daar 'n duidelike toename in die getal PAIA-versoeke (182 in 2014/15 vergeleke by 29 in 2013/14). Van hierdie 182 versoeke is slegs 17 (9,3%) geweier op grond van artikel 34 (verpligte beskerming van privaatheid van 'n derde party wat 'n natuurlike persoon is) en artikel 36 (verpligte beskerming van kommersiële inligting van 'n derde party). 

Die NWU het ook 'n taakspan vir Beskerming van Persoonlike Inligting ("POPI") in die lewe geroep die implementering van die POPI-wet by die universiteit te hanteer. Hierdie taakspan het PAIA-terugvoer as 'n vaste item op die sakelys. Die taakspan bestaan uit lede van al vier sake-eenhede, en is toegewy aan die versekering van voldoening aan PAIA en POPI. Hulle het gedurende 2015 agt keer vergader.

verklaring oor werkspleketiek

Oor die jare is werkspleketiek by die NWU gedryf deur die uitdruklike onderskrywing van die waardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid en geregtigheid. In dié verband is 'n stel doenwaardes in die NWU se oprigtingsjare aanvaar om aanspreeklikheid onder personelede aan te moedig. Hierdie waardes was Integriteit, Toegewydheid, Aanspreeklikheid en Respek, en is afgekort as ICAR-US. 

Die strategievormingsproses van 2015 het gelei tot die aanvaarding van die volgende stel waardes vir die NWU: *"Om betrokke en sorgsame personelede en studente te kweek en om die volgende fundamentele waardes wat op die grondwetlike waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid gegrond is, vas te lê: etiek in alle ondernemings; akademiese integriteit; vryheid van intellektuele ondersoek; verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid en deursigtigheid; en entoesiastiese aanvaarding van diversiteit."*

Die Raad vertrou dat die stel hersiene waardes die universiteit in staat sal stel om alle prosesse te verbeter wat met professionele gedragsnorme verband hou, soos die grootskaalse de-burokratiseringsprojek deur alle sake-eenhede, werksessies oor sake-etiek, die optimalisering van sakeprosesse, deurlopende verklaring van rolle en verantwoordelikhede en die prestasieooreenkomstselsel. 

regulatoriese strawwe, sanksies en boetes vir oortredings van of nie-voldoening aan statutêre verpligtinge

Die NWU het in 2015 geen regulatoriese strawwe, sanksies en boetes vir oortredings van of nie-voldoening aan statutêre verpligtinge opgeleef nie.



ADV DR TJ KRUGER, SC
VOORSITTER VAN DIE RAAD

9 beleide en reëls deur Raad goedgekeur



75,8%
van NWU-begroting
=
staatsubsidie- en
klasgeldinkomste

8
loopbaanskoue deur
126
verteenwoordigers van
maatskappye bygewoon

7

eksterne lede
in oudit-,
risiko- en
nakomings-
komitee



83%
bywoning van raads- en
raadskomiteevergaderings

60%
(minstens) raadslede nie
personeel of studente van
NWU nie

raadsverklaring oor KORPORATIEWE BESTUUR

Adv dr Johan Kruger, SC



Die NWU-raad voer sy korporatiewebestuursrol uit streng in ooreenstemming met die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut deur die toepassing van alle toepaslike beginsels van die Kode van Korporatiewebestuursbeginsels (King III) en deur voldoening aan die Regulasies vir Verslagdoening deur Openbare Hoëronderrysinstellings. Die NWU-raad het die Verklaring oor Korporatiewe Bestuur op 'n volle vergadering van die Raad op 23 Junie 2016 ooreenkomstig die Regulasies goedgekeur. Daar was 'n kworum op hierdie vergadering en, ooreenkomstig die bepaling van die NWU se Statuut, is die dokumentasie vir goedkeuring met die nodige vooraf kennisgewing van die vergadering versprei.

raad en raadskomitees

Die NWU is verbind tot die hoogste standaarde van deursigtigheid, dissipline, integriteit, verantwoordelikheid, regverdigheid, maatskaplike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid, en onderskryf die beginsels soos vervat in die King III-verslag oor die Beginsels van Korporatiewe Bestuur. Die integriteit van besluitneming en die korporatiewe bestuur van die universiteit se aktiwiteite word beskerm deur gesamentlike oorlegpleging, besluitneming deur bemaagtigde bestuurders en deurlopende monitering van resultate en risiko's.

Gevolgtik word die vergaderingprosedures van alle vergaderings van die Raad en raadskomitees deur die Gedragkode vir lede van die Raad en Raadskomitees gerig. Hierdie kode is in alle agendas van Raads- en Raadskomiteevergaderings ingesluit.

Ooreenkomstig die NWU-statuut het die Raad interne en eksterne lede met akademiese sowel as nie-akademiese agtergronde. Eksterne lede is in die meerderheid.

Volgens die NWU-statuut is die voorsitter van die Raad verkies uit die geledere van die eksterne verteenwoordigers, met 'n duidelik afsonderlike rol van dié van die visekanselier. Daar word van die voorsitter verwag om in die belang van goeie korporatiewe bestuur na die optimale funksionering van die Raad om te sien, terwyl die visekanselier, as hoofuitvoerende en rekenpligtige beampte, vir die bestuur en administrasie van die universiteit verantwoordelik bly.

Die huidige voorsitter, advokaat Johan Kruger SC, is behoorlik op 'n Raadsvergadering gehou op 17 en 18 November 2014 vir 'n termyn van drie jaar tot aan die einde van November 2017 verkies.

Ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997, soos gewysig, is dit die Raad se taak om die universiteit te bestuur volgens die Wet en die universiteit se Statuut, wat op 8 Augustus 2005 gepubliseer is.

Ingevolge die NWU se Statuut is die Raad spesifiek vir die volgende verantwoordelik:

- Korporatiewe bestuur van die NWU deur die aanvaarding van doelwit- en waardestellings, strategiese planne en beleid, sowel as die Statuut, die reëls, prosesse en delegerings van gesag. Die Raad moniteer ook die bedryfsprestasie van bestuur en vestig komitees en, in samewerking met die Senaat, gesamentlike komitees, om te verseker dat die NWU se doelwitte en waardes verwesenlik word.
- Bepaling van die NWU se taalbeleid, onderhewig aan die beleid van die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding en met die instemming van die Senaat. Die Raad se oogmerk is om 'n beleid te aanvaar wat buigsaam en funksioneel is en taalwanbalanse van die verlede regstel terwyl meertaligheid, toegang, integrasie en 'n gevoel van tuiswees bevorder word.
- Vestiging van die strukture vir die lewering van studentesteundienste, na oorlegpleging met die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR).
- Om van lede te vereis om by 'n Gedragkode te hou en regstellende stappe te doen, indien nodig.
- Delegering van die gesag om personeellede aan te stel, waaronder kampusviserektore, kampusregistrateurs en direkteure, dekane en akademiese direkteure waarvoor daar deur die Statuut voorsiening gemaak word, met dien verstande dat geen persoon gemagtig is om iemand aan te stel wat regstreeks aan hom of haar rapporteer nie.

Vir meer besonderhede oor die Raad, waaronder elke lid se naam en ouderdom, lidmaatskap van Raadskomitees, vergaderingbywoning en direkteurskappe, raadpleeg die tabel in die volgende afdeling.

samestelling van die raad

Die NWU-raad bestaan uit mense met kennis en ervaring wat vir die universiteit toepaslik is.

Ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys is minstens 60% van die lede van die Raad nie in diens of studente van die NWU nie.

Die samestelling van die Raad soos op 31 Desember 2015 was soos volg:

	Naam en ouderdom	Raadskomitee	Getal komitee- vergaderings en gemiddelde bywoning	Direkteurskappe
1	Prof ND Kgwadi (49)	Alle Raadskomitees	38 – 76%	Geen
2	Prof HD van Schalkwyk (49)	Uitvoerende Komitee van die Raad	16 – 88%	Aginfo
3	Prof AM de Lange (56)	Transformasietoesigkomitee Eretoekenningskomitee	10 – 100%	Geen
4	Prof I Mekoa (49)	Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid	8 – 100%	Geen
5	Prof LB Mzini (41)	Transformasietoesigkomitee Eretoekenningskomitee	11 – 91%	Geen
6	Prof HJ van der Merwe (54)	Eretoekenningskomitee	Lid vanaf 26 November 2015	International Association for Mobile Learning (IAmLearn)
7	Prof AL Stander (59)	Geen	9 – 89%	Geen
8	Me H Coetzee (38)	Studentetoesigkomitee	10 – 100%	Heleen Coetzee Sielkundige
9	Me E Esterhuizen (65)	Geen	9 – 100%	Geen
10	Mnr FJ du Preez (51)	Mensekapitaal- en Indiensnemingsgelykheidkomitee	10 – 100%	Geen
11	Mnr LX Mabengwane (27)	Studentetoesigkomitee	5 – 100%	IVSR-president Geen verklaring ontvang nie
12	Mnr S Madibo (22)	Studentetoesigkomitee	5 – 100%	IVSR-adjunkpresident Geen verklaring ontvang nie
13	Mnr M Sambatha (40)	Geen	9 – 33%	Geen
14	Mnr N Nqandela (38)	Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee Vergoedingskomitee	7 – 100%	Amazotsho Investment Holdings
15	Mnr A Mashilo (38)	Transformasietoesigkomitee	11 – 91%	Geen
16	Dr JG Tshifularo (64)	Uitvoerende Komitee van die Raad Mensekapitaal- en Indiensnemingsgelykheidkomitee Vergoedingskomitee Senaat	27 – 81%	Geen
17	Mnr F Strydom (55)	Finansiële Komitee Beleggingskomitee Vergoedingskomitee	17 – 71%	Senwes Agrowth Grainovation
18	Mnr S de Bruyn (64)	Tenderkomitee Studentetoesigkomitee	7 – 86%	Van der Merwe Du Toit Ingelyf
19	Mnr K Venter (59)	Tenderkomitee Finansiële Komitee	11 – 64%	Nie verklaar nie
20	Ds W Vogel (59)	Mensekapitaal- en Indiensnemingsgelykheidkomitee	11 – 100%	Geen
21	Adv dr TJ Kruger SC (69)	Uitvoerende Komitee van die Raad Finansiële Komitee Eretoekenningskomitee	22 – 100%	Geen
22	Prof AL Combrink-Loots (71)	Studentetoesigkomitee	2 – 100%	Geen
23	Adv TJ Kruger (39)	Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee	12 – 100%	ATKV Etc Holdings (Edms) Bpk Artist Management (Pty) FW de Klerk Stigting Artscape Theatre Centre Kuns- en Kultuurtrust
24	Mnr PJW Buys (52)	Transformasietoesigkomitee	8 – 86%	FAK (MSW) Solidariteit Beleggingsmaatskappy Radio Pretoria (MSW) Solidariteit Helpende Hand Rand Mutual Assurance Co
25	Dr SJ vd Walt (68)	Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee	9 – 89%	Geen
26	Eerw SA Musa (69)	Mensekapitaal- en Indiensnemingsgelykheidkomitee	11 – 73%	Geen
27	Mnr TG Kgomo (48)	Studentetoesigkomitee	13 – 77%	Hentjen Petroleum KR Travel Tshepi Investments
28	Mnr I Klynsmith (66)	Uitvoerende Komitee van die Raad Finansiële Komitee Batekomitee	22 – 77%	Van Velden Duffy Ingelyf
29	Dr BM Tyobeka (41)	Uitvoerende Komitee van die Raad Transformasietoesigkomitee	17 – 88%	Geen
30	Vakant			

raadsnotules

In 2015 het die Raad op die volgende datums vergader:

- 7 Februarie 2015 (buitengewone vergadering)
- 20 en 21 Maart 2015 (werkswinkel)
- 19 Junie 2015 (gewone vergadering)
- 31 Julie 2015 (buitengewone vergadering)
- 21 Augustus 2015 (buitengewone vergadering)
- 18 September 2015 (gewone vergadering)
- 19 November 2015 (buitengewone vergadering)
- 19 en 20 November 2015 (gewone vergadering)

komitees van die raad

In ooreenstemming met die NWU-statuut het die Raad vaste komitees ingestel om die Raad behulpsaam te wees om te verseker dat die NWU sy doel en waardes verwesenlik.

Die Uitvoerende Komitee van die Raad funksioneer as die lidmaatskapkomitee van die raad en sien toe dat die nodige prosesse in plek is om te verseker dat hierdie komitees onder voorsitterskap van eksterne raadslede met die nodige kennis, vaardighede en ervaring is, en dat hulle ooreenkomstig duidelike opdragte werk. (Kyk asseblief na die afdeling: Ontmoet ons Raadslede vir die kwalifikasies van die Raadslede.)



Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee (UK) van die Raad hanteer in die tyd tussen Raadsvergaderings aangeleenthede rakende korporatiewe bestuur en doen op die volgende vergadering oor hierdie aangeleenthede verslag. Die Raad het hiersiene opdragte vir die UK op 19 November 2015 goedgekeur en dit het die verantwoordelikhede van die UK uitgebrei om:

- namens die Raad op te tree om sake te bepaal wat dringend hanteer moet word en wat nie tot die volgende geskeduleerde vergadering van die Raad uitgestel kan word nie
- namens die Raad op te tree oor aangeleenthede wat spesifiek deur die Raad aan die UK gedelegeer is
- die rol te vervul van 'n Raadslidmaatskapkomitee (Ooreenkomstig R464, 9 Junie 2014, SK37726, p22) in die oorweging van nominasies vir vakatures met betrekking tot Raadslidmaatskap ingevolge die universiteit se Statuut. Om in hierdie verband ook die mandaat te hê om, indien die UK dit nodig ag, subkomitees tot stand te bring en bevoegdheid aan hulle te deleger
- aandag te skenk aan sake wat betrekking het op die Raad om kontinuïteit en belyning van sake ooreenkomstig die mandaat en die opdrag van die Raad soos verduidelik in paragraaf 3(1) van die Statuut te verseker
- op die volgende geskeduleerde vergadering van die Raad verslag te doen aan die Raad oor alle aangeleenthede wat op Raad-UK-vlak hanteer is, vir die doeleindes van bekragtiging of hersiening (ooreenkomstig paragraaf 6(3) van die Statuut).



Die UK bestaan uit die voorsitter van die Raad, die ondervoorsitter van die Raad, twee eksterne lede van die Raad, die visekanselier, die adjunkhoof en die institusionele registrateur (ex officio-sekretaris).

Gedurende 2015 is vier gewone UK-vergaderings gehou, soos volg: 19 Februarie, 28 Mei, 10 September and 29 Oktober. Twee buitengewone vergaderings is op 29 April en 30 Julie 2015 gehou.



Vergoedingskomitee

Hierdie komitee het hoofsaaklik aandag geskenk aan die dienskontrakte, vergoeding en prestasie-evaluering van die visekanselier, lede van die institusionele bestuur en die direkteur vir interne oudit.

Op 19 November 2015 het die Raad 'n hersiene opdrag vir hierdie komitee goedgekeur om dit in ooreenstemming met King III 2.25 en die Verslagdoeningsregulasies (SK37726) te bring.

Die primêre rol van die komitee is om die Raad by te staan om hul verantwoordelikhede met betrekking tot 'n regverdige en verantwoordelike vergoedingsfilosofie uit te voer en te verseker dat dit in vergoedingsbeleid en strategieë geïmplementeer word.

Die komitee oefen namens die Raad direkte gesag uit oor die volgende aangeleenthede, wat die komitee oorweeg, waarvoor hulle aanbevelings maak en aan die Raad oor verslag doen:



- Algemene personeelbeleid
- Vergoeding en vereistes
- Bonusse (onder andere, die openbaarmaking van prestasieparameters vir prestasiebonusse, metodes van die evaluering van prestasie en die bepaling van bonusse)
- Vergoeding van uitvoerende bestuur en die vergoeding van die interne ouditeur (onder andere, beleid oor dienskontrakte van uitvoerende bestuur wat in die jaarlikse vergoedingsverslag openbaar gemaak sal word, waaronder kontraktydperk en kennisgewingsvoorwaardes)
- Vergoeding van Raadslede
- Gelde, dienskontrakte en aftreefondse, waaronder mediesefondsbevoensing ná aftrede
- Alle komponente van bruto besoldiging
- Enige wesentlike betalings wat as ex gratia van aard beskou sal word
- Kennisname en goedkeuring van die finansiële jaarstate wat vergoeding van uitvoerende bestuur tesame met die vergelykende syfers van die vorige jaar weerspieël, waaronder die gelde wat aan die Raad en komiteeledes betaal is.

Die komitee bestaan uit die voorsitter van die Finansiële Komitee, die voorsitter van die Komitee vir Oudit, Risiko en Nakoming, die voorsitter van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid, die voorsitter van die Raad, 'n eksterne Raadslid, die visekanselier en die institusionele registrateur (ex officio-sekretaris). Die uitvoerende direkteur vir mensekapitaal en die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite is teenwoordig.

Die Vergoedingskomitee het op 26 November 2015 vergader.

Mensekapitaal- en Indiensnemingsgelykheidkomitee

Die mandaat van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid (soos deur die Raad op 19 November 2015 goedgekeur) is om:

- te verseker dat toereikende mensekapitaalbeleid en strategieë in plek is
- alle relevante aspekte van mensekapitaal en indiensnemingsgelykheid in te sluit
- die implementering van beleid te monitor in ooreenstemming met die kriteria en maatreëls soos deur die Raad goedgekeur
- verslae van bestuur oor spesifieke sake, waaronder voldoening aan statutêre vereistes, te ontvang en te evalueer



- die Uitvoerende Komitee van die Raad met die vergoeding en evaluering van die visekanselier by te staan.

Die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid bestaan uit die ondervoorsitter van die Raad (wat as voorsitter optree), twee eksterne lede van die Raad, twee interne lede van die Raad, die visekanselier en die institusionele registrateur (ex officio-sekretaris). Die uitvoerende direkteur vir mensekapitaal is teenwoordig.

Hierdie Komitee het op 15 Mei en 2 November 2015 vergader.

Transformasietoesigkomitee

Die komitee het 'n toesighoudende rol ten opsigte van die transformasie van die NWU. Transformasie omvat studentegelykheidstransformasie en ook die transformasie van alle aspekte van die kernbesigheid, waaronder die transformasie van kurrikulums, versekering van omgewingsvolhoubaarheid deur transformasie van die kernbesigheidsprosesse en die transformasie van die institusionele kultuur ter bereiking van die strategiese doelstellings van die NWU. Bestuur sal transformasiemikpunte en doelstellings insluit om die transformasieaspekte van die Jaarlikse Prestasieplan te implementeer.



Bestuur sal spesifieke prioriteite identifiseer en dit vir aandag aan die komitee voorlê.

Die komitee bestaan uit drie eksterne en twee interne lede van die Raad, die visekanselier en die institusionele registrateur (ex officio-sekretaris). Die volgende mense is teenwoordig: die uitvoerende direkteur vir mensekapitaal, die rektor van die Mafikengkampus, die rektor van die Potchefstroomkampus, die rektor van die Vaaldriehoekkampus en die hoofstrategiebeampte in die kantoor van die visekanselier.

Die Komitee het op 5 November 2015 vergader.

Studentetoesigkomitee

Oor die algemeen vervul die komitee 'n toesighoudende rol deurdat dit toesig hou en die NWU-raad adviseer oor alle aspekte wat met studenteaangeleenthede by die universiteit verband hou.

Ooreenkomstig artikel 27(3) van die Wet op Hoër Onderwys, Onderwyswitskrif 3 van 1997 en paragraaf 3(3) van die Statuut, skenk die komitee ook aandag aan die studenteondersteunsaangeleenthede.

Die Komitee se verantwoordelikhede is om toesig te hou oor:

- die inskerping van 'n verenigde en geïntegreerde institusionele kultuur oor die NWU se kampusse heen, met aangryping van multikulturalisme en diversiteit en wat optimale integrasie van studenteaktiwiteite moontlik maak



- die ontwikkeling en implementering van 'n toepaslike ontvangs- en oriëntasieprogram wat 'n verwelkomende kultuur op al drie kampusse sal verseker, gegrond op 'n enkele formele oriënteringsprogram wat deur die institusionele bestuur goedgekeur is
- 'n doeltreffende program om enige vorm van inisiasierituele en vernederende praktyke te voorkom en 'n benadering van totale onverdraagsaamheid teenoor enige sodanige praktyke en oortredings wat enige vorm van skending van menseregte uitmaak
- toepaslike moniteringsmeganismes en opvoedkundige programme, soos verpligte menseregteopleiding tydens en ná ontvangs en oriëntering. Die doel is om mense deurlopend bewus te maak van die belangrikheid van die beskerming van menswaardigheid en die bevordering van 'n kultuur van menseregte by die NWU
- 'n doeltreffende en belynde bemarkings-, kommunikasie- en studentesteunprogram wat gemik is op die uitskakeling van enige oënskynde eksklusiwiteit, sonder die verlies van belangrike nismarkte wat tot die volhoubaarheid van NWU-kampusse bydra
- 'n deurlopende normeringsprogram om nasionale en internasionale beste praktyke in studentesake te identifiseer, en dit as inset te gebruik in die rigtinggewende raamwerk van beginsels en beleid vir die bestuur van studentesake by die NWU.

Die komitee bestaan uit vier eksterne en een interne lid van die NWU-raad, die drie voorsitters van die verteenwoordigende kampusstudenterate en die visekanselier en institusionele registrateur (ex officio-sekretaris). Die volgende lede is ampshalwe teenwoordig: die uitvoerende direkteur vir mensekapitaal, die drie kampusrektore, die studentedekaan en een ex officio-lid van die KVS van elk van die drie kampusse.

Hierdie komitee het op 14 Mei en 12 November 2015 vergader.

Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee

Die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee moet die Raad bystaan in die uitvoering van sy toesighoudende verantwoordelikheid vir die proses van finansiële verslagdoening, die stelsel van interne beheer, die risikobestuurproses, die ouditproses, en die proses vir die monitering van voldoening aan wette en regulasies, asook aan die gedragskode.



As 'n Raadskomitee doen hierdie komitee regstreeks aan die Raad verantwoording. Hulle bied 'n kommunikasiekanaal tussen die Raad, bestuur, die interne ouditfunksie en die eksterne ouditeure.

Hulle geniet onbeperkte kommunikasie met die voorsitter van die Raad (wat nie 'n lid van die Ouditkomitee moet wees nie), die visekanselier, die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite, die institusionele registrateur, interne oudit en die eksterne ouditeure.



As 'n Raadskomitee het dit geen besluitnemingsgesag nie, maar het die mag om sekere besluite te neem soos gestipuleer in die Handves van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee (King III 3.8.1).

Die primêre rol van die komitee is om die Raad in die uitvoering van hul verantwoordelikhede behulpsaam te wees om te verseker dat:

- die universiteit se bates beveilig is
- die Raad tevrede is met die kundigheid, hulpbronne en ervaring van die universiteit se finansiële funksie
- toereikende rekeningkundige rekords in stand gehou word
- 'n doeltreffende stelsel van interne beheer ontwikkel en in stand gehou word.

Die komitee voer nie enige bestuursfunksies uit of aanvaar enige bestuursverantwoordelikhede nie, aangesien dit hul

objektiwiteit in die gedrang kan bring. Hulle implementeer en pas die kode van beginsels toe wat in King III oor die rol en pligte van 'n ouditkomitee vervat is.

Die volgende pligte word in die Handves van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee vervat (punt 7):

- Korporatiewe bestuur
- Finansiële state
- Verslagdoening (waaronder geïntegreerde verslagdoening)
- Interne beheer
- Risikobestuur en om te verseker dat 'n gekombineerde gerusstellingsmodel toegepas word
- Nakoming
- Eksterne ouditeure
- Interne audit
- Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee

Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee

Lede	Akademiese kwalifikasies	Ekstern/ Intern	Ampstermyn	Getal vergaderings gehou	Bywoning deur lid
Me M Claassens (tot September 2015)	GR (SA) Geregistreer	Ekstern	2012 - 2015 (2)	1	0
Adv TJ Kruger	LLB, LLM	Ekstern	2014 – 2017 (2)	4	4
Mnr T Plaatjie (tot Junie 2015)	BA	Ekstern	2012 - 2015 (1)	1	0
Mnr Nqaba Nqandela (van Julie 2015)	MBA	Ekstern	2015 - 2018 (1)	3	3
Dr K vd Walt	GR (SA)	Ekstern	2014 – 2017 (1)	4	3
Me H Fourie (tot Junie 2015)	GR (SA) Geregistreer	Ekstern	2012 – 2015 (2)	1	1
Me G Sigasa (van Julie 2015)	GR (SA) Geregistreer	Ekstern	2015 – 2018 (1)	3	3

Die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee het op 4 Junie en 20 Oktober 2015 gewone vergaderings gehou, en op 6 Oktober en 8 Desember 2015 buitengewone vergaderings.

Finansiële Komitee

Die Finansiële Komitee (met sy subkomitees) is direk aan die Raad verantwoordelik vir die uitvoering van sy pligte. Hul primêre rol is om die Raad oor finansiële en beleggingsaangeleenthede en oor die langtermynontwikkeling van infrastruktuur op die verskillende kampusse te adviseer.

In die besonder versterk die komitee die Raad se korporatiewebestuur-funksie ten opsigte van gesonde, verantwoordelike en doeltreffende beleggings, finansiële beplanning, finansiële administrasie, finansiële korporatiewe bestuur en behoorlike finansiële verslagdoening.

Die Finansiële Komitee moet nie enige bestuursfunksies uitvoer of enige bestuursverantwoordelikhede aanvaar nie, aangesien dit hul objektiwiteit in die gedrang kan bring. Die komitee kom hul verpligtinge na deur van die volgende subkomitees gebruik te maak:

- Tenderkomitee
- Beleggingskomitee
- Batekomitee

Die primêre funksies van die komitee is om:

- die opdrag en pligte van die Beleggings-, Bate- en Tender-subkomitees te bepaal
- 'n oorsig van die verslae van die hierdie komitees te doen
- die Raad te adviseer oor die gelde en koste wat deur die universiteit gehou word

- voorstelle te oorweeg om lenings aan te gaan en aanbevelings aan die Raad te doen
- te verstaan hoe bestuur tussentydse finansiële inligting ontwikkel
- die bedryfs- en finansiële prestasie van die universiteit ten opsigte van voorafbepaalde doelstellings en maatstawwe te evalueer
- voor vrystelling 'n oorsig van die jaarverslag en verwante regulerende indienings te doen en die akkuraatheid en volledigheid van die inligting te oorweeg
- voor goedkeuring deur die Raad en voorlegging aan die Departement van Onderwys 'n oorsig van die finansiële implikasies van die Jaarlikse Prestasieplan te doen
- die jaarlikse beleggingslimiete goed te keur
- die prestasie van die geldmarkbestuurder te evalueer
- die begrotingsopstellingprosesse vir beide die normale bedryfsaktiwiteite en vir kapitaaluitgawes te hersien
- die gereelde verslae oor die begrote en werklike syfers tot op datum wat deur die finansiële administrasie voorgelê word te monitor
- 'n oorsig van die jaarlikse en halfjaarlikse finansiële state te doen
- op grond van die voorafgaande aspekte menings te vorm oor die finansiële gesondheid van die instelling as "lopende saak", vir kommunikasie aan die Raad.

Die komitee bestaan uit 'n eksterne lid van die Raad as die voorsitter (wat nie die voorsitter van die Raad mag wees nie), 'n eksterne lid van die Tenderkomitee, 'n eksterne lid van die Batekomitee, 'n eksterne lid van die Beleggingskomitee, die viskanselier en die institusionele registrateur (ex officio). Die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite is teenwoordig.

Die Finansiële Komitee het op 28 Mei en op 29 Oktober 2015 vergader.

Tenderkomitee

Die Raad het aan die komitee die mandaat gegee om tenders vir kontrakte tussen R10 miljoen en R30 miljoen te oorweeg en goed te keur, mits dit binne die begroting is. Vir kontrakte wat R30 miljoen oorskry, sal die komitee die ontvangde tenders evalueer en dan deur die Finansiële Komitee 'n aanbeveling aan die Raad doen. Die opdrag van die Tenderkomitee is op 19 November 2015 goedgekeur. Die Tenderkomitee bestaan uit 'n voorsitter, wat 'n senior/afgetrede vennoot/lid van 'n eksterne ouditeursfirma is, twee eksterne lede van die Raad, die visekanselier en die institusionele registrateur (ex officio-sekretaris).

Die Tenderkomitee het op 4 Mei, 18 Augustus en 2 Desember 2015 vergader.

Beleggingskomitee

Die belangrikste taak van die Beleggingskomitee is om maatreëls in plek te stel sodat die NWU die hoogste moontlike opbrengs op beleggings kan verdien, met toepaslike risikoblootstelling. Hierdie komitee se pligte is om portefeuljbestuurders aan te stel en evaluering te doen van beleggingsbeleid, die beleggingsprestasie van portefeuljbestuurders en die kredietreëlings waarbinne die geldmarkbestuurder kan optree.

Die komitee bestaan uit vier onafhanklike finansiële kundiges, die visekanselier en die institusionele registrateur (ex officio-sekretaris). Die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite is teenwoordig.

Die komitee het op 27 Mei en op 28 Augustus 2015 vergader.

Batekomitee

Die Batekomitee verseker hoofsaaklik die langtermynontwikkeling en instandhouding van die universiteit se infrastruktuur, waaronder optimale gebruik van beskikbare ruimte.

Die verantwoordelikhede van die komitee is om:

- die infrastruktuur-instandhoudingsbeleid en jaarlikse instandhoudingsbegrotings van die kampusse te evalueer en aanbevelings by die Finansiële Komitee te doen vir die Raad se goedkeuring, volgens die infrastruktuur-instandhoudingsprosesse en -prosedures
- te evalueer en te verseker dat die langtermyn-makrobeplanning van infrastruktuur en kapasiteit per kampus in ooreenstemming met die institusionele makroplan is, soos deur die Raad goedgekeur en aan

die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê is. Hulle doen dan aanbevelings by die Finansiële Komitee vir die Raad se goedkeuring, volgens die infrastruktuur-beplanningsprosesse en -prosedures. Dit sluit die evaluering van die beskikbare ruimtes vir toekomstige ontwikkeling van infrastruktuur op al drie kampusse in, wat in ag geneem moet word wanneer eiendom aangekoop en verkoop word

- die jaarlikse prioriteitsbeplanning vir kapitaalprojekte en billike begrotingstoewysings per kampus te evalueer en aanbevelings aan die Finansiële Komitee te doen vir goedkeuring deur die Raad, volgens die infrastruktuur-beplanningsprosesse en -prosedures
- die vorderingsverslae oor die voorgenoemde pligte te evalueer en aanbevelings aan die Finansiële Komitee te doen vir die Raad se goedkeuring, volgens die infrastruktuur-beplanningsprosesse en -prosedures
- enige aanbod vir die verkryging of verkoop van vaste eiendom te evalueer, onderhewig aan algemene beperkings en voorwaardes wat van tyd tot tyd deur die Raad en die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding opgelê word, en aanbevelings aan die Finansiële Komitee te doen vir die Raad se goedkeuring, volgens die prosesse en prosedures te evalueer en aanbevelings aan die Finansiële Komitee te doen vir goedkeuring deur die Raad, volgens die infrastruktuur-beplanningsprosesse en -prosedures



Die Komitee bestaan uit twee eksterne lede van die Raad, die visekanselier en die institusionele registrateur (ex officio-lid). Die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite en die hoofdirekteur vir fisiese infrastruktuur en beplanning is teenwoordig.

Die Batekomitee het op 24 Mei en op 14 Oktober 2015 vergader.

Eretoekenningskomitee

Die Eretoekenningskomitee funksioneer ingevolge die Beleid vir die Toekenning van Eredoktorsgrade en die Beleid vir die Toekenning van 'n Kanseliersmedalje. Die Raad het 'n oorsig gedoen van hierdie beleide en beide op 20 November 2015 hergoedgekeur.

Die komitee bestaan uit die visekanselier, wat die voorsitter van die komitee is, die voorsitter van die Raad, twee lede van die Raad, drie lede van die senaat (aangewys deur die senaat, die institusionele registrateur (ex officio-sekretaris) en, in 'n raadgevende hoedanigheid, die dekane van fakulteite wat nominasies ingedien het.

Die Eretoekenningskomitee het op 17 April 2015 vergader om nominasies vir eredoktorsgrade te oorweeg. Geen nominasies is vir die herfsgradeplegtighede ontvang nie.

bywoning van raads-komiteevergaderings

Die Raad het op 20 en 21 Maart 2015 'n strategiese werkswinkel gehou, en het op 19 Junie, 18 September en 19 en 20 November gewone vergaderings gehou. Vier buitengewone Raadsvergaderings is op 7 Februarie, 31 Julie, 21 Augustus en 19 November 2015 gehou.

Die bywoningsrekord vir die Raad en die komitees daarvan vir 2015 was soos volg:

Komitee	% bywoning 2014	% bywoning 2015
Raad	77%	91%
Uitvoerende Komitee van die Raad (UK)	91%	96%
Finansies	88%	100%
Transformasietoetsig	92%	71%
Studentetoetsig	83%	79%
Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid	78%	82%
Tender	83%	63%
Eretoekenings	100%	100%
Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee	70%	80%
Vergoeding	100%	80%
Bates	58%	83%
Beleggings	73%	69%

Die totale bywoningsyfer van Raads- en Raadskomiteevergaderings vir 2015 was 83%, wat dieselfde as die gemiddelde van 82,75% vir 2014 was.

evaluering van raad en raadskomitees

Die Raad van die NWU het daartoe verbind gebly om die doeltreffendheid van hul korporatiewebestuur- en toesigfunksie te verseker. Dit het die voortsetting ingesluit van die poging wat in 2011 geïnisieer is om die bywoning van Raads- en Raadskomiteevergaderings te verbeter ten einde besluitneming van hoë gehalte te verseker. As gevolg van die uitsonderlike omstandighede wat die NWU in 2015 ervaar het, het die Raad en Raadskomitees 'n aantal spesiale vergaderings gedurende die jaar belê. Hierdie vergaderings is op kort kennisgewing belê, wat 'n negatiewe uitwerking op bywoningsyfers gehad het.

'n Selfevaluering is gedurende die tweede semester van 2015 onderneem. Lede van die Raad en Raadskomitees het 'n gestandaardiseerde selfevalueringsvraelys voltooi om die volgende vier hoofareas te evalueer:

- rol en funksionering van die korporatiewebestuurstruktuur ten opsigte van beleid en beheer
- grootte, samestelling en onafhanklikheid van die struktuur
- leierskap en spanwerk

- doeltreffendheid van vergaderings en werkswinkels.

Elk van die vier areas word geëvalueer om tot 'n algemene slotsom te kom oor die rol en funksionering van die verskillende korporatiewebestuurstrukture wat hul mandate betref.

Vorms vir evaluering van Raadsvergaderings is op 19 en 20 November 2015 uitgedeel, en van die 30 vorms wat uitgedeel is, 18 terugontvang.

By ontleiding van die punte wat deur Raadslede toegeken is, is die Raad geëvalueer dat dit deurlopend goed presteer in al die areas wat geëvalueer is, terwyl sommige punte 'n behoefte aan verbetering in sekere areas uitgewys het. Die Raad se telling was gemiddeld 3,0 op 'n 4-punt skaal (1 = benodig aansienlike verbetering, 4 = uitstekend).

Uit die resultate van hierdie selfevaluering is dit duidelik dat die Raad onafhanklik in hul besluitnemingsproses beskou is en hul korporatiewebestuurrol in verhouding tot die daagliksebestuurrol wat aan die visekanselier toegewys is, duidelik verstaan. Die lyne van verantwoordelikheid tussen die korporatiewebestuurstrukture en bestuur is duidelik afgebaken en daar word duidelik daarby gehou. Daar is 'n samehang en belyning tussen die Raad, die Raadskomitees en bestuur in hul saamwerk met die oog op en bereiking van gedeelde doelwitte. Die selfevaluering het ook bevestig dat die onderskeie strukture doeltreffend funksioneer en daarin slaag om sake op hul vergaderings af te handel.

Areas vir verbetering is die onafhanklikheid van die NWU-raad en sy lede van ander belanghebbers binne en buite die NWU, byvoorbeeld die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, politieke partye, werknemersorganisasies, interne en eksterne drukgroepe en bestuur. Nog 'n area vir verbetering is die Raad se funksionering as 'n samehörige groep en hul interaksie met belanghebbende instansies oor die kriteria vir die aanstelling van lede. Dit is nodig om te verseker dat lede oor die kennis, vaardighede en ervaring beskik om deur hierdie korporatiewebestuurstruktuur tot die doeltreffende funksionering van die universiteit by te dra.

verklaring oor konflik-bestuur

Die NWU gebruik professioneel gekwalifiseerde en ervare individue wat opgelei is as kundiges in bemiddeling, arbitrasie en geskiloplossing en wat, indien nodig, aangestel word om te help met die oplossing van enige geskille tussen partye en die instelling. In 2015 is hierdie dienste in gevalle van konflik of potensiële konflik gekontraakteer.

Die akademiese kalender is verskeie kere in 2015 ontwrig. Die oorsaak van hierdie ontwrigting was, sonder uitsondering, die Nasionale Fees Must Fall-veldtog. Hierdie situasie het gelei tot die uitstel van die jaareindeksamens, wat herskeduleer moes word. Terwyl die eksamens met slegs 'n week op die Potchefstroom- en Vaaldriehoek kampus vertraag is, was daar 'n uitstel van drie weke op die Mafikeng kampus.

verklaring oor werker- en studentedeelname (samewerkende korporatiewe bestuur)

NWU-werknemers word deur twee vakbonde verteenwoordig, naamlik SAPTU en NEHAWU. Die NWU het op

4 Desember 2015 'n hersiene erkenningsooreenkoms met SAPTU onderteken. Die erkenningsooreenkoms tussen die NWU en NEHAWU het op 16 Julie 2015 verval. Samesprekings oor 'n organisatoriese ooreenkoms met NEHAWU het in Augustus 2015 begin en daar word voorsien dat dit in 2016 in werking sal tree. Die rede vir deelname aan 'n organisatoriese ooreenkoms is dat die gebied van kollektiewe bedinging verander het van kampusgebaseerde verteenwoordiging tot verteenwoordiging van die NWU in die geheel.



Werknemers word in verskeie korporatiewebestuur- en bestuursliggame verteenwoordig, waarvan een die Institusionele Bedingingsforum (IBF) is, waaroor daar in die erkenningsooreenkoms met die vakbond SAPTU ooreengekom is. Die organisatoriese ooreenkoms met NEHAWU sal 'n formele struktuur vir oorlegpleging met die vakbond voorsien. Die IBF streef daarna om goeie werkgewer/werknemer-verhoudings te bevorder deur doeltreffende kommunikasie, oorlegpleging en konflikoplossing. Die IBF hanteer ook aangeleenthede soos die lewenskosteaanpassing, sowel as jaarlikse salarisonderhandelings.



Gedurende 2015 het die IBF maandeliks vergader, met bykomende vergaderings tussen Januarie en April om die jaarlikse lewenskosteaanpassing te bespreek.

Ander strukture wat personeeldeelname bevorder, is die werksplekforums op die kampusse en by die Institusionele Kantoor, met hantering van kwessies wat spesifiek op die besondere werksplek betrekking het. Hierdie forums vergader maandeliks en is platforms vir verteenwoordigers van die vakbonde en bestuur.

Verder word werknemers in verskeie statutêre liggame verteenwoordig, soos die Raad, die Institusionele Forum en die Menseregtekomitee.



Studenteverteenwoordigers het setels in 'n aantal statutêre en bestuurskomitees. Verteenwoordigende kampusstudenterate word jaarliks verkies. NWU-werknemers word deur twee vakbonde verteenwoordig, naamlik SAPTU en NEHAWU. Die NWU het op 4 Desember 2015 'n hersiene erkenningsooreenkoms met SAPTU onderteken. Die erkenningsooreenkoms tussen die NWU en NEHAWU het op 16 Julie 2015 verval. Samesprekings oor 'n organisatoriese ooreenkoms met NEHAWU het in Augustus 2015 begin en daar word voorsien dat dit in 2016 in werking sal tree. Die rede vir deelname aan 'n organisatoriese ooreenkoms is dat die gebied van kollektiewe bedinging verander het van kampusgebaseerde verteenwoordiging tot verteenwoordiging van die NWU in die geheel.

Werknemers word in verskeie korporatiewebestuur- en bestuursliggame verteenwoordig, waarvan een die Institusionele Bedingingsforum (IBF) is, waaroor daar in die erkenningsooreenkoms met die vakbond SAPTU

ooreengekom is. Die organisatoriese ooreenkoms met NEHAWU sal 'n formele struktuur vir oorlegpleging met die vakbond voorsien. Die IBF streef daarna om goeie werkgewer/werknemer-verhoudings te bevorder deur doeltreffende kommunikasie, oorlegpleging en konflikoplossing. Die IBF hanteer ook aangeleenthede soos die lewenskosteaanpassing, sowel as jaarlikse salarisonderhandelings.

Gedurende 2015 het die IBF maandeliks vergader, met bykomende vergaderings tussen Januarie en April om die jaarlikse lewenskosteaanpassing te bespreek.

Ander strukture wat personeeldeelname bevorder, is die werksplekforums op die kampusse en by die Institusionele Kantoor, met hantering van kwessies wat spesifiek op die besondere werksplek betrekking het. Hierdie forums hanteer kwessies vergader maandeliks en is platforms vir verteenwoordigers van die vakbonde en bestuur.

Verder word werknemers in verskeie statutêre liggame verteenwoordig, soos die Raad, die Institusionele Forum en die Menseregtekomitee.



Studenteverteenwoordigers het setels in 'n aantal statutêre en bestuurskomitees. Verteenwoordigende kampusstudenterate word jaarliks verkies.

Verteenwoordigers van hierdie kampusstrukture vorm die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR).

Studente is ook in die Institusionele Forum, die Institusionele Koördinerende Gesondheids- en Welstandskomitee, die Studentetoesigkomitee en die Institusionele Komitee oor Studentestudente dienste verteenwoordig.

Die universiteit het erkennings- en/of organisatoriese ooreenkoms met die volgende personeelstrukture op die gespesifiseerde datums onderteken:

- Erkenningsooreenkoms: tussen die NWU en SAPTU op 4 Desember 2015
- Organisatoriese ooreenkoms: tussen die NWU en NEHAWU, sal in 2016 onderteken word.

verklaring oor etiekkode

Die NWU se etiekkode verbind die instelling steeds tot die hoogste standaarde van integriteit, gedrag en etiek in al ons omgang met al ons belanghebbers. In die lig van die nuut goedgekeurde universiteitstrategie sal 'n proses in 2016 gevolg word om die huidige Etiekkode te hersien.

ADV DR TJ KRUGER, SC
VOORSITTER VAN DIE RAAD

Die Raad het hierdie verklaring oor korporatiewe bestuur tydens hul vergadering op 23 Junie 2016 goedgekeur.



ontmoet ons RAADSLEDE

Die NWU-raad bestaan uit mense met kennis en ervaring wat vir die universiteit toepaslik is. Ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys is minstens 60% van die lede van die Raad nie in diens of studente van die NWU nie. Lede van die raadskomitees word deur 'n gedragskode gelei. Ooreenkomstig die NWU-statuut bestaan die Raad uit akademiese en nie-akademiese lede wat binne- sowel as buitebelanghebbersgroepe verteenwoordig, met eksterne lede in die meerderheid. Die voorsitter van die Raad word uit die eksterne lede verkies en het 'n duidelik afsonderlike rol van dié van die visekanselier. Daar word van hom of haar verwag om in die belang van goeie korporatiewe bestuur na die optimale funksionering van die Raad om te sien, terwyl die visekanselier, as hoofuitvoerende en rekenpligtige beampte vir die bestuur en administrasie van die universiteit verantwoordelik bly.

samestelling van die Raad soos op 31 Desember 2015



Voorsitter:
Adv dr TJ Kruger, SC



Ondervoorsitter:
Dr J Tshifularo

Eksterne lede van die Raad: Minister van Hoër Onderwys en Opleiding-aanstellings [Verwysing na Statuut, hoofstuk 2 par 4(1)(g)]



Mnr M Sambatha:
Sertifikaat in Arbeidstudie (Technikon Natal), Sertifikaat vir Munisipale Bestuurders (Durban-Westville); benoem vir 'n driejaartermyn van 2013 tot 2016



Mnr N Nqandela:
Nasionale Diploma in Elektriese Ingenieurswese (Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie), Program in Projekbestuur (Universiteit van Pretoria), Meestersgraad in Sakeadministrasie (Milpark-sakeskool); benoem vir 'n driejaartermyn van 2015 tot 2018



Mnr A Mashilo:
MA (Universiteit Witwatersrand); benoem vir 'n driejaartermyn van 2015 tot 2018



Dr J Tshifularo:
BA en BAHons (Universiteit van Venda), MA (Universiteit van Limpopo), PhD (Universiteit van Venda) en PhD (Universiteit van Limpopo); benoem vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015

Donateurs

[Verwysing na Statuut, hoofstuk 2 par 4(1)(h)]

Mnr F Strydom:

BScHons (Universiteit van die Vrystaat); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017



Mnr S de Bruyn:

BCom (Rekeningkundige Wetenskap), Bluris, LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); benoem vir 'n driejaartermyn van 2015 tot 2018



Mnr K Venter:

BPharmHons in Farmakologie, MBA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017



Ds W Vogel:

BA en ThB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017



Lede aangewys deur die gemeenskap

[Verwysing na Statuut, hoofstuk 2 par 4(1)(j)]

Eerw SA Musa:

BA Teologie (Universiteit van Zululand), BAHons (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); heraangestel vir 'n driejaartermyn van 2013 tot 2016



Mnr TC Kgomo:

BCom (University of North West); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017



Mnr I Klynsmith:

Blur et Comm en LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Diploma in Menseregte (Universiteit van Johannesburg); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2014 tot 2017



Dr SJ van der Walt:

BA, ThB, ThM en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017



Lede aangewys deur die Konvokasie

[Verwysing na Statuut, hoofstuk 2 par 4(1)(i)]

Adv dr TJ Kruger, SC:
BJur et Artium, LLB en
LLD (Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys); benoem
vir 'n driejaartermyn, van
2014 tot 2017



Prof AL Combrink-Loots:
BA, BAHons in Engels,
MA in Engels, DLitt in
Engels (Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys) en
Hoërondewysdiploma
(UNISA); benoem vir 'n
driejaartermyn van
2015 tot 2018.



Adv TJ Kruger:
LLB, LLM in Publiekreg
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys);
herbenoem vir 'n
driejaartermyn van
2014 tot 2017



Mnr PJW Buys:
BA Kommunikasie-
wetenskap
(Potchefstroomse
Universiteit vir
Christelike Hoër
Onderwys) en BAHons
in Arbeidsverhoudinge
(Randse Afrikaanse
Universiteit); benoem vir 'n
driejaartermyn van
2015 tot 2018



Lede met spesiale kundigheid

[Verwysing na Statuut, hoofstuk 2 par 4(1)(k)]

Dr B Tyobeka:
BScEd en MSc in
Toegepaste Bestralings-
wetenskap en -tegnologie
(University of North
West), MSc en PhD in
Kerningenieurswese (Penn
State University, VSA);
MSc in Bestuur (Colorado
Technical University, VSA);
LLM in Vergelykende en
Internasionale Kernreg
en -beleid (University of
Dundee, Scotland, UK);
benoem vir 'n driejaar-
termyn van 2014 tot 2017



Vakant



**Interne lede
Bestuurslede**

[Verwysing na Statuut, hoofstuk 2 par 4(1)(a)]

Prof ND Kgwadi (visekanselier):
BSc (Ed) (University of North West), MSc (Fisika) (Ball State University, VSA), MPhil (Omgewingsreg en Bestuur) (Universiteit van die Noorde), PhD (Fisikaonderrig) (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), PhD (Bestuur – honoris causa) (Hanseu University, South Korea); benoem vir 'n sesjaartermyn van 2014 tot 2020



Prof HD van Schalkwyk (adjunkhoof en Potchefstroomse Kampusrektor):
BCom, BComHons, MCom en PhD in Landbou-ekonomie (Universiteit van Pretoria); benoem vir 'n sesjaartermyn van 2010 tot 2016

Senaatslede

[Verwysing na Statuut, hoofstuk 2 par 4(1)(c)]



Prof AM de Lange:
BA, BAHons (Engels) (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MA in Engels (UNISA), BAHons (Literêre Teorie) (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys) PhD in Engels (Rhodes-universiteit); benoem vir 'n driejaartermyn van 2015 tot 2018



Prof I Mekoa:
BTh (Universiteit van Natal), MA (Universiteit van Natal), PhD (Universiteit van die Noorde); benoem vir 'n driejaartermyn van 2015 tot 2018



Prof LB Mzini:
BA, BAHons (Vista Universiteit), Nagraadse Onderwysertifikaat (UNISA), MA en PhD in Ontwikkeling en Bestuur (Noordwes-Universiteit); verkies vir 'n driejaartermyn van 2013 tot 2016



Prof H van der Merwe:
BSc, BSc (Hons) en MSc (Universiteit van Pretoria), MEd (Randse Afrikaanse Universiteit), PhD (UNISA), Hoërondwysdiploma (Universiteit van Pretoria); verkies vir 'n driejaartermyn van 2015 tot 2018

Lede wat ander akademiese personeel verteenwoordig

[Verwysing na Statuut, hoofstuk 2 par 4(1)(d)]

Prof AL Stander:
Bluris, LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), LLM (UNISA), LLD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangewys vir 'n driejaartermyn van 2015 tot 2018



Me H Coetzee:
BBK-graad in Bedyfskommunikasie, Hoërondwysdiploma, MA in Kommunikasiekunde, BAHons in Sielkunde, MA in Kliniese Sielkunde (Potchefstroomkampus, NWU); aangewys vir 'n driejaartermyn van 2015 tot 2018

Lede wat nie-akademiese personeel verteenwoordig

[Verwysing na Statuut, hoofstuk 2 par 4(1)(e)]

Me E Esterhuizen:
MEd (Tshwane Universiteit van Tegnologie); verkies vir 'n driejaartermyn van 2013 tot 2016



Mnr FJ du Preez:
BA in Politieke Wetenskap en Internasionale Politiek (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys) en BAHons in Politieke Wetenskap (UNISA); benoem vir 'n driejaartermyn van 2015 tot 2018

Verteenwoordigers van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)
[Verwysing na Statuut, hoofstuk 2 par 4(1)(f)]

Lede dien in die Raad vir 'n tydperk soos bepaal deur die IVSR. Die volgende IVSR-lede het tot Oktober 2015 ampte beklee:



Me M van Schalkwyk:
MEd Natuurwetenskappe
(Potchefstroomkampus,
NWU)



Mnr B Mokoena:
BA Maatskaplike Werk
(Vaaldriehoek-kampus,
NWU)

Die volgende IVSR-lede het van Oktober 2015 af ampte beklee:



Mnr LX Mabengwane:
LLB, LLM (tans)
(Mafikengkampus, NWU)



Mnr S Madibo:
BA met regsvalke,
BEd in Senior en
Verdere Onderwys,
Verdere Onderwys-
en Opleidingfase
(Vaaldriehoek-kampus,
NWU)

Sekretaris van die Raad



Prof M Verhoef:
Hoëronderwysdiploma,
Hoër Diploma in
Biblioteekwese,
BAHons, MA en PhD
in Sosiolinguistiek
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys)

10

belangegroepes
verteenwoordig in die
Institusionele Forum

65%

bywoning van
Senaatsvergaderings

R64,2
miljoen van
Nasionale
Navorsing-
stigting

R39,7 miljoen
van THRIP



86,1%

voorgaadse
sukseskoers

81%

nagraadse
sukseskoers

45

dosente ontvang
toekennings vir
uitnemende onderrig

1 127,48


artikelekwivalente
in 2014

verslag van die INSTITUSIONELE FORUM

Dr Karabo Mabe




Basies is die rol van die Institusionele Forum om die NWU-raad te adviseer oor die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en nasionale hoëronderrigbeleid, om te help met die ontwikkeling van 'n institusionele kultuur van verdraagsaamheid en respek vir menseregte, en om te help om 'n omgewing te bevorder waar doeltreffende onderrig-leer en navorsing kan floreer.


Spesifieke aangeleenthede waarvoor die forum die Raad adviseer, is aanstellings van senior bestuur, beleid oor ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, bestuur van kulturele diversiteit, en beleid oor bemiddeling en prosedures vir geskilplossing. 

Deur die Institusionele Forum het die universiteit ook 'n nasionale impak. Tydens 'n vergadering in Maart 2015 van die voorsitters van institusionele forums in Suid-Afrika, is 'n werkgroep gestig om die taak van ondersteuning van institusionele forums in die uitvoering van hul statutêre verantwoordelikhede te stuur. Dr LK Mabe is deur Minister Blade Nzimande, Minister van Hoër Onderwys en Opleiding in hierdie werkgroep aangestel, saam met twee ander voorsitters van institusionele forums. 


advies aan die Raad

As deel van die hersiening van beleid, is die Menseregtebeleid en die Procedurehandleiding: Menseregtekomitee bespreek en terugvoer daarvoor voorsien. 'n Verslag van die Menseregtekomitee van die NWU is ook aan die Institusionele Forum voorgelê en studente-leiers het bevestig dat menseregte as belangrik beskou word. 

Die Institusionele Forum is gevra om die visekanselier oor die aanstelbaarheid van die kandidate op die kortlys vir die pos van uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite te adviseer. Daar is besluit om aan te beveel dat al vier kandidate geskik is om aangestel te word. Me E de Beer is in hierdie posisie aangestel.

Die institusionele registrator het die Institusionele Forum genooi om advies te gee oor die aanstelbaarheid van die kandidate op die kortlys vir die pos van rektor van die Vaaldriehoek-kampus. Die IF-voorsitter is ingesluit in die soekpaneel wat verantwoordelik is vir die opstel van 'n kortlys van kandidate vir hierdie pos. Ná 'n stemproses deur geheime stemming is al die kandidate op die kortlys vir hierdie pos as aanstelbaar bevestig. Prof L du Plessis is van 1 Januarie 2016 as waarnemende kampusrektor aangestel. 

Die Institusionele Forum het gedurende hul Mei- en Novembervergadering die transformasieverlae van die

kampusse oorweeg. Die visekanselier en sy gedelegeerde het twee voorleggings oor die NWU se strategieproses aan die Raad gedoen, en IF-lede het die geleentheid gehad om vrae te vra en menings te gee. Die aanbiedings het voorstelle oor verskeie voorgestelde bestuurstrukture vir die NWU ingesluit. 

samestelling

Ingevolge die NWU se statuut (par 24(2)) is 'n uitvoerende komitee op die eerste vergadering van 19 Februarie 2015 verkies. Dit bestaan uit die volgende drie lede: dr LK Mabe (voorsitter), adv dr AA le Roux (adjunkvoorsitter) en mnr N Mongale (sekretaris).

Volgens die NWU-statuut mag die Institusionele Forum tot 29 lede hê wat 'n breë verskeidenheid belanghebbersgroepe verteenwoordig. Die volgende tabel lys hierdie belanghebbersgroepe, tesame met hul verteenwoordigers soos in Desember 2015 en vroeër in 2015.

Die bestuur van die Potchefstroom-kampus het uitstel gevra om 'n verteenwoordiger van die Institusionele Senaat aan te wys. Die erkenningsooreenkoms tussen die NWU en NEHAWU het te einde geloop, wat twee vakatures gelaat het. Hierdie vakatures sal so gou moontlik gevul word sodra die universiteit 'n erkenningsooreenkoms met 'n tweede vakbond sluit.

Belanghebbersgemeenskap	Lede: Desember 2015	Belanghebber- subgemeenskappe	Vroeër in 2015
Raad	Eerw SA Musa	NWU	
Institusionele Bestuur	Prof M Davhana-Maselesele	NWU	Prof T Mariba
Senaat	Me M Molohe	Mafikengkampus	Dr LK Mabe
	Vakant	Potchefstroomkampus	Prof A Duvenhage
	Prof WCJ Grobler	Vaaldriehoekkampus	Me CT Mosabala
Akademiese personeel	Prof ME Palamuleni	Mafikengkampus	
	Mnr GP van Rheede van Oudtshoorn	Potchefstroomkampus	
	Dr E Diedericks	Vaaldriehoekkampus	
Erkende vakbond	Mnr PJM van Niekerk	SAPTU	
	Me O Murray	SAPTU	
	Vakant	Erkenning van NEHAWU het geëindig	Prof T Ngwenya
	Vakant	Erkenning van NEHAWU het geëindig	Mnr AM Molefi
Ondersteuningspersoneel	Mnr L Kruger	NWU	Mnr W Coetzee
	Mnr MM Pule	NWU	
	Dr AA le Roux	NWU	
Verteenwoordigende kampusstudenterrade (VKSR'e)	Mnr XL Mabengwane	Mafikeng KVSR	Mnr T Kgobane
	Mnr M Mabale	Mafikeng KVSR	Mnr B Mogohu
	Mnr RC Meyer	Potchefstroom KVSR	
	Mnr JJ Hugo	Potchefstroom KVSR	
	Mnr S Madibo	Vaaldriehoek KVSR	
	Mnr T Mokgatlha	Vaaldriehoek KVSR	
Burgerlike gemeenskap	Me Louw-Khumalo	Institusionele Kantoor	Nie voorheen gevul nie
	Mnr T Kgomo	Mafikengkampus	
	Mnr R van Heerden	Potchefstroomkampus	Adv M Kruger
	Vader PD Dinkebogile	Vaaldriehoekkampus	
NWU-konvokasie	Mnr N Mongale	NWU	
	Mnr A Sorgdrager	NWU	Me H Coetzee
Spesiale kundigheid	Dr LK Mabe	Roterende institusionele studentedekaan	
	Mnr A Scheppel	Menseregtekommissie: NWU	

vergaderingdatums

Gedurende 2015 het die Institusionele Forum op 19 Februarie, 21 Mei, 13 Augustus, 22 Oktober en 9 November vergader.



DR LK MABE
VOORSITTER: INSTITUSIONELE FORUM


verslag van die SENAAT

Prof Dan Kgwadi



Die NWU-statuut bepaal dat die Senaat van die NWU verantwoordelik is vir die regulering van alle onderrig-leer, navorsing en akademiese ondersteuningsfunksies, asook vir die bepaling van beleid en reëls met betrekking tot akademiese aangeleenthede.

In ooreenstemming hiermee het die Senaat sy mandaat in 2015 nagekom deur aktiewe ondersteuning aan die kernbesigheid van die NWU te verleen. Dit is gedoen deur te verseker dat die universiteit se akademiese strukture, beleid en personeel in die gewenste rigting beweeg om studentesukseskoerse en die gehalte van onderrig en leer te verbeter. 

Verder het die Senaat die Raad geadviseer oor twee senior aanstellings wat gedoen moes word ooreenkomstig die bepalings van die Statuut, naamlik dié van die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite, en 'n vakature wat bestaan het in verband met die kampusrektorspos vir die Vaaldriehoekskampus, wat uiteindelik ooreenkomstig 'n raadsbesluit nie gevul is nie. 

'n Ad hoc-Senaatskomitee is aangestel om die Senaat te adviseer oor die NWU se nuwe strategie (2015–2025) en oor die verpligte advies wat die Senaat aan die Raad moet gee met betrekking tot die totstandbrenging en hersamestelling van fakulteite as gevolg van die omvattende strategiehersieningsproses, asook om administratiewe en akademiese samehang, doeltreffendheid en volhoubare gehalte te verseker. Heelwat energie is aan hierdie proses gewy en het ook vier buitengewone vergaderings tot gevolg gehad wat gedurende die jaar op 11 Mei, 11 Junie, 4 Augustus en 10 November gehou is.

Vier gewone vergaderings is op 11 Maart, 27 Mei, 2 September en 21 Oktober gehou. Die gemiddelde bywoning van Senaatsvergaderings was 65%.


samestelling van die senaat

Ooreenkomstig afdeling 12(1) van die Statuut bestaan die lidmaatskap van die Senaat uit:

- Die visekanselier (voorsitter)
- Die adjunkhoof
- Die adjunk-visekanselier vir onderrig-leer
- Die adjunk-visekanselier vir navorsing, innovasie en tegnologie
- Die uitvoerende direkteur vir mensekapitaal
- Die institusionele dekaan vir studentesake
- Die kampusrektore
- Die institusionele registrateur
- Die dekane van alle fakulteite
- Akademiese personeel wat deur akademiese personeel in die fakulteite verkies is (altesaam 33 lede)
- Nie-akademiese personeel wat deur nie-akademiese personeel verkies is (altesaam twee)

- Studente aangewys deur die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) (altesaam vier)
- Die voorsitter van die Raad of 'n gedelegeerde en een ander Raadslid verkies deur die Raad
- Persone verantwoordelik vir navorsing, akademiese ondersteuning, biblioteek- en inligtingsdienste
- Akademiese personelede wat deur die Senaat op advies van die vaste komitees van die Senaat gekoopteer is, met spesiale inagneming van ras en geslag (altesaam agt).

Verskillende verkiesingsprosesse het gedurende 2015 plaasgevind om die vakatures in die Senaat te vul, asook om die Senaat se aangewese lede in die Raad en die Institusionele Forum in ooreenstemming met die NWU-statuut te verkies.

Vaste komitees van die Senaat en taakspanne het aandag geskenk aan spesifieke take soos die hersiening en ontwikkeling van nuwe akademiese reëls en beleid, institusionele navorsings- en innovasieaktiwiteite, hersiening van toelatingsvereistes en die belyning van akademiese programme en navorsing. 

Die volgende vaste komitees van die Senaat, wie se onderskeie opdragte in die loop van die jaar beduidend hersien en deur die Senaat goedgekeur is, was gedurende 2015 werksaam:

- Uitvoerende Komitee van die Senaat
- 'n Kampussenaatskomitee per kampus
- Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (met die volgende subkomitees: Institusionele Navorsingsteunkommissie, Institusionele Komitee vir Regulering van Navorsingsetiek, Komitee vir Gevorderde Grade, Komitee vir die Klassifikasie van Proefskrifte en Verhandelings)
- Institusionele Komitee vir Onderrig en Leer
- Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard

- Institusionele Komitee vir Toelatingsvereistes
- Vaste Komitee vir Akademiese Geletterdheid
- Vaste Komitee vir Filosofiese Begronding
- Appèlkomitee

veranderinge in akademiese strukture

Vir 2015 het die akademiese strukture in die geheel (15 fakulteite versprei oor die drie kampusse) onveranderd gebly. Die volgende aanbevelings is deur die Senaat gemaak oor die hersamestelling van die NWU se navorsingsentiteite en skole, vir goedkeuring deur die Raad:

- Die status van die navorsingsnisarea in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus, Handel en Ontwikkeling ("TRADE"), is opgegradeer tot 'n navorsingsfokusarea
- In dieselfde fakulteit is die status van die navorsingsfokusarea Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing ("TREES") opgegradeer tot 'n navorsingseenheid
- Die status van die navorsingsfokusarea in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus, Hipertensie in Afrika-navorsingspan ("HART") is opgegradeer tot 'n navorsingseenheid
- Die naam van die navorsingsnisarea in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus, Voedselsekerheid en -veiligheid in die Noordwesprovinsie, is verander na Voedselsekerheid en -veiligheid
- Die naam van die navorsingseenheid in die Fakulteit Ingenieurswese, Potchefstroomkampus, Eenheid vir Energiestelsels, is verander na Eenheid vir Energie- en Tegnologiesestelsels
- Die Departement Verpleegkunde op die Mafikengkampus is opgegradeer tot 'n Skool vir Verpleegkunde
- Die besigheidskole op die Potchefstroom- en Mafikengkampus is saamgevoeg sonder om akademiese integriteit in te boet, soos vereis deur die Raad op Hoër Onderwys (RHO). Hierdie geïntegreerde en verenigde benadering het 'n samewerkende aanwending van die bestaande personeelkomplement by albei skole op alle afleweringspunte verseker.

beduidende ontwikkelings en prestasies in onderrig en leer

Uitsette gelewer

Die onderrig-leeruitsette is ingesluit in ons prestasie-beoordelingsverslag op p77.

Beperkings op toegang tot bepaalde kursusse

Afgesien van formele toelatingsvereistes word beperkings op inskrywingsgetalle gerig deur die universiteit se inskrywingsplan soos goedgekeur deur die DHOO, asook die beskikbaarheid van fisiese infrastruktuur en personeelkapasiteit.

Elke kampus ontwikkel 'n inskrywingsteiken vir eerstejaarstudente wat die universiteit in staat sal stel om 'n inskrywingsprofiel te handhaaf wat in ooreenstemming is met die beplande grootte, vorm en hulpbronnkapasiteit daarvan.

Die NWU het verskillende strategieë om toegang tot bepaalde kursusse te verbreed deur middel van verlengde programme en die Universiteitsvoorbereidingsprogram

("UnivPrep"). Altesaam 43 verlengde programme word in die Fakulteite Landbou, Wetenskap en Tegnologie, en Handel en Administrasie op die Mafikengkampus, en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoekskampus aangebied.

Gedurende 2015 was daar 2 958 studente in grondslagprogramme, met 983 wat nuweling was.

Die UnivPrep-program het in 2015 'n inname van 210 studente gehad, waarvan 128 studente in die Voorbereidende BCom-program, 58 in die BA-program vir Ontwikkelingstudies en 28 in die BTh-program ingeskryf was. Altesaam 47 studente wat die program in 2014 voltooi het, is vir voltydse graadstudie aan die NWU in 2015 aanvaar.

Vlakke van akademiese vordering in verskillende dissiplines en studievlakke

Die algehele sukseskoers vir 2015 was 83,9%, wat vergelykbaar is met die algehele sukseskoers van 85,4% gedurende 2014 in die goedgekeurde inskrywingsplan. Die voorgraadse (vg) sukseskoers was 86,1% (86,1% in 2014), en was 81% op nagraadse (ng) vlak (81% in 2014).

Vir die kontakmodus was die algehele sukseskoers 85,1% (vg 86,2%, ng 77,8%), vergeleke met 85,86% gedurende 2014 (met vg 86,2% en ng 84%), en vir die afstandmodus was dit 81,1% (vg 82,4%, ng 72,1%) vergeleke met 84,3% gedurende 2014 (vg 86%, ng 71,1%).

Die algehele sukseskoerse vir die belangrikste studieveld vir 2015 was soos volg:

- Besigheid en bestuur – 84,5% (84,5% in 2014)
- WIT – 84% (85,7% in 2014)
- Onderwys – 82,9% (85,7% in 2014)
- Ander geesteswetenskappe – 84,4% (85,4% in 2014)

Ten opsigte van ras was die algehele sukseskoerse vir 2015 soos volg:

- Afrikaan – 81,2%
- Kleurling – 83,9%
- Indiër – 85,2%
- Wit – 88,5%

Die voltooiingskoers in die minimum tyd vir eerste grade was 43%, met 'n voltooiingskoers van 66% in die minimum tyd plus twee jaar.

Hoewel hierdie statistiek gunstig vergelyk met nasionale neigings, het die studie ook beduidende verskille in die voltooiingskoerse vir swart en wit studente in eerste grade aan die lig gebring. Daar is byvoorbeeld 'n 15%-verskil in die voltooiingskoers in die minimum tyd in eerste driejaargrade en 'n 8%-verskil vir eerste vierjaargrade.


Die toegangs-, retensie- en suksesstrategie wat tans ontwikkel word, sal aandag skenk aan strategieë om hoërisikostudente of studente wat ondersteuning nodig het te ondersteun, sodat verskille in voltooiingskoerse tussen studente van verskillende rasse-groepe oor tyd verminder kan word.


toekennings en prestasies


Altesaam 45 dosente het Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) tydens die jaarlikse toekenningsremonie op 17 April 2015 ontvang. Dit verteenwoordig sowat 4,5% van die permanent aangestelde dosente.


Veertien personelede het die Toekenning vir Ontluikende Onderriguitnemendheid ontvang, 27 die Toekenning

vir Onderriguitnemendheid, en twee die Toekenning vir Uitsonderlike Onderriguitnemendheid. Die ontvangers van die Toekenning vir Uitsonderlike Onderriguitnemendheid was mnr C Schabot van die Skool vir Chemiese en Mineraalingenieurswese in die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus, en me C Grobler van die Skool vir Tale in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, ook op die Potchefstroomkampus.

By die jaarlikse konferensie van die Vereniging vir Hoëronderriguitnemendheid en -leer van Suid-Afrika (HELTASA) het dr Ansie Fouché van die Skool vir Gedragwetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus 'n eervolle vermelding ontvang vir haar bydrae tot onderrig en leer in hoër onderrig in Suid-Afrika. Hierdie toekenning was een van vyf Nasionale Toekennings vir Onderriguitnemendheid en ses Nasionale Eervolle Vermeldings vir Onderrig wat deur HELTASA gemaak is. 

'n Besondere prestasie vir die NWU-loopbaansentrum was die erkenning daarvan as die tweedebeste loopbaandiens in die 2015-werkgewer-norm-opname wat deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Werkgewers van Gegradeerde (South African Graduate Employer Association – SAGEA) uitgevoer is, terwyl dieselfde opname die NWU-loopbaanuitstallings as die derdebeste in die land geplaas het. Die Loopbaansentrum is ook deur Universum eerste geplaas vir die mees aktiewe opnamebetrokkenheid deur studente op die kampus in Universum se 2014-studenteopname. Dit was 'n opname oor studente se loopbaanverwagtinge en voorkeure, asook hul ervaring van hul universiteit en sy loopbaandienste. 

Die NWU het 'n 100%-slaagsyfer ontvang in die Aanvanklike Bevoegdheidstoets (Initial Test of Competence – ITC) van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geotrooieerde Rekenmeesters. Hoewel sommige ander universiteite ook 'n 100%-slaagsyfer behaal het, het die NWU verreweg die grootste getal kandidate gehad, naamlik 96. 

Twee NWU-akademië, prof Jan Smit, bestuurder van die Wetenskapsentrum op die Potchefstroomkampus, en prof Alta Schutte, direkteur van die Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART), is deur die World Academy of Sciences for the Developing World (TWAS) vereer vir hul bydrae tot die ontwikkeling van wetenskaplik-opvoedkundige leer materiaal en die opleiding van nagraadse studente. Prof Schutte het erkenning ontvang as uitstaande jong wetenskaplike in sub-Sahara-Afrika vir haar opleiding, mentorskap en ontwikkeling van nagraadse studente in verskillende dissiplines om die gesondheidsuitdagings wat Afrika in die gesig staar die hoof te bied. 

beduidende ontwikkelings op navorsingsgebied


Toekennings en prestasies

Tydens die jaarlikse navorsingtoekenningsdinee op 30 Oktober 2015 het die universiteit die prestasies van sy toppresterende navorsers erken. Die volgende toekennings is gemaak:

- Die Visekanseliersmedalje vir uitmuntende prestasie in 'n meestersgraadstudie:
 - Me E Myburgh in Handel
 - Me R Peach in Natuurwetenskappe
 - Me CM Piotrowska in Geesteswetenskappe
 - Me A van den Berg in Regte
 - Mnr GJC Venter in Ingenieurswese
- Die S2A3-medalje vir die beste meestersgraadstudent in Natuurwetenskappe is aan mnr EC Netherlands toegeken.

- 35 navorsers is gelukkig met die ontvangs van 'n nuwe NNS-gradering of is hergradeer.
- Me A Olivier het erkenning ontvang vir haar kreatiewe uitsette.
- Vier groepe het erkenning vir hul verbintenis tot gemeenskapsbetrokkenheid ontvang.
- Vier groepe het erkenning vir hul bydraes tot innovasie in navorsing ontvang.
- Twee personelelede het erkenning vir uitsonderlike leierskap en bydraes tot internasionale organisasies ontvang.
- Erkenning is aan die mees produktiewe junior en senior navorsers en die mees produktiewe navorsingsentiteit verleen.

Navorsingsbefondsing

Die NWU tree as gasheer op vir 'n aantal navorsingsentiteite wat finansiële deur die DWT en dti ondersteun word, het verskeie navorsingsleerstoele wat deur die NNS en die nywerheid befonds word en is een van die suksesvolste deelnemers aan die dti se THRIP-program. Die NNS, MNR en DWT het verskeie toekennings vir personeel- en navorsingsontwikkeling beskikbaar gestel. 

Die onderstaande tabel verteenwoordig die totale bedrae vir alle NNS-verwante toekennings en steun (uitgesonderd THRIP) wat in 2015 behaal is:


Vrystaande beurse	R 16 384 711.00	R 16 309 215.00
Bloktoekennings-beurse	R 3 820 000.00	R 4 010 000.00
NNS-Postdoktorale toekennings	R 3 845 107.00	R 3 432 950.85
Leerstoele	R 9 770 515.07	R 10 868 053.14
Navorsingstoekennings	R 27 725 937.75	R 26 663 948.98
TOTAAL	R 61 546 270.82	R 64 244 167.97

In die THRIP-program is in die volgende bedrae toegeken:

Jaar	Toegeken (R)	Aangesuiwer (R)	Beskikbaar gestel (R)
2014	17 197 378	22 928 536	40 125 914
2015	18 767 320	20 943 737	39 711 057

Ander befondsing

Die Tegnologieoordrag- en Innovasiesteunkantoor het gebruik gemaak van 'n wye reeks befondsingsgeleenthede – plaaslik en internasionaal – vir navorsing en kommersialisering.

In 2015 het die kantoor R80,6 miljoen aan toekennings- en projekbefondsing ingebring, en wel soos volg: 

- DWT-toekennings vir hoogstegehalte-infrastruktuur ter waarde van R11,1 miljoen: Twee infrastruktuurtoekennings is ontvang (R9,9 miljoen vir die Ontwikkelingsplatform vir Prekliniese Geneesmiddels en R1,2 miljoen vir HYSA)
- TIA-saadbefondsingstoekennings van R3,575 miljoen vir agt projekte
- R7,2 miljoen se THRIP-befondsing vir Feroïednavorsing en -ontwikkeling (R3,6 miljoen was van THRIP en R3,6 miljoen van die nywerheid)

- R7,814 miljoen van die DWT om te begin met 'n nuwe multidisiplinêre navorsingsprojek in gevorderde vervaardiging aan die NWU in samewerking met die Vaal-Universiteit van Tegnologie
- R200 000 van TIA vir die NWU se deelname aan die TIA-entrepreneurskapsprogram
- R700 000 vir agt personeellede se deelname aan die TIA-keurings van Topentrepreneurs-/ innoveerders
- 'n Toekenning van R1,5 miljoen van NIPMO (Nasionale Kantoor vir Bestuur van Intellektuele Eiendom) se Tegnologieoordragkantoor, Mensekapitaalontwikkeling
- R1,9 miljoen van die NIPMO/DWT-IE-fonds (word verwag, gegrond op voorlegging en vorige prestasierekord)
- R125 000 vir 'n Innovation Bridge-toekenning om die NWU se intellektuele eiendom te bemark
- R55 000 vir 'n AUTM-ontwikkelingsbeurs
- R24 miljoen vir die ontwikkeling van ondergrondse HYSAMynboutoerusting
- R605 589 aan inkomste uit intellektuele eiendom en produkverkope (JTD)
- R16 miljoen aan IE-verwante inkomste en N&O-terugbetalings
- R1,9 miljoen vir Idea 2 Product Lab-ontwikkeling
- Ongeveer R656 640 se konsultasie-inkomste van die Vaal-Universiteit van Tegnologie.

Uitsette gelewer

Die navorsingsleeruitsette is ingesluit in ons prestasie-beoordelingsverslag op p78.

samestelling en grootte van die studentekorps

Vir inligting oor die NWU se studentekorps, raadpleeg p130 in die afdeling oor ons mensekapitaal, onder die opskrif Ontmoet ons studente.

toegang tot finansiële hulp

Die finansiëlehulpkantore op die drie kampusse van die NWU het R700 845 147 se beursgeld gedurende 2015 geadminestreer. Hierdie totaal verteenwoordig 24 528 transaksies. Staatsbefondsing wat deur NSFAS geadminestreer is, was R318 536 104 of 45,50% van die befondsing. Die universiteit het uit ons eie hulpbronne R186 152 908 of 27% van die befondsing bygedra.



Die klein verhoging in NSFAS-befondsing vir 2015 teenoor die styging in klasgelde en die getal aansoeke wat ontvang is, het druk geplaas op die beskikbare fondse en die getal studente wat in 2015 bygestaan kon word. Die DHOO het in 2015 hulp vir studente met historiese skuld aangekondig en die NWU het voordeel daaruit getrek met eise ten bedrae van R36 miljoen. Die fondse sal eers in 2016 ontvang word.



Die NWU is baie afhanklik van NSFAS-befondsing en ons het 'n goeie samewerkingsverhouding met NSFAS. Die finansiëlehulpkantore werk voortdurend nou met ander belanghebbers saam om meer beursgeleenthede te werf ten einde die druk op NSFAS en eie hulpbronne te verlig.



PROF ND KGWADI
VOORSITTER VAN DIE SENAAT



inhoud

- 64 ontmoet ons institusionele bestuur
- 65 ons jaarlikse prestasieplan
- 66 verslag oor transformasie
- 72 prestasiebeoordelingsverslag
- 86 verslag van die visekanselier oor bestuur en administrasie

hoe ons die NWU **bestuur**

ontmoet ons institusionele bestuur

Die institusionele bestuur is as uitvoerende arm van die NWU verantwoordelik vir die implementering van die strategieë, planne, begrotings, beleide en reëls wat deur die Raad goedgekeur word.

Prof Dan Kgwadi, die visekanselier, is die NWU se hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte en doen aan die NWU-raad verantwoording vir die instansie se oorkoepelende prestasie.



Visekanselier
Prof Dan Kgwadi



NWU-adjunkhoof en rektor van die
Potchefstroomkampus
Prof Herman van Schalkwyk



Adjunk-visekanselier vir
onderrig-leer
Prof Martin Oosthuizen



Adjunk-visekanselier vir navorsing,
innovasie en tegnologie
Prof Frikkie van Niekerk



Institusionele registrateur
Prof Marlene Verhoef



Uitvoerende direkteur vir finansies
en fasiliteite
Me Elmarie de Beer



Uitvoerende direkteur vir mensekapitaal
Mnr Victor Mothobi



Waarnemende uitvoerende direkteur
vir mensekapitaal
Me Ria Nel
(Van 13 Julie 2015)



Uitvoerende direkteur vir
institusionele bevordering
Me Phumzile Mmope



Rektor van die Mafikengkampus
Prof Mashudu Davhana-Maselesele



Rektor van die Vaaldriehoekkampus
Prof Thanyani Mariba



Waarnemende rektor van die
Vaaldriehoekkampus
Prof Linda du Plessis
(Van 1 September 2015)

jaarlikse prestasieplan

Ons Jaarlikse Prestasieplan vorm die ruggraat van ons beplanning, insluitende ons doelwitte en doelstellings, vir alle vlakke van bedrywigheid by die universiteit.

Missie-element 1	Ons doelwitte
<p>Dryf transformasie as geïntegreerde, dringende, regverdige en goed bestuurde proses van fundamentele en volhoubare verandering om institusionele ongelykhede en die behoeftes van die land en al sy mense aan te spreek.</p> <p>Die NWU doen dit deur die bemagtiging van mense deur gehalteonderrig, wêreldklasnavorsing en die betekenisvolle implementering van sy kundigheid.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Plaas van transformasie in die hoofstroom • Toegang • Belyning • Diversiteit • Gelykheid • Verhoogde eenheid • Kwaliteit • Regstelling • Hulpbrontoedeling • Studente-ervaring • Sukses
Missie-element 2	Ons doelwitte
<p>Om deur middel van innoverende onderrig en leer van gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink en in staat is om die land en sy mense, die vasteland en die wêreld te dien.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeter steeds die kwaliteit van onderrig-leer. • Gebruik die inskrywingsplan wat in 2013 ontwikkel is as 'n stuurmeganisme om akademiese beplanning te hanteer. • Onderneem 'n proses van kurrikulumtransformasie wat op die HOKSR-belyningsprojek voortbou. • Verseker 'n doeltreffende proses van akademiese programontwikkeling, -bestuur en -hersiening wat 'n dinamiese, geïntegreerde, responsiewe en relevante PKM tot gevolg het. • Bevorder 'n kultuur van uitnemendheid in onderrig en leer. • Implementeer strategieë om studentetoegang en -sukses te verbeter. • Bevorder die loopbaanvooruitsigte van NWU-graduandi. • Optimaliseer die NWU se betrokkenheid by voortgesette onderrig.
Missie-element 3	Ons doelwitte
<p>Om ooreenkomstig nasionale prioriteite relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte voort te bring en te handhaaf, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Skep 'n instaatstellende omgewing vir navorsingspersoneel waar navorsing en onderrig-leer in balans is. • Verbeter die navorsingsprofiel van die NWU. • Ontwikkel navorsingspersoneelkapasiteit. • Monitor die navorsingsentiteite-model. • Meet en verbeter die deurvloei van nagraadse studente. • Verfynd kwaliteitsversekeringsprosesse. • Optimeer strategieë om geleenthede vir navorsingbefondsing in die sektor ten volle te ondersoek.
Missie-element 4	Ons doelwitte
<p>Implementeer ons kundigheid in onderrig-leer en navorsing, kommersieel sowel as gemeenskapsgereg, tot voordeel van die provinsie, die land, die Suider-Afrikaanse streek, die vasteland en uiteindelik die wêreld.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Implementeer kundigheid en kommersialiseer navorsingsresultate. • Brei gemeenskapsbetrokkenheid uit. • Bely kommersialisering en maatskaplikebetrokkenheidsaktiwiteite met kernaktiwiteite. • Verfynd kwaliteitsversekeringsprosesse. • Fokus op sakeontwikkeling. • Ontwikkel, integreer en bed volhoubaarheid in strategie en standaardbedryfsprosedures en -verslagdoening in alle kernbesigheidsaktiwiteite in.
Missie-element 5	Ons doelwitte
<p>Posisioneer die NWU in die sektor as verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansiële lewensvatbare en innoverende instelling, met 'n sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Sit die bou van 'n belynde NWU-handelsmerk voort. • Ontwikkel 'n geïntegreerde aanlyn raamwerk vir belanghebbersbetrokkenheid. • Herontwikkel die NWU-intranet. • Verhoog die frekwensie van nasionale mediadekking. • Verbeter wisselwerking met primêre belanghebbers. • Ontwikkel 'n strategie vir die Kantoor vir Institusionele Bevordering. • Implementeer die raamwerk vir internasionalisering. • Verseker doeltreffende ondersteuningsfunksies en geïntegreerde sakestelsels. • Verseker dat beleide en aksieplanne in plek is om personeelwelstand te bevorder. • Handhaaf 'n sterk fokus op risikobestuur en nakoming. • Ontwikkel 'n strategiese infrastruktuurplan.

verslag oor transformasie

Die ontwikkeling van 'n nuwe strategie vir die NWU is in November 2015 voltooi en deur die Raad goedgekeur. 'n Sentrale deel van die strategie is die doelwit van transformasie.

Ons strategie is om "die NWU te transformeer en as unitêre instelling van voortreflike akademiese uitnemendheid met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid te posisioneer." Die goedgekeurde strategie is omgeskakel in 'n Jaarlikse Prestasieplan en meetbare vyf- en tienjaardoelwitte en doelstellings.

Vir 2015 rapporteer ons oor transformasiedoelwitte wat missie-element 1 van ons Jaarlikse Prestasieplan uitgemaak het.

TRANSFORMASIE

Die eerste element is om transformasie in die hoofstroom te plaas sodat dit 'n meetbare element van ons bedrywighede word. Dit het ons bereik deur seker te maak dat transformasiedoelwitte ingesluit is in die prestasieooreenkomste van bestuurders by die universiteit, deur te kommunikeer oor transformasieaktiwiteite en -prestasies, en deur transformasieonderwerpe by agendas van vergaderings in te sluit. Transformasie van die institusionele kultuur en kurrikulumtransformasie bly steeds uitdagings wat hanteer moet word.

TOEGANG

Toegang as 'n transformasiedoelwit streef daarna om verhoogde en wyer toegang te bereik in ooreenstemming met die inskrywingsplan en die studentediversiteitsteikens wat deur die Raad gestel is. Vordering in hierdie verband is bestendig, maar stadig. Uitdagings is die gebrek aan voldoende finansiering, veral behoeftige swart studente op die Potchefstroomkampus wat nie kan bekostig om te studeer nie, en die gebrek aan eerste toetreders met voldoende sukses in wiskunde en wetenskap op skoolvlak. Die verskaffing van verlengde programme op die Mafikeng- en Vaaldriehoekskampus en die UnivPrep-program, wat ten doel het om swak voorbereide studente vir universiteitstudie voor te berei, is die vernaamste transformasieaktiwiteite om toegang te bevorder.

BELYNING

Belyning is 'n transformasieaktiwiteit wat die optimale belyning van kurrikulums en standaarde oor die kampusse van die universiteit heen bevorder, sowel as die belyning van prosesse en prosedures om gelykheid in die vorm van gelykheid van verskaffing en gelykheid van uitkomste te bevorder. Werk aan die Hoëronderwyskwalifikasie-subraamwerk bereik steeds akademiese programbelyning. (Kyk die afdeling oor onderrig-leer op p94 vir besonderhede.)

DIVERSITEIT

Die transformasiedoelwit van diversiteit word binne die konteks van 'n unitêre multikampusuniversiteit bevorder. 'n Inisiatief, "Ons is die NWU", is deur die kantoor van die visekanselier daargestel om robuuste debat oor en betrokkenheid by dwingende universiteits- of samelewingskwessies te bevorder. Uitdagende kwessies oor universiteitsimbole het die einde van die jaar na vore gekom. Diversiteitsdebatte het die potensiaal om tot 'n gebrek aan betrokkenheid te lei, veral wanneer radikale menings uitgespreek word. Versigtige bestuur van diversiteit is nodig om verdeeldheid te voorkom.

GELYKHEID

Gelykheid gaan oor die hantering van histories gevestigde vorme van diskriminasie en die versekering dat dit uitgeskakel word. Die bereiking van indiensnemingsgelykheidsteikens bly stadig en versnelde pogings moet aangewend word om gelykheid onder personeel by die universiteit te verbeter.

Inisiatiewe wat gelykheid bevorder, is die "Groeï ons eie hout"-inisiatief, die kapasiteitsboufonds en deelname aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se nGap-projek, wat die aanstelling van akademiese uit aangewese groepe subsidieer. (Kyk na die afdeling oor ons mensekapitaal op p130 vir besonderhede.)

EENHEID

Die verhoging van eenheid regoor die universiteit bly 'n uitdaging. Ons huidige bestuursmodel dra nie tot die bevordering van eenheid en die daarstelling van 'n inklusiewe institusionele kultuur by nie. Die afstande tussen kampusse bied ook eiesoortige uitdagings.

KWALITEIT

Kwaliteit as transformasiedoelwit weerspieël die siening dat ons missie nie binne 'n uitdagende omgewing bereik sal word nie, tensy ons probeer om die gehalte van ons kern- en ondersteuningsbesigheid voortdurend te verbeter. Ons doen gereelde oorsigte van akademiese programme en steunfunksies. (Vir meer inligting, raadpleeg p94 in die afdeling oor ons intellektuele kapitaal.)

REGSTELLING

Regstelling as 'n transformasiedoelwit gaan daarvoor om die historiese ongelykhede wat ons land en universiteit bedreig te herken en daarop te reageer. Ons huidige besteding aan fisiese infrastruktuur en instandhouding demonstreer 'n toewyding aan die bereiking van regstelling. Ons verkrygingsaktiwiteite ondersteun breë swart ekonomiese bemagtiging en ons het in 2015 'n vlak 4-gradering verkry. (Kyk die afdeling oor ons finansiële kapitaal op p151 vir besonderhede.)

TOEWYSING VAN HULPBRONNE

Die billike en belynde toewysing van hulpbronne verseker optimale en volhoubare ontwikkeling van die universiteit. Dit word gedoen deur balans in hulpbrontoewysing oor die kampusse heen te verseker, en beduidend skeefgetrekte toewysing uit te skakel. Die begrotingsproses is die primêre werktuig om doeltreffendheid in hulpbrontoewysing te verseker.

STUDENTE-ERVARING

Die doelwit van 'n gebalanseerde studente-ervaring word gemik op 'n toepaslike mengsel van akademiese, kulturele en sportaktiwiteite en die ontwikkeling van studente as leiers. Ons het in 2015 beduidende uitdagings ten opsigte van studentebestuur ervaar. Die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad, wat die primêre instrument moet wees waardeur uitdrukking aan studente se menings gegee word oor beleide wat studente by die NWU raak, het grootliks wanfunksionerend gebly.

SUKSESE

Sukses as 'n doelwit gaan oor die meting van die universiteit se prestasie teenoor 'n aantal sleutelprestasie-areas. Groot vordering is gemaak op die gebied van geïntegreerde verslagdoening en die vrugte van hierdie inisiatief behoort in hierdie rapporteringsiklus sigbaar te wees.


missie-element 1

Dryf transformasie as geïntegreerde, dringende, regverdig en goed bestuurde proses van fundamentele en volhoubare verandering om institusionele ongelykhede die hoof te bied terwyl die behoeftes van die land en al sy mense in aanmerking geneem word. Die NWU doen dit deur die bemagtiging van mense deur gehalteonderrig, wêreldklasnavorsing en die betekenisvolle implementering van sy kundigheid.


SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)


1.1 Plaas transformasie in die hoofstroom om te verseker dat dit 'n natuurlike en meetbare deel van al die NWU se bedrywigheede word, in ooreenstemming met die Transformasiehandves en JPP-elemente.

ons prestasie teenoor ons teikens

In Februarie 2015 is transformasiedoelwitte by die prestasiebestuursooreenkomste van alle bestuurders by die universiteit ingesluit. 


Transformasie is ook in formele vergaderingagendas ingesluit. Transformasieverlae is twee keer gedurende die jaar aan die institusionele bestuur voorgelê, en ook by vergaderings van die uitgebreide bestuur en die Mei en Oktober 2015-vergaderings van die Transformasietoetsingkomitee van die Raad.

Ons het verseker dat belanghebbers die geleentheid kry om aan die strategiese beplanningsproses deel te neem, en dat relevante strukture, soos die Senaat, aan die Raad advies verskaf. 


Amptelike institusionele mededelings oor transformasie is geproduseer en versprei om doeltreffende kommunikasie met belanghebbers op alle vlakke te verseker. 


opmerkings/uitdagings/teleurstellings

In die formele sin is transformasie in die hoofstroom geplaas deur dit deel van die prestasieooreenkomste te maak van bestuurders wat daarvoor verantwoordelik is om transformasie aan te dryf. Die transformasie-instrumentpaneeloorsig word twee maal per jaar geproduseer om die vordering wat met die bereiking van transformasiedoelwitte en -teikens gemaak word, visueel uit te beeld.

Die visekanselier het deurlopend met die universiteit oor transformasiekwessies gekommunikeer en oop en robuuste debat oor transformasie aangemoedig. 

'n Omvattende strategieontwikkelingsproses wat in Julie 2014 begin het, is in November 2015 afgehandel. Hierdie proses is gelei deur die visekanselier en 'n strategiespan wat uit die institusionele bestuur en die viserektore bestaan.


Belanghebbersgroepe is wyd oor elemente van die nuwe strategie geraadpleeg. Die strategie wat aanvaar is, het strukturele verandering vereis om struktuur en strategie te bely. 

'n Subkomitee van die Senaat het waardevolle insette oor die voorgestelde strategie en struktuur verskaf. Die Senaat kon uiteindelik die sleutelemente van die voorgestelde herstrukturering eenparig onderskryf. In wese het die herstrukturering die vestiging van universiteitswye fakulteite ingesluit, met 'n uitvoerende dekaan aan die hoof. 

risiko's wat betrokke is

'n Verandering in strategie en herstrukturering wat deur die hernuwing van strategie genoodsaak word, gaan altyd met wesenlike risiko's gepaard. Daar is 'n natuurlike weerstand teen verandering wat in weerstand teen veranderingsinisiatiewe kan manifesteer. Hierdie risiko is beklemtoon deur 'n gebrek aan leierskapsolidariteit in die uitvoerende span. Die geleentheid was egter beduidend en het 'n werklike geleentheid gebied om die universiteit as 'n getransformeerde en uitnemende sentrum vir hoër onderwys te herposisioneer.

belanghebbersbehoefte


Die vernaamste belanghebbers wat 'n belang het by en geraak word deur transformasie is personeel en studente van die universiteit, voornemende personeel en studente, alumni en voornemende alumni, die gemeenskap om ons kampusse, die gemeenskap in die breë, asook die staat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. 


Ons hernude strategie bevorder die langtermynvolhoubaarheid van die universiteit en bevredig so die behoeftes van die meerderheid belanghebbersgroepe.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die nuwe strategie (wat 'n herstruktureringsplan insluit) sal in 2016 geïmplementeer word. Die huidige prestasie is stewig wat betref die kernbesigheid van onderrig en leer, en navorsing en innovasie. Dit verskaf 'n stewige basis vir die implementering van 'n nuwe strategie. Daardie strategie poog om op huidige suksesse voort te bou en die universiteit te stuur in 'n rigting wat groter eenheid, meer inklusiwiteit, groter maatskaplike samehorigheid en 'n klem op uitnemendheid in die uitvoering van ons kernbesigheid verseker.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Transformasie is 'n sleutelprestasie-aanwyser van kritieke belang in die bevordering van die volhoubaarheid van die universiteit. Sonder 'n beduidende fokus en oortuigende proses vir die implementering van transformasie sal die universiteit minder goed geposisioneer wees om 'n bydrae tot beduidende maatskaplike transformasie in die land te lewer. 

Die volhoubaarheid van die nastrewing van ware transformasie kan belemmer word deur 'n gebrek aan leierskapsolidariteit rondom 'n nuwe droom en doel vir die universiteit. Leierskapsolidariteit is noodsaaklik om saamgroepering van die senior bestuur agter 'n enkele visie te verseker. Dit kan hoegenaamd nie vertolk word asof dit 'n negatiewe impak op die akademiese vryheid van die universiteit of die personeel het nie. 

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.4 Diversiteit: Verseker dat die NWU sistematies groei as 'n multikampusuniversiteit wat put uit sy diversiteit wat betref sy demografie, sosio-ekonomiese agtergrond, status en sosio-kulturele standpunte. In die besonder wil die universiteit graag multikulturalisme en die openlike uitruiling van uiteenlopende standpunte bevorder binne 'n konteks wat verskillende tradisies, gelowe en standpunte toelaat om in harmonie saam te bestaan, en daardeur mekaar binne die NWU as 'n dinamiese en eenheidsgemeenskap te verryk.

ons prestasie teenoor ons teikens

Talle geleenthede is vir verdere dialoog en debat oor omstredende kwessies geskep. Ons het voortgegaan met werkswinkels en seminare oor elemente van transformasie in alle sake-eenhede, en het inisiatiewe geïmplementeer om diversiteit te bevorder. Dit sluit in 'n inisiatief van die visekanselier genaamd "Ons is NWU", wat daarop gemik is om oop dialoog en kommunikasie onder studente tussen en op kampusse aan te moedig.



Die strategieontwikkelingsproses het ook geleenthede vir dialoog oor diversiteitskwessies gebied. Die visekanselier het gereeld met personeel, studente en ander belanghebbende oor diversiteit en eenheid geskakel.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die versterking van diversiteit word ietwat gekniehalter deur die benadering wat probeer om verskil onder 'n hegemonese en monolitiese kulturele uitdrukking te assimileer.



Dit is 'n gevolg van die aanvaarding van 'n multikulturele benadering. Dit kan tot 'n sublimasie lei van kulturele identiteite wat op kampusse in die minderheid is. Groter sukses sal waarskynlik behaal word met 'n eksplisiet nierassige benadering wat probeer om 'n vars kulturele identiteit te vestig wat die volle spektrum van verskil weerspieël en verreken.



risiko's wat betrokke is

Daar bestaan altyd die risiko dat die verlangde resultate nie bereik word nie en dat ingrypings om diversiteit te bevorder tot vervreemding of eenvormige assimilering kan lei. Daar is beduidende geleenthede om die opvoedkundige ervaring van NWU-studente

te verbeter. Wanneer hulle begin werk in omgewings wat diverse werksplekke bevorder, sal dit vir studente potensieel goed wees as hulle reeds aanvaar het om saam met ander te leef en te werk.



belanghebbende behoeftes

Alle studente en personeel kan beskou word as die vernaamste belanghebbende wat baat by die skep van diversiteit aan die universiteit vind. Die akademiese projek word verbeter deur die uitspraak van 'n diversiteit van menings wat 'n groter kans staan om innovasie aan te spoor, kritiese denke aan te moedig en die opvoedkundige missie van die universiteit te versterk.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Dit is belangrik om die doelwit na te streef om diversiteit op alle kampusse van die universiteit te versterk. Dit sal die strategie van die universiteit bevorder, veral ten opsigte van die kultuur wat ons probeer koester.

Hierdie kultuur moet alle kulturele, taal- en nasionale groepe insluit en verwelkomend en inklusief word. 'n Nuwe, unieke NWU-kultuur moet gesmee word, wat die graduandi van alle kampusse as NWU-studente sal onderskei.



wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die skepping van 'n diverse universiteitsomgewing het belangrike implikasies vir die volhoubaarheid van die akademiese projek aan die NWU. Intellektuele ondersoek, aangevuur deur 'n diversiteit van menings uit 'n verskeidenheid agtergronde, staan 'n groter kans om innovering in ons kernbesigheidsaktiwiteite van leer en onderrig, en navorsing en innovasie te bevorder.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.6 Verhoogde eenheid: Koördineer die hersiening, optimalisering en implementering van beleide, prosesse, prosedures en stelsels wat die kernbesigheid ondersteun, terwyl die geïntegreerde aard daarvan ten opsigte van die ontstaan van 'n inklusiewe institusionele kultuur gegrond op die waardestelsel van die universiteit erken word.

ons prestasie teenoor ons teikens

'n Belangrike deel van die nuwe NWU-strategie wat teen die einde van 2015 goedgekeur is, fokus daarop om die institusionele kultuur in die rigting van groter eenheid en samehorigheid te stuur. Intussen is projekte met institusionele leierskap se steun op elke kampus gevestig om 'n geïntegreerde kultuur en maatskaplike samehorigheid te verbeter.



Die mate waarin eenheid by die NWU toegeneem het, word gedemonstreer deur die klem wat op institusionele dialoog onder personeel en studente oor kampusse heen geplaas word. Terwyl dit as gevolg van die afstande tussen kampusse en die voortbestaan van kulturele verskille 'n uitdaging bly om groter eenheid en samehorigheid regoor die NWU te verseker, is groter eenheid noodsaaklik om 'n meer samehorige universiteit te bou.



Vir inligting oor die geïntegreerde handelsmerkstrategie en sinergie met betrekking tot korporatiewe en kampuskommunikasie, raadpleeg die afdeling oor ons maatskaplike en verhoudingskapitaal op p121.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Hoewel die proses stadig is, is vordering gemaak om groter eenheid en samehorigheid regoor die NWU te verkry. Die projek vereis die ondersteuning van die senior bestuurspan in die nastreef van hierdie doelwit. Die proses van herstrukturering wat in November 2015 goedgekeur is, sal tot groter saamgroepering van leierskap rondom hierdie strategiese imperatief lei.



risiko's wat betrokke is

'n Groot risiko is dat die doelwit op 'n meganiese of oppervlakkige manier benader word. Dit kan tot uiterlike vertoon en 'n valse gevoel van eenheid en samehorigheid lei. Daar is geen plaasvervanger vir 'n volgehoue en betekenisvolle transformasie van die benadering van die NWU tot die kwessies nie.



belanghebbersbehoefte

Huidige en toekomstige studente is die groep wie se behoeftes die beste bevredig word deur aandag aan eenheid en samehorigheid te skenk. Dit is 'n belangrike deel van ons opvoedkundige missie om te verseker dat ons studente behoorlik voorberei word op die werksomgewing wanneer hulle gegradeer het. Hulle sal waarskynlik uiteenlopende werksplekke betree wat die vermoë sal vereis om op bevoegde wyse in 'n diverse omgewing te werk. Dit sal in die toekoms 'n belangrike deel van die studentewaardeproposisie uitmaak.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die institusionele kultuur van die NWU sal 'n spesifieke fokuspunt op die kort en medium termyn wees. Kultuur is die halsstarrigste element van 'n organisasie om te verander. Duidelike leierskap sal op hierdie gebied nodig wees.



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

'n Belangrike deel van die transformasie-agenda is sukses met die bereiking van groter eenheid en maatskaplike samehorigheid regoor die universiteit. Transformasie is nie volhoubaar sonder vordering op hierdie gebied nie.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/ BEDRYFDOELSTELLING)

1.9 Hulpbrontoedeling: Verseker, deur behoorlike prosesse en strukture, dat die verspreiding van NWU-hulpbronne belyn, regverdig en deursigtig is ten einde die kernbesigheidstrategie van die NWU te ondersteun.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die belyning van die NWU se begroting met die nuwe strategiese agenda is nie ten volle bereik nie aangesien die Raad die strategie in November 2015 aanvaar het, nadat die begroting vir 2016 reeds goedgekeur was. 2017 sal die eerste begroting wees waar dit moontlik sal wees om hierdie element kragtiger te bevorder.



Die maatstawwe van gelykheid sal 'n bron van omstredenheid bly maar kan opgelos word deur 'n ander begrotingsmodel te aanvaar wat nie op die kampusse as kostesentrums fokus nie, maar wat eerder elke oorkampusfakulteit as die primêre begrotingseenheid beskou.



opmerkings/uitdagings/ teleurstellings

Die bevordering van 'n regverdige toewysing van hulpbronne sal help om 'n gevoel van behoort en eenheid onder personeel en studente te bevorder. Dit sal ook regstelling en die bereiking van maatskaplike geregtigheid bevorder.



risiko's wat betrokke is

Die risiko's wat met die toewysing van hulpbronne verband hou, sluit in dat dit nie regverdig en met behoorlike belyning plaasvind

nie, wat tot 'n gevoel van vervreemding by gedeeltes van die universiteit aanleiding mag gee. Aan die ander kant word die geleentheid gebied om 'n beduidende bydrae tot regstelling en maatskaplike geregtigheid te maak.



belanghebbersbehoefte

Personeel en studente van die universiteit is die belanghebbers met die grootste belang om te verseker dat hulpbronne regverdig toegewys word.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die versekering van regverdige, deursigtige hulpbrontoewysing sal in die toekoms 'n deel van die strategie van die NWU bly. Daar word in die vooruitsig gestel dat regverdige hulpbrontoewysing deur die begrotingsproses en die ontwikkeling van toepaslike beleide en prosedures progressief verwezenlik sal word.



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die bereiking van regverdige hulpbrontoewysing sal die volhoubaarheid van die NWU verbeter, aangesien dit 'n gunstige impak op personeel- en studentetevredenheid sal hê.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.11 Sukses: Meet die universiteit se prestasie deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid norme, wat die tien elemente van transformasie insluit.

ons prestasie teenoor ons teikens

In die lig van die aanvaarding van 'n nuwe strategie in November 2015 is dit nie as wenslik beskou om die huidige transformasie-instrumentpaneeloorsig te verfyn, soos aanvanklik beoog is nie. Sektorale inisiatiewe onder die vaandel van Universiteite Suid-Afrika sluit 'n projek in om 'n transformasiebarometer te ontwikkel wat gemeenskaplike norme sal gebruik. Dit sal die NWU toelaat om prestasie te meet aan die hand van 'n verskeidenheid metrieke wat uit die jaarlikse prestasieplan voortvloei. Gereelde prestasieverslae dien voor die uitvoerende bestuur en die Raad.


opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die instrumentpaneeloorsig gee 'n nuttige oorsig van die mate waarin die transformasiedoelwitte van die NWU bereik is. Ons moet waak teen vals positiewe uitslae in prestasie-evaluering wat die gevolg van ontoepaslike meetinstrumente of onakkurate evaluering is.

risiko's wat betrokke is

Die risiko van die gebruik van 'n instrumentpaneeloorsig, soos voorheen genoem, is die gevaar van vals positiewe resultate en die verkeerde metrieke.

belanghebbersbehoefte

Die gebruik van 'n instrumentpaneeloorsig om transformasie-prestasie te meet, is vir alle belanghebbers van die NWU relevant, aangesien hulle almal 'n belang in die transformasiebaan van die universiteit het. 

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Dit is waarskynlik dat 'n sektorale genormeerde barometer aanvaar kan word indien dit onder die vaandel van Universiteite Suid-Afrika ontwikkel word.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die volhoubaarheid van die transformasie-agenda hang af van 'n betroubare en relevante metriek vir die meting van transformasie. Sonder die een of ander vorm van meting of validering kan die verwesening van transformasie-elemente in gevaar wees.



algemene terugblik

Aangeleenthede wat as die belangrikste en mees relevante vir die NWU en ons belanghebbers beskou word

Die mees wesenlike sake ten opsigte van transformasie was:

- Die formulering van 'n nuwe strategie wat transformasie in sy volle omvang as 'n strategiese imperatief vaslê.
- Die aanvang van die transformasie van die aanvanklike eerstejaarervaring van studente, met die doel om 'n dwingende studentewaardeproposisie te skep en die institusionele studentekultuur te omskep in een wat diversiteit omarm en vier.
- Die daarstelling van nuwe indiensnemingsgelykheidsteikens vir die NWU om die basis te verskaf vir die ontwikkeling van 'n baie meer diverse personeelkorps wat nuwe stukrag aan die intellektuele lewe en innoverende navorsingsuitkomst sal gee.



Belangrikste strategiese stappe wat gedoen is om waarde te skep en hoe dit ons langtermynbesluitneming beïnvloed

Die belangrikste strategiese aksies het die ontwikkeling van 'n nuwe droom en doel vir die NWU behels, wat eksplisiet die skepping voorstaan van 'n meer unitêre universiteit wat tot die verbetering van kwaliteituitkomst in die kernbesigheid verbind is. Dit sal die vorm van uitnemende onderrig en leer en 'n toename in hoëkwaliteit-navorsingsuitsette, 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid en die verbetering van die universiteit se internasionale profiel aanneem. Op die lang termyn moet hierdie strategiese agenda nagestreef word, aangesien dit waarskynlik beduidende waarde sal skep.

Belangrikste gevalle van eksterne betrokkenheid en interne belyning wat 'n invloed op waardeskepping vir die NWU het

Wesenlike interaksie met belangrike belanghebbersgroepe soos alumnigroepe, plaaslike gemeenskappe, die staat, die donateursgemeenskap en sakegroepe het plaasgevind. Die ontwikkeling van 'n nuwe strategiese agenda was deel van die proses om die universiteit te belyn met belanghebberspersepsies en met eise oor hoe die universiteit sy mandaat uitvoer. Die transformasieagenda veral is ontwerp om die universiteit te posisioneer om waarde te skep wat op die lang termyn meer volhoubaar sal wees.



PROF ND KGWADI
VISEKANSELIER

toekomstvooruitsig

Hoe ons huidige prestasie 'n impak sal hê op die waarde wat geskep word vir en prestasie van die NWU op die lang termyn

'n Belangrike stap vorentoe op die gebied van transformasie was die ontwikkeling van 'n strategie wat 'n groter verbintenis tot transformasie in die wydste betekenis van die begrip verteenwoordig. Die NWU se prestasie ten opsigte van personeel-gelykheidstransformasie is reeds 'n ruk lank nie voldoende nie. Die ontwikkeling van 'n nuwe indiensnemingsgelykheidsplan met verbeterde aanspreeklikheid sal die grondslag vir bestendige verbetering op hierdie uiters belangrike gebied lê.



Die prestasie ten opsigte van studentegelykheidsteikens was bestendig. Dit bly 'n uitdaging om die kampusse te transformeer sodat dit nie bloot die universiteit se apartheidsverlede weerspieël nie. Namate ons prestasie ten opsigte van personeel- en studentegelykheidsprestasie verbeter, word groter waarde vir die NWU geskep, aangesien dit 'n instelling sal word wat maatskaplike geregtigheid en maatskaplike samehörigheid beter bevorder. Die waarde sal slegs verwezenlik word indien gelykheidstransformasie gepaardgaan met ingrypende veranderinge wat gelykheidstransformasie moet ondersteun en uitbrei. Die institusionele kultuur moet getransformeer word om die oper, meer verdraagsame en diverse kultuur te weerspieël wat ons moet bevorder om te verseker dat ons doelwitte bereik word. Ons moet 'n benadering vermy wat probeer om groepe tot 'n meerderheidskultuur op elkeen van ons kampusse te assimileer.



Ons moet eerder 'n meer unitêre kultuur vestig wat ons studente in die mark as NWU-studente onderskei. Dit beteken die smee van 'n institusionele kultuur wat uniek, duidelik onderskeibaar en meer as die som van die dele daarvan is. Die aanvaarding en vaslegging van die primêre waardes van die NWU sal as 'n belangrike punt van integrasie dien.

Die ander belangrike gebied om te transformeer, is die kurrikulum. Ons moet verseker dat ons as 'n universiteit kurrikulums kan formuleer wat op die behoeftes van die land reageer en ons studente behoorlik vir die werkswêreld en aktiewe en verantwoordelike burgerskap voorberei.



prestasiebeoordelingsverslag






In ooreenstemming met bepalings in die Regulasies vir Verslagdoening (SK37726, Junie 2014) het hierdie verslag twee oogmerke. Die eerste is om aan te dui in watter mate die belangrikste sleutelprestasieaanwysers bereik is wat in die Jaarlikse Prestasieplan vir 2015 vervat is, wat betref hulle aansluiting by die betrokke strategiese doelwitte en doelstellings wat vir die oorsigtydperk deur die Raad goedgekeur is. Tweedens dui die verslag aan in watter mate die toepaslike institusionele strategieë en bedrywighede bygedra het tot die bereiking van breër, volhoubare ekonomiese, sosiale en omgewingsprestasiedoelwitte.

oorsig van die missie-elemente vir 2015 en die doelwitte waarvoor verslag gedoen moet word

missie-element 1

Dryf transformasie as geïntegreerde, dringende, regverdig en goed bestuurde proses van fundamentele en volhoubare verandering om institusionele ongelykhede en die behoeftes van die land en al sy mense aan te spreek. Die NWU doen dit deur die bemagtiging van mense deur gehalteonderrig, wêreldklasnavorsing en die betekenisvolle implementering van sy kundigheid.

Betroubaarste prestasieaanwysers om missie-element 1 te verwesenlik

A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasieaanwysers	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesenliking Ja/Nee/ Gedeeltelik bereik	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van institusionele bestuur	G Afwygings/Uitdagings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
Toegang	Verseker op al die kampusse dat beleid, prosesse en praktyke daarop gerig is om verhoogde en breër deelname te verseker, in ooreenstemming met die inskrywingsteikens waarvoor daar met die DHOO ooreengekom is en die diversiteitsteikens wat in November 2010 deur die Raad gestel is.	Implementeer uiteenlopende strategieë om studentetoegang te ondersteun en te verbeter.	Ontwikkel 'n konsepraamwerk vir studentetoegang, -behoud en -sukses.	Ja	'n Konsepraamwerk vir studentetoegang, -behoud en -sukses is ontwikkel en in April, September en November aan die NWU se Forum vir Toegang en Sukses voorgelê. Hierdie raamwerk sal later oor gekonsulteer, goedgekeur en geïmplementeer word. 	
			Doen 'n oorsig/evaluering in die UnivPrep-projek van programme wat toegang ondersteun.	Ja	'n Evaluering van die UnivPrep-program is uitgevoer en 'n verslag oor die oorsig van toegang is opgestel, wat gefokus het op die UnivPrep-program en die verlengde programme op kampusse. 	Ons verwag dat die Senaat in 2016 'n besluit sal neem oor die voortsetting, aflewingsmodus en akademiese ontwerp van die UnivPrep-program, wat die afgelope vier jaar in 'n loodsfasie was.
			Implementeer maatreëls ter verbetering van die monitering van die impak van grondslagprogramme op studente se sukses en stel 'n verslag op.	Ja	Die verslag oor die voorsiening van grondslagprogramme is op 30 April 2015 by die DHOO ingedien. Die DHOO het die universiteit in 'n brief gedateer 4 September 2015 ingelig dat die verslag goedgekeur is. 	
		Moniteer en doen verslag oor vordering met inskrywingsteikens soos goedgekeur deur die DHOO.	Gedeeltelik bereik	Kyk na tabel A op die volgende bladsy: Koppetellinginskravings op institusionele vlak in 2014 en 2015	Kyk na Tabel A vir 'n verduideliking van die afwykings wat betref koppetellinginskravings van werklike syfers teenoor die teikens.	
Moniteer en doen verslag oor vordering met inskrywingsteikens soos goedgekeur deur die Raad.	Gedeeltelik bereik	Diversiteitsteikens vir 2015 per groep: Afrikaan 40 193 Kleurling 2 131 Asiaat/Indiër 474 Wit 24 637	Werklike studente vir 2015 per groep: Afrikaan 40 772 Kleurling 2 897 Asiaat/Indiër 528 Wit 17 370  	Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het beplan vir ongeveer 4 100 studente vir die afstandsmodus van lewering (veral vir die GOS en BEdHonneurs). Slegs ongeveer 10% van die beplande inskrywings het egter in werklikheid ingeskryf. Dit is die rede vir 'n groot gedeelte van die onderinskraving van wit studente. Die tweede rede vir die relatiewe onderinskraving van wit studente is dat wat betref die HEMIS-verslagdoeningsvereistes die universiteit nie Namibiese studente volgens ras mag klassifiseer nie. Terwyl die meeste van die studente van Namibië dus wit is, word hulle as "onbekend" in die HEMIS-verslag gerapporteer. Die getal studente wat betrokke is, is ongeveer 2 500.		

Tabel A: Koppetellinginskrivings op institusionele vlak in 2014 en 2015

Koppetelling-inskrivings	KONTAK			AFSTAND			TOTAAL			GEPROJEKTEERDE GEMIDDELTE JAARLIKSE STYGING: 2012 - 2019	WERKLIKE GEMIDDELTE JAARLIKSE STYGING: 2014 -2015
	2014 WERKLIK	2015 TEIKEN	2015 WERKLIK	2014 WERKLIK	2015 TEIKEN	2015 WERKLIK	2014 WERKLIK	2015 TEIKEN	2015 WERKLIK		
Eerste-inskrywingstudente	8 320	8 693	8 361	758	778	1 046	9 078	9 471	9 407	6,5%	3,6%
Totaal voorgraads	28 714	30 272	29 656	21 021	19 890	20 804	49 735	50 162	50 460	3,8%	1,5%
Meestersgraad (totaal)	2 903	2 917	3 006	16	176	17	2 919	3 093	3 023	3,4%	3,6%
Doktorsgraad	1 301	1 035	1 407	40	130	41	1 341	1 165	1 448	5,4%	8,0%
Totaal nagraads	8 281	8 846	8 094	4 919	8 305	5 321	13 200	17 151	13 415	0,7%	1,6%
Totaal voorgraads en nagraads	37 193	39 240	37 943	25 942	28 195	26 127	63 135	67 435	64 070	3,1%	1,5%
Wetenskap, ingenieurswese en tegnologie	12 019	14 279	12 863	464	723	1 162	12 483	15 002	14 025	7,1%	12,4%
Bedryfs- en bestuurs-wetenskap	10 180	10 157	10 859	31	398	40	10 211	10 555	10 899	4,7%	6,7%
Onderwys	4 945	4 388	3 268	23 434	24 097	19 619	28 379	28 484	22 887	0,3%	-19,4%
Ander geestes-wetenskappe	10 049	10 416	10 953	2 013	2 978	5 306	12 062	13 393	16 259	2,9%	34,8%
Totaal	37 193	39 240	37 943	25 942	28 195	26 127	63 135	67 435	64 070	3,1%	1,5%

Verduideliking vir afwykings van werklike koppetelling-inskrywingsyfers teenoor teikens

- Eerste-inskrywingstudente: Die werklike syfer behaal, naamlik 9 407, is baie in ooreenstemming met die goedgekeurde teiken.
- Totaal voorgraads (vg):
 - Die totale vg-inskrywings vir die kontakmodus was 616 onder die teiken, 'n onderinskrywing van 2%, terwyl die totale vg-inskrywings vir die afstandsmodus 914 bo die teiken was, 'n oorinskrywing van ongeveer 4,6%. Die onderinskrywing by vg-kontak is te wyte aan die onderinskrywing in die professionele driejaar-B-graad (2 176 werklik vergeleke met 3 689 beplan), terwyl die getal inskrywings in die algemene driejaar-B-graad baie in ooreenstemming is met die teiken (15 823 vergeleke met 15 544) en die getal inskrywings in die vierjarige professionele B-graad bo die teiken is (10 576 vergeleke met 9 873).
 - In die geval van die afstandsmodus het die oorinskrywing in die NPOD meer as vergoed vir die onderinskrywing in die GOS, en dit is byna die hele verklaring vir die oorinskrywing in vg-afstandsmodusinskrivings. Vir die NPOD het die universiteit verskeie versoeke van provinsiale onderwysdepartemente en onderwysers reeds in diens ontvang om 'n finale kohort studente te aanvaar. Dus was inskrywings in die NPOD vir 2015 12 400, vergeleke met die teiken van 9 125, terwyl die werklike inskrywings in die GOS (4 841) 1 316 minder as die teiken was. Die DHOO het toestemming verleen vir die laaste kohort studente om in 2015 vir die GOS in te skryf, en dit is nie duidelik waarom die inskrywings minder as die beplande teikens was nie.
 - In totaal is die vg-inskrywing vir 2015 binne 0,6% van die goedgekeurde teiken, al is die verhouding van kontak tot afstand op die vg-vlak 58,8% eerder as die goedgekeurde 60,3%. Die afwyking is dus as gevolg van 'n effense onderinskrywing in kontakprogramme, hoofsaaklik as gevolg van die laer as verwagte inskrywing in professionele driejaar-B-grade.
- Meestersgrade: Die werklike totale inskrywings is 70 minder as die teiken – 'n verskil van 2,3%.
- Doktorsgrade: Die universiteit het 283 meer doktorsgrade gelewer as wat beplan is, wat 'n merkwaardige, positiewe prestasie is.
- Totaal nagraads (ng): Die totale ng-inskrywings is 3 736 minder as beplan – 'n beduidende onderinskrywing van 22%.
 - Dit is hoofsaaklik te wyte aan die beduidende onderinskrywing in die afstandsmodus-BEdHons

(5 149 werklik teenoor 7 415 beplan), maar ook aan uiters lae inskrywings in nagraadse diplomas, wat die gevolg is van die vertraging in die goedkeuring van die ng-diplomas (NGD's) wat in die afstandsmodus aangebied sal word op die gebied van opvoedkundige wetenskappe (368 inskrywings beplan vir 2015, maar geen inskrywings nie as gevolg van die vertraging in formele goedkeuring), en ook op die gebied van wetenskap, ingenieurswese en tegnologie (WIT) (80 beplan, 10 werklik).

- Vir die kontakmodus kan die 8,5-onderinskrywing hoofsaaklik toegeskryf word aan die onderinskrywing in die Gevorderde Universiteitsdiploma in Gesondheidswetenskappe (879 werklik versus 1 750 beplan), wat lei tot 1 766 werklike inskrywings in die NGD-tipe kwalifikasie teenoor 2 653 beplande inskrywings, terwyl vir honneursgrade daar 1 915 werklike vergeleke met 2 241 beplande inskrywings was. Hier was daar 276 werklike inskrywings vir die BEdHons, vergeleke met die beplande inskrywings van 465. Daar is dus wat NGD- en honneursvlak betref 'n onderinskrywing van 1 213, terwyl daar op doktorsale vlak 'n oorinskrywing van 372 is.
- Die verskille in die ng-afstandsmodusinskrivings op die honneurs- en NGD-vlak verduidelik ook in 'n groot mate die verskille vir die totale vg- en ng-inskrywings.
- Hoofstudievelde
 - Vir WIT is daar 'n totale onderinskrywing van 977 (6,5%). Die relatiewe onderinskrywing is deels daaraan te wyte dat dit moeilik is om 'n voldoende aantal aansoekers met die nodige akademiese profiel (APS-telling) te lok wat aan die toelatingsvereistes vir studie in WIT-verwante velde voldoen. Die driejarige Baccalaureus in Verpleegkunde het 'n inskrywing van 645 gehad, teenoor die teiken van 1 836, terwyl die BIng 'n inskrywing van 1 417 gehad het, vergeleke met die beplande 1 558. In ander gevalle was die aantal inskrywings vir WIT-kwalifikasies in werklikheid hoër as wat beplan is (BPharm; vierjarige Baccalaureus in Verpleegkunde).
 - Wat opvoedkunde betref kan die totale onderinskrywing van 5 597 (19,6%) in die afstandsmodus eerstens toegeskryf word aan die onderinskrywing in die BEdHons, soos hierbo aangetoon, maar ook aan die herklassifikasie van sekere KOVI-kategorieë binne KOVI 07 na die groot veld van die geesteswetenskappe. Net so, wat betref die geesteswetenskappe, was die totale oorinskrywing van 2 866 (21,5%) in die afstandsmodus hoofsaaklik

toe te skryf aan die herklassifikasie van sekere KOVI-kategorieë in KOVI 07 (onderwys), met die gevolg dat sommige inskrywings wat voorheen onder die groot veld van "onderwys" geklassifiseer is nou onder die groot veld van "ander geesteswetenskappe"

geklassifiseer word. Dus, spesifiek vir die BEdHons, afstandsmodus, is 4 082 inskrywings onder "ander geesteswetenskappe" geklassifiseer, vergeleke met die teiken van 1 502, terwyl 1 067 geklassifiseer is onder "onderwys", vergeleke met die teiken van 5 913.

A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesenliking Ja/Nee/Gedeeltelik bereik	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van institusionele bestuur	G Afwykings/Uitdagings (verduidelik deur verantwoordelike eenaar)
Gelykheid	Verseker dat die beleid, prosesse en praktyke proaktief gerig is op histories gevestigde vorme van diskriminasie. Hierdie poging moet plaasvind binne die rigtinggewende beginsel dat alle kampusse van die NWU 'n diverse studente- en personeel-populasie moet weerspieël binne die parameters van bereiking van die ooreengekome minimum diversiteitsteikens.	Moniteer en doen verslag oor die toereikendheid van die NWU se beleide oor in diensnemings-gelykheid en die implementering daarvan deur monitering van werklike teenoor teikenprestasie ten opsigte van geslag, demografie en plaaslike en buitelandse burgers.	Doen verslag aan institusionele bestuur (verslagdoening het plaasgevind in Junie en November) en aan die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid van die Raad (MKIG) in Mei en Oktober jaarliks oor die bereiking van die IG-teikens. Doen jaarliks verslag aan die Departement van Arbeid oor die bereiking van die IG-teikens.	Gedeeltelik bereik	<ul style="list-style-type: none"> Vorderingsverslag oor Indiensnemings-gelykheid in Mei en Oktober 2015 aan MKIG voorgelê EEA2- en EEA4-verslae op 15 Desember 2015 by die Departement van Arbeid ingedien. Werklike prestasie teenoor teikens. Kyk na Tabel B hieronder. Teikens gemoniteer volgens geslag, ras en buitelandseburger-demografie asook mense met gestremdhede. 	Die afwykings van werklike indiense-nemings-gelykheid-werknemers teenoor teikens word in Tabel B hieronder verduidelik.

Tabel B: Teikens gemoniteer volgens geslag, ras en buitelandseburger-demografie asook mense met gestremdhede

NWU-WERKNEMERSTOTALE											
	MANLIK				VROULIK				BUITELANDSE BURGERS		TOTAAL
	Afrikaan	Kleurling	Indiër	Wit	Afrikaan	Kleurling	Indiër	Wit	Manlik	Vroulik	
Werklike syfers Desember 2015	599	87	17	857	568	119	23	1 370	49	11	3 700
Verskil	11	1	1	-6	13	10	1	-23	10	1	19
Teiken	610	88	18	851	581	129	24	1 347	59	12	3 719
% Verandering	1,84%	1,15%	5,88%	-0,70%	2,29%	8,40%	4,35%	-1,68%	20,41%	9,09%	0,51%

WERKNEMERS MET GESTREMDHEDE											
	MANLIK				VROULIK				BUITELANDSE BURGERS		TOTAAL
	Afrikaan	Kleurling	Indiër	Wit	Afrikaan	Kleurling	Indiër	Wit	Manlik	Vroulik	
Werklike syfers Desember 2015	2	0	0	15	3	0	0	11	0	0	31
Verskil	4	0	0	0	3	0	0	0	0	0	7
Teiken	6	0	0	15	6	0	0	11	0	0	38
% Verandering	200,00%	0,00%	0,00%	0,00%	100,00%	0,00%	0,00%	0,00%	0,00%	0,00%	22,58%

Verduideliking vir afwykings van werklike syfers vir indiense-nemingsgelykheid-werknemers teenoor teikens

Redes hoekom indiense-nemingsgelykheidsteikens nie bereik is nie/afwykings (waaronder maar nie beperk nie tot):

- Probleme word ondervind om toepaslik gekwalifiseerde en ervare posbekleërs uit die aangewese groepe te vind/lok, veral in akademiese en professionele beroepe (rekeningkunde, ensovoorts).
- Selfs indien geskikte posbekleërs geïdentifiseer word, is dit baie moeilik om aan hulle verwagtinge met betrekking tot vergoeding te voldoen.
- Die demografie van die verskillende gebiede waar die kampusse geleë is, dra by tot die probleme wat ondervind word met diversifisering van werksplekke.
- Dit is baie moeilik om personeel uit die aangewese groepe te behou. Die NWU kan nie meeding met die vergoeding wat deur die private sektor en selfs staatsdepartemente aangebied word nie, asook deur ander meer stedelike hoërondervysinstellings

wat binne 'n 200 km-radius geleë is nie (UJ, UP, Wits, ensovoorts).

- Die universiteitsomgewing word gesien as 'n plek om te leer, en sodra mense hul studie voltooi en ondervinding opgedoen het, is hulle geneig om weg te gaan.

Regstellende aksie-maatreëls om numeriese teikens te bereik:

Deur die omvattende audit van beleide, prosedures en praktyke, is die volgende fokusareas geïdentifiseer, wat almal 'n formele hersiening van korporatiewebestuursoordokumentasie insluit, asook praktyke om te verseker dat alle mensehulpbronverwante aktiwiteite tot die bereiking van indiense-nemingsgelykheidsteikens bydra en 'n kultuur van beste praktyk in die bestuur van werknemers by die NWU skep.

- Stelsel van beleide, prosedures en praktyke
- Werksomgewing en fasiliteite
- Behoud van werknemers in aangewese groepe

- Korporatiewe kultuur
- Werwing en keuring
- Posbeskrywings
- Posevaluering
- Vergoeding en voordele
- Bepalings en voorwaardes van indiensneming
- Opleiding- en ontwikkeling- (O&O-) internskappe
 - O&O Ontwikkel ons eie mensekapitaal (OOEM):
 - O&O-kapasiteitsboufonds
 - O&O Induksie
 - O&O Werksplekvaardigheidsplan (WVP)
 - Prestasiebestuurstelsel
 - Proeftyd
 - Opvolgbeplanning
 - Tug
 - MIV/Vigs en werknemerwelstand
 - Institusionele samehorigheid
 - Institusionele taal
 - Redelike akkommodasie



- **Teikens wat in 2016 gebruik word:**
Die vorige NWU-indiensnemingsgelykheidsplan het numeriese teikens tot aan die einde van 2014 gestel. In afwagting van veranderinge in die struktuur van die NWU is numeriese teikens nie vir 2015 gestel nie. Gedurende 2015 is die NWU se indiensnemingsgelykheidsplan hersien deur 'n omvattende proses van herevaluering, oudits van beleide en prosedures en 'n proses van konsultasie. Dit het die opstel van numeriese teikens ingesluit, maar aangesien die proses deeglik was en meer tyd geneem het as wat verwag is, is daar besluit om numeriese teikens slegs van 2016 tot 2018 te stel.
- **Hoe teikens gestel is:**
Navorsing is gedoen met inagneming van die EAP (ekonomies aktiewe profiele) (beide nasionaal en provinsiaal), demografiese data uit die verslag van die Kommissie vir Indiensnemingsgelykheid, demografiese profiele van die hoërondewyssektor, demografiese profiele van soortgelyke universiteite, ensovoorts. Uit die gemiddeldes is voorgestelde teikens vir alle beroepsvlakke, ras, geslag en gestremdhede gestel. Hierdie voorgestelde teikens is deur die institusionele bestuur vir verdere ondersoek goedgekeur, waarna die kampusse hul eie spesifieke teikens verfynd het.



A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesening	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van institusionele bestuur	G Afwygings/Uitdagings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
Regstelling	Verseker dat beleide, prosesse en prioriteite wat gemik is op die regstelling van sistemiese en organisatoriese wanbalanse en ongelykhede in plek is, met spesifieke verwysing na regstelling van histories gevestigde praktyke.	Streef steeds bestespraktykbeginsels vir strategiese verkrygingsbestuur, breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging en plaaslike sakesteun na.	Verseker dat die kriteria vir die tenderevalueringprosedure konsekwent toegepas word, dws: Tenders onder R1 miljoen: <ul style="list-style-type: none"> • Prys: 80% • BGSEB-voldoening: 16% • Plaaslike entiteit: 4% Tenders van meer as R1 miljoen: <ul style="list-style-type: none"> • Prys: 90% • BGSEB-voldoening: 8% • Plaaslike entiteit: 2% 	Ja	Alle tenders is ooreenkomstig die gestelde kriteria geëvalueer, en in alle gevalle waar die tender nie aan die biebër met die hoogste punte toegeken is nie, is dit ten volle gemotiveer en goedgekeur. Tenders word gereeld deur die interne en eksterne ouditeure geouditeer. Werklike resultate vir 2015: Altesaam 207 tenders is gedurende die finansiële jaar toegeken. Tenders onder R1 miljoen waar die 80/16/4-kriteria toegepas is: 146 (70,5%) Tenders van meer as R1 miljoen waar die 90/8/2-kriteria toegepas is: 61 (29,5%)	
			Besprek die BGSEB-graderingsproses op die Maartvergadering van die institusionele bestuur ten einde te verseker dat die NWU se BGSEB-voldoeningertifikaat vir die bereiking van 'n Vlak 4-gradering teen Junie 2015 uitgereik word.	Ja	Die NWU het 'n BGSEB Vlak 4-sertifikaat van voldoening in ooreenstemming met die ou Kodes van Goeie Praktyk in April 2015 verkry.	

missie-element 2

Om deur middel van innoverende onderrig-leer van hoë gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink en in staat is om die land en sy mense, die vasteland en die wêreld te dien.

Betroubaarste prestasieaanwysers om missie-element 2 te verwesenlik

Die volgende aanwysers het ten doel om duidelik aan te toon wat die NWU se verbintenis tot die vestiging van 'n vaardige en bekwaame werksmag in Suid-Afrika is. Die mate waarin die NWU slaag in die verwesenliking van hierdie aanwysers moet 'n breë aanduiding van sy relatiewe sukses ten opsigte van sy onderrigmandaat wees, wat behels die verhoging van toegang en optimale deelname aan 'n kwaliteitsgedrewe omgewing wat daarop gemik is om graduandi op te lewer wat as aanstelbaar genoeg beskou word om waarde tot 'n groeiende Suid-Afrikaanse ekonomie toe te voeg.

A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesenliking Ja/Nee/ Gedeeltelik bereik	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van institusionele bestuur	G Afwykings/Uitdagings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
Kwaliteit van onderrig-leer	Gaan voort om die gehalte van onderrig-leer deur die onderrig-leer en ander toepaslike institusionele strategieë en regulatoriese voldoening binne die hoëronderrigsektor te verbeter.	Finaliseer en implementeer die onderrig- en leerstrategie (2015) en die ondersteunende Transformasie van Onderrig en Leer-projekplan (multijaarprojek).	Ontwikkel die onderrig- en leerstrategie uit die belangrikste bevindings oor kwaliteitsversekering van akademiese programme en lê dit op die Senaatsvergadering van Maart 2015 voor.	Gedeeltelik bereik	Die vyf of ses belangrikste aanbevelings wat geïdentifiseer is uit die Kwaliteitsverslag wat aan die Senaat voorgelê is op 2 September 2015, is verreken in ingrepe soos die Transformasie van Onderrig en Leer-projek. Die finalisering van die onderrig- en leerstrategie, asook die verdere ontwikkeling van die verstregeldeleer padkaart, is in die Transformasie van Onderrig en Leer-projek geïntegreer – soos in Oktober 2015 aan die Senaat gerapporteer. Die Senaat het nie die strategie goedgekeur nie en dit sal ná wysigings weer ingedien word.	Die Senaat het die onderrig- en leerstrategie bespreek soos voorsien, maar het verdere insette/wysigings versoek. Dit is gedoen en sal op 25 Mei 2016 by die Senaat dien.
			Ontwikkel 'n projekplan vir die Transformasie van Onderrig en Leer-projek ter ondersteuning van die strategie en dien dit in:	Gedeeltelik bereik	'n Projekhandves is deur die Projekbestuurskomitee opgestel.	Gedurende 2016 sal die Transformasie van Onderrig en Leer-projek dokumentasie tot gevolg hê wat die weg sal baan vir die transformasie van die NWU se onderrig en leer.
		Sit deelname voort aan die vereiste nasionale projek oor kwaliteitsverbetering.	Dien 'n Institusionele Kwaliteitsverbeteringsprojek- (KVP-) verslag in by die Raad op Hoër Onderwys (RHO).	Ja	Die NWU het ten volle deelgeneem aan al die RHO-werkswinkels oor die KVP, sowel as die vergaderings van die KVP-adjunk-visekanseliersforum. Vier taakspanne is gevorm om die Institusionele KVP-verslag op te stel vir indiening by die RHO in Desember 2015.	
		Moniteer en doen verslag oor vordering met graderingsuitsette en graderingsyfer-teikens soos goedgekeur deur die DHOO.	Kyk na Tabel C vir die teikens: Graderingsuitset en graderingsyfers	Ja	Kyk na Tabel C vir die werklike prestasie: Graderingsuitset en graderingsyfers	Die afwykings van die werklike graderingsuitset en graderingsyfers teenoor die teikens word in Tabel C verduidelik.

Tabel C: Graderingsuitset en graderingsyfers

GRADUERINGS-KOERS VAN VOORGRAADSE STUDENTE		KONTAK			AFSTAND			TOTAAL			GEPROJEKTEERDE GEMIDDELDE JAARLIKSE STYGING: 2012 - 2019	WERKLIKE GEMIDDELDE JAARLIKSE STYGING: 2014 -2015
		2014 WERKLIK	2015 TEIKEN	2015 WERKLIK	2014 WERKLIK	2015 TEIKEN	2015 WERKLIK	2014 WERKLIK	2015 TEIKEN	2015 WERKLIK		
Voorgaadse diplomas of sertifikate (1 en 2 jaar)	Getal koppe	685	735	754	7 187	8 003	6 620	7 872	8 738	7 374	-6%	-6%
	Gegradueerdes	199	92	146	3 177	3 113	2 858	3 376	3 205	3 004	-9%	-11%
	Graderingsyfer	29%	13%	19%	44%	39%	43%	43%	37%	41%		-5%
Voorgaadse diplomas of sertifikate (3 jaar)	Getal koppe	325	431	327	13 077	9 659	13 572	13 402	10 090	13 899	-11%	4%
	Gegradueerdes	87	41	73	1 787	1 702	2 321	1 874	1 743	2 394	-23%	28%
	Graderingsyfer	27%	10%	22%	14%	18%	17%	14%	17%	17%		23%
Algemene akademiese baccalaureus-grade (3 jaar)	Getal koppe	14 978	15 544	15 823	-	759	-	14 978	16 303	15 823	7%	6%
	Gegradueerdes	3 019	2 886	3 281	-	9	-	3 019	2 894	3 281	6%	9%
	Graderingsyfer	20%	19%	21%		1%		20%	18%	21%		3%
Professionele eerste baccalaureus-grade (3 jaar)	Getal koppe	2 360	3 689	2 176	158	124	217	2 518	3 813	2 393	14%	-5%
	Gegradueerdes	542	315	529	49	9	30	591	324	559	10%	-5%
	Graderingsyfer	23%	9%	24%	31%	7%	14%	23%	9%	23%		0%
Professionele eerste baccalaureusgrade (4 jaar en langer)	Getal koppe	10 366	9 873	10 576	599	351	395	10 965	10 224	10 971	5%	0%
	Gegradueerdes	1 849	1 572	2 082	166	68	147	2 015	1 640	2 229	3%	11%
	Graderingsyfer	18%	16%	20%	28%	19%	37%	18%	16%	20%		11%
Nagraadse diplomas	Getal koppe	1 952	2 653	1 766	15	488	10	1 967	3 141	1 776	19%	-10%
	Gegradueerdes	1 063	1 578	1 004	7	252	0	1 070	1 830	1 004	20%	-6%
	Graderingsyfer	54%	59%	57%	47%	52%	0%	54%	58%	57%		4%
Honneursgrade	Getal koppe	2 125	2 241	1 915	4 848	7 511	5 253	6 973	9 752	7 168	-13%	3%
	Gegradueerdes	1 628	1 485	1 339	764	1 178	823	2 392	2 662	2 162	-5%	-10%
	Graderingsyfer	77%	66%	70%	16%	16%	16%	34%	27%	30%		-12%
Meestersgrade	Getal koppe	2 903	2 917	3 006	16	176	17	2 919	3 093	3 023	3%	4%
	Gegradueerdes	744	698	740	2	34	2	746	732	742	3%	-1%
	Graderingsyfer	26%	24%	25%	13%	19%	12%	26%	24%	25%		-4%
Doktorsgrade	Getal koppe	1 301	1 035	1 407	40	130	41	1 341	1 165	1 448	2%	8%
	Gegradueerdes	164	136	216	7	22	6	171	158	222	3%	30%
	Graderingsyfer	13%	13%	15%	18%	17%	15%	13%	14%	15%		20%

Verduideliking vir afwykings van werklike graderingsuitset en graderingsyfers teenoor teikens

Die afwykings in die graderingsyfers per kwalifikasietipe moet verstaan word as 'n funksie van die fluktuasies in die werklike inskrywings per kwalifikasietipe en studiemodus, soos in detail verduidelik in die kommentaar oor die koppetellinginskrywings. Dus, byvoorbeeld: Die oorkoepelende graderingsyfer vir professionele eerste

driejaar-B-grade is 23%, teenoor die teikens van 9%. Dit is omdat die werklike koppetellinginskrywing 2 518 was, en nie 3 813 soos beplan nie. Verder was die werklike getal graduandi 591 en nie die beplande 324 nie. In kombinasie lei dit tot 'n graderingsyfer van 23% (591 / 2 518). Dieselfde beginsel geld vir al die graderingsyfers – die werklike syfers vergeleke met die beplande syfers sal wissel volgens die werklike getal koppetellingsinskrywings en die werklike getal graduandi.



A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesenliking Ja/Nee/ Gedeeltelik bereik	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van institusionele bestuur	G Afwykyngs/Uitdagings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
Aanstelbaarheid van graduandi	Ontwikkel en implementeer 'n aanstelbaarheidsstrategie om die loopbaanvoortgang van die NWU-graduandi te bevorder, deur middel van die artikulasie tussen onderrig- en leeraktiwiteite en die Loopbaan-sentrum.	Voer 'n opname oor graduandi se loopbaanbestemmings uit om tendense ten opsigte van aanstelbaarheid van onlangse graduandi te evalueer. Bepaal 'n persentasie van respondente wat nie van plan is om verder te studeer nie en aangestel word binne die eerste drie maande ná graduering.	Voer in 2015 'n opname oor graduandi se loopbaanbestemmings op al die kampusse uit en lê 'n verslag aan die IKOL-vergadering van September 2015 voor. Teiken: 80% van respondente wat nie van plan is om verder te studeer nie word aangestel binne die eerste drie maande ná graduering.	Gedeeltelik bereik	Die Loopbaansentrum het die opname oor graduandi se loopbaanbestemmings op al die kampusse gedoen en die finale verslag is in November 2015 aan die Forum vir Onderrig-Leer voorgelê. 2015 werklik: 60% van respondente wat nie van plan is om verder te studeer nie is aangestel binne die eerste drie maande ná graduering in 2015.	Die Loopbaansentrum moet beste praktyke ondersoek vir die verhoging van die responskoers van die opname oor graduandi se loopbaanbestemmings, wat gedetailleerde ontleding per kwalifikasie moontlik sal maak. Ons meet nog nie prestasie wat betref die bereiking van graduandi-eienskappe nie, en verdere navorsing is nodig om te bepaal wat 'n aanvaarbare indiensnemingskoers van gegradueerdes binne ses maande na voltooiing van hul studies is.

missie-element 3

Om ooreenkomstig nasionale prioriteite relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte voort te bring en te handhaaf, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.

Betroubaarste prestasieaanwysers om missie-element 3 te verwesenlik

Die volgende aanwysers is daarop gemik om te verseker dat die NWU steeds hoëvlaknavorsingskapasiteit bou om aan die navorsings- en kennisbehoefte van die land te voorsien deur middel van voortgesette toepaslike belegging in en uitbreiding van navorsings- en innovasieaktiwiteite op 'n hoë vlak, en die generering van bestendige derdegeldstroominkomste uit kommersialiseringsaktiwiteite.

A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesenliking Ja/Nee/ Gedeeltelik bereik	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van institusionele bestuur	G Afwykyngs/Uitdagings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
Navorsingspersoneelkapasiteit	Ontwikkel navorsingspersoneelkapasiteit.	Moniteer en doen verslag oor navorsingsuitsette	Kyk na Tabel D hieronder vir teikens: Navorsingsuitset in die sleutelkategorieë	Gedeeltelik bereik	Kyk na Tabel D hieronder vir werklike syfers: Navorsingsuitset in die sleutelkategorieë	Die afwykings van werklike navorsingsuitset teenoor teikens word in Tabel D hieronder verduidelik.

Tabel D: Navorsingsuitset in die sleutelkategorieë

NAVORSINGSUITSETTE	2013 WERKLIK	2014 TEIKEN	2014 WERKLIK	GEPROJekteerde GEMIDDELDE JAARLIKSE STYGING: 2012 - 2019	WERKLIKE GEMIDDELDE JAARLIKSE STYGING: 2013 - 2014
Artikelekwivalente	1 009,68	900,42	980,16	-	-3%
Konferensieverrigtinge-publikasies	119,98	104,70	108,42	-	-10%
Boeke	39,88	41,88	38,90	-	-2%
Totale artikelekwivalente gepubliseer	1 169,54	1 046,54	1 127,48	11,5%	-4%
Getal NNS-gegradeerde navorsers	171	-	*182	-	6%
Meestersgrade toegeken	781	671	746	3.2%	-4%
Navorsingsmeestersgrade	506	403	506	2.1%	0%
Navorsingsmeestersgrade, geweeg	506	403	506	2.1%	0%
Doktorsgrade toegeken	168	150	171	4.3%	2%
Doktorsgrade, geweeg	504	450	513	-	2%
Totale geweegde navorsingsuitsette	2 179	1 900	2 146	7,9%	-2%
Postdoktorale genote	140	-	164	-	17%
Publikasie-eenhede per permanente akademiese personeellid	91%	79%	84%	4%	-7%

*Inligting vanaf die NNS soos op 5 Mei 2015

Verduideliking vir afwykings van werklike navorsingsuitsette teenoor teikens

Die navorsingsuitsette vir 2014 is deur die DHOO goedgekeur en dit is geouditeer. Die syfers vir die 2015-navorsingsuitsette word nie hier gerapporteer nie, omdat die voorlegging op 15 Mei 2016 aan die DHOO gemaak word en ná daardie datum kan verander.

Die werklike 2014-navorsingsuitsette was konsekwent beter as die 2014-teikens, wat, agterna beskou, te laag gestel was. Die laer teikens is gebaseer op 'n aantal jare se hoë uitset en, gegewe die soms sikliese effek van PhD- en meestersgraaduitsette, het ons gedink dat die bereiking van nog 'n jaar se groei waarskynlik nie bereik sou word nie. Die getal werklike 2013-eenhede vergeleke met werklike 2014-eenhede dui op 'n baie klein verskil in boeke sowel as

publikasies van konferensieverrigtinge, maar 'n merkbare afname in vaktydskrifte. 'n Verduideliking van hierdie afname is die verwydering van die Mediterranean Journal of Social Sciences (MJSS) van die DHOO-goedgekeurde lys te die middel van 2014. In 2014 het 108,42 eenhede reeds in die MJSS verskyn voordat dit verwyder is. Indien die 108,42 eenhede by die 980,16 werklike eenhede gevoeg sou word, sou die totaal op 1 088,58 te staan kom, wat 'n toename sou wees vergeleke met die 1009,68 wat in 2013 ontvang is. Die NWU plaas 'n hoë premie daarop om navorsings-aktiwiteite op alle vlakke te stimuleer. Die NWU het sy tendens van 'n styging in die getal postdoktorale genote voortgesit, soos in Tabel D aangedui word. Die bestuurstelsel vir postdoktorale genote is verbeter tot op die punt waar dit nou vir ons moontlik is om spesifieke teikens vir elke kampus en fakulteit te stel.

A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesening	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lede van institusionele bestuur	G Afwykings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
Navorsings-befondsing	Optimeer navorsings-befondsing	Moniteer toekenningsfondse doeltreffend.	Konsekwente of verhoogde befondsing van die Nasionale Navorsingstigting (NNS).	Gedeeltelik bereik	Kyk na Tabel E hieronder vir resultate: Ontleding van NNS-toekennings	Kyk na die verduideliking vir die afwykings van 2014 tot 2015 vir die NNS-toekennings hieronder in Tabel E.

Tabel E: Vergelykende statistiek vir NNS-toekennings

ITEM	2014	2015	Afwyking
Vrystaande beurse	R16 384 711.00	R16 309 215.00	Nuwe beheermaatreëls is ingestel om te verseker dat studente regdeur die jaar van befondsing by beursvoorwaardes hou. Dit het daartoe gelei dat sommige beurse in 2015 gekanselleer is omdat studente nie die voorwaardes van hul beurse nagekom het nie. Dit het van 2014 tot 2015 tot 'n afname in die bedrag aan vrystaande beurse gelei.
Bloktoekennings-beurse	R3 820 000.00	R4 010 000.00	Die bloktoekenningsbrief(-briewe) (innovasie, skaars vaardighede, vrystaande) word van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang met aanduiding van die bedrae wat vir elke bloktoekenning gemaak word en die getal beurse om toe te ken. Me Heide Goedhals skep 'n uitnodiging vir honneursbloktoekenning-aansoeke wat deur die hele instelling versprei word (via eFundi en navorsingsdirekteure). Studente doen aansoek en hul aansoeke word gerangorden volgens hul punte (oor die algemeen 'n 65%-vereiste vir 'n bloktoekenning). In 2015 het prof Lucas Venter (navorsingsdirekteur), me Buyi Ntaka (navorsingsondersteuning-koördineerder van befondsing) en me Heide Goedhals (senior administratiewe beampte) die bloktoekenning-beurstoewysings gedoen ooreenkomstig die kwalifiseringskriteria (puntevereiste en indiensnemingsgelykheidsteikens) wat deur die NNS uiteengesit word. Uitkomstige is aan al die aansoekers gekommunikeer en me Heide Goedhals hanteer die studentnominasies (studente word geïdentifiseer om die beurse te ontvang op grond van die kwalifiseringskriteria) op die NNS se aanlyn indieningstelsel. Die NNS doen die goedkeurings/afkeurings van nominasies. Vir goedgekeurde nominasies sal fondse aan die instelling vrygestel word vir betaling via die Finansiesgroep in die Kantoor vir Navorsingsondersteuning. Die toename in befondsing in 2015 vergeleke met 2014 kan die gevolg wees van een van die volgende: <ul style="list-style-type: none"> Die NNS het meer befondsing om bloktoekennings te maak, of Indien die opneem van die 2014-toekennings goed was, kan die NNS aan 'n instansie meer fondse toewys
NNS-postdoktorale toekennings	R3 845 107.00	R3 432 950.85	Die NWU beoog om meer NNS- postdoktorale toekennings te hê, maar die NWU kan slegs nominasies maak as die NNS 'n uitnodiging vir postdoktorale toekennings gerig het. Die NNS maak toekennings volgens die beskikbaarheid van fondse, wat beteken die NWU het geen beheer oor hoeveel toekennings die NNS sal maak nie. Minder toekennings is in 2015 ontvang.
Leerstoel	R9 770 515.07	R10 868 053.14	Die verhoging in befondsing wat leerstoel van die NNS ontvang, is afhanklik van inflasie sowel as van die beskikbaarheid van die NNS-fondse. Die NNS administreer hierdie proses en die NWU het geen beheer oor die bedrag wat ontvang word nie.
Navorsing-toekennings	R27 725 937.75	R26 623 948.98	Navorsers (opkomend en gevestig) reageer op uitnodigings wat die NNS op 'n jaarlikse grondslag rig. Uitnodigings word deur Me Buyi Ntaka deur die hele instelling versprei via die navorsingsdirekteure en dekane en op die Kantoor vir Navorsingsondersteuning se webblad geplaas (me Christelle de Beer). Aansoeke wat op die NNS se aanlyn indieningstelsel ingedien is, word deur die instelling nagegaan (Befondsingsagentskapgroep in die Kantoor vir Navorsingsondersteuning) en goedgekeurde aansoeke word by die NNS vir verdere oorsig ingedien. Die NNS maak toekennings aan navorsers en stuur toekenningsbriewe en toekenningsvoorwaardes uit, wat die navorsers en inrigting moet teken. Ondertekende toekenningsvoorwaardes word aan die NNS teruggestuur en fondse word beskikbaar gestel aan die inrigting vir betaling via die Finansiesgroep in die Kantoor vir Navorsingsondersteuning. Gegradeerde navorsers het toegeneem vanaf 2014. Volgens die jaarlikse navorsingsverslag vir 2014 daar was 190 gegradeerde NWU-wetenskaplikes en aan die einde van 2015 was daar 205 (NNS-lys van gegradeerde navorsers). Dit is vanselfsprekend dat indien die sukseskoers van ons aansoeke toeneem, dit daartoe kan lei dat die instelling se navorsingsbefondsing ook toeneem.
SUBTOTAAL	R61 546 270.82	R64 244 167.97	
THRIIP	R39 100 321.51	R39 711 056.92	Die toename in die bedrag van 2014 tot 2015 is te wyte aan 'n styging in die getal toekennings wat gemaak is van 66 tot 69.
NNS-totaal	R100 646 592.33	R103 955 224.89	

missie-element 4

Implementeer ons kundigheid in onderrig-leer en navorsing, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig, tot voordeel van die provinsie, die land, die Suider-Afrikaanse streek, die vasteland en uiteindelik die wêreld.

Betroubaarste prestasieaanwysers om missie-element 4 te verwesenlik

Die volgende aanwysers word as betroubaar beskou vir meting van die NWU se voortgesette verbintenis daartoe om 'n beduidende impak te maak deur ons gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite, sowel as om die impak te meet van die inisiatiewe en prosesse wat in 2015 van stapel gestuur is. Hierdie inisiatiewe en prosesse is die voertuig vir die toepassing van die universiteit se kundigheid op die gebiede van onderrig-leer en navorsing wat relevant is vir die gemeenskappe binne die universiteit se gemeenskapsbetrokkenheidsvoetspoor.

A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesenliking Ja/Nee/ Gedeeltelik bereik	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van institusionele bestuur	G Afwygings/Uitdagings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
Gemeenskapsbetrokkenheid	Brei gemeenskapsbetrokkenheid by die NWU uit om NWU se passie en kundigheid met gemeenskappe te deel sodat groter voordele vir die gemeenskap geskep word, en bou robuuste maatskaplike kapitaal.	Sien toe dat die verhouding van eksterne fondse tot eie fondse in die NWU se Gemeenskapsontwikkelingstrust (GOT) met minstens 10% groei, en die NWU se SOT met minstens 10% bo jaarlikse inflasie.	Soek na nuwe KMB-vennootskappe en toepaslike regering-MVV's en/of MVO's om hierdie proses te fasiliteer en doen teen Oktober verslag aan die institusionele bestuur.	Gedeeltelik bereik	Kyk onder.	Kyk onder.

Ter voorbereiding vir 'n meer eksterne fokus vanaf 2016 het ons die eerste stappe gedoen om groter privaatsektordeelname aan die NWU se Gemeenskapsontwikkelingstrust aan te moedig. Die trustees het een maal gedurende die jaar vergader, in Oktober 2015.

Die Kantoor vir Gemeenskapsbetrokkenheid het ook begin om nuwe vennootskappe in korporatiewe maatskaplike belegging (KMB) met die private sektor en die regering te ondersoek.

Maatskaplike entrepreneurskap is 'n belangrike deel van ons gemeenskapsbetrokkenheidsstrategie, want dit span die sakevernuf van entrepreneurs in om maatskaplike uitdagings die hoof te bied, van gesondheid tot onderwys en behuising. In November 2015 het ons twee nuwe maatskaplike entrepreneurs, mnr Matlapeng Pogiso Michael en mnr Jacob Makgale geïdentifiseer. Hulle vergader maandeliks met die Direktooraat vir Gemeenskapsbetrokkenheid.

Ons het nie die doelwit bereik om eksterne befondsing vir die NWU GOT met minstens 10% te verhoog nie. Die redes is dat die navorsingsprojekte wat as moontlike bronne van inkomste geïdentifiseer is as gevolg van kapasiteitsbeperkings en die lang etiekklaringsproses vertraag is. Daar is twee sulke projekte, een vir Impala en die ander vir die Tlokwe-Potchefstroom-sakekamer.


Indien hierdie projekte voortgegaan het, sou hulle 'n geraamde R500 000 bygedra het, met die uitsondering van toekomstige inkomste uit publikasies.


Die Impalaprojek kon nie in 2015 voltooi word nie, want dr Hendri Coetzee is van Junie 2015 af geskondeer om die Potchefstroomse kampus te help, in wese om prof M Lowes te vervang, wat opgetree het as direkteur van gemeenskapsbetrokkenheid. Die sakekamerprojek is ook deur die sekondering beïnvloed. Verder het die voorsitter van die sakekamer in 2015 verander, wat tot vertraging in die afhandeling van die projek bygedra het. Hierdie studie, wat gekoppel is aan 'n impakstudie en goedgekeur is deur die wetenskaplike en etiekkomitees by die NWU, sal slegs in 2016 'n aanvang neem.


Gegewe die moeilike ekonomiese toestande is daar 'n besliste tendens onder baie nywerhede en maatskappye om op hul KMB-besteding te besnoei, of hulle doen interne projekte.


Nietemin het die NWU se Kantoor vir Gemeenskapsbetrokkenheid voortgegaan om verhoudings met die sakewêreld en die nywerheid te bou, en het hulle 'n aantal KMB-geleenthede bygewoon, waaronder die Secolo KMB-forum, die Beyond Painting Classrooms-ontbyt, die National Builder-ontbyt en die Volkswagen KMB-geleentheid.

A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesen-liking Ja/Nee/ Gedeeltelik bereik	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van instusionele bestuur	G Afwygings/Uitdagings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
Belyn kommersialisering en gemeenskapsbetrokkenheid met kernaktiwiteite	Belyn op holistiese wyse kommersialisering en maatskaplike betrokkenheidsaktiwiteite met kernaktiwiteite.	Konseptualiseer, beplan en implementeer teen Februarie 2015 'n gefokusde ingreep ten opsigte van omgewingskwessies. Verseker belyning van hierdie inisiatief met implementering van kundigheid om die sogenaamde driedubbele wimgrens by alle aktiwiteite in te sluit.	Werk saam met die adjunk-visekanselier vir onderrig-leer en instusionele strukture om implementering en belyning met kampusplanne vir gemeenskapsbetrokkenheid te verseker.	Gedeeltelik bereik	Kyk onder.	Kyk onder.

Die NWU se kommersialiseringstrategieë ondersteun steeds en is belyn met ons maatskaplikebetrokkenheidsaktiwiteite, en dra ook sterk tot die universiteit se kernaktiwiteite by. Die beginsel van die integrasie van gemeenskapsbetrokkenheid in die kernbesigheid is op 13 April 2015 breedvoerig op 'n gemeenskapsbetrokkenheidindaba bespreek en aanvaar. Drie strukture vir gemeenskapsbetrokkenheid is tot stand gebring op die Potchefstroomkampus, waar die gemeenskapsbetrokkenheidspan gereeld met die rektor en viserektore vergader. 

Vir die doeleindes van normbepaling het die gemeenskapsbetrokkenheidkantoor in Mei 2015 'n verteenwoordiger gestuur om 'n indiensleer-konferensie in Indianapolis in die Verenigde State by te woon. Daarna, in Julie 2015, is 'n strategiewerkswinkel vir alle afdelings binne die Navorsings- en Innovasieportefeulje gehou. 

Samewerking met die Kantoor vir Innovasie het plaasgevind deur gesamentlike maandelikse vergaderings met alle direkteure vir navorsing, innovasie en gemeenskapsbetrokkenheid en inligtingstegnologie. Voorbeelde van samewerking het die betrokkenheid ingesluit van Mosaic, 'n nuwingsgewende organisasie wat by die NWU geaffilieer is, by die Innovation Highway-projek en die betrokkenheid van me Santa Scheepers by die Elektriese Voertuig-projek saam met Ingenieurswese. 

Ons is ook besig om ons perspektief te verbreed deur te mik na streeksontwikkeling in teenstelling met slegs instusionele ontwikkeling. Met dit in gedagte, is ons op soek na eksterne befondsing vir gebruik by meer as navorsing en kommersialisering (soos die verkryging van fondse om 'n plaaslike innovasiekantoor te ondersteun). 

Die ontwikkeling van die databasis en die insameling van projekdata was nog 'n prioriteit vir 2015.



missie-element 5

Posisioneer die NWU in die sektor as verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansiële lewensvatbare en innoverende instelling, met sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker.

Betroubaarste prestasieaanwysers om missie-element 5 te verwesenlik

Die volgende aanwysers is bedoel om 'n oorsig van die doeltreffendheid van die beleide, stelsels en prosesse ter ondersteuning van die kernbesigheid gedurende die oorsigjaar te voorsien.

A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesenliking Ja/Nee/ Gedeeltelik bereik	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van institusionele bestuur	G Afwykyngs/Uitdagings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
Finansiële lewensvatbaarheid en volhoubaarheid	Handhaaf die finansiële verhoudings soos goedgekeur gedurende die 2105-begrotingsproses	Aangesien die begroting gevorm word deur die realistiese projeksie van inkomste, wat beteken uitgawes wat "bekostig" kan word, is die sleutelbronne van inkomste en hoofuitgawekategorieë die fokuspunten in die begrotingsproses, en sal dit die aanwysers wees wat die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van die instelling weerspieël.	Inkomsteverhoudings (kontantvloeigrondslag) Subsidie as persentasie van totale inkomste. NWU-teiken = 400% Begroting 2015 = 39,2% Onderrig as persentasie van totale inkomste NWU-teiken = 30,0% Begroting 2015 = 34,9% Ander as persentasie van totale inkomste. NWU-teiken = 30,0% Begroting 2015 = 25,9% Uitgawe-verhoudings (kontantvloeigrondslag) Personeelkoste as persentasie van totale inkomste NWU-teiken = 50% - 52% Begroting 2015 = 52,3% Bedryfskoste as persentasie van totale inkomste NWU-teiken = 43% - 45% Begroting 2015 = 40,9% Kapitaalkoste as persentasie van totale inkomste NWU-teiken = 4% - 5% Begroting 2015 = 6,8%	Gedeeltelik bereik	Inkomsteverhoudings (kontantvloeigrondslag) Subsidie as persentasie van totale inkomste. Werklik 2015 = 38,5% Onderrig as persentasie van totale inkomste Werklik 2015 = 33,0% Ander as persentasie van totale inkomste. Werklik 2015 = 28,5% Uitgawe-verhoudings (kontantvloeigrondslag) Personeelkoste as persentasie van totale inkomste Werklik 2015 = 48,9% Bedryfskoste as persentasie van totale inkomste Werklik 2015 = 41,1% Kapitaalkoste as persentasie van totale inkomste Werklik 2015 = 4,1%	Kyk asseblief na die verduideliking vir afwykings van werklike finansiële syfers teenoor teikens hieronder.

Verduideliking vir afwykings van werklike syfers vir finansies (inkomste en uitgawes) teenoor teikens

Die feit dat die totale werklike inkomste meer as die begrote inkomste was, het 'n invloed op die omsetmengsel. Hoewel die werklike subsidie wat ontvang is groter was as die begrote subsidie, was subsidie as 'n persentasie van totale inkomste laer as wat begroot is as gevolg van die hoër totale werklike inkomste. As 'n persentasie van totale inkomste, was die werklike klasgeldinkomste laer as die begrote persentasie, as gevolg van die laer as begrote werklike klasgeldinkomste. Die werklike ander inkomste as 'n persentasie van totale inkomste is hoër as die begrote persentasie as gevolg van die hoër werklike ander inkomste.

Die werklike personeelkoste as 'n persentasie van totale inkomste is laer as die begrote persentasie. Dit is die gevolg van die laer werklike personeelkoste, hoofsaaklik vanweë



besparings op vakante poste, asook die hoër werklike totale inkomste.

Die werklike bedryfskoste as 'n persentasie van die totale inkomste is hoër as die begrote persentasie. Dit is die gevolg van uitgawes wat aangegaan is en wat direk verband hou met die bykomende ander inkomste wat gegenerer is. Aangesien die bedryfsbegroting wat nie in 'n spesifieke jaar bestee is nie na die volgende jaar oorgedra word, kan van die werklike bedryfskostebesteding moontlik ook besteding teen reserves wees en nie besteding teen begroting nie. Dit kan ook 'n invloed op die werklike bedryfskosteverhouding hê.

Die werklike kapitaalkoste is laer as die begrote koste, hoofsaaklik weens onderbesteding aan bou-uitgawes en gespesialiseerde toerusting. Die hoër werklike inkomste het ook 'n invloed op die werklike kapitaalkosteverhouding.



QUICKLINKS

A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesening Ja/Nee/ Gedeeltelik bereik	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van institusionele bestuur	G Afwygings/Uitdagings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
<p>Betrek van belanghebbers (webgebaseer)</p>	<p>Ontwikkel 'n geïntegreerde aanlyn belanghebbertebetrokkenheids-raamwerk wat met die NWU-handelsmerkstrategie, kommunikasieplanne, kampusbedryfsplanne en departementele planne bely is, met inkorporering van toepaslike platforms soos die NWU-webwerf, selfoontoepassings, sosiale media en ander aanlyngebruikerstegnologie wat in aanlyn kommunikasie en bemarking gebruik word.</p>	<p>Verbeter die NWU se multibladwebwerf om aandag te gee aan toepaslike interne en eksterne belanghebbers, met die fokus op die NWU se kernbesigheid.</p> <p>Inisieer 'n projek om die webbladtema en korporatiewe tuisblad te hersien en die voorkoms en gevoel te verbeter (om meer op gelyke voet met globale tendense te wees) en om gebruikerservaring te verbeter (meer visueel, makliker navigasie).</p>	<p>Begin met die proses om die webwerf te hersien en verkry goedkeuring van die Handelsmerk-, Bemarking- en Kommunikasie-komitee.</p> <p>Om die Webometrics-resultaat te verbeter en om te verbeter op die hoeveelheid besoeke aan die webtuiste volgens Google Analytics.</p>	<p>Ja</p>	<p>Die nuwe voorkoms is formeel op 11 September 2015 op 'n vergadering van die Handelsmerk-, Bemarking- en Kommunikasie- (HBK-) komitee goedgekeur.</p>  <p>Webometrics-resultate (webrangordening van universiteite-http://www.webometrics.info/en):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Januarie 2015: Wêreldrangorde 1 474, Afrika-rangorde 18, SA-rangorde 10 • Januarie 2016: Wêreldrangorde 1 332 (verbeter met 142 plekke), Afrika-rangorde 12 (verbeter met ses plekke), SA-rangorde 9 (verbeter met een plek), hoogste rangorde ooit. • Aansoekblad het 24 451 besoeke in Januarie 2015 gehad, en 89 618 besoeke in Januarie 2016, waarskynlik as gevolg van 'n meer prominente plasing van die skakel op die nuwe tuisblad. Dit is 'n totale groei in bladsybesoeke van 143,05%. • Die Afrikaanse weergawe van die bladsy, Aansoek, het van 7 744 bladsybesoeke in Januarie 2015 tot 23 730 in Januarie 2016 toegeneem (groei koers van 206,43%). 	
		<p>Ontwikkel en formuleer 'n aanlyn sosiale media-strategie aangesien dit 'n belangrike bemarkings- en kommunikasie-platform is.</p>	<p>Ontwerp en ontwikkel 'n sosiale media-beleid en bestepraktikdokument vir goedkeuring deur die Raad.</p>	<p>Gedeeltelik bereik</p>	<p>Die eerste konsep van die sosiale media-beleid en bestepraktikdokument is in 2015 geskryf en op die vergadering van 22 April 2016 vir insette by die Handelsmerk-, Bemarking- en Kommunikasie- (HMK-) komitee ingedien.</p>  <p>As dit eers goedgekeur is, sal dit by die institusionele bestuur en by die Raadsvergadering in September 2016 ter tafel gelê word.</p>	

A Onderwerp	B Doelstelling	C Toepaslike prestasie-aanwyser	D Toepaslike teiken	E Omvang van verwesenliking Ja/Nee/ Gedeeltelik bereik	F Werklike syfers soos ingedien deur verantwoordelike lid van institusionele bestuur	G Afwygings/ Uitdagings (verduideliking deur verantwoordelike eienaar)
Infrastruktuur/fasiliteite	Ontwikkel en implementeer 'n Strategiese Infrastruktuurplan (SIP) waarin die volgende verreken is: die inskrywingsplan, navorsingsplan, ondersteuningsfunksieplanne en die onderskeie oudits (instandhoudingsoudit, gestremtheidoudit, die BGV- en risikooudit) en standarde (omgewings-, volhoubaarheids- en interne tegniese standarde).	Stel 'n SIP op en dien dit vroeg in 2015 by die DHOO in, soos vereis. Ontwikkel en koördineer jaarlikse infrastruktuur-makro-instandhoudingsplanne en nuwe kapitaalprojekplanne volgens die begroting. Voer jaarlikse infrastruktuurplan uit, soos goedgekeur deur die Raad, deur die monitering van die werklike resultate teenoor die begroting. Moniteer en doen verslag deur die operasionele moniteringsvergaderings oor die tekorte, risiko's en omvangsveranderinge.	Stel die SIP op en dien dit in Augustus 2014 by die DHOO in.	Ja	Die plan is in Augustus 2014 ingedien. Fisiese Infrastruktuur en Beplanning hou en doen bywerkings van die lyste van kapitaal- en makro-instandhoudingsprojekte en lê dit twee keer per jaar aan die Batekomitee van die Raad voor. Werklike uitgawes per kategorie: Kapitaal R4,041m Makro-instandhouding R28,137m Geringe gebouwerke R1,361m Infrastruktuurtoekenning R248,2m Operasionele projekportefeulje-moniteringsvergaderings is op tweeweeklikse grondslag gehou. Maandelikse vorderingsvergaderings is per projek gehou.	Die begrotingsafwyking kan soos volg toegelig word: Nie alle projekte wat in 2015 goedgekeur is, kon in 2015 voltooi word nie weens skedulering, grootte van die projek, interne hulpbronne, ensovoorts. Talle projekte is steeds aan die gang. Die vordering met individuele projekte word twee keer per jaar aan die Batekomitee van die Raad gerapporteer.



PROF ND KGWADI
VISEKANSELIER



ADV DR TJ KRUGER, SC
VOORSITTER VAN DIE RAAD

164

postdoktorale genote
2014

bevorder toegang:

43

verlengde programme
aangebied en

2 958

studente in
grondslagprogramme



13 415


studente vir nagraadse
programme ingeskryf

182

NNS-gegradeerde
navorsers in 2014

730

permanente akademiese
personeellede met PhD's



verslag van die VISEKANSELIER oor bestuur en administrasie

Prof Dan Kgwadi



belangrikste bestuurs- en administratiewe prestasies gemeet aan die hand van planne, doelwitte en doelstellings vir 2015

Ons Jaarlikse Prestasieplan is die kompas wat ons tydens die oorsigtydperk gelei het. Regdeur hierdie jaarverslag sal jy verwysings vind na die missie-elemente en die doelwitte wat in hierdie plan gestel word. Hierdie doelwitte is gekoppel aan inligting oor hoe ons teenoor hierdie doelwitte presteer het, asook die uitdagings, risiko's, die behoeftes van ons belanghebbers, toekomsvooruitsigte en volhoubaarheid wat hierop betrekking het.

Sommige van die missie-elemente vertel die verhaal van ons kernbesigheid, terwyl ander toon hoe ons hierdie kernaktiwiteite deur middel van ons bestuurs- en administratiewe funksies ondersteun. Meer inligting oor hierdie aktiwiteite kan in ons prestasiebeoordelingsverslag en in die afdeling oor ons kapitaalvorme gevind word.

Prestasiebeoordelingsverslag	Ons prestasie teen ons kapitaalvorme
Toegang Raadpleeg p72 vir meer inligting oor akademiese steunaktiwiteite, byvoorbeeld die ontwikkeling van 'n konsepraamwerk vir studentetoegang, -behoud en -sukses, en die opstel van 'n verslag oor die hersiening van toegang.	 p112, p132, p151
Gelykheid Jy kan op p74 meer oor ons bestuurs- en administratiewe aktiwiteite ten opsigte van ons gelykheidsprofiel lees.	 p139
Regstelling Op p75 verduidelik ons hoe ons wanbalanse hanteer het deur bestep praktyk-beginsels vir verkrygingsbestuur en breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging te benut.	 p115, p146, p152
Kwaliteit van onderrig-leer Vir meer inligting oor onder andere die finalisering van ons strategie vir onderrig en leer, die padkaart vir vervlegde leer en ons kwaliteitverbeteringsaktiwiteite, raadpleeg p76.	 p95, p114
Aanstelbaarheid van graduandi Op p78 verskyn meer inligting oor die opname oor beroepsbestemmings van graduandi wat ons gedoen het.	 p101
Verbetering van navorsingspersoneelkapasiteit Blaai na p78 om te lees oor die navorsingsuitsette wat uit ons kapasiteitsbouaktiwiteite vir navorsingspersoneel voortvloei.	 p107
Navorsingsbefondsing Vir inligting oor die navorsingsbefondsing wat ons van die Nasionale Navorsingstigting ontvang het, raadpleeg p79.	 p109
Gemeenskapsbetrokkenheid Op p80 is daar meer inligting oor ons gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite en die NWU se Gemeenskapsontwikkelingstrust.	 p126
Belyning van kommersialiserings- en gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite met ons kernbesigheid Blaai na p81 om te lees oor pogings om hierdie aktiwiteite met ons kernbesigheidsaktiwiteite te belyn.	 p127
Finansiële lewensvatbaarheid en volhoubaarheid Vir meer inligting oor ons inkomste- en uitgawe-verhoudings, raadpleeg p82.	 p157-163
Betrek van belanghebbers (webgebaseer) Op p83 kan jy meer lees oor die verdere ontwikkeling van die NWU-webwerf ter ondersteuning van ons kernbesigheid.	 p122
Infrastruktuur/fasiliteite Vir inligting oor die begroting vir ons infrastruktuuraktiwiteite, blaai na p84.	 p147

Een van die grootste bestuurs- en administratiewe prestasies van 2015 was die implementering en afhandeling van die strategieherieningsproses. Dit het ingesluit aktiwiteite soos die opstel van die nuwe strategie en die verdere ontwikkeling daarvan deur werkswinkels en konsultasiesessies met belanghebbers. Hierdie reuseonderneming het daartoe gelei dat die Raad die nuwe strategie tydens hul vergadering op 20 November 2015 goedgekeur het.

bestuurs-/administratiewe aspekte van die bedrywighe van die instelling – waaronder nuwe senior aanstellings

Bestuurs- en administratiewe aspekte

Inligting oor die bestuurs- en administratiewe aspekte van die bedrywighe van die NWU kan gevind word in die prestasiebeoordelingsverslag (p72) en in die afdeling oor hoe ons teen ons kapitaalvorme presteer het (p94-p155).

Senior aanstellings

Terwyl die nuwe NWU-strategie en -struktuur ontwikkel is, is 'n moratorium op alle seniorbestuursaanstellings geplaas. 'n Paar tussentydse aanstellings is egter gemaak nadat drie senior bestuurslede bedank het om ander loopbaanpaaie te volg. Vir meer inligting, kyk op p39 in die voorsitter van die Raad se verslag onder die opskrif: Geleentheid.

Die vakante poste van die uitvoerende direkteur vir mense en kultuur en vir institusionele bevordering sal in 2016 volgens die goedgekeurde struktuur gevul word.

prestasies van die administratiewe strukture en hulpbronne, geëvalueer aan die hand van realistiese verwagtinge

Inligting oor hoe ons ons groot verskeidenheid administratiewe strukture en hulpbronne by die NWU gebruik het om ons kernbesigheid te ondersteun, verskyn in die afdeling oor hoe ons teen ons kapitaalvorme presteer het (p94-p155).

toereikendheid van personeelvlakke, veral op die kritieke gebiede

Personeelvlakke was oor die algemeen voldoende. Uitdagings is op die Mafikengkampus ervaar as gevolg van die probleme met die werwing van personeel wat bereid is om hulle in Mahikeng te hervestig, waar daar 'n tekort aan geskikte behuising en ontspanningsgeriewe is. Ons het begin met die ontwikkeling van 'n beleid oor skaars vaardighede wat, wanneer dit geïmplementeer word, vaardigheidstekorte op kritieke gebiede behoort te verlig. Die uitdaging bly egter om finansiële lewensvatbaarheid ten opsigte van personeelvergoeding op die lang termyn te handhaaf.

mate waarin billikheidsteikens in die werkplek gehaal is

Aangesien die bereiking van billikheidsteikens nie bevredigend was nie, het ons 'n projek begin om 'n nuwe indiensnemingsgelykheidsplan saam te stel. Die implementering van die plan, wat die beleid oor die bestuur van indiensnemingsgelykheidsdoelwitte en verwante projekte insluit, sal in 2016 begin en sal doeltreffend bestuur word. Meer inligting oor ons billikheidsteikens is beskikbaar in ons prestasiebeoordelingsverslag op p72 en in die gedeelte oor ons mensekapitaal op p130.

die kwaliteit van inligting wat aan bestuur beskikbaar is en die administratiewe proses wat betrokke is

Inligtingsbestuur is in die risikoregister van die NWU as 'n hoërisikogebied geïdentifiseer. In 2015 is die volgende verligtingstappe en -strategieë onderneem:

- Deurlopende bewusmaking as gevolg van 'n klaarblyklike gebrek aan data-integriteit wat deur die gebrek aan duidelike sakereëls veroorsaak word, ontvang voortdurend aandag.
- Meer as 300 kwaliteitkontroles is uitgevoer op die data wat in Bestuursinligtingstelsels (BIS) se datapakhuis gestoor word.
- Die besluit deur die institusionele bestuur dat alle prestasiedata van nou af slegs deur BIS verskaf mag word sal ons pogings bevorder om aan gebruikers inligting te verskaf wat op 'n "enkele punt van waarheid" gebaseer is.
- Alle NWU-data word jaarliks aan die hand van streng auditbeginsels geauditteer.
- 'n Doelgerigte poging is aangewend om gestandaardiseerde inligtingspakette in ooreenstemming met hul behoeftes aan kliënte te verskaf.
- Bewysbare vordering is gemaak met die standaardisering van prosesse en steunstelsels wat met die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI) verband hou.
- Die Rekordbestuursbeleid en Lêerbestuursplan speel 'n belangrike rol in die standaardisering van rekordbestuur aan die NWU.
- Formele beleide, prosedures en prosesse is bygewerk om die implementering van die Quali Financial System (KFS) te fasiliteer. Skeiding van pligte en goedkeuringsvlakke is ook hersien. KFS het 'n geoutomatiseerde werksvloiefunksie en alle dokumentasie word elektronies gehou.
- 'n Konsep-inligtingsbestuursraamwerk is ontwikkel en op 'n vergadering van rolspelers bespreek. Insette is gelewer. 'n Opvolgesprek is vir Junie 2016 geskeduleer. Daar word voorsien dat die Inligtingbestuursraamwerk in September 2016 gereed sal wees vir goedkeuring deur die Raad.
- Die Jaarlikse Prestasieplan handel met die Inligtingbestuursraamwerk as een van sy doelwitte.
- Oudits word op die SHARE-rekordbestuurswebwerf gedoen om die oplaai van rekords te bepaal. Opvolgoudits sal onderneem word.

- Betroubare korporatiewe rekords


In 2015 het die Rekordbestuursafdeling voortgegaan om 'n rekordbestuursprogram te implementeer ten einde die kwaliteit, betroubaarheid en akkuraatheid van die NWU se korporatiewe se rekords te verbeter.

Formele rekordbestuursopleiding en hulp aan NWU-personeel is regdeur die jaar verskaf.


Veilige fisiese bewaarplek vir rekords is verskaf deur middel van 'n bewaringsfasiliteitmaatskappy weg van die perseel af. Verskeie afdelings het gevolglik rekords na hierdie plek oorgedra, wat dit vir hulle moontlik maak om hul kantooruimte beter te benut en te verseker dat die wegdoeningsreëls streng nagekom word.

Die lêerplan is hersien en sekere reekse lêers is bygewerk om die rekords wat in besigheidsprosesse geproduseer is, te weerspieël.

- Hoewel redelike vordering gemaak is met die formulering van 'n raamwerk vir die korporatiewe bestuur van inligting is die werk nog nie afgehandel nie en het dit dringend gefokusde aandag nodig.

- Rekordbestuursverantwoordelikhede is by die prestasieooreenkomste van meer as 300 administratiewe personeellede gevoeg. Dit het die doeltreffendheid en effektiwiteit van rekordbestuur aan die NWU verbeter. 


- Instandhouding van argiewe en museums


Die Argief streef voortdurend daarna om die gesamentlike geheue van die NWU en sy studente te bewaar. 

- Beleidsbestuur

'n Beleidsontwikkelings- en hersieningsproses is daargestel om optimale belanghebbersinsette in ooreenstemming met 'n beleidshersieningskedule te verseker. Die stroomlyning van die beleidsontwikkelings- en hersieningsproses het beduidende waarde toegevoeg deurdat dit verseker het dat die NWU ten volle op die hoogte van beleidsontwikkelings is.

- Bestuursinligtingstelsels (BIS)

In 2015 het die BIS-afdeling daarop gefokus om die BIS-omgewing te stroomlyn. Die datapakhuis is verfyn om selfs beter HEMIS-personeelinligting te verskaf wat personeeloorplasings tussen organisasie-eenhede in aanmerking neem. Bykomende data-integriteit is by die datapakhuis gevoeg om betroubare data te verseker. 

Die afdeling het probeer om sy verhoudings te verbeter met sakeproseesenaars wat bestuursinligting nodig het. Die doel was om deur gereelde kommunikasie en aktiewe konsultasie bewustheid van BIS-sake te verhoog. 

studentedienste en buitemuurse aktiwiteite


Die NWU voorsien 'n instaatstellende omgewing waar studente die talle geleenthede kan benut om tot goed afgeronde mense te ontwikkel wat hulle land en sy burgers kan dien.


Studente- korporatiewe bestuur

Die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) was as gevolg van 'n geskil oor die konsensusklousule in die IVSR se grondwet vir die tydperk 2014/15 wanfunksioneel. Nasionale studentepotes en die Fees Must Fall-veldtog het in 2015 tot ernstige uitdagings in studentebestuur bygedra.

Welstand en berading

MAFIKENGKAMPUS


Twee mediese dokters is aangestel om die dienste te verbeter wat by die Gesondheidsorgsentrum gelewer word, en portuurberaders het vlak 1-noodhulpopleiding ontvang. Die Maaltyd-per-dag-projek het 110 studente bereik. 

Die Sentrum vir Voorligting en Berading het werkswinkels en uitreikprogramme oor seksuele gesondheid, dwelmbewustheid en die belangrikheid van vriendskap aangebied. Die sentrum het ook werkswinkels oor eksamenvoorbereiding aangebied. Studente het berading vir verskeie persoonlike en akademiese probleme nodig gehad. Daar was 'n verhoging in die vraag na groeptraumaontlonting. 


Die MIV/Vigs-eenheid het die Eerste Dinge Eerste-veldtog gekoördineer, waaraan al drie kampusse deelgeneem het. Die Adjunkminister van Hoër Onderwys, Mduduzi Manana, het die veldtog in Lichtenburg van stapel gestuur.

POTCHEFSTROOMKAMPUS


Gedurende 2015 het Studentevoorligting en -ontwikkeling (SVO) hulle mandaat vervul om 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir die optimalisering van studente se potensiaal. Om hierdie mandaat uit te voer, het die SVO proaktiewe ontwikkelings- en voorkomingsprogramme aangebied wat op die waardes van integriteit, toewyding, aanspreeklikheid, respek en professionalisme gegrond is.


SVO-eenhede het in 2015 die volgende resultate bereik: 


- Die afdeling bekend as Ingryp het opleiding, individuele en groepsberading, welstandsprogramme en krisisingrepe aangebied wat 1 164 individue bereik het.
- In 'n onafhanklike opname het werkgewers die Loopbaansentrum se loopbaandienste as die tweede beste op nasionale vlak beoordeel.
- Ongeveer 900 individue is getoets vir en het berading oor MIV/Vigs ontvang.
- Die Sentrum vir Studente met Gestremdhede het praktiese bystand aan 93 studente met gestremdhede verleen.
- Studenteberading het 4 752 individue met loopbaan- en ander berading en keuringsprosedures bygestaan.

Gedurende 2015 het die SVO daarop gefokus om hul prosesse te stroomlyn en het hulle in hul personeel-samestelling sowel as hul kliëntebasis diversiteit nagestreef. 

VAALDRIEHOEKKAMPUS

Die sleutel tot 'n goed afgeronde akademiese ervaring is om loopbaan- en lewensvaardighede te ontwikkel wat vir die immer veranderende werkplek geskik is. Met hierdie feit in gedagte het die kampus loopbaanuitstallings en werksvaardighede-werkswinkels gehou en 'n werkgereedheidseminaar vir finalejaarstudente aangebied. 

Ten einde die MIV/Vigs-bewustheids- en -ondersteuningsprogram te verbeter, het ons 'n MIV/Vigs-koördineerder aangestel wat ook 'n geregistreerde maatskaplike werker is. 

Die Maaltyd-per-dag-projek het voortgegaan en een gebalanseerde maaltyd per dag aan studente van uiters behoeftige agtergronde verskaf. Personeel en studente het bygedra deur nie-bederfbare kos en toiletware te skenk. 


Twee studentewelstandsdade is gehou. NRO's het gesondheidsinligtingsdienste verskaf, insluitende tandheelkundige ondersoeke en oogtoetse.

Ons het steeds loopbaanvoorligting en psigososiale berading verskaf om probleme soos aanpassingsuitdagings, angs, probleme met gemoedstemming, verhoudingsprobleme en trauma die hoof te bied.

Sportaktiwiteite en prestasies

MAFIKENGKAMPUS

As gevolg van die Fees Must Fall-veldtog kon die kampus nie die 2015 USSA-skaakkompetisie in Desember 2015 aanbied nie. 

Die vroueboksspan het een silwer- en twee bronsmedaljes in die nasionale toernooi van die Suid-Afrikaanse Nasionale Boksvereniging verower. Tsholofelo Nkwe, 'n student op ons kampus, het die Afrika-bokskampioenskap gewen. 

In ander uitstekende prestasies het 'n korfbalspeler aan die Internasionale Korfbalfederasie se wêreldkampioenskap vir

2015 in Gent, België deelgeneem, en twee spelers van die Sokkerinstituut was deel van die USSA se nasionale span wat in Junie 2015 in Korea meeding het.



Die Sokkerinstituut het verskeie ander hoogtepunte beleef, wat ingesluit het om die Platinum Stars Football Club te huisves, en om gekies te word om die NWU in April 2016 by die USSA-spele te verteenwoordig.



Die provinsiale LUR vir sport het 'n personeelid vir sy bydrae tot sportontwikkeling van 2009 tot 2014 vereer. Hy is ook as nasionale assistentspanbestuurder vir korfbal vir 2015 gekies.



POTCHEFSTROOMKAMPUS

NWU-Puk-sport het 'n geslaagde 2015 gehad, en ons spanne het uiters goed presteer by die USSA-toernooie.



Die toppresterders by USSA-geleentheid was gimnastiek (eerste geplaas), fietsry, atletiek en pluimbal (almal in die tweede plek), en vrouehokkie, netbal, gholf, sewesrugby en rugby (in die derde plek).

By ander kompetisies het NWU-Puk-sport ook 'n uitstekende jaar beleef. Die netbal- en atletiekspanne het die Varsity Sport-geleentheid gewen en die rugbyspan het die tweede plek in die 2015-Varsitybeker behaal.



Hierdie resultate weerspieël die verbintenis en steun van die kampus se personeel, afrigters en toegewyde mediese personeel, wat saamwerk om aan studente elke moontlike geleentheid te gee om ten volle aan hul studies, die studentelewe en aan sport deel te neem.



Indien fondse dit toelaat, streef die kampus daarna om die beskikbaarheid en gehalte van sportgeriewe en geleentheid om aan sport deel te neem te verbeter. Dit sluit in om op diversiteit, gemeenskapsbetrokkenheid en sportontwikkeling te fokus. Ons ontwerp en implementeer unieke programme en werwingsmetodes om talent te identifiseer en te ontwikkel en hou die kampus se bydrae tot sportontwikkeling in stand. Sportkodes wat reeds aktief met gemeenskapsprojekte besig is, is sokker, hokkie, netbal en rugby.



VAALDRIEHOEKKAMPUS

Die sportafdeling het vier strategiese sportprojekte vir 2015 geïdentifiseer, naamlik die Sportgemeenskapsprojek, Leierskap deur Sport, die Program vir Sport en Akademiese Uitnemendheid en die Transformasieprojek.

Die Sportgemeenskapsprojek het aan studente en personeel die geleentheid gegee om tot een van drie gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte by te dra. Dit was basketbal-afrigtingsklinieke by die Zondela-binnenshuise sportsentrum, basiese liggaamsopvoeding by die Sebokeng-kinderhuis en die insameling en uitdeel van gebruikte sporttoerusting aan kinderhuise en dagsorgsentrums.



Die doel van die Leierskap Deur Sport-projek was om leierskapsvaardighede te ontwikkel deur middel van 'n reeks werkwinkels met 'n fokus op lesse in sport. Temas is gekies om onder meer deursettingsvermoë en verbondenheid aan te moedig, te demonstreer dat toewyding en harde werk die moeite werd is, en 'n balans tussen akademiese en sportsukses te bereik.



Die Program vir Sport en Akademiese Uitnemendheid is ontwerp om sportstudente toe te rus om aan alle akademiese vereistes te voldoen. Hul akademiese prestasie is tydens en aan die einde van die semester streng gemoniteer.



Die Sporttransformasieprojek vereis dat 'n minimum van 20% van alle spanne en klubs uit die demografiese minderheidsgroep van daardie spesifieke klub of sportkode moet bestaan. Alle spanne en klubs moet gelyke behandeling en toegang tot hulpbronne ontvang, en moet te alle tye kommunikeer in 'n taal wat al die lede kan verstaan.



Kulturele aktiwiteite en prestasies

MAFIKENGKAMPUS

Die Mafikengkoor het hul gemeenskapsuitreikfees in Mei 2015 gehou en aan die groot afdeling van Old Mutual se streeks- en provinsiale kompetisies deelgeneem. Die Student Religious Fraternity (SRF) en Cultural Union (CU) het funksies ter ondersteuning van Mandeladag en Menseregtedag gehou.



Die dansklubstudente het 24 trofee by die 2015 FEDANSA-Presteerdere- en Nasionale Kampioenskap gewen.



POTCHEFSTROOMKAMPUS

NWU-Puk-kunste het daarin belê om 'n gesonde en gebalanseerde studentelewe te skep en studente, personeel en omliggende gemeenskappe te inspireer, en brûe tussen mense te bou.

Deur deel te neem aan die NWU-Puk-koor, Thalia, Gospella, Divaco, Serenaders en die simfonie-orkestrant het studente die wese van harmonie geleer, en dat probleme meer as een oplossing kan hê. Soos in die NWU-Pukki-talentvertoning, Variëte en kunsverenigings gesien kan word, het NWU Puk-Kunste 'n omgewing geskep waar studente welkom voel en diversiteit omarm word.



Die kampus het 'n aantal prestasies op kulturele gebied behaal. Die NWU-Puk-debatspan het die ATKV nasionale debatkompetisie teen vyf ander universiteite gewen, en die Boulevard Harmoniste het twee kategorieë by die nasionale Musica Sacra-kompetisie in Slowakye gewen. Die Serenaders was tweede in die kategorie vir beste inheemse liedjie by Old Mutual se Nasionale Koorkompetisie in Bloemfontein. Die kunsgalery het platforms vir talent en kommunikasie geskep deur die werk van 'n wye verskeidenheid kunstenaars, waaronder Hasan en Husain Essop, uit te stal.

VAALDRIEHOEKKAMPUS

Die kampusbiblioteek het 'n lees-a-thon-inisiatief gehou om studente in koshuise weer aan die vreugde van lees – vir ontspanning en genot – bekend te stel.



Verskeie van die studenteverenigings in die Fakulteit Geesteswetenskappe het op 24 Julie 'n akademiese dag gereël. Die verenigings wat betrokke was, was die BA-komitee, Regstudenterraad, Geskiedenisvereniging en Bedryfsielkundevereniging.



Voor- en nagraadse studente in ekonomie het vir die 2015 Old Mutual-begrotingstoetskompetisie ingeskryf. Drie studente in die nagraadse kategorie het onder die top 20 geëindig en sal die 2016-begrotingstoetspraak as gaste van Old Mutual bywoon.




Personeel en studente het Erfenismaand gevier deur aan die vyfde jaarlikse Kultuurdagfees deel te neem. Die tema was "Ons oorgang na volwasseheid", en dit was weer eens 'n geleentheid om die kampus se ryk kulturele diversiteit te vier.



verhoudings met die gemeenskap, akademies sowel as diensgeoriënteerd

Ons gemeenskappe is interne gemeenskappe soos personeel en studente, en eksterne gemeenskappe ("belangegemeenskappe" of "praktykgemeenskappe") in die openbare en private sektor, hetsy plaaslik, nasionaal of internasionaal.




Die meeste van die aktiwiteite van die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor was daarop gefokus om interne beleide en strukture te herorganiseer en strategies oor gemeenskapsbetrokkenheid te dink om dringende kwessies soos maatskaplike geregtigheid en die impak van gemeenskapsbetrokkenheid te hanteer.

'n Geïntegreerde benadering met gemeenskapsbetrokkenheid as deel van die NWU se kernbesigheid (en nie as derde pilaar nie) is aanvaar by 'n indaba wat op 13 April 2015 gehou is, en is verder deur die strategiewerkswinkel vir die navorsing- en innovering-portefeulje ondersteun.

'n Hoogtepunt was die finalisering van data vir 'n nuut ontwerpte databasis. Dit het getoon dat 88% van ons gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite deur ons Potchefstroomcampus plaasgevind het, en dat dit oorwegend op vrywillige uitreiking na kwesbare gemeenskappe deur studente-organisasies gegrond was, gevolg deur navorsinggesteunde gemeenskapsbetrokkenheid.

Die meeste van die diensleerprogramme het te make gehad met die opleiding van professionele dissiplines en dit is geïdentifiseer as 'n geleentheid waarop daar verbeter kan word en wat in 2016 in samewerking met die onderrig-leerportefeulje hanteer sal word.



*O/L staan vir onderrig-leer

Die universiteit het gesonde verhoudings met ons gemeenskappe en vergaderings is met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en plaaslike NRO's gehou om opleiding en befondsing te fasiliteer (niks is tot op hede verkry nie). Ander aktiwiteite het deelname aan 'n gemeenskapsbetrokkenheidskonferensie wat in Julie op ons Vaaldriehoekcampus gehou is en verskeie privaatsektor-KMB-geleenthede ingesluit. Die interne herstrukturering en herfokusaktiwiteite het die weg vir doeltreffender gemeenskapsbetrokkenheidsinteraksies met 'n groter impak in 2016 gebaan.

veranderende patrone in die verskaffing van akademiese kursusse

Daar was geen beduidende veranderinge in die verskaffing van akademiese kursusse nie.

Die persentasie registrasies vir nagraadse grade het effens tot 22,7% gestyg (20,9% in 2014), terwyl inskrywings vir meestersgraad- en doktorsale studies 11,8% van kontakregistrasies uitgemaak het. Hierdie syfer is hoër as die 10,1% in die goedgekeurde inskrywingsplan, en het sedert 2012 redelik konstant gebly (11,1% in 2012, 11% in 2013 en 11,3% in 2014).

Dit is aangenaam om te merk dat die werklike inskrywing op doktorsale vlak van 1 448 studente wesenlik hoër is as die teiken van 1 165 inskrywings in die goedgekeurde inskrywingsplan.

Die persentasie studente-inskrywings in kontakprogramme het van 54,4% in 2012 tot 62,7% in 2014 gestyg, terwyl hierdie persentasie in 2015 op 59,2% gestaan het. Die verspreiding van inskrywings in kontakprogramme oor die belangrike studieveld in kontakonderrig stem steeds ooreen met die patroon oor die vorige jare, met inskrywings in WIT op 32,8%, sake en bestuur op 28,3%, opvoedkunde op 10,5% en ander geesteswetenskappe op 28,4%.

Wat betref inskrywings op die onderskeie kampusse was 27% van die kontakinskrywings op die Mafikengcampus, 57% op die Potchefstroomcampus en 17% op die Vaaldriehoekcampus – 'n patroon wat sedert 2012 slegs geringe wisseling getoon het.


Vir afstandsonderrig maak die veld van opvoedkunde met 75,09% steeds die meeste inskrywings uit.

Vir voorgraadse kwalifikasies bly die verhouding van studente-inskrywings vir algemeen formatiewe baccalaureusgrade vergeleke met professionele baccalaureusgrade stabiel, met 'n effense styging in inskrywings vir algemeen formatiewe baccalaureusgrade tot 55% in 2015, vergeleke met 54% in 2014.


Die universiteit diversifiseer egter sy afstandleeraanbod om weier te strek as die velde van opvoedkunde, teologie en gesondheidswetenskappe. Programme soos die Baccalaureus in Besigheidsadministrasie, 'n BCom in Veiligheidsbestuur, 'n Nagraadse Diploma in Arbeidsreg, 'n BSc in Inligtingstechnologie en 'n Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur is almal in verskillende stadiums van goedkeuring deur die regulatoriese liggame.


Laastens sal die Transformasie van Onderrig en Leer-projek, wat in 2015 begin het, lei tot die verhoogde gebruik van innoverende onderrig- en leer-ontwerpe, wat die manier kan beïnvloed waarop programme en kursusse aangebied word, byvoorbeeld deur die groter gebruik van aanlyn leer en verskillende vorme van leeraktiwiteite in kontak- en oop afstandleer.


verklaring van selfevaluering van die prestasies van die visekanselier

Die mate waarin die doelstellings en doelwitte bereik is wat in die Jaarlikse Prestasieplan vir 2015 gestel is, sal uit ander dele van hierdie verslag blyk. My besondere verantwoordelikheid vir die 2015 akademiese jaar was om te verseker dat 'n nuwe strategie vir die NWU ontwikkel word. Die proses het in Julie 2014 begin en is in November 2015 afgehandel, toe die Raad dit goedgekeur het. Die Raad het ook, toe hulle die nuwe strategie goedgekeur het, in beginsel 'n nuwe struktuur vir die NWU goedgekeur. Hierdie struktuur, wat 'n baie meer unitêre en geïntegreerde universiteit sal skep, is ontwerp om die vinnige implementering van ons strategie moontlik te maak. 


Die kernbesigheid van die universiteit het homself onderskei.


Hoewel ons totale inskrywingsyfer van 64 070 nie ons 2015-mikpunt van 67 435 gehaal het nie, was dit steeds meer as die 2014-inskrywingsyfer van 63 135. As 'n mens egter van naderby kyk, het ons voorgraadse inskrywingsyfer nie net die 2014-syfers oorskry nie, maar ook die teikens wat vir 2015 gestel is. Voorgraadse inskrywings het van 49 735 in 2014 tot 50 460 in 2015 toegeneem, wat hoër as die teiken van 50 162 vir 2015 was. 


Ons het beduidende hoëvlakvaardighede vir die land gegeneer, met 15 597 graduandi wat in 2015 gelewer is, vergeleke met die 15 254 van die vorige jaar. 


Ons akademiese personeel ontwikkel steeds hul onderrig-leervaardighede, met 45 dosente wat in 2015 Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) ontvang het. Altesaam 730 permanente NWU-personele het doktorsgrade, en 13 415 nagraadse studente het in 2015 ingeskryf. 


Op die navorsingsfront was ons totale geweege navorsingsuitset van 2 146 vir 2014 laer as 2013 se totaal van 2 179, maar dit was steeds meer as die 1 900 wat ons verwag het om in 2014 te bereik.

Vergeleke met die 2013-syfers het ons baie goed gevaar ten opsigte van postdoktorale genote, NNS-gegradeerde navorsers en doktorsgrade wat in 2014 toegeken is. (Die getal postdoktorale genote het van 140 tot 164 toegeneem, die NNS-gegradeerde navorsers van 171 tot 182, en die doktorsgrade van 168 tot 171.) 

Ons finansies het aansienlike uitdagings ervaar. Dit sluit in dat ons reële subsidie-inkomste gedaal het (een bydraende faktor is dat die DHOO die multikampussubsidie uitfaseer), die onbestendigheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie, en 'n afname in derdegeldstroom-inkomste. Die Fees Must Fall-veldtog het ook aansienlike druk op die universiteit se finansies geplaas. 

Ongeag hierdie uitdagings kon die NWU steeds 'n geringe surplus lewer, ons eie hulpbronne gebruik om R186 152 908 oftewel 27% by te dra van die NSFAS-befondsing wat die NWU geadministreer het, en altesaam R156,6 miljoen in infrastruktuur en geriewe te belê. 

Met 'n totale arbeidsmag van 7 833 permanente personele het die NWU die vaardighede gehad om hierdie uitdagings in 2015 te oorkom, en ons sal toekomstige uitdagings met dieselfde moed en vasberadenheid die hoof bied. 

Ten spyte van ernstige finansiële beperkinge, het die NWU in wese aan die immer groeiende eise vir hulpbronne voldoen deur finansiële dissipline te handhaaf terwyl die organisasie se uitbreiding binne sy kapasiteit ondersteun is. 



PROF ND KGWADI
VISEKANSELIER



94	ons intellektuele kapitaal
	- ons onderrig-leer (p94)
	- ons navorsing (p104)
	- ondersteuning van ons kernbesigheidsaktiwiteite (p112)
121	ons maatskaplike en verhoudingskapitaal
130	ons mensekapitaal
146	ons vervaardigde kapitaal
148	ons natuurlike kapitaal
151	ons finansiële kapitaal
156	jaarlikse finansiële oorsig
166	verslag van die audit-, risiko- en nakomingskomitee
168	dankbetuigings

Hierdie deel van die jaarverslag gaan oor die waardeskeppingsprosesse by die NWU.

Hier vertel ons hoe ons deur middel van ons sakeaktiwiteite op ons belanghebbers se behoeftes reageer en hoe hierdie aktiwiteite tot uitsette en uitkomste lei en daardeur die waarde van ons ses kapitaalvorme transformeer.

Met ander woorde, dit is oor ons prestasie teenoor ons kapitaalvorme – hoe ons vaar om ons strategiese doelwitte te bereik en hoe ons prestasie 'n impak op ons kapitaalvorme het.

Ons prestasie teenoor sommige van die doelwitte van die Jaarlikse Prestasieplan in hierdie afdeling is reeds in ons prestasiebeoordelingsverslag genoem. Ons wil nie daardie punte hier herhaal nie en dui dus slegs aan waar jy dit in ons prestasiebeoordelingsverslag kan vind.

In hierdie afdeling kan jy egter steeds lees oor die verbandhoudende uitdagings, risiko's, behoeftes van belanghebbers, toekomsplanne en kwessies wat ons volhoubaarheid beïnvloed.

hoe ons
teen ons
kapitaalvorme
presteer
het

ons intellektuele kapitaal

Die NWU se intellektuele kapitaal bestaan uit kennisgebaseerde ontasbaarhede, en saam met mensekapitaal is dit die lewensbloed van kennisgebaseerde, diensgeoriënteerde instellings soos die NWU. Hierdie afdeling handel oor hoe ons ons kennishulpbronne bestuur om meer kennis te skep en op hierdie wyse vir onself en ons belanghebbers waarde toe te voeg. Dit gaan oor die aktiwiteite, beleide, strategieë en prosedures wat hierdie sakeaktiwiteite ondersteun. Die volgende word in hierdie afdeling bespreek:

- ons onderrig-leer
- ons navorsing
- ondersteuning van ons kernbesigheidsaktiwiteite

ons onderrig-leer

Hierdie afdeling demonstreer hoe ons die toepaslike missie-elemente van die NWU se strategiese dokument, die Jaarlikse Prestasieplan, bereik het, en hoe ons intellektuele kapitaal deur ons onderrig-leeraktiwiteite getransformeer word.

missie-element 1

Dryf transformasie as geïntegreerde, dringende, regverdige en goed bestuurde proses van fundamentele en volhoubare verandering om institusionele ongelykhede en die behoeftes van die land en al sy mense aan te spreek. Die NWU doen dit deur die bemagtiging van mense deur gehalteonderrig, wêreldklasnavorsing en die betekenisvolle implementering van sy kundigheid.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.2 Toegang: Verseker op al die kampusse dat beleid, prosesse en praktyke daarop gerig is om verhoogde en breër deelname te verseker, in ooreenstemming met inskrywingsteikens.

ons prestasie teenoor ons teikens

Aanvullende onderrig is voorsien in 37%, 42% en 57% van die hoërisikomodules, onderskeidelik op die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoek-kampus. 'n Omvattende verslag oor die impak van aanvullende onderrig, wat moontlike risiko's en aanbevelings vir verbetering insluit, is in September 2015 aan die Institusionele Komitee vir Onderrig en Leer (IKOL) voorgelê.

Bevordering van toegang vir skoolleerders

Ikateleng en die projekte van die SETH-akademie het sekondêreskoolleerders gehelp om vir eerstejaarsuniversiteitstudies voor te berei. In die geval van Ikateleng het 300 leerders op die Potchefstroomkampus en 280 op die Vaaldriehoekkampus begin. Inleidende aanbiedings is oor verskeie onderwerpe gemaak, waaronder lewensvaardighede, loopbaanvoorgligting en hoe om suksesvol te lewe.

Die SETH-akademie, wat deur die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus bestuur word, is al vir die derde jaar aan die gang. Om aanvaar te word, moet die leerders 'n gemiddelde van 80% hê, minstens 80% in wiskunde behaal en 'n lees- en wiskunde-evaluering suksesvol voltooi het. Aan die begin van 2015 het die SETH-akademie 39 leerders in Graad 8, 10 leerders in Graad 9 en 11 leerders in Graad 10 gehad. Gemiddeld presteer hulle leerders 13%, 11% en 14% beter as ander graad 8-, 9- en 10-leerders.

Om te sien hoe ons vergeleke met hierdie teiken presteer het, raadpleeg ons prestasiebeoordelingsverslag, p74.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Hoewel die grondslag-/verlengde programme op die Vaaldriehoek- en Mafikengkampus oor 'n goeie rekord beskik, is dit teleurstellend dat die uitsakkoerse (tussen 15% en 20%) so hoog is. In teenstelling daarmee is die uitsakkoerse in die eerste jaar van voorgraadse studie

13%. Ons moet die ondersteuning versterk wat aan studente in grondslag-/verlengde programme voorsien word. Na verwagting sal die Senaat in 2016 'n besluit neem oor die voortsetting, afleweringmodus en akademiese ontwerp van die UnivPrep-program, wat die afgelope vier jaar in 'n loodsfasie was.

risiko's wat betrokke is

Sleutelrisiko's

- Studente is nie voldoende voorberei vir tersiêre studies nie en dosente bestee buitensporige hoeveelhede tyd en moeite om sukses te behaal.
- Strategieë om toegang te verbeter, kan moontlik nie doeltreffend wees nie.

Strategieë om hierdie risiko's te bestuur

- Die Transformasie van Onderrig en Leer-projek karteer die studentelewensiklus, wat aandui wat studentetoegang en sukses beïnvloed.
- Die Forum vir Toegang en Sukses is tot stand gebring sodat die betrokke belanghebbers strategieë vir toegang, behoud en sukses kan bespreek.
- Ons het die Registrasie- en Oriëntasieprogram vir studente hersien sodat dit 'n sterker klem op akademiese oriëntasie plaas.
- Lewensvaardighedeopleiding en bemagtiging deur 'n eweknie-mentorstelsel word by studentesteunprogramme gevoeg.
- Lees- en skryflaboratoriums help studente om hul begrips- en taalvaardighede te verbeter, en die skryflaboratoriumdienste word na nagraadse en oopafstandsonderrig-studente uitgebrei.
- Akademiesegeletterdheidsmodules (AGLA/AGLE) word oor 'n vierjaartydperk herontwerp.
- Voorsiening van verlengde programme is hersien.

'n Goeie gevolg van die Forum vir Toegang en Sukses is die Projek vir Studentetoegang, -behoud en sukses ("STARS"-projek). In samewerking met die Universiteit van Pretoria sal eerstejaarsprestasie gevolg word en sal studente wat akademiese of maatskaplike bystand nodig het vroegtydig geïdentifiseer word.

belanghebbersbehoefte

Wat toegang en sukses betref, is van ons belangrikste belanghebbers die volgende:



- Voornemende studente wat by 'n verlengde program of die UnivPrep-program wil aansluit.
- Sekondêre leerders wat streef na verbetering van hul bevoegdheids- en vaardighede in vakke wat toegang tot die ekonomiese, wetenskaplike en gesondheidsprogramme verleen.
- Ingeskrewe studente wat akademiese steun in die een of ander

vorm benodig.

- Akademiese personeel wat na 'n geformaliseerde proses soek om akademiesegeletterdheids- of ondersteuningsprogramme te hersien.
- Akademiese ondersteuningspersoneel wat geformaliseerde prosesse en navorsing benodig as insette by die ontwerp en voorsiening van steun aan personeel en studente.
- Ander universiteite as vennote in 'n samewerkingspoging om inligting en kennis oor onderrig-leer saam te poel.

missie-element 2

Om deur middel van innoverende onderrig-leer van hoë gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink en in staat is om die land en sy mense, die vasteland en die wêreld te dien.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

2.1 Gaan voort om die gehalte van onderrig-leer deur die onderrig-leer en ander toepaslike institusionele strategieë en regulatoriese voldoening binne die hoëronderwyssektor te verbeter.

ons prestasie teenoor ons teikens

Ons het die volgende aktiwiteite uitgevoer wat met vervlegte leer verband hou:

- Die verdere ontwikkeling van die vervlegteleer-padkaart
- Die voltooiing van die loodsprojek vir 'n vervlegteleer-ontwerp in die BEd-grondslagfase
- Die beplanning en implementering van kapasiteit-ontwikkelingsaktiwiteite soos bykomende eFundi-vermoëns, 'n nuwe studiemateriaalproduksiestelsel, en die ontwikkeling van e-gidse.



Vir meer inligting oor ons prestasie teenoor hierdie teiken, raadpleeg ons prestasiebeoordelingsverslag, p76.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

'n Sistematiese raamwerk vir die beplanning, implementering en hersiening van onderrig- en leeraktiwiteite word tans ontwikkel.

Die Kwaliteitverbeteringsprojek (KVP) se institusionele verslag help ons om die vier fokusareas van KVP Fase 1 te evalueer, naamlik die volgende:

- Verbetering van akademiese as onderwysers
- Verbetering van studentesteun en -ontwikkeling
- Verbetering van die leeromgewing
- Verbetering van kursus- en programinskrywing en bestuur



Net so laat die aktiwiteite van die Onderrigontwikkelingstoekenning ons toe om strategieë te evalueer vir kapasiteitsontwikkeling by akademiese personeel, studente- akademiese ondersteuning, die stelsels wat erkenning verleen aan uitnemendheid in onderrig en leer, en die bevordering van 'n vakwetenskaplike benadering tot onderrig-leer.

Sleuteluitdaging: om te verseker dat interne belanghebbers deelneem aan en eienaarskap neem van ons strategieë.



risiko's wat betrokke is

Sleutelrisiko's

- Strategieë om die gebruik van tegnologie te bevorder kan oor kampusse gefragmenteerd wees.
- Studente se leerervaring tussen kampusse kan verskil.
- Sommige akademiese ontwikkelings- en ondersteuningseenhede het 'n gebrek aan kapasiteit om doeltreffende strategieë te implementeer.
- Die resultate van program-oorsigte word nie voldoende in verbeteringstrategieë ingesluit nie.



Ons verskillende projekte handel met hierdie risiko's deur 'n geïntegreerde beplanningsraamwerk te skep, die stand van die kern van onderrig en leer te evalueer en rekord te hou van afwykings, en personeelsamewerking te bevorder.

belanghebbersbehoefte

Eksterne belanghebbers: Met gebruik van ons verslae kan die DHO (vir die Onderrigontwikkelingstoekenning) en die CHO (vir die Kwaliteitverbeteringsprojek) ons vordering monitor, en in die geval van die Onderrigontwikkelingstoekenning, verseker dat toegekende fondse op gepaste wyse bestee word.



Interne belanghebbers: Al die NWU se akademiese strukture, strukture vir akademiese ontwikkeling en steun, asook ander steunstrukture. Hul belangstelling in onderrig-en-leerprojekte het vele fasette:



- Die vordering van projekte help hulle om 'n samehangende begrip van die kernprosesse en strategieë van onderrig en leer te verkry.
- Akademiese bestuurders en akademiese verky 'n gedetailleerde begrip van die gehalte van hul programme.
- Die ontwerp en implementering van tegnologiehulpmiddels ter ondersteuning van onderrig en leer.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

In 2016 sal die Transformasie van Onderrig en Leer-projek 'n onderrig-en-leerraamwerk tot gevolg hê wat die weg sal baan vir 'n onderrig-en-leer-plan om onderrig en leer te transformeer.

Die raamwerk sal ook 'n omgewing skep vir verdere werk aan onderrig-en-leer-tegnologie en vir die ontwikkeling van toekomstige onderrigontwikkelingsplanne wat deur die Onderrigontwikkelingstoekenning befonds word.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die transformasie van die NWU vereis 'n geïntegreerde institusionele kultuur waarin personeel saamwerk om 'n studente-ervaring van hoë gehalte te bevorder en konsekwenheid van standarde te verseker.

Die verskillende projekte is die meganisme vir die versekering van konsekwenheid en goeie praktyk dwarsoor die NWU, aangesien dit interfunksionele samewerking, monitoring en evaluering vereis.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

2.2 Gebruik die inskrywingsplan wat in 2013 ontwikkel is as sturmeganisme om akademiese beplanning op 'n gebalanseerde wyse oor die kampusse heen ooreenkomstig die teikens te hanteer.

ons prestasie teenoor ons teikens

'n Inskrywingsmoniteringverslag is aan die Senaat voorgelê. Hierdie verslag dek finale NWU-inskrywings en suksessyfers vir 2014 en vergelyk dit met die goedgekeurde inskrywingsplan vir 2014-2019. Hangende die goedkeuring van die nuwe strategiese plan en gegewe die Transformasie van Onderrig en Leer-projek, het akademiese beplanning steeds die nodige aandag ontvang. Die plan vir die implementering van die HOKSR-belynde programme sal vir insette in die ontwikkeling van die beginsels en kriteria vir akademiese beplanning gebruik word.

Voorstelle oor die grootte en vorm van die NWU is ingesluit by die Markrigting- en Suksesmodel wat die Raad in November 2015 goedgekeur het en sal teen Maart 2016 by die DHOO ingedien word.

Die oorspronklike plan vir die ontwikkeling van 'n geïntegreerde raamwerk vir oop en afstandsl eer (OAL) het nie gematerialiseer nie as gevolg van die tyd wat aan die ontwikkeling van die hersiene die NWU-strategie bestee is en die besluit om OAL-beplanning by die Transformasie van Onderrig en Leer-projek in te sluit. 'n Internasionale paneel het 'n eksterne oorsig van die Eenheid vir OAL gedoen, en die finale verslag is beskikbaar. Die selfevalueringsverslag wat die oorsig voorafgegaan het, het die uitslae van studentet terugvoer bevat.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Terwyl ons steeds die standaardmonitering en verslagdoening doen wat die DHOO en die Senaat/uitvoerende bestuur vereis, is slegs sommige van die inligting beskikbaar wat vir toekomstige beplanning benodig word. Dit is omdat ons nie 'n sistematiese bestuursraamwerk het waarbinne inskrywingsbeplanning en monitering geïntegreer kan word nie, en ons nie 'n toegewyde institusionele navorsings- en akademiese beplanningseenheid het nie. Terwyl prosesse aan die gang is om die verskeidenheid van OAL-programme te diversifiseer, is die universiteit se OAL-voorsiening grootliks afhanklik van slegs drie programme in voortgesette onderwysersopleiding, waarvan twee van 2019 af uitgefaseer sal word. 'n Institusionele akademiese plan, in teenstelling met verskillende kampsuspesifieke planne, moet dringend ontwikkel word om die omvang van OAL-programme wat die NWU bied te identifiseer.

risiko's wat betrokke is

- Risiko's wat met akademiese beplanning verband hou
- 'n Gebrek aan akademiese beplanningskapasiteit en toegewyde akademiese beplanningspersoneel en stelsels plaas onnodige druk op die bestuursinligtingstelsels.
 - Akademiese beplanningskapasiteit sal ontwikkel moet word om die NWU van intydse inligting vir strategiese en bedryfsbesluitneming te voorsien.
 - Die gebrek aan 'n toereikende verskeidenheid geakkrediteerde OAL-programme kan lei tot 'n beduidende afname in OAL-inskrywings vanaf 2019.
 - Bestaande vennootskapsooreenkomste op sommige gebiede van OAL-voorsiening hou nie by die RHO-vereistes vir kwaliteitsversekering nie.

Om hierdie risiko's te verlig, maak die nuwe NWU-struktuur voorsiening vir 'n toegewyde Eenheid vir Institusionele Navorsing. Vennootskapsooreenkomste vir OAL-voorsiening word tans hersien om by alle RHO-vereistes te hou. Aansoeke om verskeie afstandsl eerprogramme in sakewese en bestuur, openbare bestuur, inligtingstechnologie en regte is aan die eksterne reguleringsinstansies voorgelê.

belanghebbersbehoefte

Die belangrikste eksterne belanghebber vir inskrywings- en akademiese beplanning is die DHOO. Die universiteit moet die inskrywings bestuur in ooreenstemming met die teikens in die NWU se inskrywingsplan vir 2014 tot 2019 wat deur die DHOO goedgekeur is. Alle akademiese kwalifikasies en programme moet deur die DHOO as deel van die universiteit se Program- en Kwalifikasie mengsel goedgekeur word (waarvolgens die DHOO die universiteit befonds).

Aangesien akademiese beplanning 'n driejaartydshorison het, sal dit nodig wees om met die DHOO in gesprek te tree, aangesien die NWU se strategiese plan 'n verandering in die fokus van akademiese beplanning kan bring, wat kan beteken dat die inskrywingsplan waaroor daar met die DHOO ooreengekom is, gewysig moet word – byvoorbeeld wat betref groei in WIT-inskrywings.

Wat betref die Eenheid vir OAL (EOAL) het studente 'n behoefte aan meer breedvoerige terugvoer oor hul opdragte uitgespreek. Die EOAL en akademiese eenhede moet weer kyk na ooreenkomste met eksterne vennote, in ooreenstemming met die kommunikasie wat in Desember 2015 van die RHO oor publieke-private vennootskapsooreenkomste ontvang is.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

'n Platform is tot stand gebring vir beter gebruik van kwalifikasie- en programinligting. Die sleutelemente is die HOKSR-belyningsprojek en daaropvolgende bywerking van die NWU se Program- en Kwalifikasie mengsel, tesame met die implementering van die elektroniese programgoedkeuringstelsel.



Verdere verfyning van die data wat deur die stelsels gedra word, sal 'n fokus vir 2016 wees, en so ook die EOAL se interaksie met eksterne diensverskaffers om aandag aan die RHO se vereistes vir kwaliteitsversekering te skenk.

wesentliche kwessies wat 'n impak op volhoubaarheid het

Die implikasies van die impak wat die NWU se nuwe bestuursmodel op onderrig en leer kan hê, moet so gou moontlik uitgeklaar word. Die volhoubaarheid van akademiese beplanning is onder druk omdat die NWU nie toereikende kapasiteit vir akademiese beplanning het nie.

Dit is van die uiterste belang dat vennootskapsooreenkomste gefinaliseer word op 'n wyse wat vir die DHOO en die RHO aanvaarbaar is, aangesien van die lewering eenvoudig nie gedoen kan word sonder dat daar vennootskapsooreenkomste aangegaan word nie.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

2.3 Onderneem 'n proses van kurrikulumtransformasie wat voortbou op die HOKSR-belyningsprojek.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die dokument wat ons ontwerp het as leiding vir die implementering van die vereiste HOKSR-belyning van kwalifikasies en programme handel gedeeltelik met die beginsels en riglyne vir kurrikulumontwerp en ons implementeringsprojek vir die HOKSR-belyning beïnvloed toekomstige besluite oor die kurrikulum. Die finale fase van die HOKSR-belyningsprojek sal ook dien om die beginsels, kriteria en riglyne vir mikrovlak-instandhouding en verdere verbetering van die kurrikulumontwerp te verfyn.

Die Begrip van die Wêreld-modules is 'n belangrike meganisme vir die ontwikkeling van die NWU-graduandi-eienskappe. Dit help studente om die wêreld te sien as 'n geheel, bestaande uit verwante stelsels, en dit stel verskillende kontemporêre maatskaplike probleme aan hulle bekend. In 2015 het die Senaatskomitee vir Filosofiese Begronding die implementering van hierdie modules gemoniteer en gerapporteer dat dit relevant is vir die bereiking van die graduandi-eienskappe.

In 2015 het die universiteit sy deelname aan die HEAIDS-befondsde projek vir die kurrikulumintegrasie van MIV en Vigs as 'n belangrike meganisme gebruik om 'n oorsig van sommige van die Begrip van die Wêreld-modules te doen. Die projekspan het ten doel om te bepaal in watter mate die verpligte voorgraadse Begrip van die Wêreld-modules studente se begrip van MIV en Vigs, en meer algemeen gesproke, van diversiteit verbeter. Die projek vorder goed, en gereelde verslae is by HEAIDS ingedien.

Die Institusionele Komitee vir Onderrig en Leer (IKOL) het die geïntegreerde beleid vir werkgeïntegreerde leer (WGL) en indiensleer goedgekeur, wat in Maart 2016 aan die Senaat voorgelê sal word.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Positiewe aspek: Die HOKSR-belyningsproses het 'n noulettende ondersoek van alle NWU-kwalifikasiestandaarde en programme asook van die ontwerp van kurrikulums op verskillende uitteevlakke genoodsaak.

Uitdagings/teleurstellings:

- Aangesien die NWU se nuwe bestuursmodel, en die implementering daarvan, nog onder konstruksie was toe hierdie verslag opgestel is, kon beleidsinisiatiewe nie gefinaliseer word nie.
- Die projek vir die integrasie van MIV en Vigs in die kurrikulum staan voor die uitdaging van beperkte personeelkapasiteit om betrokke te raak by die projek, sowel as 'n beperkte begrip van hoe die werklikhede van MIV en Vigs oor 'n wye verskeidenheid dissiplines toepaslik is.
- Kampusdata is nie betyds ingedien nie en dus kon 'n gesamentlike verslag oor studentebetrokkenheid by indiensleer en werkgeïntegreerde leer nie in Oktober 2015 aan die Senaat voorgelê word nie. Die saak sal in 2016 hanteer word.

risiko's wat betrokke is

Risiko's ten opsigte van die HOKSR-belyningsprojek:

- Verdere vertragings in HOKSR-belyning as gevolg van stadige

reaksies van eksterne belanghebbers.

- 'n Gebrek aan 'n geskikte inligtingbestuurstelsel om die groot hoeveelheid verbandhoudende inligting te hanteer.

In die bestuur van hierdie risiko's is 'n tussentydse stelsel ontwerp en spesifikasies uitgedraai, en ontwikkeling sal binnekort begin. Risiko's ten opsigte van kurrikulumtransformasie:

- Dat die Begrip van die Wêreld-modules beskou word as 'n toereikende respons op die uitdaging van kurrikulumtransformasie. Hulle kan slegs 'n deel van 'n meer omvattende strategie vir die ontwikkeling van die kurrikulumraamwerke en -modelle bied wat as leiding vir die ontwerp en aflewering van kwalifikasies en programme dien.
- Weerstand teen die integrasie van perspektiewe van die MIV- en Vigs-projek in die kurrikulum. Om dit gedeeltelik die hoof te bied, is daar gereelde verslagdoening aan institusionele komitees oor die MIV- en Vigs-projek, sowel as raadplegende werksinkels waar bevindinge van die projek gedeel word.

belanghebbersbehoefte

Eksterne sleutelbelanghebbers: die DHOO en RHO, met wie gereelde interaksie oor die belyning van NWU-kwalifikasies met die vereistes van die HOKSR via die kantoor van die institusionele registrateur plaasvind.

Interne sleutelbelanghebbers: akademiese bestuur en personeel, en akademië wat by kurrikulumontwerp en ontwikkeling betrokke is.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

- Implementering van die tussentydse stelsel vir ondersteuning van die HOKSR-belyning
- Verdere besprekings oor die implikasies van die kurrikulumintegrasie van MIV en Vigs vir die Begrip van die Wêreld-modules.
- Gebruik van Fase 2 van die RHO se Kwaliteitverbeteringsprojek om 'n institusionele kurrikulumtransformasieprojek te implementeer wat voortbou op die resultate van die HOKSR-belyningsprojek.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Dit is noodsaaklik dat die NWU 'n raamwerk vir kurrikulumtransformasie ontwikkel wat 'n toereikende respons verteenwoordig op die ekonomiese, sosiale, kulturele en tegnologiese uitdagings wat die land in 'n intergekonnekteerde wêreld in die gesig staar.

Hierdie raamwerk moet 'n begrip van die verskillende kennistradisië en wêreldbeskouings bevorder, en moet personeel en studente help om 'n outentieke identiteit as professionele persone en betrokke landsburgers te ontwikkel.

SLUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

2.4 Verseker 'n doeltreffende proses van akademiese programontwikkeling, bestuur en hersiening wat 'n dinamiese, geïntegreerde, responsiewe en relevante PKM tot gevolg het.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die aanvanklike HOKSR-belyningsproses by die NWU is in twee afsonderlike fases voltooi om voorsiening te maak vir die belyning van eers die Kategorie A- en daarna die Kategorie B-kwalifikasies. Ná RHO-akkreditering en DHOO-goedkeuring van die Kategorie A-kwalifikasies, is 'n bygewerkte PKM wat die Kategorie A-besluit weerspieël het in Julie 2015 aan die DHOO voorgelê.

Teen die einde van Desember 2015 het die NWU nog nie al die SAKO-ID's (die identifikasiekode wat vir elke geregistreerde kwalifikasie op die SAKO- Nasionale Databasis van Leerderrekords voorsien word) vir die Kategorie A-kwalifikasies ontvang nie, en ook nie die finale DHOO-goedkeuring of SAKO-ID's vir die meeste van die Kategorie B-kwalifikasies nie.

Nadat die NWU 'n kennisgewing van agt kategorie B-uitstelle ontvang het, is ons terugvoer hieroor aanvaar en het die RHO die betrokke kwalifikasies geakkrediteer. Uiteindelik, ná voltooiing van die HOKSR-belyning, is slegs drie van die NWU se 376 Kategorie A- en B-kwalifikasievoorleggings deur die CHO as Kategorie C herklassifiseer. Die NWU het 207 Kategorie C-kwalifikasies ingedien wat uitfaseer sal word. Die datum van finale studentinname vir hierdie kwalifikasies sal daarvan afhang of ons SAKO-ID's ontvang vir alle Kategorie A- en B-kwalifikasies wat Kategorie C-kwalifikasies moet vervang.

Die prosedures vir programontwikkeling, bestuur en hersiening is ontwerp en goedgekeur deur die Senaat, en is in die spesifikasies van die IKAS-stelsel ingewerk. Altesaam 75 module- en 33 daaropvolgende programwysigings is goedgekeur deur die elektroniese IKAS-stelsel wat in Januarie 2015 voltooi is. Die stelsel is van Oktober tot Desember 2015 verder opgegradeer en gestroomlyn. Die finale fase van die HOKSR-belyningsproses, naamlik die interne module- en programkurrikulumkarteringsproses sal ook die belyning binne programme en modules wat op verskeie kampusse aangebied word, bevorder en handhaaf.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Positiewe aspekte

- Die HOKSR-belyningsproses het gehelp met die hersiening van die kwalifikasie- en programaanbod van die NWU.
- Die elektroniese IKAS-stelsel bied 'n omvattende programbestuursinstrument wat met die NWU se studenteregistrasiesstelsel geïntegreer is.
- Beide die HOKSR-belyningsproses en die IKAS-stelsel bevorder die belyning van modules en programme wat interkampus aangebied word.

Uitdagings/teleurstellings

- Stadiger as verwagte terugvoer en goedkeuring van eksterne instansies het die beplande tydsraamwerke vir interne kurrikulumkartering van modules en programme vir goedgekeurde en geakkrediteerde NWU-kwalifikasiestandaarde beïnvloed.
- Soos met die implementering van enige nuwe elektroniese stelsel, het die toetsing van die IKAS-stelsel uitdagings gebied wat stelselwysigings genoodsaak het.

risiko's wat betrokke is

Risiko: Die RHO se sperdatum vir die uitfasering nie-HOKSR-belynde kwalifikasies is die einde van 2017, maar die stadige eksterne goedkeuringsprosesse vir die Kategorie A en B-kwalifikasies maak hierdie implementeringsdatum bykans onmoontlik. Daar sal nie genoeg tyd wees vir die interne belyningsaktiwiteite nie, insluitende die voorbereiding van bemarkingsmateriaal en om studente te werf en in te skryf nie. In die bestuur van hierdie risiko het die NWU sy

kommer oor die voorgestelde sperdatum in ons respons op die RHO-communiqué uitgespreek.

Risiko: Die uitgebreide omvang en aard van die nodige belyning op elk van die drie NWU-kampusse, asook interkampus. Daar is 'n gebrek aan duidelikheid oor die rolle en verantwoordelikhede van akademiese en ondersteuningstrukture, wat interkampusamewerking kan laat misluk. In die bestuur van hierdie risiko het ons 'n projekspan tot stand gebring om die belyningsaktiwiteite op en tussen kampusse te beplan en te koördineer. Die projekspan het in September 2015 'n voorstel oor die belyningsproses aan die IKOL gemaak, en in Oktober 2015 het hulle 'n gewysigde plan aan die Senaat voorgelê. Die projekplan is verder gedurende November 2015 hersien om Senaatsinsette en veranderende eksterne datums in berekening te bring.

Risiko: Onvoldoende kapasiteit om IKAS-stelselondersteuning aan alle eindgebruikers te voorsien. In die bestuur van hierdie risiko het ons die gebruikerskoppelvlak van die IKAS-stelsel verfyn sodat dit minder opleiding en ondersteuning in die werklike toegang tot die stelsel vereis.

Risiko: Dat die goedkeuring en implementering van die nuwe NWU-bestuursmodel 'n vertraging in die afhandeling van sekere verouderde NWU-beleide soos die Beleid vir Ontwikkeling, Bestuur en Hersiening van Programme kan noodsaak. Om hierdie risiko te bestuur, het ons die stelsel vir die ontwikkeling, bestuur en hersiening van akademiese programme ontwerp en geïmplementeer. Die beleid sal egter uiteindelik slegs gewysig word wanneer die nuwe bestuursmodel gefinaliseer is en geïmplementeer word, aangesien die nuwe dekane dit op grond van hul veranderde behoeftes sal moet goedkeur.

belanghebbersbehoefte

Al die NWU se akademiese en ondersteuningstrukture was betrokke. Eksterne belanghebbers was die DHOO, die RHO-akkrediteringskomitee en die SAKO.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die werk aan beide die HOKSR-belyningsprojek en die stelsel vir die ontwikkeling, bestuur en hersiening van programme het die grondslag vir die komende kurrikulumkarteringsproses as die voorfinale fase van die belyningsprojek gelê. Van Februarie tot September 2016 sal alle programme wat aan Kategorie A-kwalifikasies gekoppel is, aan die hand van die goedgekeurde kwalifikasiestandaarde gekarteer word. 'n Soortgelyke proses sal van Januarie tot September 2017 vir die Kategorie B-kwalifikasies gevolg word. Intussen sal die NWU die nuwe weergawe van die gekonsolideerde PKM opstel om die resultate van die volledige HOKSR-belyningsproses te weerspieël. Die HOKSR-belynde PKM moet teen die einde van Februarie 2016 by die DHOO ingedien word.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

'n Dinamiese, geïntegreerde, responsiewe en toepaslike PKM is van kardinale belang vir die NWU se sukses met die lewering van goed afgeronde graduandi en dus ook vir die universiteit se volhoubaarheid binne die hoërondewysomgewing. Akkreditering van kwalifikasies en akademiese programme deur die onderskeie akkrediteringsliggame (waaronder professionele liggame met behoorlike mandate) is noodsaaklik vir volhoubare lewering van onderrig en leer. Baie van die werk wat gedoen is om belyning met die HOKSR te bewerkstellig, sowel as interkampusbelyning, het ten doel om die NWU se volhoubaarheid te verstewig. Die HOKSR-belyningsprojek is egter arbeidsintensief en, indien dit nie korrek uitgevoer word nie, kan dit lei tot die verlies van akademiese programme en die inkomste wat daarmee gepaard gaan.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

2.5 Benut uiteenlopende strategieë om 'n kultuur van uitnemendheid in onderrig en leer te bevorder.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Hoëronderrig-onderrig en -Leer (HELTASA) is in November 2015 aangebied om goeie praktyk in onderrig en leer te bevorder. Verder neem drie personeellede deel aan die HELTASA-program vir Bevordering van Onderrig by Universiteite, wat van 2015 tot 2016 plaasvind. Vir inligting oor die NWU se deelname aan die jaarlikse HELTASA-toekennings vir uitnemendheid in onderrig en leer en ons interne Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU), kyk asseblief onder die subopskrif Toekennings en prestasies op p59. Die universiteitwye implementering van Vakkundigheid van Onderrig en Leer (VOL) is voortgesit en 14 projekte is befonds. Praktykgemeenskappe is tot stand gebring om op verbetering van die studente-ervaring te fokus en verskeie personeelontwikkelingsessies is gereël.

Die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND), die Onderrig-ontwikkelingstoekenning, Kwaliteitverbeteringsprojek en die Transformasie van Onderrig en Leer-projek is ook belangrike inisiatiewe vir ontwikkeling van akademiese personeel. 'n Verdere hersiening van die beleid vir akademiese bevorderings is geïnisieer om voldoende erkenning van prestasie in onderrig en leer te verseker.

As deel van die ontwikkeling van die Kwaliteitverbeteringsprojek is ITOU-deelnemers genooi om kommentaar op die stelsel te lewer. Terwyl hulle terugvoer oor die algemeen positief was, het hulle gevra vir groter duidelikheid oor die kriteria en modereringsproses vir die Toekenning vir Uitsonderlike Onderriguitnemendheid en meer ondersteuning in die ontwikkeling van hul onderrigportefeuljes.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die volgehoue getalle deelnemers aan die ITOU-, IKND- en VOL-projekte bevestig die waarde wat dit vir akademiese personeel bydra, en so ook die terugvoer wat ontvang is. Slegs 'n beperkte getal personeel kan geakkommodeer word in die drie jaarlikse aanbiedinge van die IKND-program, en die aanvraag vir die kursus is groter as die aanbiedingskapasiteit. Nietemin is daar ruimte vir verbetering in die getal akademiese personeellede wat deelneem aan inisiatiewe om onderriguitnemendheid aan te moedig. 'n Hersiening van die bevorderingsbeleid behoort te handel met maniere om deelname aan die ITOU- en ander projekte te erken ten einde verbeterde onderrigvaardighede vir loopbaanontwikkeling en bevordering te laat tel.

risiko's wat betrokke is

Sleutelrisiko's

- Die uitkomst van VOL-navorsingsprojekte word moontlik nie altyd geïmplementeer en kan dus moontlik nie 'n merkbare invloed op die studente-ervaring of dosentgedrag hê nie.
- Hoewel die NWU 'n multimodale benadering tot die lewering van onderrig en leer aanvaar het, kan daar moontlik nie voldoende hulpbronne beskikbaar wees om innoverende onderrig en leer te bevorder nie.

belanghebbersbehoefte

Ons belanghebbers in akademiese ontwikkeling is:

- Studente, wat regstreekse voordeel uit bevoegde dosente sal trek.
- Akademiese personeel, wat goeie vakkennis het maar dikwels nie in onderrig gekwalifiseer is nie.

Sommige van die akademiese personeellede ondergaan eweknie-evaluering vir die Interne ITOU-toekennings of nasionaal deur die HELTASA-toekenningsproses. Die kampusse se akademiese ontwikkelings- en steundienste reël ook opleiding vir akademië.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

'n Hersiening van die kriteria en proses vir die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) word vir 2016 beplan. 'n Verdere hersiening van die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND) word beplan om die verband tussen die twee fases van die kursus en te versterk, en om logistiek en rekordhouding te verbeter.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Daar behoort ekstra stukrag gegee te word aan onderrig-uitnemendheid deur die kartering van die doseringslewensiklus deur die Transformasie van Onderrig en Leer-projek, en inligting oor personeelontwikkeling word ook tydens die kwaliteitverbeteringsprojek ingesamel. Die besluit van die NWU om 'n multimodale benadering vir wyer en beter gebruik van tegnologie te benut sal heelwat tyd en finansiële hulpbronne vir die ontwikkeling van akademiese personeel en herontwikkeling van leermateriaal vereis.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

2.6 Implementeer uiteenlopende strategieë om studentetoegang en -sukses te verbeter (hierdie afdeling gaan oor die transformasie-elemente van toegang en sukses, spesifiek met betrekking tot onderrig en leer).

ons prestasie teenoor ons teikens

Let asseblief daarop dat die vorige afdeling handel oor die strategiese aspekte waarop die werk gebaseer is waaroor hier verslag gedoen word. Daardie inligting moet saam met hierdie afdeling gelees word.

'n Konsep van die Raamwerk vir Studentetoegang, -behoud en -sukses is ontwikkel en aan die NWU se Forum oor Toegang en Sukses, die IKOL en die Senaat voorgelê.

Projekte om studentegereedheid te bevorder en toegang te verbeter is die "SETH"-akademie- en Ikateleng-projek, sowel as die Toegang en Sukses-deel van die Transformasie van Onderrig en Leer-projek, soos vroeër oor verslag gedoen is.

Daarby het ons 'n raamwerk vir die hersiening van toegangsvoorsiening ontwikkel. Teen November 2015 het ons reeds twee verslae oor toegangsvoorsiening opgestel, wat die UnivPrep-program en studentesukses in die grondslag-/verlengde programme gedek het. Die verslae, wat verskeie aanbevelings oor die UnivPrep-program bevat, sal in 2016 aan die IKOL en Senaat voorgelê word. Die verslag oor grondslag-/verlengdeprogramvoorsiening is ingedien by en goedgekeur deur die DHOO. In Maart 2015 het ons aan die Senaat verslag gedoen oor die bevindings van die meningsopname oor eerstejaarervarings wat in 2014 uitgevoer is. Die bevindings bied aan kampusse waardevolle insigte oor kwessies rakende studente se vermoë om by die hoërondewysomgewing aan te pas. Die vierjaarprojek vir die herontwerp van die akademiese geletterdheidsmodules is aan die begin van 2015 geïmplementeer. In Oktober 2015 het ons 'n verslag oor studente se sukses en oor voorlopige tendense met betrekking tot studente se sukses in die eerste semester van 2015 aan die Senaat voorgelê. 'n Omvattende verslag oor die impak van Aanvullende Onderrig, maontlike risiko's en aanbevelings vir verbetering het in September 2015 by die IKOL gediën.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Sommige van die akademiese ondersteuningsaktiwiteite, soos die ontwikkeling van die Raamwerk vir Toegang, Behoud en Sukses, is eers gedurende 2015 volledig van stapel gestuur en dit sal tyd neem om 'n begrip van die impak daarvan te vorm. Die Aanvullende Onderrig-stelsel het steeds meetbare verbeterings in die akademiese prestasie van deelnemende studente tot gevolg.

Die studie wat gedoen is oor die grondslag-/verlengde programme op die Vaaldriehoek- en Mafikengkampus het getoon dat dit ook goeie resultate oplewer. Die UnivPrep-program is die afgelope vier jaar in 'n loodsfasie, en die Senaat sal in 2016 'n besluit neem oor die voortsetting en toekomstige formaat daarvan.

Studentesteundienste soos geformaliseerde mentorskap en tutorklasse benodig verdere ontwikkeling en as 'n beginpunt is werksessies op al die kampusse gehou. Die herstrukturering van akademiese steundienste aan die NWU sal 'n geleentheid bied om studentesteun te herorganiseer en te konsolideer.

risiko's wat betrokke is

Sleutelrisiko: Die impak van die aansienlike belegging in studentesteundienste kan verwater word indien studente nie genoegsaam bewus is daarvan nie en indien behoorlike institusionele kapasiteit ontbreek.

Strategieë wat in 2015 gevolg is om hierdie risiko's die hoof te bied:

- Die studentelewensiklus is gekarteer as deel van die Transformasie van Onderrig en Leer-projek, wat 'n beter begrip gebring het van faktore wat studentetoegang en sukses beïnvloed.
- 'n Konsepraamwerk vir Toegang, Behoud en Sukses is opgestel om studentesukses sistematies te ondersteun.

Ander stappe wat gedoen word:

- Die instelling van ewekniementorskap en tutorskap
- 'n Sterker fokus op akademiese oriëntering aan die begin van elke jaar
- Groter klem op die lees- en skryflaboratoriums om studente by te staan
- Die herontwerp van die akademiesegeletterdheidsmodules (AGLA/AGLE)
- Hersiening van die voorsiening van verlengde programme
- Die STARS-projek in samewerking met die Universiteit van Pretoria om die prestasie van eerstejaarstudente te volg.

belanghebbersbehoefte

Vir studentesteun is die vernaamste belanghebbers:

- Voornemende studente wat kan baat vind by 'n verlengde program of die UnivPrep-program
- Leerders in sekondêre skole wat toegang tot die universiteit se ekonomiese-, wetenskap- en gesondheidsprogramme nodig het
- Ingeskrewe studente wat akademiese steun ontvang
- Akademiese personeel wat inligting oor die ervaring van eerstejaarstudente nodig het
- Akademiese ondersteuning van personeel wat geformaliseerde prosesse en navorsingsprojekte oor studentesteun nodig het
- Ander universiteite met wie ons saamwerk oor studentetoegang en sukses.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die volgende toekomstige inisiatiewe is belangrik:

- Voortgesette verbetering van die kurrikulumontwerp, gehalte en afleweringsmodus van die UnivPrep-program
- Voortgesette pogings in die ontwerp en aanbieding van verlengde programme, veral op die Potchefstroomkampus, waar geen verlengde programme tans aangebied word nie
- Hersiening van die akademiesegeletterdheidsmodules om in die behoeftes van ontoereikend voorbereide studente te voorsien
- Verandering van die struktuur en koördinerings van bestaande studentesteundienste as deel van die ontwikkeling van die nuwe organisatoriese struktuur.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Meer omvattende rekordbestuur en -ontleding in hierdie omgewing is noodsaaklik. Hoewel die NWU nou waardevolle inligting oor toegang en sukses genereer, belemmer 'n gebrek aan integreringsvermoë volle gebruik van die inligting, wat nie gereedlik vir besluitnemers beskikbaar is nie.

Dit is omdat die inligting oor studente se akademiese prestasie in verskeie dokumente en deur verskillende afdelings binne die universiteit versamel word, maar nie geïntegreer word in een databasis wat personeel in staat stel om 'n samehangende begrip te vorm van die patrone wat met die behoud en uitsak van studente verband hou nie.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

2.7 Ontwikkel en implementeer 'n Aanstelbaarheidstrategie om die loopbaanvooruitsigte van die NWU-graduandi te bevorder, deur middel van die artikulasie tussen onderrig- en leeraktiwiteite en die Loopbaansentrum.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die Loopbaansentrum fasiliteer die skepping van netwerke en netwerkingsgeleenthede vir werkgewers, alumni en NWU-akademië om die indiensnemingsvooruitsigte en aanstelbaarheid van studente en graduandi te verbeter. Hulle het die volgende gebied:

- Gereelde besoeke aan werkgewers en bywoning van netwerkgeleenthede
- Agt loopbaanskoue wat in 2015 gehou is en deur 126 verteenwoordigers van maatskappye bygewoon is
- Gratis reklame vir maatskappye om werksgeleenthede vir ons alumni op ons LinkedIn-bladsy te plaas
- Die Symplicity-pakket as 'n loopbaandienste-bestuurstelsel om doeltreffende skakeling met werkgewers en alumni asook interaksie met fakulteite doeltreffend te bestuur.



Die Loopbaansentrum het met gebruik van die bevindinge van die SAGEA-opnames onder werkgewers en kandidaatwerknemers 'n verslag oor indiensnemings-tendense en die unieke NWU-studenteprofiel opgestel.



Die Loopbaansentrum bied ook aan studente loopbaankonsultasie en -voorbereidingsdienste, met gebruik van platforms soos loopbaanskoue, opedae, CV- en onderhoudsvoorbereidingswerkwinkels, werkgewersaanbiedings en gaslesings, sowel as lysing van maatskappye in die loopbaangids en op die webwerf.



In 2015 het die loopbaankonsultant 4 157 studente met die opstel van CV's en voorbereiding vir onderhoude bygestaan, vergeleke met 2 821 in 2014. Ons Pace-beroepsleidingsprogram help huidige studente met die identifisering van potensiële loopbane en voornemende studente met die identifisering van beskikbare NWU-programme wat met hul loopbaanambisies verband hou. Die Loopbaansentrum het die Opname oor Graduandi se Loopbaanbestemmings op al die kampusse gedoen en die finale verslag in November 2015 aan die Forum vir Onderrig-Leer voorgelê. Vir meer inligting oor die aktiwiteite en prestasies van die Loopbaansentrum, kyk onder die subopskrif "Toekennings en prestasies" op p59.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Positiewe aspekte

Die Loopbaansentrum is 'n institusionele diens met 'n sterk kampusteenwoordigheid. Hulle werk geniet eksterne erkenning en het verskeie toekennings verower.

Uitdagings/teleurstellings

- Die Loopbaansentrum moet beste praktyke ondersoek om die responskoers vir die Opname oor Graduandi se Loopbaanbestemmings te verhoog, wat gedetailleerde ontleding per kwalifikasie moontlik sal maak.

- Namate die studentevraag na loopbaandienste toeneem, moet meer personeelkapasiteit geskep word.
- Ons is mees nog nie prestasie wat betref die bereiking van graduandi-eienskappe nie, en verdere navorsing is nodig om te bepaal wat 'n aanvaarbare indiensnemingskoers van gegradueerdes binne ses maande na voltooiing van hul studies is.

risiko's wat betrokke is

Sleutelrisiko's

- Studente is moontlik nie voldoende voorberei vir die werksêreld nie.
- Gapings bestaan tussen vaardighede wat vereis word in die werkplek en die inhoud van die akademiese programme wat aangebied word.
- Graduandi-eienskappe word nie voldoende geartikuleer in die Konsepstrategie vir Onderrig en Leer of in die ontwerp van akademiese programme nie.

belanghebbersbehoefte



Interne belanghebbers

- Senior bestuur, kampusleierskap en akademiese leierskap, wat goed toegerus is om terugvoer te gee oor die verwagtinge van studente en werkgewers
- Studente wat hul aanstelbaarheid wil verbeter.



Eksterne belanghebbers

Werkgewers wat NWU-graduandi vir vakatures vir graduandi oorweeg.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die Loopbaansentrum sal in 2016 hoofsaaklik op die volgende fokus:

- Ontwikkel 'n aanstelbaarheidstrategie vir die NWU
- Sit die ontwikkeling van die Opname oor Graduandi se Loopbaanbestemmings voort
- Implementeer en voorsien opleiding in die Symplicity-bestuurstelsel vir loopbaandienste
- Betrek vakadviseurs by voorsiening van loopbaaninligting aan studente
- Verbeter skakeling met alumni
- Fokus op deelydse werk en internskappe vir studente, veral binne ons kampusse se voetspoorgebiede
- Implementeer 'n Aanstelbaarheidstoekening-program.



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Om die universiteit se volhoubaarheid te verseker is dit noodsaaklik om aan studente 'n doeltreffende loopbaankonsultasiediens te bied en 'n doeltreffende aanstelbaarheidstrategie te hê.



ons prestasie teenoor ons teikens

Ons het die goedgekeurde raamwerk vir voortgesette onderrig verder verfyn. Die doel is om risikobestuur te verbeter en om 'n instaatstellende omgewing vir die groei en volhoubare bestuur van verskeie nie-formele programme te skep.

Die NWU het gehelp om die "Riglyne vir Goeie Leerpraktyk wat nie tot 'n Kwalifikasie of Gedeeltelike Kwalifikasie lei nie" op te stel. Nadat dit in die Staatskoerant van April 2015 gepubliseer is, het die SAKO terugvoer hanteer wat ontvang is, met die oog op die bepaling van die toekomstige status en bestuursvereistes vir voorsiening van voortgesette onderrig aan universiteite.

Intern word alle bestaande kursusse wat bekend is, behalwe die kursusse in die hele portefeulje van die Sentrum vir Omgewingsbestuur (SOB), tans hersien en deur IKAS goedgekeur oor 'n tydperk van drie jaar wat in Februarie 2016 ten einde loop – 10 maande vroeër as beplan. Die proses is versnel om te help om die risiko's wat in die NWU-risikoregister gelys is te verlig.

'n Webgebaseerde koppelvlak vir die vaslegging van inligting oor programme en geleenthede vir plasing op die NWU-webwerf is voltooi, wat die weg baan vir die meer omvattende bestuurstelsel om in 2016 ontwikkel te word. Die tussentydse stelsel sal in 2016 geïmplementeer word om duidelikheid oor die omvang van voortgesette onderrigaktiwiteite te verkry en om as insette in 'n model vir die bestuur van derdegeldstroominkomste uit hierdie aktiwiteite te dien.

risiko's wat betrokke is

Risiko: Die aanbieding van nie-formele programme bly hoog op die NWU-risikoregister. Daar is 'n gebrek aan duidelike riglyne ten opsigte van die NKR-vlakke en voorgestelde krediete vir voortgesette onderrigaanbiedings. Maniere om dit te bestuur sluit in kommunikasie met eksterne belanghebbers oor vlakke en krediete van aanbiedings en gereelde bywerking van beleide en prosesse vir die bestuur en kwaliteitskontrole van nie-formele programme.

Risiko: Daar is onvoldoende stelselvermoëns om die goedkeuring en aanbieding van voortgesette onderrigaanbiedings te monitor en te bestuur. Ons bestuur dit deur die ontwikkeling en implementering van die webgebaseerde koppelvlak vir die vaslegging van inligting oor programme en geleenthede.

Risiko: Kontrakte, diensvlakooreenkomste en memorandum van verstandhouding verseker nie behoorlike akademiese eienaarskap en verantwoordelikheid vir voorsiening van voortgesette onderrig aan die NWU nie. Om dit teen te werk, sal 'n komitee ons ooreenkomste met eksterne vennote noulettend ondersoek.

belanghebbersbehoefte

Interne belanghebbers: fakulteite, sake-eenhede en navorsingseenhede.

Eksterne belanghebbers: sommige SETA's, die Nasionale Skool vir Regeerkunde, SAKO, RHO en DHOO, verskeie staatsdepartemente, private ondernemings en professionele liggame. Ons deel die algemene kommer oor die gebruik van vervalste en bedrieglike sertifikate en het ons sertifiseringpraktyke en die gehalte van ons voortgesette onderrigaanbiedings hersien. Ons verwelkom die werk wat die SAKO en universiteite doen om voortgesette onderrigaanbiedings met SAKO-riglyne te belyn en, in die besonder, die beoogde amptelike erkenning van voortgesette onderrigaanbiedings sodat suksesvolle kandidate op die Nasionale Leerdersdatabasis mag registreer.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Druk om derdegeldstroominkomste te genereer sal toeneem, wat dus noulettende monitoring en bestuur van ons aktiwiteite noodsaak. Ons beplande webgebaseerde koppelvlak vir die vaslegging van inligting oor programme en geleenthede sal meer sistematiese bestuur van voortgesette onderrig en insameling van inligting toelaat.

Die meer gesofistikeerde bestuurstelsel vir voortgesette onderrig wat vir 2016 in die vooruitsig gestel word, sal inligting oor deelnemers, kursusse, geleenthede, finansies, sertifisering en rekordhouding bestuur insluit.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

'n Aantal eksterne en interne uitdagings kan 'n invloed op die volhoubaarheid van voortgesette onderrig hê.

Eksterne uitdagings

- Nievoldoening of bedrieglike praktyke deur lede van die personeel kan lei tot reputasieskade, hofsake en/of opskorting van akkreditering.
- Versuim om nasionale erkenning van voortgesette onderrig te verseker sal die NWU benadeel.

Interne uitdagings

- Daar is 'n behoefte aan verbeterde kosteverhaling, verantwoordelike bemerking, korrekte uitreiking van sertifikate en meer doeltreffende benutting van administratiewe ondersteuningspersoneel.
- Om hierdie voordele te bereik, het ons 'n nuwe sakemodel nodig. Die bestaande praktyke en gevestigde belange kan egter 'n ernstige impak hê op die gemak waarmee so 'n model geïmplementeer kan word.

algemene terugblik

Aangeleenthede wat as die belangrikste en mees relevante vir die NWU en ons belanghebbers beskou word

Een van die projekte wat besondere relevant was, was die Transformasie van Onderrig en Leer-projek, wat daarop gemik is om die kernaspekte van onderrig en leer te karteer en die werk van die portefeulje te herontwerp ten einde uitnemende studentetoegang, behoud en sukses te verseker.

Twee belangrike subprojekte is:

- Die nasionale Hoëronderrigskwalifikasie-subraamwerk- (HOKSR-) belyningsprojek wat, via die DHO, 'n beduidende impak op die program- en kwalifikasie-mengsel van elke universiteit het en daartoe lei dat die SAKO nuwe of gewysigde kwalifikasies erken.
- Die waardevolle maar tydrowende Kwaliteitsverbeteringsprojek (KVP) van die Ouditdirektoraat van die RHO wat fokus op kernitems van die Transformasie van Onderrig en Leer-projek.

'n Tweede belangrike inisiatief was die langverwagte implementering van die elektroniese IKAS-stelsel, wat 'n beduidende verbetering in die vermoëns van programontwikkeling, -bestuur en -hersiening meegebring het.

Die derde belangrike inisiatief is die ontwerp van die NWU se voorgestelde graduandi-eienskappe, gebaseer op die Loopbaan-sentrum se werk aan die graduandiprofiel en graduandi se loopbaanbestemmings.

Belangrikste strategiese stappe wat gedoen is om waarde te skep en hoe dit ons langtermynbesluitneming beïnvloed

Die Transformasie van Onderrig en Leer-projek verteenwoordig die strategiese besluit om onderrig en leer aan die NWU op 'n diep vlak te transformeer.

Hierdeur wil ons die volgende verseker:

- Samehangende programontwerp, -lewering en -hersiening wat graduandi-eienskappe in ag neem.
- Dat NWU-akademiëci behoorlik bemaatig is vir onderrig in 'n tegnologieryke omgewing.
- 'n Skerper fokus as ooit tevore op studentetoegang, behoud en sukses.

Die implementering van die elektroniese IKAS-stelsel was 'n groot waardetoevoegende, strategiese mylpaal wat beter rekordhouding, gestroomlynde programgoedkeuring en die aanlyn beskikbaarheid van programinligting opgelewer het.

Belangrikste gevalle van eksterne betrokkenheid en interne belyning wat 'n invloed op waardeskepping vir die NWU het

Die skaal en omvang van onderrig- en leerinisiatiewe in 2015 het dit 'n jaar van intensiewe interaksie met die RHO gemaak, veral met hul Hoëronderrigskwaliteitskomitee, die DHO en die SAKO.

Benewens ons interaksie met die drie groot projekte van 2015, het ons met die RHO, DHO en SAKO oorleg gepleeg oor die akkreditering van nuwe en bestaande kwalifikasies en programme, en oor akademiese beplanning en befondsing. Ons personeel het ook eksterne liggame met hul projekte bygestaan.

Dit het alles waarde in die onderrig-leeromgewing geskep en dit verbeter.

toekomstvooruitsig

Hoe ons huidige prestasie 'n impak sal hê op die waarde wat geskep word vir en prestasie van die NWU op die lang termyn

Die belangrikste prestasie van 2015 was 'n meer sistematiese benadering tot onderrig en leer. In die besonder skep die Transformasie van Onderrig en Leer-projek 'n duidelike onderrig- en leerraamwerk asook sleutelstelsels, prosesse en strukture. Ons het ook goeie vordering gemaak met die verbetering van die manier waarop ons ons voortgesette onderrig-aanbiedings bestuur, ten einde duidelike lyne van aanspreeklikheid, doeltreffende voorsiening van programinligting, die bevoegde bestuur van risiko en die vermoë tot toereikende beplanning te verseker.

In die voortbouing op die prestasies van 2015 sal hierdie portefeulje in die komende jaar op die volgende fokus om voor te berei vir die NWU se nuwe bestuurstruktuur en strategie:

- Afhandeling van die Onderrig- en Leerstrategie
- Hersiening van ons beleide
- Voorsetting van die HOKSR-belyningsprojek
- Transformerings van die kurrikulum
- Hersiening van professionele personeelontwikkeling
- Voortgesette werk aan die Raamwerk vir Toegang, Behoud en Sukses
- Ontwikkeling van 'n aanstelbaarheidstrategie
- Die maak van aanbevelings oor 'n toepaslike raamwerk vir die bestuur van voortgesette onderrig.

Die waarde wat hierdie inisiatiewe sal toevoeg, is onder meer om 'n grondslag te voorsien vir die implementering van die geïntegreerde fakulteitstrukture, om akademiëci en studente van 'n noodsaaklik verwysingspunt vir programontwerp te voorsien en om 'n plasing- en assesseringstelsel te lewer en te ontwikkel.



ons navorsing

Hierdie afdeling demonstreer hoe ons die toepaslike missie-elemente van die NWU se strategiese dokument, die Jaarlikse Prestasieplan, bereik het, en hoe ons intellektuele kapitaal deur ons navorsingsaktiwiteite getransformeer word.

missie-element 3

Om ooreenkomstig nasionale prioriteite relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte voort te bring en te handhaaf, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

3.1 Skep 'n instaatstellende omgewing vir navorsingspersoneel om te kan ontwikkel in 'n universiteit waar navorsing en onderrig-leer in balans is.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die Kantoor vir Navorsingsondersteuning bestaan uit vier groepe wat dienste aan die NWU se navorsers voorsien:

- Die finansiële groep, wat verantwoordelik is om finansiële steun te verleen aan houers van toekennings en ander navorsers.
- Die befondsingsagentskappegroep, wat verantwoordelik is vir administrasie voor en ná die maak van alle navorsingstoeke en graderingsaansoeke.
- Die verslagdoeningsgroep, wat verantwoordelik is vir al die inligting wat vasgelê word in en geadministreer word deur InfoEd, wat die Navorsingsinligtingbestuurstelsel is wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) en die Nasionale Navorsingstigting (NNS) voorsien word en deur die meeste Suid-Afrikaanse universiteite gebruik word.
- Die algemene ondersteuningsgroep, wat verantwoordelik is vir die programme soos die Postdoktorale Beursprogram en die Program vir Ontwikkelende Navorsers.

Die Institusionele Toekennings vir Navorsingsuitnemendheid (ITNU-) aansporingskema het R28 168 640 beloop, wat aan 1 312 navorsers uitbetaal is. Altesaam 487 etiekaansoeke is ontvang en aan die toepaslike etiekkomitees versprei vir oorweging, 465 etieksertifikate is uitgereik en nege hekwagteraansoeke is geadministreer. In 2015 het ons begin met die ontwikkeling van 'n raamwerk vir die bestuur van navorsing en etiek by die NWU, vir goedkeuring en implementering in 2016. Dit sal bestaan uit 'n Navorsingsetiekbeleid en 'n Gedragskode en Reëls vir die onderskeie komitees. Die proses het langer geneem as wat verwag is, en het die uitrol van die Navorsingsetiekmodule op InfoEd vertraag. Om navorsingaktiwiteite op alle vlakke te stimuleer, het die NWU weereens die getal postdoktorale genote verhoog (sien die tabel). Die verbeterde

bestuurstelsel vir postdoktorale genote laat ons nou toe om teikens vir elke kampus en fakulteit te stel.


	2006	2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014
Mafikeng-kampus		1	2	3	6	14	23	35	43
Potchefstroom-kampus	18	32	35	42	58	71	88	104	110
Vaaldriehoek-kampus		1	1	3	5	4	3	7	8
Totaal	18	34	38	48	69	89	114	148	164

Kosteontleding van program vir postdoktorale genote

	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014
Publikasie-eenhede gegengereer	13	17	29	26	54	87	72
R-waarde (miljoen)	R1,6m	R2,1m	R3,6m	R3,3m	R6,3m	R10,2m	R8,3m
NWU-belegging	R3,3m	R4,7m	R9,0m	R13,5m	R19,5m	R21,6m	R31,6m

Indien 'n tydsvertraging van drie jaar vanaf voorlegging tot publikasie veronderstel word, is die program naby die gelykbreekpunt, met inagnome van slegs direkte koste. Die postdoktorale program lewer 'n uitstekende opbrengs op belegging in die vorm van navorsingsuitsette en ondersteuning vir navorsing. Die Kantoor vir Tegnologie-oordrag en Innovasiesteun (TOIS) is betrokke by die skepping van nuwe befondsingsgeleenthede, plaaslik en internasionaal, vir sowel navorsing as kommersialisering. (Vir meer besonderhede, raadpleeg p79 onder die opskrif, Navorsingsbefonding, in ons prestasiebeoordelingsverslag.)

Postdoktorale genote: Σ Regstreekse belegging en Σ Regstreekse inkomste



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die navorsingsondersteuningsaktiwiteite gaan gladweg voort ten spyte van kapasiteitsbeperkings. 'n Beduidende deel van die personeelbegroting word uit die NNS-toekennings befonds. Terwyl die navorsingsuitsette die afgelope jaar dramaties toegeneem het, het personeelvlakke slegs marginaal gestyg.



Die uitrol van die InfoEd-navorsingsetiekmodule word in die wiewe gery deur die stadige vordering met die beleidsraamwerk, swak deelname aan die navorsingsetiekkomitees en 'n gebrek aan kapasiteit in die Kantoor vir Navorsingsondersteuning.

Hoewel die postdoktorale beursprogram naby aan die gelykbreekpunt kom, is daar ruimte vir 'n verbetering in prestasie en 'n behoefte om die impak daarvan op die opleidingsprogram vir ons eie graduandi te monitor.

Die beskikbaarheid van befondsing vir navorsing en kommersialisering is van kritieke belang, aangesien dit help om die navorsingsondersteuningspersoneel te befonds en internasionalisering ondersteun.



risiko's wat betrokke is

Die navorsingsetiekproses by die NWU is in gevaar. Versuim om te voldoen aan die bepalings van die Nasionale Gesondheidsnavorsingsetiekomitee (NGNEK) sal in die ergste geval tot 'n opskorting van alle gesondheidsverwante navorsingsaktiwiteite lei. Op ander navorsingsgebiede word etiekkwessies vermy uit vrees dat beperkende reëls opgelê sal word. Dit kan onetiese gedrag tot gevolg hê.

Vertroue op enkelbrone befondsing, soos vanaf die NNS, word 'n risiko indien sodanige bronne hul prioriteite of fokus verander en geen alternatiewe befondsing gereedlik beskikbaar is nie. Die veranderinge aan die THRIP-program hou 'n groot risiko vir die NWU in. In ons bestuur van die risiko, is ons besig met die identifisering en ontwikkeling van bykomende befondsingstrome.



Navorsingstoerusting word toenemend uit eksterne bronne befonds, soos die Nasionale Toerustingprogram van die NNS. Al hierdie eksterne toekennings vir toerusting vereis medebefondsing deur die NWU. As gevolg van die huidige begroting, sal die NWU dalk nie in staat wees om al die medebefondsing te voorsien wat nodig is nie.



belanghebbersbehoefte

Interne belanghebbers: personeel en studente met 'n behoefte aan ondersteuning van navorsings- en innovasieaktiwiteite, waaronder kommersialisering en gemeenskapsbetrokkenheid. Min, indien enige, versoeke om ondersteuning kon nie aan voldoen word nie, en die algemene terugvoer van die NWU se navorsingsgemeenskap was positief.



Eksterne belanghebbers: Befondsingsagentskappe soos die Nasionale Navorsingstigting, die Tegnologie-innovasieagentskap en die Mediese Navorsingsraad, asook ander navorsings- of wetenskaplike rade, soos die WNNR en die Landbounavorsingsraad, en staatsdepartemente soos die Departement van Wetenskap en Tegnologie en die Departement van Handel en Nywerheid. Ons werk saam met en vir hierdie organisasies strek oor die navorsings- en innovasiewaardeketting en sluit lisensiering, ondernemingskepping en ander aspekte van kommersialisering in.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

'n Korttermynprioriteit is om die etiekkwessies op te los sodra die Senaat die beleidsraamwerk goedkeur. Ons sal voortgaan om die bestuur en monitering van die postdoktorale genootskapsprogram te verbeter, en sal die oorgangbestuur van die THRIP-program noulettend monitor en nuwe strategieë dienooreenkomstig ontwikkel.



Meer breedweg gesproke moet daarop gelet word dat die NWU se navorsings-, innovasie- en kommersialiseringstrategieë, planne en doelwitte/vooruitsigte deel is van 'n deurlopende institusionele beplannings-, verslagdoenings- en bestuursproses. Baie projekte strek oor verskeie jare en elke jaar se uitsette lê die grondslag vir die volgende jaar.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Inkomste uit die hele navorsing-innovasiewaardeketting (waaronder kommersialisering) is noodsaaklik vir die instandhouding van 'n omgewing wat die beste studente en personeel lok.

Enige agteruitgang in befondsing en navorsingsondersteuning sal die volhoubaarheid van ons navorsing belemmer.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

3.2 Verbeter die navorsingsprofiel van die NWU ten opsigte van die totale navorsingsuitset, die kwalifikasieprofiel van personeel, produktiwiteit en gefokusde uitnemendheid ten einde die NWU onder die ses topuniversiteite te posisioneer wat betref totale navorsings- en innovasie-uitset.

ons prestasie teenoor ons teikens

In 2015 het die NWU 51 graderingsaansoeke by die NNS ingedien. Van die 27 aansoeke vir nuwe graderings was 21 suksesvol. Slegs twee van die hergraderingsaansoeke was nie suksesvol nie. Van die twee, is een nie gegradeer nie en die ander een is versoek om in 2016 'n aansoek in te dien.



Volgens die NNS het ons op 5 Mei 2015 altesaam 182 NNS-gegradeerde navorsers gehad.

In Oktober 2015 ons het die dienste verkry van 'n ervare kontrakteur wat weeklikse vergaderings met voornemende graderingskandidate hou.



Vier onsuksesvolle aansoeke vir SARCHI-navorsingsleerstoele is in 2015 ingedien. Nadat die NWU appèl aangeteken het, die NNS toegegee dat daar gebreke in die proses was. Hulle is besig om met die betrokke minister oorleg te pleeg, en ons verwagting was dat minstens drie leerstoele aan die NWU toegeken sal word.

Mobilisering van saadbefondsing vir kommersialisering is 'n belangrike manier om te help om navorsingsproduktiwiteit vol te hou en die kapasiteit van ons navorsers te ontwikkel. Hierdie befondsing is gebruik vir alle aspekte van kommersialisering, van sakeplanontwikkeling tot prototipesertifisering en die lisensiering van tegnologiese.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die deelname van die navorsers aan die NNS-graderingsprogram is bevredigend. Die getal geakkrediteerde publikasies hou nie tred met die groeiendens van die afgelope vyf jaar nie. Dit was voorspelbaar gegewe die buitengewoon hoë groei koers wat bereik is, wat nie



volhoubaar is op huidige personeelvlakke nie. Die NWU handhaaf egter steeds 'n redelik sterk groeipatroon op die medium tot lang termyn.

Sterker klem is geplaas op die vind van eksterne befondsing vir navorsingstoerusting. Ons het verskeie aansoeke by die NNS se KIO-program ingedien, en het 'n taamlik aansienlike bedrag vir een aansoek ontvang.

Die NWU se Innovasiekantoor het 'n QS 5-stergradering ontvang, wat ook bydra tot die universiteit se oorhoofse graderingsdoelwit.

risiko's wat betrokke is

Die volhoubaarheid van die NWU se navorsingstoerustingprogram is in gevaar omdat ons staatmaak op eksterne befondsing wat dalk nie beskikbaar mag wees nie. Dit sal doeltreffender wees om duur toerusting uit kapitaaltoekennings vir infrastruktuur te befonds.

Onvoldoende navorsingstoerusting kan prestasie verswak op die gebiede waar moderne toerusting nodig is, wat publikasie-uitsette en die gepaardgaande subsidie verder kan verminder.

Negatiewe publisiteit die afgelope paar jaar het fondsinsameling negatief beïnvloed. Ons moet dringend spesiale aandag skenk daaraan om die NWU se positiewe bydraes tot die samelewing in die breë te bemark.

Verklaring van intellektuele eiendom (IE) is laag, aangesien baie navorsers nie die IE-registrasieproses en die voordele daarvan verstaan nie. Projekbefondsing-ondersteuningsinisiatiewe en voortdurende voorspraak vir die verklaring van IE kan hierdie situasie verlig.

Baie navorsers het 'n swak begrip van die impak van nievoldoening aan die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Openbaar Gefinansierde Navorsing en Ontwikkeling. 'n Streng IE-regime en bewustheid kan hierdie leemtes die hoof bied.

belanghebbersbehoefte

Eksterne belanghebbers is die handel en die nywerheid, die Departement van Handel en Nywerheid, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie en die wetenskaplike of navorsingsrade soos die NNS, MNR, LNR en WNNR. Ons wisselwerking met hulle dek gemeenskapsbetrokkenheid, regerings- en nywerheidsprojekte, die ontwikkeling van mensekapitaal en kommersialisering, hetsy deur lisensiering of die skepping van nuwe ondernemings.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Ten minste twee meer beduidende toekenningsaansoeke van tussen R36 miljoen en R48 miljoen is aan die kom oor die volgende drie jaar. 'n Eerste bedrag van R3 miljoen word in Januarie 2016 verwag as deel van die aansoek om NOK se Streeksinnovasiesteun.

Ons het 'n nuwe strategiese plan vir navorsing, innovasie, gemeenskapsbetrokkenheid, internasionale skakeling en IT-navorsing, wat die portefeulje in wese met die NWU se suksesmodel sal bely, wat deel is van die nuwe strategie wat in 2016 geïmplementeer sal word.

Inisiatiewe en ingrepe is in plek om navorsingstoerusting te verhoog, wat die aanstelling insluit van 'n skrywer van NNS-aansoeke om met hierdie te help.

ons prestasie teenoor ons teikens

Om te sien hoe ons vergeleke met hierdie teiken presteer het, raadpleeg ons prestasiebeoordelingsverslag, p78.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Ons het 'n positiewe, dinamiese navorsingsomgewing tot stand gebring deur behoorlike verslagdoening en deur inligting op gestruktureerde wyse te deel, asook deur ontwikkelingsgeleenthede en ondersteuning.



Die volgende bly egter steeds uitdagings:

- Die geweldig groot werkslading van personeel, aangesien te min navorsers navorsingsuitsette genereer
- Transformasie in die navorsinggemeenskap
- Daar word geen sistematiese stelsel vir sabbatsverlof gebruik nie
- Te min NNS-gegradeerde navorsers.

risiko's wat betrokke is

Die tempo van ontwikkeling of aanstelling van topnavorsers is te stadig om die doelwitte van die Suksesmodel te behaal.

belanghebbersbehoefte

Ons het navorsings- en kommersialiseringsgeleenthede vir personeel en studente deur interkampusamewerking geskep. Die Serious Games Institute (SGI) op die Vaaldrieoekampus is bekend gestel aan die personeel van die Skool vir Voeding op die Potchefstroomkampus, wat 'n reeks nuwe produkte tot gevolg gehad het. Terselfdertyd het navorsers van die Metabolomikaplatform op die Potchefstroomkampus met navorsers van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus vergader.

Die NWU se prominente rol in die Nasionale Samewerkende Program vir Toegevoegde Vervaardiging (Collaborative

Programme on Additive Manufacturing (CPAM)), bestaande uit sewe universiteite en 'n nywerheidsvennoot, het nuwe voorpunt-infrastruktuur na die NWU gebring en geleentede vir voorgraadse studente geskep. Toegevoegde vervaardiging wat by die NWU bekend gestel is, sluit reeds studente in ingenieurswese, gesondheidswetenskappe en natuurwetenskappe in.

Wat betref die insluiting van BGV (Departement Fisiologie) in die nasionale CPAM-program is alle aanduidings dat die NWU die internasionale gesaghebbende instansie op hierdie gebied sal word, en dien dit as 'n goeie voorbeeld van bewusmaking deur die Kantoor vir Tegnologieoordrag en Innovasiesteun op die regte tyd (terugvoer/inligting van duidelike behoeftes/vereistes vir die NWU se navorsinggemeenskap). Intern bied dit 'n geleentheid vir nuwe navorsings spesialisasie, met die gevolglike waardeketting vir die NWU.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Algemeen gesproke is 'n nuwe strategiese plan vir navorsing, innovasie, gemeenskapsbetrokkenheid, internasionale skakeling en IT vir navorsing ontwikkel om die portefeulje met die NWU se suksesmodel te bely. Verskeie meetbare uitsette is geïdentifiseer.

Inisiatiewe en ingrepe is in plek om navorsingsuitsette te verhoog. Nuwe inisiatiewe sluit in die aanstelling van 'n skrywer van NNS-aansoeke om met die skryf van NNS-graderingsaansoeke te help. Navorsers word aangemoedig en ondersteun om eksterne navorsingsbefondsingsgeleenthede deur middel van talle inisiatiewe in al die kantore van die portefeulje te ondersoek.



wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die lae wegwynkoers en onvoldoende befonding vir nuwe aanstellings belemmer pogings om transformasie te bespoedig, hoewel ons groeigeleenthede in die navorsing-innovasiewaardeketting geskep het.



SELEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

3.4 Moniteer die navorsingsentiteitemodel en brei die eksterne bemerking en kommunikasie van navorsing uit, en ondersoek interkampus-, interuniversitêre en wêreldwye samewerking.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die sesjaarlikse siklus van eksterne evaluering is in 2014 afgehandel. Die finale verslag van die evalueringspaneel, wat in 2015 ontvang is, was uiters positief en navorsingentiteite is besig om die voorstelle wat gemaak is te implementeer.

Die Navorsingsteunkommissie het in 2015 'n oorsig van alle navorsingsnisareas gedoen en aan die Senaat verslag gedoen. Die oorsigte en samesprekings met navorsingsleiers is op 'n positiewe en konstruktiewe wyse ontvang.

Die NWU neem aan minstens twee NNS-navorsingsentrums van uitnemendheid deel, naamlik die DWT NNS sentrum van Uitnemendheid in Voedselsekureit en die DWT NNS sentrum van Uitnemendheid in Wiskundige en Statistiese Wetenskappe.

Minstens drie navorsingsklusters is verder ontwikkel. Die Senaat het die Navorsingsinfrastruktuurbeleid goedgekeur, maar 'n gebrek aan fondse en kapasiteit vertraag volledige implementering.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Dit is teleurstellend dat 'n navorsingsinfrastruktuurbestuurstelsel nog nie eens in die beplanningstadium is nie, as gevolg van onvoldoende hulpbronne.

risiko's wat betrokke is

Behoorlike implementering van die navorsingentiteitemodel bly 'n uitdaging, gegewe befondsingsbeperkings. Die voortsetting van die model binne die nuwe NWU-bestuursmodel moet noulettend gemoniteer word.

belanghebbersbehoefte

Die NWU se navorsingentiteitemodel is oor 'n aantal jare goed ontwikkel en geniet aansienlike aanvaarding binne die navorsingsgemeenskap.

Kommunikasie van behoeftes van die mynbedryf aan HySA het tot 'n toekenning van R24 miljoen gelei.

planne en teikens/voorsigte vir 2016

Ons het 'n nuwe strategiese plan, met meetbare uitsette vir navorsing, innovasie, gemeenskapsbetrokkenheid, internasionale skakeling en IT vir navorsing ontwikkel, wat met die NWU se suksesmodel belyn is.

In 2016 sal dit ons prioriteit wees om nuwe inisiatiewe met die bestuursmodel te belyn en die saamgroepering van navorsingentiteite in temas verder te ontwikkel.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Befondsing vir alle navorsingaktiwiteite bly 'n uitdaging. Die belangrikste beperkings is die gebrek aan ondersteuning-personeelkapasiteit vir monitering en bestuur van navorsingsetiek en die ontwikkeling van 'n virtuele navorsingsinfrastruktuursetiel. Daar is nie genoeg interkampusdeelname in navorsingentiteite nie, oënskynlik as gevolg van die vorige bestuursmodel.



3.5 Sleutelprestasieaanwyser (Prestasieteikens/Bedryfdoelstelling)

3.5 Vind en vestig 'n doeltreffende meganisme om die deurvloei van nagraadse studente te meet en te verbeter.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die uitbreiding van die goedgekeurde moniteringstelsel vir nagraadse studente (MSNS) het in 2015 'n gevorderde stadium bereik en verskeie kleiner verbeterings is aan die huidige studentestelsel aangebring, wat tot 'n dramatiese verbetering in die beskikbare bestuursdata gelei het.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die bestuur van nagraadse studente is inkonsekwent, omdat daar nie 'n stelsel is nie. Dit het sekere fakulteite genoop om hul eie stelsels te ontwikkel.

risiko's wat betrokke is

Die risiko's wat verband hou met die afwesigheid van 'n enkele, geïntegreerde nagraadse bestuurstelsel sal noukeurig bestuur

moet word wanneer die nuwe stelsel voltooi is en in 2016 geïmplementeer word.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Soos genoem, beplan ons om die nuwe bestuurstelsel vir nagraadse studente in 2016 te implementeer, wat groter konsekwentheid en doeltreffendheid sal verseker.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die ekonomiese verlangsamings en gepaardgaande finansiële beperkings het 'n negatiewe impak op alle aspekte van navorsing en kan afbreuk doen aan ons goeie naam as 'n aantreklike omgewing vir nagraadse studente en ons potensiaal om ons intellektuele eiendom te innoveer en te kommersialiseer.



3.6 Sleutelprestasieaanwyser (Prestasieteikens/Bedryfdoelstelling)

3.6 Verfyne kwaliteitsversekeringsprosesse en -meganismes.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die kwaliteitskantoor was instrumenteel in die ontwikkeling van 'n moniterings- en evalueringsprogrammeganisme vir

navorsingsverwante meesters- en doktorsale programme. Die Senaat het hierdie meganisme in 2015 goedgekeur en dit word tans geïmplementeer. Dit sal gebruik word in samehang met die gereelde interne oorsigte wat die Navorsingsteunkommissie uitvoer.

3.7 Sleutelprestasieaanwyser (Prestasieteikens/Bedryfdoelstelling)

3.7 Optimeer strategieë om navorsingsbefondsingsgeleenthede in die sektor ten volle te ondersoek.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die NWU is een van die mees suksesvolle deelnemers aan die Departement van Handel en Nywerheid se THRIP-program en het in 2015 verskeie toekennings vir ontwikkeling van personeel en van navorsing van die NNS, MNR en DWT ontvang. Raadpleeg asseblief die afdeling onder Navorsingsbefondsing op p79 vir 'n lys van toekennings en toekenningsinkomste wat ons in 2015 ontvang het.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Ten spyte van die kapasiteit in die navorsingsentiteite, slaag die NWU nie daarin om voldoende befondsing van plaaslike of internasionale befondsinginstrumente te lok nie.

risiko's wat betrokke is

As ons daarin misluk om beduidend meer navorsingsbefondsing te lok, sal dit daartoe lei dat die NWU se navorsingsuitsette stagneer.

belanghebbersbehoefte

Die NWU se navorsingsgemeenskap het 'n behoefte aan 'n navorsingsomgewing wat bevorderlik is vir die generering van hoë-impakuitsette van gehalte. Befondsingsbeperkings ry dit in die wiele.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

In 2016 sal ons begin om die nuut ontwikkelde strategieë vir verhoogde generering van fondse te gebruik.



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die vermoë om oortuigende voorstelle vir navorsing en innovasie te skryf is beperk. 'n Belegging in hierdie vermoë sal die sukseskoers van befondsingsvoorstelle verhoog.

missie-element 4

Implementeer ons kundigheid in onderrig-leer en navorsing, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig, tot voordeel van die provinsie, die land, die Suider-Afrikaanse streek, die vasteland en uiteindelik die wêreld.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING).

4.4 Verfyn kwaliteitsversekeringsprosesse en –meganismes

ons prestasie teenoor ons teikens

As gevolg van beduidende veranderinge en nuwe projekte, prosesse en programme wat in die Kantoor vir Tegnologie-oordrag en Innovasiesteun geïmplementeer is, het ons begin om 'n nuwe kwaliteitshandleiding te ontwikkel. Dit sal as voorbereiding dien vir 'n oorsigtelike audit, gevolg deur 'n eksterne audit.



risiko's wat betrokke is

Die gebrek aan 'n omvattende verslag om die NWU se impak op ons omgewing uit te lig bly 'n risiko. Kapasiteitsbeperkings het verhoed dat dit in 2015 voltooi kon word. Die kwaliteitsoudit vir die Kantoor vir TOIS word beskou as 'n bemagtigingsaktiwiteit wat hulle sal ondersteun om hul doelwitte te bereik. Die proses sal na verwagting in Julie 2017 afgehandel wees en sal al die toepaslike interne en eksterne belanghebbers betrek.





algemene terugblik

Aangeleenthede wat as die belangrikste en mees relevante vir die NWU en ons belanghebbers beskou word

Die ontwikkeling van die Navorsingsetiekraamwerk is belangrik om te verseker dat ons die regte balans handhaaf tussen die generering van verhoogde navorsingsuitsette enersyds en die implementering van toepaslike beheermaatreëls en voldoening aan wetlike vereistes andersyds.

Ons het die Raad se steun vir die verkryging van regsenteite om as houermaatskappy vir die NWU se intellektuele eiendom en NOK-ondersteuningsfondse te gebruik, en dit sal 'n positiewe uitwerking op navorsing en innovasie by die universiteit hê. Die verskuiwing van kommersiële aktiwiteite na Innovation Highway Enterprises, 'n volbesitmaatskappy van die NWU, sal kommersialiseringsrisiko's beduidend verminder terwyl kommersiële aktiwiteite versnel sal word in 'n omgewing wat bevorderlik vir onderneming is. Die beskikbaarheid van kommersialiseringsteunbefondsing het voordele vir die Kantoor vir Tegnologie-oordrag en Innovasiesteun, ander afdelings in die portefeulje en verskeie fakulteite meegebring.

Belangrikste strategiese stappe wat gedoen is om waarde te skep en hoe dit ons langtermynbesluitneming beïnvloed

Verbetering van die proses vir navorsingsetiekgoedkeuring en die vestiging van 'n streeksinnovasielokantoor is prioriteite vir die NWU. Stappe wat ter verwesenliking hiervan in 2015 gedoen is, was die ontwikkeling van die Navorsingsetiekraamwerk en 'n streeksinnovasiestruktuur, met 'n ondersteuningskontrak met die NOK as basis. Strategiese beplanning wat alle eenhede binne die portefeulje raak, het 2015 gekenmerk en die span het oorsigte van die strategieë vir navorsing, gemeenskapsbetrokkenheid en internasionalisering, tegnologie-oordrag en die omgewing gedoen.

Belangrikste gevalle van eksterne betrokkenheid en interne belyning wat 'n invloed op waardeskepping vir die NWU het

Die Kantoor vir Navorsingsondersteuning is hersaamgestel, wat beter belyning met die NWU se navorsingstrategie verseker het. Die streeksinnovasielokantoorstruktuur wat ontwikkel is, is 'n holistiese benadering tot streeks- ekonomiese ontwikkeling. Dit sluit navorsing, innovasie, gemeenskapsbetrokkenheid en tegnologie-oordrag in, en dit bring die universiteit, die regering, die sakewêreld en die nywerheid en die gemeenskap bymekaar.

toekomsvooruitsig

Hoe ons huidige prestasie 'n impak sal hê op die waarde wat geskep word vir en prestasie van die NWU op die lang termyn

Die herstrukturering van die bestuursmodel van die NWU sal ongetwyfeld tot 'n verbetering in belyning en produktiwiteit lei. Die voorgestelde Innovasiesnelweg sal funksioneer as 'n streeksinnovasiestelsel-/forum in die provinsies Noordwes en Suid-Gauteng, met die fokus op 'n aantal bestaande, opkomende of beplande innovasietemas wat potensieel tot die vervulling van plaaslike en streeksbehoefte asook dié van die nywerheid en die gemeenskap kan bydra. Hierdie temas sal grootliks ooreenstem met die bestaande sentrums van kundigheid by die NWU.

Hierdie kundigheid, gekombineer met ons navorsingsinfrastruktuur en samewerking met die streek se nywerheidsvaardighede en kennisbasis, kan betekenisvolle innovasiegeleenthede tot gevolg hê. Dit sou ontsluit word deur plaaslike ekonomiese ontwikkeling te bevorder, navorsingsagendas te beïnvloed en die plaaslike kommersialisering van eie innovasie en intellektuele eiendom te versnel, soos deur onderhandeling van plaaslike vervaardigingsregte, en die fasilitering van inwaartse belegging.

ondersteuning van ons kernbesigheidsaktiwiteite

Hier die afdeling toon hoe ons die doelwitte bereik het wat aan ons ondersteuningsdienste gekoppel is en hoe ons intellektuele kapitaal deur ons ondersteuningsaktiwiteite verander word.

SLEUTELAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.2 Toegang: Verseker op al die kampusse dat beleid, prosesse en praktyke daarop gerig is om verhoogde en breër deelname te verseker, in ooreenstemming met die inskrywingsteikens waarvoor daar met die DHOO ooreengekom is en die diversiteitsteikens wat in November 2010 deur die Raad gestel is.

OMGEWING VAN DIE INSTITUSIONELE REGISTRATEUR

ons prestasie teenoor ons teikens

Die 2016-plasings- en registrasieaksieplanne vir die drie kampusse is aan die einde van Mei 2015 ooreenkomstig studentediversiteitsteikens heroorweeg. Ons het begin voorberei vir die ontwikkeling van 'n NWU-toelatingsmeesterplan wat met die beginsels van die Nasionale Ontwikkelingsplan rekening hou. 'n Verslag oor die parameters van die meesterplan is in Junie 2015 aan die institusionele bestuur en in Augustus 2015 aan die Senaat voorgelê.

Nadere besonderhede verskyn in die prestasiebeoordelingsverslag, p72 en p73.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Hangende die ontwikkeling en goedkeuring van 'n omvattende toelatingsmeesterplan dien die NWU-inskrywingsplan wat die Raad in 2014 goedgekeur het as 'n tussentydse meesterplan.

Toegegee, baie moet nog gedoen word om die inskrywingsplan as 'n riglyndokument doeltreffend te benut. Intussen is die beleidsdokument wat inligting bied oor toelatingsbeplanning aan die NWU die Ministeriële Verklaring oor Studente-inskrywingsbeplanning (2014/15 tot 2019/20), wat as inset gebruik is in die NWU-inskrywingsplan wat die Raad in November 2014

goedgekeur het. Meer inligting oor die inskrywingsplan verskyn in die prestasiebeoordelingsverslag, p73.

risiko's wat betrokke is

Dis 'n residuele risiko dat teikens wat in die inskrywingsplan gestel word en waarvoor daar met die DHOO ooreengekom is, uiters uitdagend is. Die wetenskap-, ingenieurswese- en tegnologie- (WIT-) teikens is veral 'n uitdaging, gegewe die beperkings wat binne die basieseonderwysomgewing in wiskundeonderrig ervaar word.

belanghebbersbehoefte

'n Onder-na-bo-proses is gevolg vir die ontwikkeling van die NWU-inskrywingsplan, van fakulteitsvlak na kampusvlak en tot by die vlak van die Institusionele Kantoor, met betrokkenheid in die besonder van die akademiese personeel. Dit is egter duidelik dat 'n geïntegreerde proses nodig is waarin al die betrokke belanghebbers by die implementering van die inskrywingsplan betrokke moet bly.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

In die belang van die universiteit se vermoë om studente en personeel van 'n hoë gehalte te bly trek, is dit noodsaaklik om 'n geïntegreerde beplanningsomgewing tot stand te bring.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/ BEDRYFDOELSTELLING)

1.3 Belyning: Verseker dat beleide, praktyke en prosesse aangepas word ten einde volhoubare sinchronisasie van groei en ontwikkeling in die universiteit se kernbesigheid tot stand te bring.

ons prestasie teenoor ons teikens

'n Aantal nuwe beleide is in 2015 in ooreenstemming met die NWU-beleids Hersieningsprogram ontwikkel of hersien. Die nuut ontwikkelde beleide is 'n bewys van die proseseienaars se verbintenis tot die versekering dat die interne beleidsomgewing met eksterne beleidsveranderinge tred hou.

'n Belangrike mylpaal was die gestroomlynde beleidsontwikkelings- en hersieningsproses wat in 2015 in werking gestel is om optimale belanghebbersinsette te verseker.

'n Normbepalingsoefening is ook in 2015 uitgevoer om die toepaslikheid van NWU-beleid vas te stel in vergelyking met die beleidsomgewings van ander Suid-Afrikaanse universiteite.

Die NWU het 2015 ook benut om homself op stelsel- en beleidsvlak voor te berei vir optimale voldoening aan die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting ("POPI"). 'n Taakspan is tot stand gebring om leiding vir die implementeringsproses te bied.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die stroomlyning van die beleidsontwikkelings- en hersieningsproses het beduidende waarde toegevoeg deurdat dit verseker het dat die NWU ten volle op die hoogte is van eksterne beleidsontwikkelings.

risiko's wat betrokke is

Leemtes kan in interne beleidsontwikkeling ontstaan indien proseseienaars onbewus is van eksterne ontwikkelings wat in die universiteitsomgewing in berekening gebring moet word. By die bestuur van hierdie risiko het ons 'n webtoegangsportaal daargestel waar alle tersaaklike wetgewende veranderinge en nasionale lasgewings gepubliseer word. Ons het ook 'n daadwerklike poging aangewend om proseseienaars in te lig oor die implikasies van POPI.

belanghebbersbehoefte

Binne die raamwerk van die NWU se Beleid oor Beleide is sorg gedra dat alle tersaaklike rolspelers betrokke sou wees by

beleidsontwikkeling en -hersiening. Die NWU vertrou dat die prestasie met betrekking tot korporatiewe bestuur van en toesig oor beleide die afgelope paar jaar verbeter het.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Deurlopende stroomlyning sal voortgesit word om te verseker dat die universiteit op hoogte is van alle eksterne beleidsontwikkelings in die hoërondewyssektor.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die institusionele bestuur is vol vertroue dat, ná die byvoeging van 'n kontrolelys wat ingevul moet word by die indiening van elke NWU-beleid vir goedkeuring, die algehele prestasie wat betref beleidsbestuur aansienlik verbeter het.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.6 Verhoogde eenheid: Koördineer die hersiening, optimalisering en implementering van beleide, prosesse, prosedures en stelsels wat die kernbesigheid ondersteun, terwyl die geïntegreerde aard daarvan ten opsigte van die ontstaan van 'n inklusiewe institusionele kultuur gegrond op die waardestelsel van die universiteit erken word.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die grootskaalse strategiehersieningsproses wat in Julie 2014 begin het en in November 2015 geëindig het, het 'n herdefiniëring van die waardeverklaring van die NWU ingesluit.

Die nuwe verklaring, wat deur middel van 'n inklusiewe en raadplegende proses opgestel is, is soos volg: Om betrokke en sorgsame personele en studente te kweek en om die volgende fundamentele waardes wat op die grondwetlike waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid gegrond is, vas te lê: etiek in alle ondernemings; akademiese integriteit; vryheid van intellektuele ondersoek; verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid en deursigtigheid; en entoesiastiese aanvaarding van diversiteit. Die Raad het hierdie waardeverklaring op hul vergadering van 20 November 2015 goedgekeur. Daar moet nou begin word met 'n proses om hierdie stel waardes in alle tersaaklike aktiwiteite aan die NWU in te skerp.

Nadere besonderhede oor die geïntegreerde handelsmerkstrategie en sinergie met betrekking tot korporatiewe en kampuskommunikasie is beskikbaar op p121 in die afdeling oor maatskaplike en verhoudingskapitaal, onder die opskrif Institusionele bevordering.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die waardeverklaring, wat stewig gegrond is op die grondwetlike waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid, verwys veral na die akademiese omgewing en bevat ook die NWU se verbintenis tot die aanvaarding van 'n omgewing wat vir diversiteit in al die fasette daarvan bevorderlik is.

In hierdie opsig is die universiteit vol vertroue dat die nuut geformuleerde waardeverklaring 'n instaatstellende rol sal speel in die versterking van die innerlike krag van die universiteitsgemeenskap.

risiko's wat betrokke is

'n Moontlike risiko kan wees dat personeel en studente (asook ander eksterne NWU-belanghebbers) nie die nuwe waardes hul eie sal maak nie, wat teen die skepping van 'n samehangende, verenigde en waardegebaseerde institusionele kultuur sal werk. Behoorlike kommunikasie en motivering in hierdie verband kan hierdie risiko verminder.

belanghebbersbehoefte

Terwyl die nuwe waardeverklaring vir die NWU opgestel is, het oorlegpleging met die interne akademiese belanghebbersgemeenskap plaasgevind, waaronder die fakulteitsrade en die Senaat. Dit het hierdie belanghebbers die geleentheid gebied om hul eie persoonlike waardes te gebruik om tot die NWU se waardeverklaring by te dra.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Daar word in die vooruitsig gestel dat, indien dit met die nodige nougesetheit geïmplementeer word, die inskerping van hierdie stel waardes 'n positiewe uitwerking op die NWU-gemeenskap in al sy ondernemings met interne en eksterne belanghebbers kan hê.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Indien die personeel en studente (asook ander eksterne belanghebbers) nie inkoop in die nuwe waardeverklaring nie, sal ons nie ons doelwit van groter eenheid kan bereik nie.

POLICIES

ons prestasie teenoor ons teikens

Oor die afgelope vyf jaar is daar 'n groot poging aangewend om die gapings wat gedurende 2008 ter voorbereiding vir die 2009-HOKK-kwaliteitoudit geïdentifiseer is, te vernou. Hierdie gapings is geleidelik geïntegreer as deel van die rollende institusionele planne. Binne die konteks van die kwaliteitverbeteringsiklus is aktiwiteitsstappe ten opsigte van ononderbroke kwaliteitsverbetering beplan, gerangorden en sedert 2009 sistematies in institusionele planne opgeneem. Die mikpunt hiermee was deurlopend om prosesse, uitkomst van prosesse en ander verwante tekortkominge te verbeter.

Hoewel ons vol vertroue was dat ons die proses voltooi het wat verband hou met die inwerkingstelling van die aanbevelings van die HOKK-ouditeursverslag wat in 2010 ontvang is, het die NWU in Julie 2015 van die HOKK verneem dat hulle sommige van die gapings beskou as nie voldoende vernou nie. 'n Proses is uit die kantoor van die visekanselier gedryf om toe te sien dat al die tersaaklike rolspelers aktief betrek word by toepaslike optrede om die saak af te handel.

Die volgende aangeleenthede is as uitstaande kwessies aangedui:

- Rasseongelykheid in die studenteprofiel op die Potchefstroomkampus en die gebrek aan diversiteit op die Mafikengkampus
- Verhoging van die diversiteit van die Potchefstroomkampus deur die aanstelling van personeellede uit die aangewese groepe
- Aandag aan personeeltekorte en moraalkwessies op die Mafikengkampus

Die geleentheid wat die strategiehersieningsproses oor die afgelope 18 maande gebied het om oor die NWU se geskiktheid-vir-doel te herbesin, was 'n kans om ook die uitdagings en geleenthede wat vir die universiteit voorlê, uitvoerig te ondersoek. Noukeurige ondersoek van die uitstaande kwessies uit die 2009-kwaliteitsouditverslag was deel van hierdie proses. Die finale vorderings- en terugvoeringsverslag aan die HOKK oor die oorblywende uitstaande kwessies wat nie voldoende aandag ontvang het nie, sal in April 2016 aan die Raad op Hoër Onderwys voorgelê word.

Die NWU het ten volle deelgeneem aan die Kwaliteitverbeteringsprojek (KVP) wat nasionaal deur die Raad op Hoër Onderwys asook in die vergaderings van die KVP-adjunk-visekanseliersforum gedryf word. Vier taakspanne is by die universiteit gevorm om die NWU-KVP-verslag op te stel.

Deurlopende kwaliteitsverbetering bly steeds in 'n groot mate deel van die kernbesigheid, soos gestaaft deur die sleutelrol van die Institusionele Kwaliteitskantoor in die verbetering van kwaliteitsversekering en die bewusmaking van kwaliteit in die akademiese sowel as die ondersteuningsomgewings. Vir meer inligting oor kwaliteitbestuur vir onderrig-leer, raadpleeg ons prestasiebeoordelingsverslag, p76, en ook die gedeelte oor ons intellektuele kapitaal, p94.

opmerkings/uitdagings/ teleurstellings

Die universiteit skenk so sistematies en holisties as moontlik aandag aan kwaliteitstekortkominge. Die eerste stap is om die kernkwessies, tekortkominge, terreine waar verbetering nodig is en hoërisikogebiede op te som wat in evalueringsverslae van akademiese programme geïdentifiseer word, asook in verslae oor die oorsigte van ondersteuningseenhede/departemente. Hierdie kwessies word dan uitgelig en by die toepaslike forums ter tafel

gelê sodat 'n gekoördineerde en geïntegreerde verbeteringsplan of -projek geformuleer kan word. Een projek wat uit die bevindinge van kwaliteitsoorsigte van akademiese programme ontstaan het, is die Transformasie van Onderrig en Leer-projek en verwante subprojekte daarvan. Dit is 'n tydige oefening, aangesien afsonderlike beleide wat oor onderrig-leer handel, verouderd is; die hersiening en bywerking van hierdie beleide sal egter moet wag op die uitkomst van hierdie subprojekte.

risiko's wat betrokke is

Binne die akademiese domein is 'n duidelike hoërisikogebied die gebrek aan bygewerkte beleide ter ondersteuning van onderrig en leer. Die uitkomst van die subprojekte van die Transformasie van Onderrig en Leer-projek word ingewag sodat hersiene beleidsriglyne uitgereik kan word. Sommige uitkomst van subprojekte dra beslis by tot 'n verbeterde begrip van die kompleksiteit wat met akademiese kwaliteit verband hou.

Nog 'n hoërisikogebied wat met steundienseenhe/-afdelings verband hou, is die gebrek aan interkampusbelyning, wat lei tot nievergelykbare uitkomst. Die hersiene NWU-strategie en -struktuur kan beskou word as die kernvertrekpunt vir belynings- en standaardiseringpraktyke en uitkomst of uitsette oor alle afleweringspunte.

belanghebbersbehoefte

Die vernaamste belanghebbers met betrekking tot kwaliteit van akademiese programme is direkteure van skole, dekane van fakulteite, viserektore, die adjunkvisekanselier vir onderrig en leer, die institusionele bestuur en die Senaat.

Vir alle ondersteuningsdiensstipe bedrywighede sluit die belanghebbers die bestuurders van sake-eenhede, hul regstreekse lynbestuurders, senior bestuurders op kampusse en die Institusionele Kantoor in, byvoorbeeld die adjunk-visekanselier vir navorsing, innovasie en tegnologie.

Hierdie belanghebbers vind baat by evaluasie- en oorsigverslae deur die verkryging van 'n samehangende begrip van watter kernvraagstukke aan die minimum standaard voldoen of dit oorskry, en watter aandag verg.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Een van die doelstellings van die Transformasie van Onderrig en Leer-projek is die ontwikkeling van 'n omvattende Onderrig en Leer-raamwerk wat die grondslag sal bied vir die hernuwing van afsonderlike onderrig-leerbeleide. Dit sal weer as insette in alle verwante prosesse en praktyke ter ondersteuning van die akademiese projek gebruik word. Die hersiene NWU-strategie en -struktuur sal as insette dien vir beter maniere om prosesse en praktyke te standaardiseer en interkampusamewerking in sowel die akademiese as die ondersteuningsdomein te bevorder.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die transformasie van die NWU tot 'n doeltreffende organisasie met veelvuldige afleweringspunte vereis gestandaardiseerde prosesse en praktyke wat vergelykbare uitkomst oor alle afleweringspunte bied. Dit sal vir alle personeellede nodig wees om nouer saam te werk in 'n poging om die droom van hierdie instelling te verwesenlik.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.8 Regstelling: Verseker dat beleide, prosesse en prioriteite wat gemik is op die regstelling van sistemiese en organisatoriese wanbalanse en ongelykhede in plek is, met spesifieke verwysing na regstelling van histories gevestigde praktyke.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die beginsels van regstelling en die behoefte aan die korrigering van sistemiese en organisatoriese wanbalanse het duidelik in die ontwikkeling van die nuwe NWU-strategie en struktuur gefigureer. Die belangrikheid van normbepaling is ook uitgelig. Hierdie aangeleenthede sal dringende aandag geniet wanneer die NWU-statuut in 2016 hersien word. Vir meer besonderhede, raadpleeg p75 van die prestasiebeoordelingsverslag.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die strategiehersieningsproses het 'n optimale platform gebied om die beginsels van regstelling dieper in die wese van die universiteit vas te lê.

risiko's wat betrokke is

Nadat die nuwe strategie in werking gestel is, moet die beleide, prosesse en prioriteite gerig op die remediëring van sistemiese en organisatoriese wanbalanse en ongelykhede daargestel word. Indien nie, sal histories gevestigde praktyke nie gekorrigeer en die doel met

regstelling nie bereik word nie.

belanghebbersbehoefte

Die omvattende raadplegende proses wat met die strategiehersieningsproses gepaard gegaan het, het 'n magdom van interne en eksterne belanghebbers betrek, soos personeellede, studente, alumni, donateurs en die Raad.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die fokus van 2016 sal op die hersiening van die NWU-statuut wees om die nodige riglyne te bied en om die regstelling van wanbalanse aan die NWU te fasiliteer.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die Statuut sal help met die voorsiening van 'n beheer- en bestuursomgewing wat bevorderlik vir deurlopende transformasie, regstelling en volhoubaarheid is.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

4.6 Ontwikkel, integreer en bed volhoubaarheid in strategie en standaardbedryfsprosedures en verslagdoening in alle kernbesigheidsaktiwiteite in.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die implementering van die Departement van Hoër Onderwys se Verslagdoeningsregulasies vir Hoëronderrysinstellings in Suid-Afrika, soos in 2014 aangekondig, het 'n groot rol gespeel in die

manier waarop volhoubaarheidsbeplanning en -verslagdoening aan die NWU gedoen word en het die raamwerk vir hierdie proses verskaf.

Vir meer besonderhede oor volhoubaarheid, raadpleeg die Raad se volhoubaarheidsverslag.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

5.8 Verseker doeltreffende en voldoende ondersteuningsfunksies en geïntegreerde besigheidstelsels om die sukses van die kernbesigheid te bevorder.

OMGEWING VAN DIE INSTITUSIONELE REGISTRATEUR

ons prestasie teenoor ons teikens

Die sakeprosesoptimalisering vir die registrateursomgewing waarmee ons in 2014 begin het, is in Februarie 2015 gefinaliseer. Die voordele wat daaruit verkry is, sluit groter belyning tussen die kampusbedrywigheede en die registrateursomgewing in.

Belyning is ook verbeter deur die totstandbrenging van die Registrateur se Bestuurskomitee, wat die mandaat het om optimale belyning en gesonde besluitneming oor bedryfsprosesse te verseker en om die institusionele bestuur te adviseer.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die totstandbrenging van 'n toegewyde bestuurskomitee vir die registrateursomgewing is van die uiterste belang vir die verdere belyning en implementering van die pas goedgekeurde NWU-strategie.

risiko's wat betrokke is

Sonder doeltreffende, belynde ondersteuningsfunksies en geïntegreerde besigheidstelsels kan die kernbesigheid van die NWU skade ly.

belanghebbersbehoefte

Al die tersaaklike interne personeel was daarby betrokke. Dit sluit in kampusregistrateurs en personeellede of bestuurders wat by die akademies administratiewe steunfunksies en besigheidstelsels betrokke is.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die aanvoorwerk wat tydens die sakeprosesoptimering gedoen is, sal 'n positiewe uitwerking op die waardetoewoeging van hierdie portefeulje en die prestasie daarvan hê. Die totstandbrenging van die Registrateur se Bestuurskomitee as 'n tasbare resultaat van die optimaliseringsproses bied reeds 'n toepaslike platform vir besluitneming ten opsigte van alle aspekte wat met die portefeulje van die institusionele registrateur verband hou.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het



Die optimeringsproses het die weg gebaan en die basislyn verskaf vir die herposisionering van die registrateursportefulje in die beoogde nuwe strukturele reëlins wat sal voortspruit uit die universiteit se nuwe strategie wat die Raad in November 2015 goedgekeur het.

algemene terugblik

Aangeleenthede wat as die belangrikste en mees relevante vir die NWU en ons belanghebbers beskou word

- 'n Uitgebreide projek om alle tersaaklike sakeprosesse in die institusionele registrateur se portefulje te optimaliseer is in 2015 afgehandel. Die projek was gemik op 'n gemeenskaplike begrip van die algemene registrateursfunksie by die universiteit met die oog op die volhou van toepaslike beheer, vaardighede, strukturele ooreenkomste en kultuur, ten einde eienaarskap van funksie, samewerking en deursigtigheid te verbeter.
- Die Registrateur se Bestuurskomitee is tot stand gebring as 'n forum om besluitneming te stroomlyn en om optimale belyning van registrateurverwante prosesse deur die hele NWU te bewerkstellig.
- 'n Aantal projekte is begin om belyning en sinergie in die portefulje te verseker, waaronder die belyning van alle gradeplegtighede van die NWU, asook die belyning van postegroepes in die onderskeie registrateursomgewings op kampusvlak.



In die lig daarvan is die institusionele bestuur vol vertroue dat die proses beduidende waarde toegevoeg het deur begrip oor die herposisionering van die registrateursportefulje te verbeter. Kyk vorige kommentaar.

Belangrikste strategiese stappe wat gedoen is om waarde te skep en hoe dit ons langtermynbesluitneming beïnvloed

Strategiese optrede behels die optimalisering van relevante besigheidsprosesse in die institusionele registrateur se portefulje, die aanstelling van die Registrateur se Bestuurskomitee en die belyningsprojekte (soos hierbo genoem). Dit sal lei tot 'n meer belynde omgewing wat in die toekoms meer gestroomlynde en doeltreffende besluitneming tot gevolg kan hê.

Belangrikste gevalle van eksterne betrokkenheid en interne belyning wat 'n invloed op waardeskepping vir die NWU het

Die portefulje se belangrikste belanghebbers is die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, die Raad op Hoër Onderwys en statutêre liggame. Daar bestaan 'n gesonde verhouding tussen die universiteit en hierdie belangrike belanghebbers, wat voldoening aan nasionale direkteiewe verseker.



toekomsvooruitsig

Hoe ons huidige prestasie 'n impak sal hê op die waarde wat geskep word vir en prestasie van die NWU op die lang termyn

Ons prestasie gedurende 2015 sal lei tot die integrasie van alle registrateursverwante aktiwiteite deur die hele NWU.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

5.8 Verseker doeltreffende en voldoende ondersteuningsfunksies en geïntegreerde besigheidstelsels om die sukses van die kernbesigheid te bevorder.

BIBLIOTEEK

ons prestasie teenoor ons teikens

'n Verslag oor die toereikendheid van begrotingsvoorsiening vir biblioteekdienste behoort in berekening gebring te word by die ontwikkeling van die NWU-begrotingsmodel.



Ongeveer 4 500 nuwe gedrukte boeke is gedurende 2015 aangeskaf, en die NWU-gemeenskap het toegang gehad tot meer as 280 elektroniese databasisse, 189 812 e-tydskrifte en 11 599 e-boeke. Nog 120 000 e-boeke was deur middel van die e-Boekportaal beskikbaar. Die biblioteekdienste het altesaam 12 442 775 soektogte op databasisse aangeteken en daar is 780 746 volledige tekste afgelaai.



Gedurende 2015 is sowat 3 291 items bygevoeg by die institusionele bewaarplek (Boloka) wat die NWU se proefskrifte en verhandelings huisves, en 99 733 trefslae is aangeteken. Die bewaarplek is vir die wêreld toeganklik en bevorder dus die sigbaarheid van die NWU se navorsingsuitset. Gedurende die jaar het die NWU se biblioteke inligtinggeletterdheid aan 11 188 gebruikers verskaf. LibGuides, waartoe daar gedurende 2015 meer as 129 444 keer toegang verkry is, het gebruikers bygestaan met toegang tot digitale versamelings en soektogte in biblioteekbronne asook met navorsingsinligting per vakgebied. Die biblioteke het ook Endnote-opleidingsteun verskaf, en in sommige gevalle ook opleiding in Ithenticate/Turn-it-in om plagiaat op te spoor.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die Institusionele Biblioteekforum, wat twee keer per jaar

vergader, is 'n doeltreffende meganisme vir die koördinering van biblioteekdienste oor die drie kampusse. Taakgroepe wat bestaan uit lede uit al drie kampusbiblioteke werk aan vraagstukke soos beleidsbelyning en bronontwikkeling. Die drie biblioteke het in Oktober 2015 'n strategiese beplanningswerksessie gehou om 'n stel gemeenskaplike doelwitte te ontwikkel.



Die biblioteekwebblad het in 2015 altesaam 286 504 besoeke aangeteken, en buitekampustoegang tot bronne het 9 686 319 besoeke aangeteken. Dit wil voorkom of ons afstandstudente ook baat vind by die beskikbaarheid van aanlyn bronne.



risiko's wat betrokke is

Die toenemend ongunstige wisselkoers en bo-inflasiestygning in die koste van biblioteekbronne van internasionale verskaffers bied 'n ernstige risiko vir ons volhoubaarheid. 'n Verdere risiko is dat die behoefte aan toegang tot inligtingsbronne van hoë gehalte sal toeneem namate die personeel en studente hul werk in ooreenstemming sal moet bring met die eise van die kennissameenheid. Handhawing van die bestaande standaard van dienslewering is onder ernstige druk as gevolg van die finansiële beperkte omgewing.



belanghebbersbehoefte

Die primêre belanghebbersgroeperings is studente en akademiese personeel op die onderskeie kampusse. Samewerkende ondernemings, byvoorbeeld fakulteitsinligtingsbibliotekaris wat fakulteitsraadsvergaderings bywoon, verseker dat biblioteekdienste behoorlik in onderrig en leer geïntegreer word.



INLIGTINGSTEGNOLOGIE

ons prestasie teenoor ons teikens

'n Inligtingstegnologie-adviesraad (IT-raad) is in 2015 aangestel om 'n IT-korporatiewebbestuursfunksie te vervul. Die adviesraad bestaan uit drie uitvoerende IT-direkteure van topuniversiteite in Suid-Afrika en een verteenwoordiger van onderrig en leer aan die Potchefstroomkampus.



Die adviesraad het hul algemene tevredenheid uitgespreek met die strategiese driejaar-IT-plan en die belangrikheid daarvan beklemtoon om 'n formele beheerraamwerk vir IT te hê wat fokus op belyning, prioritisering, deursigtigheid, betrokkenheid, gedeelde verantwoordelikheid en aanspreeklikheid.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

'n Duidelike onderskeid moet getref word tussen rampherstel, sakevoortsetting, sake impakontleding, risikobestuur en diensvlak-ooreenkomste. Rolle en verantwoordelikhede wat met hierdie aspekte verband hou, moet ook opgeklaar word.



risiko's wat betrokke is



Die grootste risiko op IT-gebied bly steeds die gebrek aan hulpbronne. Ons het te min personeel en die kapitaal- en bedryfsbegrotings het onder geweldige druk gekom as gevolg van die daling van die rand (74% van ons begroting is aan die wisselkoers gekoppel). Die personeelrisiko is deur die kanale aan die Raad se Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee (ORNK) voorgelê en die kapitaal- en bedryfsbegroting sal in 2016 verhoog word.



belanghebbersbehoefte

Ons belanghebbers is studente, personele, die institusionele bestuur en die Raad se Oudit, Risiko- en Nakomingskomitee, wat almal IT-dienste verwag wat 'n wêreldklasuniversiteit in 'n dinamiese, snel ontwikkelende IT-omgewing waardig sal wees.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Deurlopende normbepaling met (toepaslike) beste praktyk is die norm. In die tabel hier onder staan HPM vir Herstelpunt-mikpunt, waarmee bedoel word hoe ver terug ons in staat moet wees om 'n diens in die geval van 'n ramp te herstel of te vernuwe. HTM staan vir Hersteltyd-mikpunt, met ander woorde hoe lank ons het om 'n diens in die geval van 'n ramp te herstel. Die persentasies dui ons vordering aan met die verkryging van die ideale persentasie van die diens wat ons behoort te herstel of te vernuwe.

HPM/HTM	2014	2015	2016	Ideaal
Een uur/Een uur	0%	1%	1%	5%
Een dag/Een dag	1%	5%	5%	10%
Een dag/Een week	50%	70%	84%	80%
Een dag/Een maand	49%	24%	5%	5%

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Soos in die geval van ander IT-gebiede kom hulpbronbeperkinge steeds in die uitvoering en implementering van 'n doeltreffende rampherstelstrategie voor.



FINANSIES

ons prestasie teenoor ons teikens

Ons het voortgegaan met die verfyning van ons stelsels met die oog daarop om optimale integrasie te verseker. Die Bestuursinligtingstelsel (BIS) is nie in 2015 vir finansiële verslagdoening gebruik nie. In plaas daarvan het ons, ten einde duplisering van werk te vermy, gebruik gemaak van afwykings- en bestuursverslagdoening wat deur die finansiesafdelings opgestel is. Die bedryfsbestuurders kon derhalwe die verslae van die finansiële stelsel en IDU vir verslagdoeningsdoeleindes gebruik. (IDU is programmatuur wat ons vir begrotings- en afwykingsverslagdoening gebruik.)



Vanweë ontoereikende kapasiteit is geen ontwikkelingswerk aan die IDU-stelsel betreffende kontantvloei-beplanning gedoen nie. Die Kuali Finansiële Stelsel (KFS) het op 5 Januarie 2015 aanlyn gekom en is volgens plan met welslae geïmplementeer. Stelselkwessies wat gedurende die stabiliseringstydperk geïdentifiseer is, is tydig reggestel.



Veranderingsvoorspraakpersone en eindgebruikers is voor die tyd opgelei en in die toetsfase betrek, waardeur verseker kon word dat hulle vertrouwd is met die stelsel. Handleidings is gereedlik vir almal op ons webtuiste beskikbaar en gebruikersopleiding is aan die gang. Die voordele van die implementering van die KFS is onder andere die kostebesparings, aangesien geen lisensiegeld betaal hoef te word nie. Elektroniese werkvloei en goedkeuring van transaksies beteken dat ons minder papier gebruik. Gebruikers is ook altyd op hoogte van die stand van hul finansiële transaksies. Ons het gedurende 2015 met minimale probleme by die normale tydraamwerke vir finansiële verslagdoening gehou. Daar is voldoen aan nuwe DHOO-vereistes om halfjaarverslae in te dien, aangesien finansiële data gereedlik beskikbaar was. Ná die aanvanklike inwerkingstelling van KFS op 1 Januarie 2015 het ons met welslae teen Desember 2015 nuwe funksionaliteite ingestel.



Ons het 'n stelselvolhoubaarheidsfunksie, genaamd Financial System Management (FSM), ingestel om die verhouding tussen funksionele gebruikers van inligtingstelsels en die verskaffers of ontwikkelaars te bevorder.



Ons is voortdurend besig met die verbetering en evaluering van ons prosedures en riglyne om tred te hou met beste praktyk. In ooreenstemming met die hersieningsprogram is die Beleid oor Delegerings en die Skedule van Magtigingsvlakke hersien en die Raad het dit op 20 November 2015 goedgekeur. Die KFS-gebruikerstelselkoördineerders het 'n goeie verhouding met hul eweknieë by ander universiteite, plaaslik en in die buiteland. Hulle werk ook gereeld saam met die Kuali-maatskappy, die verskaffer van die stelsel. Daarby het die NWU en die Universiteit van Stellenbosch hul skakeling met mekaar oor die totstandbrenging van die Kuali Zuid Africa Consortium (KZAC) voortgesit. Derdepartyverskaffers soos OpenCollab en Kuali Co was deel van hierdie samesprekings.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Voldoende kommunikasie met gebruikers voor, tydens en ná implementering in Januarie 2015 het die optimale funksionering van KFS verseker. Die vernaamste uitdagings wat met KFS ervaar is, het te make met reagering op die gedurige veranderinge in verslagdoeningsvereistes en voldoening aan die beleide en reëls van die NWU, asook regulasies en vereistes van die DHOO. Die enigste teleurstelling was dat enkele gebruikers nog nie ten volle verbind is tot die veranderinge wat KFS na die finansiële omgewing bring nie.



risiko's wat betrokke is

Ontwikkeling en implementering van 'n nuwe finansiële stelsel bring altyd risiko's mee. Die feit dat ons ons eie ontwikkelaars vir KFS gebruik het, het gehelp om hierdie risiko te verminder, aangesien hulle onmiddellik beskikbaar is wanneer dit nodig is.



Vir kontantvloei-beplanning is 'n geldmarkberekening maandeliks met die hand gedoen om vas te stel of daar genoeg kontant beskikbaar is om al die verwagte uitgawes die hoof te bied.



belanghebbersbehoeftes

Die finansiesafdeling en die finansiële personeel is die hoofbelanghebbers in KFS en was van die begin af by die projek betrokke. Die behoeftes van belanghebbers is deur middel van doeltreffende prioritering en doeltreffende kommunikasie bestuur. 'n Nuwe komitee, die Finansiële Bestuurskomitee, is aangestel om enige kwessies wat aandag verg, te hanteer.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Aangesien die KFS-stelsel die instandhoudingsfase betree het, sal die klem in 2016 val op die verhoging en verbetering van die vermoëns van die stelsel om sodoende die beskikbare uitset en opleiding van gebruikers te maksimeer. Ons sal voortgaan om ons kennis te deel met ander universiteite soos die Universiteit van Stellenbosch, wat ook KFS gebruik. Daar sal in 2016 'n selfs sterker fokus op finansiële bestuur wees wanneer die NWU sy nuwe strategie implementeer. Nog 'n projek wat beplan word, is die ontwikkeling in 2017/18 van 'n elektroniese kontantvloei-bestuursverslag.



wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die KFS-stelsel help om die interne finansiële omgewing te transformeer deurdat meer wigte en teenwigte ingebou is wat dit meer prosesgedrewe maak en gebruikers bemagtig. Die afwesigheid van lisensiegeld vir KFS is belangrik in die lig van die beperkte begroting.



ons prestasie teenoor ons teikens

Om leemtes in risikoverminderingstrategieë die hoof te bied, implementeer die registrateurskantoor 'n doeltreffender risikobestuurproses vir alle vlakke en funksies.



Die veranderinge sluit die volgende in:

- Versekering dat risikobestuurverantwoordelikhede ingesluit is in alle bestuurders se prestasieooreenkomste
- Verfyning van risikokategorieë en verslagdoening ooreenkomstig beste praktyk
- Verslagdoening oor strategiese risiko's aan die ORNK en die Raad twee keer per jaar
- Versekering dat die dokumente oor Belangebotsing, Algemene Finansiële Riglyne en die Skedule van Delegasies hersien word ten einde voldoening te verseker aan die gewysigde artikel 34 van die Wet op Hoër Onderwys (wat bepaal dat geen werknemer regstreeks of onregstreeks sake met die NWU mag bedryf indien dit neerkom of mag neerkom op 'n botsing van belange met die NWU nie, tensy die sake-transaksie deur die Raad goedgekeur is).



Die Registrateurskantoor het verseker dat die jaarverslag teen 30 Junie 2015 aan die DHOO voorgelê is. Ons het die implementering van die nuwe verslagdoeningsriglyne van die DHOO gemoniteer en die jaarlikse prestasieplan op die vergadering van die institusionele bestuur in Maart 2015 bespreek. Vir meer inligting, raadpleeg die gedeelte oor hoe ons ons risiko's verlig, p16.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Ná die risiko-identifiseringsoefening aan die begin van 2014 is die volgende risikobestuuraktiwiteite in 2015 onderneem:

- Ons het begin om alle kampusspesifieke sakeprose-eienaars te betrek by die identifisering van moontlike bedryfsrisiko's.
- Toepaslike verligtingstrategieë is ingestel om strategiese risiko's te bestuur, met spesiale fokus op beheermaatreëldoeltreffendheid.
- Ons het begin om in die rigting van 'n webgebaseerde sentrale register te beweeg. 'n Templaat is daarvoor ontwikkel en voltooi om die deurlopende identifisering en bestuur van strategiese en bedryfsrisiko's te stroomlyn.
- Ons het begin met 'n projek om risiko-identifisering en risikoverligting in alle kwaliteitshandleidings van akademiese departemente en ondersteuningsafdelings in te sluit.
- Die omvattende strategie-hersieningsproses het ook voorsiening gemaak vir 'n risiko- en geleentheidsevaluering, wat tot die identifisering gelei het van 'n aantal risiko's/geleenthede wat hul weg na strategiese projekte gevind het.



risiko's wat betrokke is

Hoewel dit duidelik is dat sakeprose-eienaars oor die hele NWU oor die algemeen groter verantwoordelikheid vir risikobestuur aanvaar, word risikobestuur by die universiteit steeds nie op 'n genoegsaam geïntegreerde manier benader nie.

Om hierdie interne risiko te verlig het die institusionele bestuur die volgende prosesse goedgekeur wat gevolg moet word om die deurlopende inskerping van risikobestuur in die kernsakeprosebestuur te verseker:

- Die insluiting van risiko's in kwaliteitshandleidings vir sowel akademiese as nie-akademiese funksionaliteitsgebiede
- 'n Verpligte halfjaarlikse verslagdoeningsiklus aan die bestuur en die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee.



belanghebbersbehoefte

Die voortgesette bestuur van risiko's en geleenthede hou hoofsaaklik rekening met belanghebbers wat by die korporatiewe en ander bestuur van die universiteit betrokke is (hoewel die gevolge en uitkomst van risikobestuur 'n uitwerking op die volledige verskeidenheid belanghebbers van die universiteit het). Hoewel die bestuur vol vertroue is dat interne belanghebbers voldoende by die universiteit se risikobestuurprosesse betrek is, moet ons die proses verfyn waardeur eksterne belanghebbers betrek word.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Oor die afgelope twee jaar is die grondslag vir die deurlopende belyning en verskerping van risikobestuur by die NWU gelê. Die bestuur is vol vertroue dat 'n heelwat meer geïntegreerde proses oor die kort tot medium termyn gevolg sal word. Dit sal teweeggebring word namate ons beheerdoeltreffendheid en die aanwending van risikobestuur as geleentheidsbestuur verbeter.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die universiteitsbestuur besef dat sonder behoorlike risiko-identifikasie, -bestuur en verligting die doeltreffende funksionering van die universiteit belemmer kan word en dat die gevolge regsoptrede teen die NWU, finansiële verlies en skade aan eiendom en stelsels kan insluit.



Bowenal is die bestuur daarvan bewus dat die NWU-handelsmerk en aansien aan risiko blootgestel kan wees indien voldoende risikobestuur ontbreek. Terwyl dit duidelik is dat hierdie faktore die volhoubaarheid van die universiteit in die toekoms negatief kan raak, word alle moontlike maatreëls in werking gestel om te sorg vir verantwoordbare en verantwoordelike risikobestuur aan die NWU.

NWU-biblioteke:

12 442 775

soektogte in databasisse

11 188

gebruikers ontvang
opleiding in
inligtingsgeletterdheid



297
inisiatiewe
in
gemeenskap

749 710

studente gebruik eFundi-leerbestuurstelsel

01/01/2015

Kuali Finansiële Stelsel
kom aan lyn by NWU



ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

Die NWU besef dat om die waarde van ons maatskaplike en verhoudingskapitaal te verhoog, dit noodsaaklik is om ons eksterne belanghebbers doeltreffend te identifiseer en by hulle betrokke te raak. Om die waarheid te sê, as gevolg van die onderlinge verwantskap tussen ons kapitaalvorme kan 'n sterk maatskaplike en verhoudingskapitaal ook waarde aan ons ander kapitaalvorme toevoeg. Wanneer alumni geld aan die universiteit skenk, voeg hulle waarde aan ons finansiële kapitaal toe en wanneer ons daardie geld gebruik om ons navorsingskapasiteit uit te bou, word ons mensekapitaal sowel as ons intellektuele kapitaal uiteindelik verhoog.

bevorderingsaktiwiteite

Hierdie afdeling wys hoe ons missie-element 5 van die NWU se strategiese dokument, die Jaarlikse Prestasieplan (kyk p65), bereik het, en hoe ons finansiële kapitaal deur ons finansiële aktiwiteite getransformeer word.

missie-element 5

Posisioneer die NWU in die sektor as verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansiële lewensvatbare en innoverende instelling, met sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

5.1 Gaan voort om 'n belynde NWU-handelsmerk deur geïntegreerde bemerkings-, kommunikasie-, ontwikkelings- en ontwerppogings te bou.

ons prestasie teenoor ons teikens

Terwyl die beraadslagingsproses op dreef gekom het om 'n nuwe strategie en struktuur vir die NWU te ontwikkel, het ons gefokus op die uitdra van die goeie nuus oor ons werksaamhede om die ernstige reputasierisiko's waarvoor die NWU te staan gekom het, die hoof te bied.

Advertensies is in die groot koerante geplaas om:

- die wenners van die NWU-alumni-toekennings aan te kondig
- die 2015-matriekleeders sterkte toe te wens met hul komende eksamen (dit het ook 'n digitale veldtog ingesluit)
- die betrokkenheid van die NWU by die opheffing van die gemeenskappe wat ons dien, bekend te stel (gepaard met hoofartikels)

Die volgende funksies is gedurende die jaar gehou:

- Alumni-toekenningsseremonie
- Jaarlikse NWU-woordvoerder van die Jaar-toekenningsseremonie
- Twee vergaderings met die Raad van Donateurs
- Langdienstoekennings vir personeel van die Institusionele Kantoor
- Rapport-toekennings vir Topdosente

Hierbenewens het die NWU weer die Nasionale Persklub se Joernalis van die Jaar-toekening en die Nuusmaker van die Jaar-toekening geborg en sodoende aansienlike blootstelling vir die universiteit verseker.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die gebrek aan handelsmerkekwiteit dwarsoor die NWU bly steeds 'n groot uitdaging. Die rede daarvoor is dat handelsmerkinisiatiewe nog steeds nie belynd word nie en derhalwe nie die maksimum impak het nie. (Kyk die volgende afdeling oor risiko's vir meer besonderhede.)

risiko's betrokke

Die ou bestuursmodel en bepaalde Raadsgoedkeurings wat uit 2006 dateer, het die vestiging van 'n belynde NWU-handelsmerk belemmer. Die gebrek aan belyning tussen die vier sake-eenhede beteken dat hulpbronne, veral finansies, vermors word omdat 'n gesamentlike benadering 'n groter impak sou kon hê.

Ons het hierdie risiko's verlig deur die aanbeveling van 'n eenvormige benadering waardeur gestreef word na maksimum impak met beperkte fondse en deur die Finansieskantoor te betrek by die konsolidering van die begrotings van die Institusionele Kantoor en die drie kampusse.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Ons moet verseker dat daar 'n belynde benadering tot handelsmerktoepassing in werking is om geïntegreerde bemerking, kommunikasie, ontwikkeling en ontwerp te kan handhaaf.

belanghebbersbehoefte

Ons fokus was op die hantering van die behoeftes van hierdie belanghebbers:

- Die regering (Hulle wou weet hoe die transformasieproses besig was om te ontvou.)
- Alumni (Hulle wou weet of hul alma mater nog steeds 'n instelling was waarop hulle trots kon wees.)
- Sakewêreld en donateurs (Hulle wou weet of hul skenkings verstandig aangewend word.)
- Personeel (Hulle wou ingelig wees oor enigiets wat hul werkomgewing kon beïnvloed.)
- Studente (Hulle wou weet of die NWU steeds aan hulle dienste van 'n hoë gehalte kon bied.)

Gekoördineerde boodskappe wat die gedagte van 'n verenigde NWU bevorder het, is opgestel en met behulp van verskillende interne en eksterne kanale onder alle belanghebbers oor al die sake-eenhede versprei.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Hulpbronne:

- Die proses om 'n toegewyde handelsmerkvestigingsagentskap aan te stel sal in 2016 begin. (Gedurende 2015 het ons nog van die dienste van McCann/Weber Shandwick gebruik gemaak.)
- Die pos van handelsmerkspecialis in die Institusionele Kantoor is teen die einde van 2015 gevul.
- Die goedkeuring van die nuwe strategie en struktuur kan sekere veranderinge aan die struktuur van Institusionele Bevordering teweegbring, asook aan die Bemerkings- en Kommunikasiekantore op die kampusse, wat 'n meer eenvormige benadering en uitkoms tot gevolg kan hê.



Gebeure:

Ons wil in 2016 meer belanghebberrfunksies aanbied, en om hierdie proses te lei sal ons 'n opname maak waarin ons ons belanghebbers sal vra wat hulle wil weet en hoe hulle verkies om ingelig te word. In 2015 is die kategorieë vir die Alumni-toekennings gestroomlyn om optimale erkenning van uitstaande alumni te verseker, en ons sal in die toekoms voortgaan met die verfyning daarvan.

Belanghebbers:

Tot dusver was die fokus op betrokkenheidsessies om aandag aan die strategieherieningsproses te skenk. Sodra hierdie proses gefinaliseer is, sal ons 'n uitgebreide plan vir belanghebberbetrokkenheid in werking stel.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

5.2 Ontwikkel 'n geïntegreerde aanlyn belanghebberbetrokkenheidsraamwerk wat met die NWU-handelsmerkstrategie, kommunikasieplanne, kampusbedryfsplanne en departementele planne bely is, met inkorporering van toepaslike platforms soos die NWU-webwerf, selfoontoepassings, sosiale media en ander aanlyngebruikerstegnologie wat in aanlyn kommunikasie en bemerking gebruik word.

ons prestasie teenoor ons teikens

Om te sien hoe ons vergeleke met hierdie teiken presteer het, raadpleeg ons prestasiebeoordelingsverslag, p83.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die ontwikkeling van sosiale media sal ongetwyfeld die belanghebbersraamwerk verbreed. Hoewel daar nog heelwat werk voorlê, is daar reeds 'n bereidwilligheid om inligting oor kampusse heen te deel.

Die grootste uitdagings met die bewerkstelling van 'n verteenwoordigende aanlyn raamwerk is eksterne webtuistes en sosialemediaprofiel wat ontwikkel word sonder insette deur NWU-kommunikasiekundiges, wat lei tot handelsmerkfragmentering.

risiko's betrokke

Verlies of ontwrigting van inhoud is altyd 'n risiko wanneer die tema van 'n groot webtuiste soos dié van die NWU verander word. Onrealistiese of verkeerde verwagtinge van teikengehore is nog 'n risiko.

Die span het dit hanteer deur ons voornemens duidelik aan alle publiseerders en personeellede te kommunikeer, en presies aan te dui wat sal gebeur en waarom. Die oorsakeling het glad verloop, sonder gebreke skakels, en geringe vertoonkwessies op sommige webblaaie met pasgemaakte ontwerpe is maklik opgelos.

Sommige teikengehore het dit moeilik gevind om die nuwe uitleg te navigeer en ons het hul terugvoer gebruik om sommige van die skakels en inhoud te herrangskik. Daar was 'n merkbare afname in klagtes.



belanghebbersbehoefte

Die kommunikasieafdelings op die kampusse het 'n sigbare rol gespeel in die nuwe tema-ontwikkeling en is deurlopend betrokke by die ontwikkeling van subwebtuistes. Dit bemagtig hulle om te voorsien in die spesifieke behoeftes van hul eie teikengehore. Verbeterings soos die eenvormige benadering op die tuisblad verseker beter toegang vir webgebruikers tot die NWU in die geheel (wat personeellede, studente, ouers, die media en so meer insluit). Onderling gekoppelde inligting (soos die nuuskamers en portaal vir kundiges met geoutomatiseerde nuustoevoer), mobiele skaalbaarheid en kwaliteit van inhoud is alles gerig op 'n verbeterde gebruikerservaring. Beter toegang tot inligting danksy 'n verbeterde gebruikerservaring sal lei tot beter belanghebbertevredenheid en verbeterde persepsies oor die NWU.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die nuwe webtema en webvestigingsproses behoort daartoe te lei dat meer departemente hul webinhoud sal bywerk. Die ontplooiing van subtuistes sal in 2016 voortduur, byvoorbeeld deur die verskaffing van subtuistes aan elkeen van die agt fakulteite wat deel van die herstruktureerde NWU sal uitmaak. Ons aanwesigheid op die sosiale media sal ook deeglike aandag geniet en die NWU-aanlynpublikasiebeleid sal hersien word.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die hersiene struktuur van die NWU-webtuiste, wat beweeg in die rigting van die rangskikking van inhoud op 'n meer eenvormige manier, ondersteun die idee van 'n enkele NWU. Die fakulteitsubtuistes sal ook hierdie idee versterk, en so ook konsekwente, volgehoue aanwending van die eenvormige benadering.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

5.3 Herontwikkel die NWU-intranet as 'n belangrike interne kommunikasie-instrument om die daaglikse werkvloei te vergemaklik, gebruikerservaring te verbeter en werknemerbetrokkenheid in die hand te werk.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die intranet is na die Drupal 7-omgewing verskuif. Die projek word in fases en na gelang van behoeftes van departemente hanteer. Die bestaande bygewerkte bladsye word tans na die Drupal 7-omgewing verskuif en ander departemente word gelyktydig daarmee geakkommodeer.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Hoewel heelwat vordering met die herontwikkeling van hierdie instrument gemaak is, sal dit eers gedurende 2016 gefinaliseer word. Die werk is voorlopig uitgestel terwyl ons aan ander dringende behoeftes soos kommunikasie oor die strategieherieningsproses en die nasionale studentebetogings aandag geskenk het, maar ons maak gebruik van die beperkte hulpbronne wat beskikbaar is om te verseker dat die projek in 2016 afgehandel word. Dit sluit advertering in, asook die vul van 'n nuwe pos wat spesifiek vir die intranet geskep is.

Onnodige inligting is reeds van die intranet verwyder sodat dit slegs inhoud dra wat waarde vir kliënte (werknemers) toevoeg.

risiko's betrokke



Selfs al is die intranet nie ten volle herontwikkel nie, is die meeste belangrike komponente soos mensekapitaal en finansies afgehandel. Ander dringende behoeftes wat nie voorheen op die intranet geakkommodeer is nie, het in die belang van die gladde verloop van daaglikse bedrywighede aandag geniet.

belanghebbersbehoefte

Die inligting van departemente wat reeds in die herontwikkeling geakkommodeer is, is volledig bygewerk. Ander departemente is ook deurlopend bygestaan om veranderinge aan te bring en nuwe inligting by te werk.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die aanstelling van 'n intranetbeampte in 2016 sal die kapasiteitsprobleme wat ervaar is grootliks verlig.



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Herontwikkeling van die intranet sal meer sistematies hanteer word wanneer die intranetbeampte aangestel is. Intussen het ons seker gemaak dat onmiddellike intranetvereistes behoorlike aandag geniet.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

5.4 Verhoog die frekwensie van nasionale mediadekking ten einde die universiteit se openbare profiel te verbeter.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die dienste van MarketIQ en Meltwater is deurgaans in 2015 gebruik om die media te monitor. Institusionele Bevordering het alle medianavrae oor die NWU as geheel hanteer, terwyl die visekanselier se woordvoerder navrae met betrekking tot die visekanselier hanteer het. Die nuuskamers op die NWU se webwerf speel 'n groot rol om goeie nuusstories te kommunikeer, wat negatiewe publisiteit oor die universiteit teenwerk. Die kampusse is die primêre nuusbronne vir hierdie platform wat die Institusionele Kantoor bestuur om konsekwentheid en optimale blootstelling te verseker.



Vir 2015 is 8 958 artikels met 'n reklame-ekwivalent van altesaam R197 090 792 gemoniteer. Hiervan het 3 972 in die gedrukte media verskyn, 608 op die radio, 167 op televisie en 4 211 op aanlyn platforms. Dit vergelyk goed met die vorige jaar se 7 229 artikels wat 'n reklame-ekwivalent van R96 857 851 gehad het. Die mediabeleid van die NWU is heeltemal herskryf om verskeie kwessies te hanteer, veral op die gebied van die akademie, asook die veranderinge wat deur sosiale media teweeggebring is. Die Raad het die hersiene beleid op 20 November 2010 goedgekeur.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die onstuimigheid wat die NWU gedurende 2015 ervaar het, het verskeie uitdagings ingehou. Die lug in die openbaar van botsende standpunte oor die benadering tot die nuwe strategie en struktuur het 'n mate van negatiewe verslagdoening, gemengde boodskappe en wanpersepsies tot gevolg gehad. Die Raad en die institusionele bestuur het 'n beroep om kalmte gedoen en 'n beperking geplaas op wie oor sake van die dag uitsprake kon maak. Toe daar eers behoorlik hieraan gehoor gegee is, het heelwat van die negatiewe publisiteit ook bedaar. Die NWU het aan die einde van 2015 met 'n veel eenvoudiger benadering op die studentebetogings gereageer en so die konsekwentheid van boodskappe verseker. Die elektroniese



nuuskamers op die drie kampusse is daaglik gemoniteer om te verseker dat inligting deurlopend bygewerk word.



risiko's betrokke

Die grootste risiko was gemengde boodskappe wat na belanghebbers uitgestuur is en die universiteit se profiel en aansien skade berokken het. Wanneer dit goedgekeur word, sal die nuwe mediabeleid en die voorgestelde nuwe struktuur in 'n groot mate die kwessie van "uit een mond praat" hanteer.

belanghebbersbehoefte

Toe die personeel, studente, ouers, alumni en die media eers toegang tot akkurate, tydige inligting oor die ontwikkeling van die NWU se strategie en struktuur verkry het, het kalmte ingetree. Dit het die belangrikheid van die oordra van konsekwente inligting uit een bron onderstreep.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die nuwe mediabeleid sal in 2016 in werking gestel word, en so ook die voorgestelde veranderinge aan die struktuur van Institusionele Bevordering en die Bemerkings- en Kommunikasiedepartemente op die kampus. Dit sal die weg baan vir nouer samewerking, 'n eenvoudige benadering en beter koördinering in die gebruik van finansiële en mensehulpbronne.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

'n Volgehoue toename in nasionale mediadekking sal moontlik wees sodra al die partye die pas goedgekeurde mediabeleid nakom en die nuuskantore voortdurend bygewerk word.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

5.5 Verbeterde betrokkenheid by en mobilisering van die NWU se primêre belanghebbers met die doel om lewensvatbare, volhoubare en onderling voordelige vennootskappe nasionaal en internasionaal tot stand te bring.

ons prestasie teenoor ons teikens

Ons het besluit om DevMan-programmatuur te gebruik vir Ontwikkeling en Alumniverhoudings, asook vir Gemeenskapsbetrokkenheid. 'n Projekplan is in werking gestel en die vereiste ontwikkeling is gedoen om in die behoeftes van die sake-eenhede te voorsien. Ná noulettendheidstoetsing en aanvaarding het die Gemeenskapsbetrokkenheidmodule aan die einde van September 2015 aanlyn gekom.



Ons het met die hulp van die kampusse voortgegaan om alumni se kontakbesonderhede op die huidige databasis by te werk. Die alumnidatabasis bevat 177 467 alumniprofile, waarvan 8 733 in 2015 geskep is en 20 852 in 2015 bygewerk is.

Die struktuur van die 2014-belanghebbersweergawe van die NWU-jaarverslag is gedurende 2015 weer eens hersien om dit nader te bring aan die beginsels van geïntegreerde verslagdoening. Die belanghebbersverslag is 'n bondiger weergawe van die

volledige NWU-jaarverslag wat aan die einde van Junie 2015 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ingedien is. 'n Verskeidenheid platforms is gebruik om interne kommunikasie te bevorder. Dit het opnames en boodskappe van die visekanselier oor aangeleenthede van belang ingesluit, asook 'n strategie-oorsigblad op die intranet.



'n Toegewyde kanaal is geskep sodat die voorsitter van die Raad met alle belanghebbersgroepe oor sake van belang kon kommunikeer. 'n Nuwe kanaal vir die personeel, die *NWU in 'n neutedop*, is geskep en verskyn weekliks.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Weens die beperkte beskikbaarheid van geldige kontak-besonderhede vir alumni kan die NWU tans slegs met 23,1% van die databasis kontak maak. Ons het gedurende 2015 met 93,8% van die alumni in hierdie segment kontak gemaak.



Sover dit jaarlikse verslagdoening betref, het ons nou die DHOO-jaarverslag en die belanghebbersweergawe in een verslag gekombineer om die NWU se unieke waardeskeppingsverhaal te vertel.

Die verspreiding van belangrike boodskappe van die Raadsvoorsitter en die visekanselier het verseker dat aangeleenthede van strategiese belang betyds gekommunikeer is.



risiko's betrokke

Ons het die integrasie en oordrag van alumni- en belanghebbers-data uitgestel tot 2016 om te verseker dat behoorlike data-beskeringsprosesse gewaarborg kan word.

belanghebbersbehoefte

Die NWU het die afgelope drie jaar in die rigting van geïntegreerde verslagdoening beweeg, en 'n ten volle geïntegreerde verslag is nou binne bereik.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Nog drie fases word vir die DevMan-ontwikkelingsprojek beplan, waarvan die laaste fase na verwagting in Augustus 2016 afgehandel behoort te wees. Dit sal ons in staat stel om data-integriteit te verbeter en kommunikasie, ontleding en verslagdoening te stroomlyn.



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die maatreëls wat reeds in werking is en dié wat vir 2016 beplan word, sal die universiteit in 'n groot mate in staat stel om volhoubare vennootskappe met belanghebbers te handhaaf.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

5.6 Ontwikkel 'n strategie vir die optimale funksionering van 'n Institusionele Bevorderingskantoor met spesifieke verwysing na alumniverhoudings en ontwikkelingsbedryfghede.

ons prestasie teenoor ons teikens

Aan die begin van 2015 het ons posbeskrywings in die afdeling hersien en die volgende poste geskep of verander:

- 'n Toegewyde interne kommunikasiebeampte
- 'n Toegewyde sosialemediabeampte
- 'n Intranetbeampte
- 'n Administratiewe beampte
- 'n Funksiekoördineerder



Die poste is gedurende Desember 2015 geadverteer en sal aan die begin van 2016 gevul word.



Sedert Augustus 2014 het ons verskeie werksessies met alumni-beamptes gehou om 'n geïntegreerde strategie vir alumni-verhoudings en alumniskenkings op te stel. Om alumniregulerende strukture te optimaliseer het ons 'n werksessie met die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie en die Alumnivereniging gehou.



Die geïntegreerde strategie sal ons lei om struikelblokke te oorkom in die pad van alumniskenkings, soos die afwesigheid van 'n gestruktureerde dog buigsame program vir skenkings. Die strategie maak voorsiening vir 'n NWU-nalatenskapfonds, wat 'n skenkingsfonds is waartoe alle alumni kan bydra.

Ons fokus tans op drie bestaande skenkingsveldtogte:

- Die Maaltyd-per-dag-program
- Die Absa-verwantskapskaart
- Die Verwantskapsring, 'n nuwe inisiatief, waarvoor verkope in Oktober 2015 begin het.



Die Raad het die NWU se eerste Ontwikkelings- en Fondsinamelingsbeleid op 18 September 2015 goedgekeur vir onmiddellike implementering. Die oogmerk met hierdie beleid is om die universiteit se ontwikkelingsstrategie en fondsinamelingsmodel te integreer en eenvormig te maak.

Op 31 Julie 2015 het die Raad die NWU se eerste Alumni-verhoudingsbeleid en riglyne vir die vestiging van alumnitakke goedgekeur.



Die NWU het aan die jaarlikse opname van die Kresge-stigting en Inyathelo deelgeneem om die stand van filantropiese skenkings aan Suid-Afrikaanse hoëronderrysinstellings vas te stel. Die uitslae sal vroeg in 2016 beskikbaar wees.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Daar is nog nie ten volle duidelikheid verkry oor rolle in die afdeling nie, veral wat fondsinsameling betref, maar ons deelname aan die Kresge-opname behoort te help met hierdie belangrike aspek.

Die Ontwikkelings- en Fondsinamelingsbeleid maak voorsiening vir die professionalisering van fondsinsameling aan die NWU, waardeur die strategiese bevordering van die universiteit verseker word.

Om behoorlike koördinering van fondsinamelingsaktiwiteite te verseker, is 'n enkele bankrekening vir alle fondse wat ingesamel word, vir die NWU geopen wat in 2016 sal begin funksioneer.



risiko's betrokke

Vir die NWU om finansiële stabiel te bly, sal noulettende aandag aan fondsinamelings geskenk moet word.



Intussen het die NWU 'n hibriede fondsinamelingsmodel waarvolgens kampusse hul eie projekte sal bestuur, terwyl instellingwye projekte vanuit die Institusionele Kantoor bestuur sal word. 'n Direkteur vir ontwikkeling en alumniverhoudings is nog nie aangestel nie, en dit is 'n ernstige leemte.

Dit is vir ons van kritieke belang om te alle tye 'n donateurslys te hê wat op datum is. 'n Templaot vir verslagdoening oor skenkings is opgestel en vir terugvoer aan kampusse gestuur.



belanghebbersbehoefte

Dit is 'n prioriteit om opwindende, sigbare maniere te vind om aan alumni gereelde, bygewerkte inligting oor die impak van hul bydraes te voorsien. Ons oorweeg dit ook om 'n jaarlikse publikasie uit te gee waarin daar aan donateurs erkenning verleen word.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die skenkingsveldtog sal in 2016 by alumnigeleenthede van stapel gestuur word. Om alumniskenkings te fasiliteer, sal ons 'n verskeidenheid van skenkingsgeleenthede en meganismes bekend stel, waaronder 'n aanlynskenkingsmeganisme.



Op institusionele vlak sal alumni uit drie fokusareas kan kies: Toegang tot Onderrig (beurse/klasgelde), Maaltyd-per-dag, en die Bevordering van Uitmuntendheid aan die NWU. Op kampusvlak sal

algemene terugblik

Aangeleenthede wat as die belangrikste en mees relevante vir die NWU en ons belanghebbers beskou word

Die Ontwikkelings- en Fondsinsamelingsbeleid, die Alumniverhoudingsbeleid, riglyne vir die totstandbrenging van alumnitakke en die hersiene Mediabeleid het die weg gebaan vir 'n veel meer geïntegreerde benadering as voorheen.

Belangrikste strategiese stappe wat gedoen is om waarde te skep en hoe dit ons langtermynbesluitneming beïnvloed

Deur duidelikheid te verkry oor die rolle en verantwoordelikhede van die afdelings binne Institusionele Bevordering kan ons doeltreffender op die hantering van die behoeftes van geïdentifiseerde belanghebbers fokus.



Die geïntegreerde alumniverhoudingstrategie sal ons in staat stel om alumnikommunikasie te verbeter en die betrokkenheid van alumni by die fondsinsamelingspogings van die NWU te vergroot.



alumni in staat wees om tot voorafbepaalde kampusprioriteite en -projekte by te dra.

Alumnikommunikasie meganismes (soos die *NWU & U-publikasie*) sal in die toekoms alumniskenkings en die impak van hul befondsing dek. Die Augustus 2015-alumnikommunikasieoudit sal ook 'n bydrae met meer gefokusde terugvoer lewer. Elke bydrae sal erken word deur middel van 'n belastingertifikaat en 'n brief wat elektronies deur die visekanselier onderteken word.



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Met die alumni- en fondsinsamelingstrategieë wat in werking is, is die universiteit in staat om die optimale funksionering van hierdie afdeling vol te hou.

Belangrikste gevalle van eksterne betrokkenheid en interne belyning, wat 'n invloed op waardeskepping vir die NWU het

Ons deurlopende pogings om die alumnidatabasis by te werk ondersteun doeltreffende kommunikasie met alumni, veral oor die strategie hersieningsproses.



Hoëprofielfunksies soos die Alumnitoekennings en die Nuusmaker van die Jaar-funksie het sowel die NWU as die visekanselier onder die aandag van die onderskeie belanghebbersgroepe gebring.



toekomsvooruitsig

Hoe ons huidige prestasie 'n impak sal hê op die waarde wat geskep word vir en prestasie van die NWU op die lang termyn

Deur middel van voortdurende belanghebbersbetrokkenheid help ons om verhoudings tussen die NWU en belanghebbers te versterk. Waar daar geen bestaande basislyne en teikens is nie, sal dit gedurende 2016 tot stand gebring word sodat tasbare vordering in die toekoms gedemonstreer kan word.



ander vennootskappe en samewerking

missie-element 4

Implementeer ons kundigheid in onderrig-leer en navorsing, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig, tot voordeel van die provinsie, die land, die Suider-Afrikaanse streek, die vasteland en uiteindelik die wêreld.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

4.1 Streef na relevante en dinamiese implementering van kundigheid en kommersialisering van navorsingsresultate.

ons prestasie teenoor ons teikens

Raadpleeg die afdeling oor navorsingsbefondsing op p79 in die Senaatsverslag vir 'n lys van voorbeelde van hoe ons ons kundigheid implementeer en navorsingsresultate kommersialiseer. Gemeenskapsbetrokkenheid het in 2015 hoofsaaklik op interne sake gefokus. Ons het die beleid oor gemeenskapsbetrokkenheid hersien en 'n databasis en stel bestuurstrukture op die Potchefstroomkampus daargestel. In die lig van die herstruktureringproses is die kampusse traag om nuwe strukture te aanvaar.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die bydrae van die Kantoor vir Tegnologieoordrag en Innovasiesteun tot die befondsing of medebefondsing van navorsings- en innovasieaktiwiteite groei eksponensieel. Hierdie opwaartse neiging het in 2014 begin toe 'n nuwe raamwerk vir navorsing en innovasie bekendgestel is, wat positiewe resultate opgelewer het. Gevolglik het ons die vertroue van ons belanghebbers in die regering, nywerheid, handel en ons navorsingsgemeenskap gewen.



risiko's betrokke

Daar is nie genoeg klem op die bestuur van ons openbare beeld deur bemarking van positiewe uitkomst of sterkpunte nie.

belanghebbersbehoefte

Ons pogings om die betrokkenheid by eksterne befonders en die NWU se navorsingsgemeenskap uit te bou is besig om vertroue te bou en verhoudinge te verstewig.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Ons verwag dat die betrokkenheid van belanghebbers sal groei as gevolg van ons konsekwente, positiewe prestasie.



wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Sukses in die implementering van kundigheid en kommersialisering skep volhoubaarheid en geleentheid vir groei en transformasie binne die NWU en in die plaaslike en streekse ekonomieë.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

4.2 Brei gemeenskapsbetrokkenheid by die NWU uit om die NWU se passie en kundigheid met gemeenskappe te deel sodat groter voordele vir die gemeenskap geskep word, en bou robuuste maatskaplike kapitaal.

ons prestasie teenoor ons teikens

Vir meer inligting oor ons prestasie teenoor hierdie teiken, gaan na ons prestasiebeoordelingsverslag, p80.

risiko's betrokke

Die risiko's daarvan om te versuim om 'n doeltreffende teenwoordigheid wat betref gemeenskapsbetrokkenheid te handhaaf, is aansienlik. Dit sluit die persepsie in dat die NWU los staan van die samelewing en nie "die reg het om in die gemeenskap werksaam te wees nie", asook beperkte geleentheid vir werkgeïntegreerde leer, verminderde eksterne inkomste en swakker vooruitsigte wat die volhoubaarheid van projekte betref.

belanghebbersbehoefte

Die laaste belanghebbestudie is in 2013/14 gedoen. Ons beplan om in 2016 'n nuwe studie te doen oor die impak van die universiteit, asook van behoeftes en bates in die munisipale gebiede rondom ons kampusse.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

'n Strategiese beplanningssessie is vir Januarie 2016 geskeduleer om die kwessie van die verteenwoordigendheid van die direksie van die NWU se Gemeenskapsontwikkelingstrust en die aanstelling van nuwe lede te hanteer.



Ander prioriteite wat bespreek sal word, is maniere om meer eksterne befondsing te genereer, maatskaplike entrepreneurskap te ontwikkel en impakmonitering en normering te doen.



wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Verkryging van 'n konstante eksterne stroom van befondsing is van kardinale belang vir die finansiële volhoubaarheid van die instelling en sy gemeenskapsbetrokkenheid. Dit noodsaak 'n stelselmatige monitering en evaluering van ons ingrypings, tesame met 'n sterk fokus op maatskaplike entrepreneurskap.



ons prestasie teenoor ons teikens

Om te sien hoe ons teenoor ons teiken presteer het, raadpleeg ons prestasiebeoordelingsverslag, p81.

risiko's betrokke

Daar is 'n gebrek aan samewerking tussen kampusse en die Institusionele Kantoor, wat die risiko van onvoldoende belyning en koördinerende verhoog. Ons glo dat die nuwe bestuursmodel van die NWU die uitdagings van wanbelyning sal uitkakel en kommunikasie en besluitneming sal verbeter.

Ander risiko's hou verband met die onvolledige gemeenskapsbetrokkenheidsdatabasis en sommige fakulteite se onvermoë of onwilligheid om data te voorsien, in die lig van die gebrek aan stelsels vir datavaslegging in die verlede. Fakulteite bestuur nie vrywillige werkers en studente-uitreiking konsekwent nie.

Die bestuur van eksterne belanghebbers se verwagtings wat betref groter samewerking in ontwikkelingsaktiwiteite is problematies. 'n Voorbeeld is die afwesigheid van 'n DWT-goedgekeurde

Streksinnovasieforum (SIF), wat gefragmenteerde kommunikasie tussen die NWU, die Noordwes-Ontwikkelingskorporasie (NWOK), die NW Provinsiale Regering, die TIA, ens. tot gevolg het. Dit het 'n beduidende poging genoodsaak om verhoudings te herstel, persepsies te bestuur en vertrouwensverhoudings te herbou.

Daarby was befondsing wat vir die samewerking beloof is, nie beskikbaar nie. Ons voorsien dat die finalisering van die NWU-NOK-toekenning vir die vestiging van 'n plaaslike innovasiekantoor nuwe stukrag aan die samewerkingsplanne sal verleen.

belanghebbersbehoefte

Interne belanghebbers het aangedui dat hulle 'n behoefte het aan beter kommunikasie, 'n enkele databasis om gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte vas te lê en 'n kliënt-verhoudingebestuurstelsel om eksterne verhoudings te bestuur.

Eksterne belanghebbers moet toegang tot die kundigheid binne die universiteit kan verkry. Beskikbaarstelling van hierdie kundigheid sal 'n positiewe invloed hê op volhoubare gemeenskapsontwikkeling en sal die nywerheid help om mededingend en volhoubaar te wees.



ons prestasie teenoor ons teikens

Sedert die aanvaarding van die Internasionaliseringsraamwerk-dokument het die NWU by 'n gesamentlike doktorsale program met toonaangewende universiteite in die buiteland betrokke geraak en het ons teikens vir internasionale studente-inskrywings gestel. Ons is besig om die beursstelsel dienooreenkomstig te ontwikkel.



Deelname aan internasionale graderings- en rangordeningsoefeninge sal 'n belangrike fokus van ons toekomstige internasionaliseringspogings wees.

'n Belangrike aanduiding van sukses in internasionalisering is dat omtrent 'n derde van die ongeveer 180 postdoktorsale genote by die NWU buitelanders is.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die Internasionale Kantoor is verteenwoordig in die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie, maar nie in die uitvoerende komitee van die Senaat van die universiteit nie.

Internasionalisering by die NWU het met 'n aantal struikelblokke en uitdagings te kampe:

- Daar is beperkte institusionele debat oor die rol van internasionalisering en 'n gefragmenteerde benadering tot internasionalisering.
- Die Internasionaliseringsraamwerk-dokument filtreer nog nie deur na die kernaktiwiteite van die universiteit nie.
- Navorsing word as die dryfkrag vir internasionalisering beskou. Daar is meer klem op internasionale ooreenkomste en

samewerking as op die internasionalisering van die kurrikulum (behalwe in sekere nisareas soos onderwys, ekonomie en tegnologie).

risiko's betrokke

Risiko's verbonde aan internasionalisering is nie genoegsaam in die NWU se risikoregister verteenwoordig nie.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die Internasionaliseringsraamwerk-dokument sal bygewerk moet word sodra die nuwe hersiene NWU-strategie goedgekeur is. Enige hersiening sal internasionalisering van die kurrikulum, internasionalisering plaaslik en tendense in internasionalisering in aanmerking moet neem. Verder moet alle kampus- en fakulteitsplanne herformuleer word om internasionalisering as 'n dryfkrag van die instelling te weerspieël.

Die direkteur vir internasionale skakeling moet 'n lid van die Senaat wees ten einde internasionalisering van die rand na die kern van die universiteit te verskuif, en dit kan ook nodig wees om in die institusionele Komitee vir Onderrig en Leer deel te neem.



belanghebbersbehoefte

Die Internasionaliseringsraamwerk-dokument is deeglik in 'n werkwinkel met internasionaliseringspersoneel van al drie kampusse bespreek voordat dit gefinaliseer is.



Vir meer inligting, kyk na die verslag van die voorsitter van die Raad, onder die opskrif Samewerking met die nywerheid op p38 en die verslag van die visekanselier, onder die opskrif Verhoudings met die gemeenskap, akademies sowel as diensgeoriënteerd, p90.



3 192
professionele
onderrig-/
navorsings-
personeel

110

studente vind baat by die
Maaltyd-per-dag-projek op
Mafikengkampus

93

studente bygestaan deur
Sentrum vir Studente met
Gestremdhede op die
Potchefstroomkampus



5de keer jaarlikse
kultuurfees op
Vaaldriehoekkampus
gehou

57,1%

vroulike
personeellede

42,9%

manlike
personeellede

ons mensekapitaal

Dit is algemene praktyk vir maatskappye en instansies om hul werknemers as mensekapitaal te beskou, maar in ons geval sluit ons ook ons studente onder hierdie afdeling in. Daar is twee redes hiervoor.

In die eerste instansie is ons verhouding met hierdie baie belangrike belanghebbers (wat ook ons hoofkliënte is) net so 'n noue verhouding as ons verhouding met ons werknemers. Studente wat aan die NWU studeer (veral ons kontakstudente) beskou die universiteit as hulle tweede tuiste. Van ons kant

streef ons daarna om hulle op 'n holistiese wyse te ontwikkel om goed afgeronde mense te word. Hierdie betrokkenheid by feitlik alle aspekte van hulle lewens verstewig die verhouding selfs verder.



Tweedens voeg ons studente (as mensekapitaal) ook waarde aan ons ander kapitaalvorme toe. Hulle verhoog ons finansiële kapitaal wanneer hulle byvoorbeeld hul klaskas betaal, en voeg waarde aan ons maatskaplike en verhoudingskapitaal toe deur deel van ons gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte te wees.




ontmoet ons studente

ons studentestatistiek

Samestelling en grootte van studentekorps

Studente wat vir 2015 ingeskryf was	Mafikeng	Potchefstroom	Vaaldriehoek	Totaal
Voorgraadse eerste-inskrywerstudente	2 446	4 967	1 994	9 407
Seniors	8 356	40 980	5 327	54 663
Totaal	10 802	45 947	7 321	64 070


Studente vir 2015 ingeskryf: kontak en afstand




Samestelling van die studentekorps: ras en geslag

Jaar	RAS					GESLAG			
	Wit	Afrikaan	Kleurling	Indiër/Asiaat	Onbekend	Manlik	Vroulik	Onbekend	Totaal
2014	17 780	40 564	2 686	489	1 616	20 516	42 619	0	63 135
2015	17 370	40 772	2 897	528	2 503	21 006	43 064	0	64 070

Rassesamestelling van studente



Geslagsamestelling van studente



- Onbekend
- Afrikaan
- Kleurling
- Asiaat/Indiër
- Wit

67% Vroulik
33% Manlik



ondersteuning van ons studente

Ons studente is ons hoofkliente en om waarde aan hierdie belangrike mensekapitaalgroep toe te voeg deur ons sakeaktiwiteite is van die uiterste belang.

Deur ons onderrig-leer- en navorsingsaktiwiteite voeg ons aan hul kennis en vaardighede toe en bemagtig ons hulle om tot die arbeidsmark toe te tree as hoogs gekwalifiseerde graduandi wat in staat is om tot die ekonomie van Suid-Afrika by te dra.

Maar ons doen ook meer: ons skep 'n instaatstellende omgewing vir ons studente om tot goed afgeronde mense te ontwikkel. Ons bied 'n groot verskeidenheid kulturele en sportaktiwiteite en sien om na ons studente se finansiële, fisieke en sielkundige gesondheid en welstand.

Hierdie belangrike mensekapitaalgroep dra ook tot ons ander kapitaalvorme by. Deur hul klagseld te betaal, voeg hulle waarde aan ons finansiële kapitaal toe, en wanneer hulle gradueer, word hulle alumni wat waarde aan ons maatskaplike en verhoudingskapitaal toevoeg.

Vir meer inligting oor hoe ons ons studente ondersteun, raadpleeg die visekanselier se verslag, p88.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.2 Toegang: Verseker op al die kampusse dat beleid, prosesse en praktyke daarop gerig is om verhoogde en breër deelname te verseker, in ooreenstemming met die inskrywingsteikens waaroor daar met die DHOO ooreengekom is en die diversiteitsteikens wat in November 2010 deur die Raad gestel is.

MAFIKENGKAMPUS

ons prestasie teenoor ons teikens

Daar is 14 verlengde programme in die Fakulteit Handel en Administrasie en 19 in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie wat aan studente 'n wye verskeidenheid studie-opsies op hierdie vakgebiede bied.

Die Fakulteit Regte bied nie verlengde programme aan nie. Om egter toelating tot regsopleiding te verbreed sal die Fakulteit vanaf Januarie 2016 'n BCom Regte-graad instel. Ander nagraadse programme word in die vooruitsig gestel. Die kortleerprogram Wiskunde vir BCom sal in Januarie 2016 ingestel word om toegang tot BCom-studie te verbeter. Ons werwingstrategie is gemik op sowel plaaslike as internasionale voorgraadse en nagraadse studente, en ons het ons werwingsveldtog uitgebrei na lande van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG-lande).

'n Spesiale fokus vir die kampus was die werwing van studente uit die minderheidsgroepe deur middel van besoeke aan geteikende skole en deur die verskaffing van inligting oor programaanbiedings, toelatingsvereistes, finansiële bystand, gelde, verblyf, sport en kulturele aktiwiteite. Ons het ook motiveringspraatjies aangebied, kampustoere aangebied, in skooltydskrifte geadverteer en skoolsportbyeenkomste geborg. Die Wetenskapsentrum bly steeds 'n nuttige middel by die werwing van wetenskapstudente, veral uit die omliggende benadeelde skole en gemeenskappe.

Sorg is gedra om werwing oor die drie kampusse te belynde deur:

- Die deel van loopbaanuitstallings, bemerkingsmateriaal en aanbiedings
- Die bemerking van al drie kampusse tydens skoolbesoeke en loopbaanvoorligtingsessies
- Die fasilitering van interkampusstudenteuitruiling wanneer bepaalde programme by die ander kampusse vol was.

Waar aansoekers nie daarin geslaag het om by die universiteit in te skryf nie, het die kampus hulle na die Sentrale Aansoekstelsel verwys.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Onvoldoende NSFAS-befondsing het meegebring dat die kampus slegs 'n beperkte getal kwalifiserende studente kon registreer. Die meeste van die aansoekers wat weggewys is, was van ekonomies benadeelde groepe. Daar was ook te min koshuise om in die behoeftes van die studentebevolking te voorsien. Die feit dat

Mahikeng as 'n dorp ernstige verblyfuitdagings ervaar, het die tekort vererger.

risiko's betrokke

- Die vraag na NSFAS- en ander befondsing neem elke jaar toe, maar die beskikbare fondse hou nie daarmee tred nie.
- Die tekort aan koshuise op kampus hou 'n potensiele misdaadrisiko in vir studente, wat ook blootgestel is aan ander maatskaplike euwels.
- Uitdagings met die werwing van studente uit die minderheidsgroepe belemmer die kampus se vermoë om ons billikheidsteikens te bereik.

belanghebbersbehoefte

Daar is deurlopende tweerigtingbetrokkenheid by alle belanghebbers (alumni, ouers, die nywerheid, professionele liggame en die plaaslike, provinsiale en nasionale regering). Ons ontvang gereeld terugvoer van die professionele liggame oor die kwaliteit van ons akademiese programme.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Inskrywingsplanne vir 2015-2019 is voorgelê aan en daar is ooreengekom daarvoor met die DHOO, en ons vertrou dat ons ons mikpunte sal bereik. Om ons wetenskap-, ingenieurswese- en tegnologie- (WIT-) mikpunte te bereik, sal die kampus die Wetenskapsentrum-, Winterskool- en Ikateleng-projekte vir leerders van graad 10-12 voortsit. Die meeste van hulle registreer uiteindelik by die universiteit. Die kampus sal van 2016 af aanlynregistrasie na alle fakulteite uitbrei.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Dit is werklik 'n uitdaging om die werwings- en billikheidsteikens vir vroue, mense met gestremdhede en minderhede te bereik. Studenteonrus en politieke en sosiaal-ekonomiese faktore wat befondsing vir hoër onderwys raak, het implikasies vir ons volhoubaarheid. Die gebrek aan ruimte vir die groeiende groep studente met gestremdhede is 'n bekommernis wat werk teen verbroede deelname in ooreenstemming met die inskrywingsteikens waaroor met die DHOO ooreengekom is.

POTCHEFSTROOMKAMPUS

ons prestasie teenoor ons teikens

Die werwingstrategie van die Potchefstroomkampus speel 'n belangrike rol in die verbreding van toegang en die bereiking van inskrywingsteikens. Hierdie strategie is gegrond op die kampusinskrywingsplan (tot op fakulteitsvlak en met insluiting van transformasie-ekwiteitsteikens), en dek sowel voorgraadse as nagraadse studente. Altesaam 4 280 eerstejaarstudente is in 2015 ingeskryf, wat in ooreenstemming was met die kampusinskrywingsteikens van 4 592. Die kampus het vir 2016 'n inskrywingsteiken van 4 500 eerstejaarstudente gestel. Die bemerkingspan wat met Studentewerwing saamwerk oor die werwing van studente vir die volgende jaar, het al die doelwitte oortref wat in die Institusionele Inskrywingsplan gestel is.



Die Potchefstroomkampus het sy werwingspogings belyn met dié van die ander twee kampusse deur:

- Die deel van skoolnavorsingsinligting
- Die beplanning van gesamentlike besoeke aan sekondêre skole
- Die beplanning van gesamentlike loopbaanuitstallings
- Die bespreking en ontwikkeling van skoleaanbiedings en toesprake wat 'n eenheidsbeeld van die NWU projekteer
- Die ontwikkeling van 'n enkele bemerkingsbrosjyre vir die drie kampusse.

Die kampus het die geleentheid benut om insette te lewer in die NWU se aansoekstelsel, met die fokus veral op die elektroniese aansoekvorm.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Wat die bestuur van inskrywings en toegang betref, is een van die prestasihindernisse wat die kampus ervaar dat die elektroniese aansoekstelsel verouderd is, dat dit gefragmenteer is (nie gesentraliseer nie), en dat 'n funksionele verbetering nodig is om aan nasionale beste praktyk te voldoen.

Die aanvanklike onbesikbaarheid van voldoende NSFAS-befondsing het beteken dat 'n beduidende getal akademies kwalifiserende swart studente nie toegelaat kon word nie.

risiko's betrokke

Hoewel die Potchefstroomkampus die grootste NWU-kampus is, ontvang ons slegs 21% van die beskikbare NSFAS-befondsing.

Hierdie ongelyke verdeling van NSFAS-befondsing na die kampus met die grootste inname belemmer die kampus se pogings om aan transformasiedoelwitte te voldoen. Verdere belyning van inskrywingsplanne en markbehoefte is nodig sodat die NWU die beste studente in 'n beperkte mark kan werf.



belanghebbersbehoefte

Ons sleutelbelanghebbers is fakulteite, graad 12-leerders en sekondêre skole. Deur middel van navorsing oor die behoeftes van voornemende studente, loopbaanvoorligtingsuitstallings en betrekkinge met die hoofde van sekondêre skole streef ons daarna om die universiteit se akademiese aanbieding onder die aandag van die betrokke belanghebbers te bring.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

In ons inskrywingsbeplanning vir 2016 en verder neem ons dit in ag dat gemiddeld slegs 150 000 matrikulante nasionaal kwalifiseer vir toelating tot universiteitstudie, van wie 30 000 wiskunde met 'n punt van 60% of hoër slaag en 20 000 wetenskap met 60% of hoër. Al 26 universiteite ding mee om hierdie studente.

Hierdie klein poel matrikulante is veral belangrik vir wetenskap-, ingenieurswese- en tegnologie- (WIT-) teikens. Die toelatingsvereistes vir WIT-vakke skryf 'n gemiddelde punt van 60% vir wiskunde en wetenskap voor. Die Potchefstroomkampus is besig met uitgebreide navorsing onder potensiële studente om vas te stel watter faktore hul besluitneming by die keuse van 'n universiteit beïnvloed. Ons is ook besig met die ontwikkeling van 'n elektroniese loopbaanriglynstelsel vir sekondêre skole. Dit sal die eerste van sy soort op die mark wees.



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Enige kampusonstabiliteit en -onrus het 'n negatiewe uitwerking op die universiteit se beeld en derhalwe ook op inskrywings, veral omdat die Potchefstroom- en Mafikengkampus 'n gebrek aan sterk geografiese voedingsgebiede het. 'n Volledige oorgang van 'n papiergebaseerde werwingstelsel na 'n e-gebaseerde stelsel is noodsaaklik vir die verkleining van ons koolstofvoetspoor en die versterking van ons omgewingsvolhoubaarheid.

VAALDRIEHOEKKAMPUS

ons prestasie teenoor ons teikens

Die Toelatingsbeleid is belyn en die toelatingsvereistes van die belynde programme is dieselfde oor al die kampusse, wat 'n gelyke speelveld vir al die aansoekers verseker. Ons het die groeiteiken van 'n inskrywing van 1,5% meer eerste-inskrywingstudente as in 2014 bereik. Die inskrywingsteikens vir voorgraadse eerste-inskrywingstudente vir 2015 was 1 719. Die werklike syfer was 2 023, waaronder 283 afstandstudente wat vir die pas ingestelde Graad R-onderwysdiploma geregistreer het.



Om toegang te verbreed het die kampus verlengde programme bekendgestel en 426 studente vir verlengde BSc-programme en 611 vir verlengde BCom-programme ingeskryf. As gevolg daarvan het die totale getal BSc-inskrywings op 555 en die totale getal BCom-inskrywings op 1 371 te staan gekom. Net so het 204 van die 467 studente wat vir BCom Geoktrooieerde Rekenmeesterskap ingeskryf het, vir die verlengde program ingeskryf. Hierdie syfers toon hoe die verlengde programme daartoe bygedra het dat die kampus die inskrywingsteikens bereik het. Ons geïntegreerde studentewerwingstrategie vir die 2016-inname is teen die einde van 2014 gefinaliseer, met inagneming van die kampusinskrywingsteikens en voederskole. Studentewerwingspersoneel het skole in die

teikenprovinsies besoek, advertensies in koerante geplaas en die kampus op radio bemark.

Ander aktiwiteite wat op toenemende toegang gemik was, was:

- 'n verlengde graadprogram-bewusmakingsveldtog
- 'n ope dag vir meer as 3 500 voornemende studente
- die kampus se eerste nagraadse ope dag
- die tweede werkswinkel vir lewensorientasieopvoeders
- Saterdagwerksinkels om rekeningkundeonderwysers van sekondêre skole in die Fezile Dabi-distrik te bemagtig
- die instelling van "Oorbrugging van die Wiskundegaping" ("Bridging the Mathematical Gap"), 'n program wat ontwerp is om leerders te help om hul wiskundepunte te verbeter en dan vir BSc- of BCom-studie in te skryf
- twee ontbytfunksies vir skoolhoofde om verhoudings tussen die kampus en die skoolhoofde van ons groot voederskole te versterk.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

- Laat aansoeke bly 'n uitdaging, selfs al word leerders aangespoor om betyds aansoek te doen.

- Swak wiskunde-uitslae in die finale Senior Sertifikaat-eksamen beperk steeds die getal leerders wat vir toelating tot die BSc- en BCom-graadprogramme kwalifiseer.
- Leerders is swak inligtig oor die korrekte vakkeuses vir toelating tot graadstudie.
- Sommige skoolhoofde het nie waardering vir die inligtingsessies van die studentewerwers by skole nie.
- Die kampus het nie die middele om sportbeurse aan te bied nie en het ook nie 'n prominente profiel in die mededingende sportkodes nie, wat sommige sportgeoriënteerde leerders ontmoedig.



risiko's betrokke

- Daar is beperkte finansiële steun vir behoeftige studente, en dit verhoed sommige goeie voornemende studente daarvan om te registreer. 'n Groot bron van kommer is die "middel"-groep studente wat te vermoënd is om vir NSFAS-befondsing te kwalifiseer en te arm om tersiêre opleiding te bekostig.
- Ontoereikende loopbaanvoorgligting by sekondêre skole beperk leerders se loopbaanvoorsigte.
- Ons huidige bemerkings- en werwingstrategie konsentreer op voederskole wat beduidende getalle leerders lewer wat vir graadstudie kwalifiseer, en kan dalk uitstekende leerders van ander skole met kleiner getalle kwalifiserende leerders misyk.



belanghebersbehoefte

- Die bevindinge van 'n 2014-opname oor die behoeftes van eerstejaarstudente is gebruik om die studentewerwingstrategie te verfyn. Nog 'n opname sal in Maart 2016 uitgevoer word.
- By sommige skole het die leerders 'n behoefte aan loopbaanvoorgligting en -inligting, maar ons het nie voldoende werwers om aan die vraag te voldoen nie.



planne en teikens/voorsigte vir 2016

Soos in 2015 sal die studentewerwingsplan en -aktiwiteite gerig word deur die kampusinskrywingsteikens en die beskikbaarheid van NSFAS-befondsing. Die studentewerwingstrategie vir die 2017-inname is teen die einde van 2015 gefinaliseer; bemerking onder Graad 11-leerders het ook teen die einde van die jaar begin.



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Befondsing is vir studente altyd die vernaamste faktor wat hulle van toegang tot die universiteit weerhou. Kampusbemerking en studentewerwing is duur en hang van die beskikbare bedryfsbegroting af.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.10 Studente-ervaring: Maak seker dat 'n toepaslik instaatstellende omgewing vir studente geskep word wat bevorderlik is vir die teweegbring van 'n gebalanseerde studente-ervaring wat betref akademiese, sosiaal-kulturele en sportaktiwiteite in en oor kampusse, asook wat betref die ontwikkeling van studente tot leiers.

INSTITUSIONELE VERTEENWOORDIGENDE STUDENTERAAD (IVSR)

ons prestasie teenoor ons teikens

Die IVSR se grondwet is gedurende 2015 vir goedkeuring by die Raad ter tafel gelê. Aangesien IVSR-lede nie kon ooreenkom oor die kworum wat vir besluitneming nodig sou wees nie, het die Raad die konsensusklousule na hulle terugverwys vir finalisering. (Die res van die grondwet is goedgekeur.) Toe die IVSR-lede nie tot 'n vergelyk oor hierdie en ander sake kon kom nie, is hul geskil na die visekanselier en die Raad verwys. Alle IVSR-vergaderings is opgeskort in afwagting van die uitkoms van die geskil, wat eers met die aanvang van die IVSR se 2015/16-termyn besleg is.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die IVSR was vir die hele 2014/15-termyn disfunksioneel, wat ernstige implikasies vir die kwaliteit van studenteleierskap op die kampusse gehad het en beteken het dat daar min interkampuswisselwerking onder studente was.



risiko's betrokke

Die IVSR kon nie die verlangde ondersteuning en/of leiding aan die kampus-SR'e verleen nie. IVSR-verwante aktiwiteite soos die Interkampus- Sport- en Sosiale Dag kon nie gehou word nie. Tydens die SR-leierskamp vir al die kampusse is bykomende

opleiding verskaf in 'n poging om in die toekoms disfunksionaliteit binne die studenteleierskap te voorkom.



belanghebersbehoefte

Die Kampus-SR'e het ondanks die IVSR-geskil effektief gefunksioneer en geen student is as gevolg daarvan benadeel nie. Die bestuur het verseker dat samehorige en koersvaste studentepraktieke voortbestaan deur regstreeks met die kampusse se studentedekane en SR'e te korrespondeer.



planne en teikens/voorsigte vir 2016

Die 2015/16-IVSR (wat in September 2015 ingehuldig is) was funksioneel en geen negatiewe impak op die studente-ervaring word voorsien nie. Die huidige IVSR het sy samewerking beloof om 'n ten volle funksionele en effektiewe IVSR te verseker.



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Verskille tussen IVSR-lede het 'n negatiewe uitwerking gehad op die volhoubaarheid van die IVSR, maar die nuut verkose IVSR (vir 2015/16) het hierdie situasie reggestel.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die kampus bied Aanvullende Onderrig, 'n portuursamewerkende leerervaring vir studente in bepaalde risikomodules.

Geleentheid vir interaksie met eksterne kundiges en deelname aan nasionale, streek- of internasionale geleentheid is 'n belangrike deel van die voorbereiding van studente vir die lewe ná universiteit. Gedurende 2015 is talle sulke geleentheid moontlik gemaak:

- Vyf studente (een per fakulteit) het die sesde Universiteitsleierskapsimposium bygewoon wat in Augustus 2015 in Hongkong, China, gehou is.
- Regstudente het die Konstitusionele Hof in Johannesburg besoek en deelgeneem aan die Interkampus-proefverhore en -skynhowe. Twee regstudente het aan die 24e Afrika-skynehofkompetisie oor menseregte in Lusaka, Zambië, deelgeneem. Kundiges van die Staatspatologielaboratorium het die kampus besoek om oor geregtelike geneeskunde te praat, en 'n regter van die Hoogste Hof van Appèl het 'n openbare lesing gehou.
- Die adjunkminister van Vervoer, Sindisiwe Chikunga, het deelgeneem aan gespreksgeleentheid met finalejaarstudente in vervoeronomie en logistieke bestuur, en die Handelsraad het 'n Handelsweek aangebied.
- Die minister van Wetenskap en Tegnologie, Naledi Pandor, het meer as 4 000 mense by geleentheid van die opening van die Nasionale Wetenskapweek op die Mafikengkampus toegesprek. Nog 'n belangrike wetenskapmylpaal op die kampus was die opening van die Mahikeng-sterrewag, wat 'n tegnologie hoogs gevorderde teleskoop het vir navorsing en vir die gebruik van plaaslike skole en die algemene publiek.

Die kampus bied 21 sportkodes, waarvan 18 by Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) geaffilieer is. Die ander drie is by provinsiale en nasionale federasies geaffilieer.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Weens die nasionale Fees Must Fall-staking gedurende 2015 is die USSA-toernooie vir Desember gekanselleer. Slegs ses spanne, naamlik dié vir pluimbal, basketbal, landloop, hokkie, netbal en korfbal het aan in USSA-toernooie deelgeneem. Daar is 'n behoefte aan die verbetering van probleemontleding binne die verskillende sportkodes.

risiko's betrokke

Gedeeltelik voltooid herstelwerk aan harde bane kan die beskikbaarheid van fasiliteite nadelig raak en spelers aan beseringsrisiko blootstel. Die gebrek aan geriewe vir toeskouers by sokkerwedstryde wat op kampus gespeel word, kan die groei van hierdie belangrike sportsoort belemmer, en ons is van oordeel dat 'n behoorlike stadion nodig is. Die kampus het ook 'n tekort aan toereikende geriewe vir rugby, krieket, sagtebal en kultuurbyeenkomste. Begrotingsbeperkings, beperkte sport- en kultuurbeurse en die kampus se ligging hou 'n risiko in, omdat dit meebring dat dit moeilik is om die beste presteerders te werf en te behou, of om borge te lok.

belanghebbersbehoefte

Op die gebied van sport en kultuur is ons belanghebbers studente, sportliggame, die provinsiale Departement van Onderwys en Sport, die Departement van Kuns, Kultuur en Tradisionele Sake, die Mmabana-kuns-, Kultuur- en Sportstigting, die provinsiale SA Sokkervereniging, skole en die gemeenskap. Hul versoeke om toegang tot die kampus se fasiliteite en afrigtings- en opleidingskundigheid is hanteer, onderhewig aan beskikbaarheid. Ons het byvoorbeeld ons fasiliteite oopgestel en bystand verleen met toesighouding by swemlesprogramme in die gemeenskap en rondte oefeninge, en het sportklinieke in tafeltennis, tennis, netbal, rugby en korfbal aangebied.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Elke jaar neem al hoe meer studente aan die verskillende sportkodes deel, wat dit noodsaaklik maak om die fasiliteite te verbeter en professionele afrigting te voorsien.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die vernaamste struikelblokke is die beperkte fasiliteite vir spelers en toeskouers, die koste van instandhouding van fasiliteite en uitdagings by die werwing van professionele afrigters.



POTCHEFSTROOMKAMPUS

ons prestasie teenoor ons teikens


Die kampus het sy omvattende en gebalanseerde program van sportgeleenthede voortgesit en uitstekend gevaar met die ontwikkeling van nuwe geleenthede. Die sokkerliga het byvoorbeeld gegroei van slegs enkele spanne tot byna 50.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die Potchefstroomkampus het weer uitblink deur aan studente geleenthede te bied om aan ontspannings-, interuniversitêre, nasionale en internasionale sportkompetisies deel te neem. Die buitengewone prestasie van ons sportspanne spreek vanself.

risiko's betrokke

'n Leemte in ons pogings om meer sportgeleenthede vir studente te skep is die tekort aan fondse vir fasiliteite om meer sportkodekompetisies (soos swem) te akkommodeer en aan te bied. Befondsing vir beter toeskouerfasiliteite by die rugby- en netbalvelde is ook ontoereikend.


Die toiletfasiliteite moet dringend verbeter word. Nog 'n belemmering is die gebrek aan fondse vir sportbeurse. Ons het hierdie risiko's bestuur deur die verskaffing van hoëvlakafgrigting aan atlete en deur die implementering van verskerpte bemarkingstrategieë. 


belanghebbersbehoefte

Op die gebied van kampusport is ons belanghebbers studente, afrigters, borge, interne eenhede soos Bemarking en Kommunikasie


en Finansies en Fasiliteite, Varsity Sports en Universiteitsport Suid-Afrika (USSA). Ons het aan hul behoeftes aandag geskenk deur te fokus op onder meer 'n hoë vlak van professionalisme in afrigting, bemarking, veiligheid, die kwaliteit van bestaande fasiliteite, borgbetrokkenheid, geleenthede om aan kompetisies deel te neem en vaardighedsontwikkeling.


planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Ons huidige sportprestasies is bevorderlik vir die ontwikkeling van studente en die posisionering van die NWU as 'n verskaffer van 'n gebalanseerde en stimulerende sportervaring wat op die kundigheid van die Hoëprestasie-instituut en sy afrigters gebou is. 

Die soort kompetisies wat by die Potchefstroomkampus aangebied word en die mediadekking wat hierdie byeenkomste ontvang, verbeter die positiewe beeld van die NWU. Daarteenoor het die ontoereikendheid van toeskouerfasiliteite 'n negatiewe uitwerking op die ervaring van nie-atlete. 

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Verskeie sportbeurse (alhoewel dit nie voldoende is nie) is toegeken aan studente uit minderbevoorregte agtergronde en die wye reeks sportkodes (altesaam 20) maak voorsiening vir die behoeftes van ons uiteenlopende studentekorps. Die vereiste gestel deur Varsity Sports dat 'n bepaalde getal swart studente in deelnemende spanne ingesluit moet word, is streng nagekom. 

'n Doelgerigte poging word aangewend om studente te help om op die sportveld uit te blink en ook 'n aanvaarbare akademiese prestasie te handhaaf. 



VAALDRIEHOEKKAMPUS

ons prestasie teenoor ons teikens

Ons bestuur die studente-ervaring holisties deur die akademiese omgewing, akademiese, fisieke en emosionele ondersteuning, sosiaal-kulturele ervaring en sportdeelname bymekaar te bring. Ons dosente werk voortdurend daaraan om hul doseervaardighede te verbeter en ons maak van die jongste onderrigpraktyk en tegnologieverbeterde leerontwikkeling en ondersteuning gebruik. Om op akademiese sukses te verbeter bied ons akademiese ondersteuning soos die volgende:

- Aanvullende Onderrig, 'n tutorgebaseerde akademiese bystandsprogram vir studente wat vir risiko- of histories moeilike modules ingeskryf is.
- Die akademiese portuurmentorskapprogram wat eerstejaarstudente help om 'n suksesvolle oorgang na die universiteitslewe te maak. Die mentors is senior studente wat omvattende opleiding ondergaan.
- 'n Tutorprogram wat in 2015 in drie modules met 'n lae deurvloeiwyse begin is.
- Koshuistoeseighouers wat 24 uur per dag beskikbaar is om 'n omgewing bevorderlik vir leer te help skep.
- 'n Werksgereedheidseminaar vir finalejaarstudente wat in Augustus gehou is.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Eerste-inskrywingstudente is nie ten volle voorbereid vir die eise van tersiêre opleiding nie, selfs al bied ons talle ondersteuningsprogramme aan en al lig ons studente gedurende die eerstejaarsontvangs en -oriëntering deeglik daarvoor in. Nog 'n uitdaging is die afwesigheid van 'n geïntegreerde studentenasporingstelsel, veral vir hoërisikostudente.

Wat sport betref, is dit 'n groot uitdaging om goeie sportmanne en -vroue te vind wat vir toelating tot graadstudie kwalifiseer. Ons is nie in staat om met die groot universiteite wat ná aan groot sportunies geleë is, mee te ding nie.

risiko's betrokke

Programme vir die ondersteuning van veral eerstejaarstudente is in die koshuise begin, en portuurhelpers is opgelei, ondersteun en gemoniteer. Die risiko is dat ons dalk nie in staat sal wees om daardie studente te bereik wat wel ondersteuning nodig het maar wat nie in koshuise woon nie.

Studente wat by hoëprestasiesportprogramme betrokke is, kan akademies aan risiko's blootgestel wees, tensy die balans tussen deelname aan kompeterende sport en hul akademiese

pligte versigtig bestuur word. Die kampus bestuur die risiko van sportbeserings ooreenkomstig federasie- en ligavereistes, waarby afrigters betrek word en deur te verseker dat mediese noodbeamptes beskikbaar is.

belanghebbersbehoefte

Nuwe-inskrywingstudente sien dikwels uit na 'n wonderlike sosiale ervaring op universiteit. 'n Doel met die ontvangs- en oriënteringsprogram is ook om die fokus te verskuif na 'n meer akademiese en persoonlike ontwikkelingsgeleentheid.

Indien die kampus in staat sou wees om hoëkwaliteitspelers en atlete te lok, te behou en te ontwikkel, sou ons kon bydra tot die diversiteitsteikens van provinsiale en nasionale sportfederasies.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Ons hoofdoel is om die deurvloeiwoers te verbeter en om die retensietempo te verhoog, veral van nuweling- voorgraadse studente.

Ons wil ook die ontwikkeling van studente tot behoorlik afgeronde landsburgers beklemtoon.

Die diversiteitsteikens vir sport in 2016 is in 2015 gestel toe die studentewerwingsproses begin het.

Aansienlike pogings sal aangewend word om die kwaliteit en beskikbaarheid van geleenthede vir ontspanningsport en die kampus se koshuisliga te verbeter.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die finansiële en emosionele behoeftes van studente uit baie behoeftige omstandighede plaas 'n groot las op ons voorsiening van studentestudente.

Die huidige ooreenkoms met Varsity Sport bepaal dat elke universiteit slegs een span vir die kompetisie mag inskryf. Dit is baie ontmoedigend vir die kampus se studente, aangesien spanne wat kwalifiseer, uitgesluit word indien hulle laer op die punteleer as 'n ander kampus se span is.

Sport is 'n duur afdeling, wat bedryfskoste sowel as kapitaaluitgawes betref.

Vir inligting oor toegang tot finansiële hulp vir studente, raadpleeg:

- Ons Senaatsverslag onder die opskrif Toegang tot finansiële hulp, p61.
- Ons Finansiële Kapitaal, onder doelwit 1.2, p151.

Vir meer inligting oor studentewelstand en sport- en kultuuraktiwiteite, raadpleeg p88 in die visekanselier se verslag.

versekering van toereikende personeelvlakke

Die universiteit het in 2015 voortgegaan om spesifieke akademiese en ondersteuningsdepartemente te monitor om toereikende personeelvlakke te verseker, in die besonder in kritieke velde.

Personeelkomplement van die NWU

NWU-werknemers	2014	2015
Permanent	3 687	3 876
Tydelik	4 014	3 957
Totaal	7 701	7 833


Indiensnemingskategorieë

Kategorie	2014	2015
Ambagte	28	29
Professionele uitvoerende/administratiewe/ bestuurs- personeel	112	107
Professionele onderrig/navorsingspersoneel	3 160	3 192
Nieprofessioneel administrasie	3 180	3 286
Diens	399	389
Professionele gespesialiseerde/ ondersteuningspersoneel	558	565
Tegnies	264	265
Totaal	7 701	7 833



ons gee om vir ons werknemers

Die NWU is 'n diensgeoriënteerde instelling wat kennis en idees produseer, maar om dit te kan doen, het ons vaardige, gesonde en gemotiveerde mense nodig.

Die kennis en ervaring wat ons werknemers na hulle werk toe bring, is een van die grootste drywers van ons sukses en maak van hulle ons waardevolste bate. 

Ons koester hulle bereidwilligheid om die NWU se waardes en strategiese doelwitte te ondersteun, hul lojaliteit, vaardighede, kennis en ervaring en hul motivering om te innoveer en waarde aan ons ander kapitaalvorme toe te voeg, veral ons intellektuele kapitaal.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.4 Diversiteit: Verseker dat die NWU sistematies groei as 'n multikampusuniversiteit wat put uit sy diversiteit wat betref sy demografie, sosio-ekonomiese agtergrond, status en sosio-kulturele standpunte. In die besonder wil die universiteit graag multikulturalisme en die openlike uitruiling van uiteenlopende standpunte bevorder binne 'n konteks wat verskillende tradisies, gelowe en standpunte toelaat om in harmonie saam te bestaan, en daardeur mekaar binne die NWU as 'n dinamiese en eenheidsgemeenskap te verryk.


ons prestasie teenoor ons teikens

Aangesien die proses van daarstelling van 'n nuwe strategie en struktuur vir die NWU eers aan die einde van 2015 gefinaliseer is, het ons besluit dat geen waarde toegevoeg sou kon word deur 'n kultuur- en klimaatsopname gedurende die jaar uit te voer nie.


opmerkings/uitdagings/teleurstellings

In die lig van die verwagte veranderinge aan die universiteit se strategie en struktuur maak dit sin om die volgende kultuur- en klimaatstudie uit te stel totdat al hierdie dinge in werking is.

risiko's betrokke

Werknemers het tydens die proses van daarstelling van die nuwe NWU-struktuur en -strategie onsekerheid beleef. Gereelde kommunikasie tussen die senior bestuur en werknemers het gehelp om dit teen te werk. 


belanghebbersbehoefte

Ons het aandag geskenk aan ons werknemers se behoefte om ingelig te bly oor die ontwikkelings rondom die strategieherieningsproses. 

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

As deel van die nuwe NWU-strategie (2015-2025) sal ons 'n organisasieklimaatsopname volgens 'n driejaarsiklus uitvoer. Gedurende 2016 sal die basislynmetriek bepaal word, waardeur die onderskeie items wat op die meet van organisatoriese klimaat van toepassing is, vasgelê kan word.


wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het


Onsekerheid onder die personeel oor hul toekoms by die NWU kan dit moeiliker maak om talent te lok of te behou, wat die volhoubare toekoms van die NWU negatief kan beïnvloed. 

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.5 Billikheid: Verseker dat die beleid, prosesse en praktyke proaktief gerig is om histories gevestigde vorme van diskriminasie te hanteer. Hierdie poging moet plaasvind binne die rigtinggewende beginsel dat alle kampusse van die NWU 'n diverse studente- en personeel-populasie moet weerspieël binne die parameters van die bereiking van die ooreengekome minimum diversiteitsteikens.


ons prestasie teenoor ons teikens

Groei ons eie hout (GOEH): Hierdie inisiatief stel voorgraadse en nagraadse beurse beskikbaar aan kandidate wat na hul studie deur die universiteit in diens geneem word. Ons is besig om die GOEH-inisiatief uit te brei na alle vlakke van akademiese en ondersteuningspersoneel ten einde die NWU se indiensnemingsgelykheidsprofiel wesenlik te verbeter. 

Kapasiteitsboufonds: Hierdie fonds word gebruik vir oorbruggingsfinansiering ten einde indiensnemingsgelykheidskandidate vir tot drie jaar aan te stel. Maatreëls om die program te verbeter is ingesluit in die NWU se indiensnemingsgelykheidsplan vir 2015-2020. 

Die DHOO se "Staffing South African Universities Framework": Hierdie projek is gemik op die werwing, ondersteuning en behoud van swart (Afrikaan, Kleurling en Indiër) en vroulike akademiese personeel om sodoende te handel met hul onderverteenvoordiging in dié sektor. Die NWU het aktief aan hierdie projek deelgeneem en sewe nuwe werknemers ooreenkomstig hierdie raamwerk aangestel. Om meer te lees hoe ons vergeleke met hierdie teiken presteer het, raadpleeg ons prestasiebeoordelingsverslag, p74.

risiko's betrokke

Om die universiteit in staat te stel om sy onderrig-leer- en navorsingsaspirasies te verwesenlik is dit uiters noodsaaklik dat ons werknemers en studente van die regte kaliber trek. 

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Indiensnemingsgelykheidsteikens, 2016-2018

	2016-teiken	2017-teiken	2018-teiken
Manlik			
Afrikaan	610	629	645
Kleurling	88	93	95
Indiër	18	18	19
Wit	851	837	829
Vroulik			
Afrikaan	581	604	627
Kleurling	129	135	142
Indiër	24	26	30
Wit	1 347	1 344	1 332
Totaal	3 719	3 757	3 790


Ons sal die nie-numeriese doelwitte van die indiensnemingsgelykheidsplan van 2016 tot 2020 implementeer.




SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

5.8 Verseker doeltreffende en voldoende ondersteuningsfunksies en geïntegreerde besigheidstelsels om die sukses van die kernbesigheid te bevorder.


ons prestasie teenoor ons teikens

Ons het teen Desember 2015 die NWU-postestruktuur vir ondersteuningsposte in alle grade gefinaliseer en posbelyning voltooi. Die grondwerk is gedoen vir die besoldigingsbelyningprojek wat in 2016 sal afskop. 


Ons het PNet, 'n aanlynwerwingstelsel, geïmplementeer en gebruik dit met welslae om die keuringsproses te verkort. 

opmerkings/uitdagings/teleurstellings


'n Uitdaging vir sakeproses hernuwing is om die administratiewe werknemerdatastelsel en verwante prosesse te verbeter. Dit kan vanweë kapasiteitsuitdagings nie reggestel word nie.

Gebruikeropleiding vir die PNet-stelsel kan verbeter word, en dit word vir 2016 in die vooruitsig gestel. 



risiko's betrokke

By die opstel van die NWU se indiensnemingsgelykheidsplan is 'n oudit uitgevoer van die beleide, prosesse en stelsels wat hindernisse in die pad van gelyke indiensneming sou kon plaas. 'n Aantal doelwitte en verwante projekte is geïdentifiseer en sal van 2016 af aandag geniet. Hierdie projekte sluit sakeproses hernuwing op alle vlakke in. Alle gebruikers moet in staat wees om PNet doeltreffend en met vaardigheid te gebruik sodat die universiteit die verwagte voordele van aanlynwerwing kan benut. 



belanghebbersbehoefte

Werknemers verwag om redelik en billik besoldig te word, en die Wet op Gelyke Indiensneming van 2013 vereis "gelyke betaling vir gelyke werk". Die afhandeling van die posbelyningsprojek lê die grondslag vir besoldigingsbelyning deur die hele NWU. Die PNet-stelsel hanteer die behoefte aan MH-praktisyns en ander personeel vir 'n doeltreffender en korter keuringsproses. PNet-gebruikers se behoefte aan opleiding sal in 2016 aandag geniet. 

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Ná voltooiing van die posbelyning in 2015 sal die besoldigingsbelyningprojek, wat soos beoog van 2016 tot 2020 sal duur, aan besoldigingsbelyning aandag gee. Gebruikersopleiding word vir 2016 beplan, wat sal verseker dat gebruikers met die PNet-stelsel vertrouwd is. 


wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Met die voortdurende druk op die NWU-begroting sal besoldigingsbelyning met die nodige beheermaatreëls en toesighouding geïmplementeer word om te verseker dat finansiële volhoubaarheid nie in gevaar gestel word nie. Aanlyn werwing is besig om 'n voorkeurwerwingkanaal onder werkgewers sowel as werksoekers te word. Om doeltreffend om talent mee te ding is dit noodsaaklik dat die NWU 'n sterk aanlynwerwingsteenwoordigheid moet hê. 


ons prestasie teenoor ons teikens

Bestuur van gesondheid en produktiwiteit

Gesondheids- en produktiwiteitsbestuur is die eerste doelwit van werknemergesondheid en welstand. In 2015 het ons die Ecare-e-posstelsel gebruik om personeel op te voed oor gesondheidsonderwerpe soos geestelike welstand, omgewingsorg en tydsbestuur. Net meer as 100,7% van die werknemers was geregistreerde Ecare-gebruikers en 0,5% (18) het die diens gebruik om ons welstandkundige te raadpleeg.

Hier is van die statistiek oor die personeel se gebruik van gesondheids- en welstandsdienste:

- 1 109 werknemers het griep- en vitamien Bco-inspuitings gekry.
- Meer as 550 werknemers het gesondheidsiftings ondergaan en het postuurbewusmakingsadvies ontvang.
- Ongeveer 280 werknemers het aan PAP-smeer-, borsondersoek- en PSA-veldtogte deelgeneem.
- 233 werknemers het primêre gesondheidsorg en 18 swangerskapsorg ontvang, terwyl 242 met chroniese siektes en 439 met minder ernstige siektes gediagnoseer is.
- 53 werknemers is met depressie gediagnoseer, 220 het voorbehoedmiddels ontvang, 28 is met seksueel oordraagbare infeksies gediagnoseer en 691 het MIV-toetsing ondergaan.
- 145 beroepsgeondheidsevaluering is op personeel uitgevoer, tesame met 14 werkplekgesondheidsevaluering en drie kantoorergonomiese evaluering.

Welstandbestuur

Personeel het toegang tot 'n wye verskeidenheid dienste gehad, van berading en stresbestuur tot opleiding oor hoe om substansmisbruik te bestuur. Hier is sommige van die hoogtepunte:

- 258 werknemers het individuele berading ontvang en 59 was groepdeelnemers.
- 59 bestuurders, meesal van die Potchefstroomkampus, het vir werk- sowel as persoonlike aangeleenthede van NWU Wellness4U gebruik gemaak.
- Waar werknemers vir bystand gevra het, is 98,6% van hul regspraakstukke opgelos, net soos 78,6% van hul finansiële kwessies en 0,5% van hul gesinsorg- en inligtingbehoeftekweessies.
- 96,6% van die telefoonberadingsaangeleenthede en 82% van die persoonlike beradingskwessies is opgelos.
- Stresbestuur- en aanpasbaarheidsopleiding is vir 42 werknemers op die Mafikeng- en Potchefstroomkampus aangebied.
- Drie werkwinkels is aangebied oor hoe om substansmisbruik binne die werkplek te bestuur.
- 53 werknemers het werkwinkels oor die beplanning van vroeë aftrede bygewoon en 65 het die "leef finansiële vry"-werksessies bygewoon.
- Binne die lisensieprojek is 16 internasionale voertuigpermitte en 32 lisensies in 2015 namens werknemers verkry.
- NWU Wellness4U het 1 510 versoeke om dienste rakende werk-lewe-balans ontvang, waaronder bystand met reis-, regs-, beleggings- en voertuigverwante aangeleenthede. Hierdie dienste het werknemers 'n geraamde R868 474 bespaar.

Tans is berading in al 11 amptelike tale beskikbaar, aangesien die Wellness4U- benadering 'n eenheidsdiens vir alle werknemers is. Wat betref MIV- en Vigs-dienste fokus ons op nie-diskriminasie en destigmatisering. Personeel het bygedra tot gemeenskapsbetrokkenheid deur die skenking van 122 eenhede bloed en deur geskenke te gee vir 85 kinders wat MIV-positief is. Vergaderings van die Institusionele Koördineringskomitee vir Gesondheid en Welstand (IKKGW) is gehou.

MIV/Vigs

MIV-berading en -toetsing het 724 werknemers en studente bereik, en die First Things First-veldtog het 1 744 werknemers en studente

bereik. Sifting vir seksueel oordraagbare infeksies en tuberkulose is op 1 171 werknemers en studente uitgevoer. Een personeellid en nege studente is in MIV-berading en toetsing opgelei. Verder is 75 studente opgelei as kampvegters op die gebied van MIV-spesifieke aangeleenthede, bemagtiging van meisies en vrouens, substansmisbruik, stigma en diskriminasie, dubbele beskerming, geslagsgebaseerde geweld, intergenerasieseks, verkragting en na-blootstellingsvoorbehoeding.

Altesaam 24 132 manlike kondome en 1 569 vroulike kondome is gedurende 2015 aan studente en werknemers beskikbaar gestel. Mediese manlike besnydenis (MMB) was op die Mafikengkampus vir werknemers en studente beskikbaar. MIV- en Vigs-aktiwiteite het tydens die Jool en studenteoriënteringsweek op al drie kampusse plaasgevind. Die Red Chair-veldtog is in koshuise geïnisieer om dialoog oor MIV, seksualiteit en diskriminasie aan te moedig. Ons het altesaam 217 werknemers tydens die Nuwe Werknemer-oriëntering bereik, wat ook MIV en Vigs in die werkplek ingesluit het. Aktiwiteite met betrekking tot die wêreldwye befondsing (deur die Wêreldfonds vir die Bekamping van Vigs, Tuberkulose en Malaria) deur HEAIDS het plaasgevind, en so ook 'n verifiëringsoefening van aktiwiteite en besteding teenoor die begroting.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

- Die Fees Must Fall-veldtog het verskeie projekte geraak, soos die opbou tot Wêreld-Vigsdag en die Be Active-dag op die Mafikengkampus.
- Stresbestuur en veerkragtigheidsopleiding het nie op die Vaaldriehoekkampus plaasgevind nie aangesien te min werknemers daarvoor geregistreer het.
- Die bestuur van afwesigheid binne die werkplek is uitdagend weens die gebrek aan 'n gesentraliseerde IT-stelsel om neigings na te spoor asook 'n tekort aan samewerking van bestuurders.

risiko's betrokke

Substansmisbruik en selfmoord was die vernaamste werknemersrisiko's wat geïdentifiseer kon word. Die volgende faktore het 'n beduidende impak op werksuïtette gehad: hervestiging, MIV, die bestuur van geld, persoonlike ontwikkeling, kinder- en gesinsorg, regs-aangeleenthede en trauma. Diskriminasie asook inligting en hulpbronne het 'n matige impak op werkverrigting gehad. Beradingsdienste was in al die gevalle beskikbaar.

belanghebbersbehoefte

Daar was 1 510 versoeke van werknemers vir NWU Wellness4U se dienste, en die oplossingskoers van die kernberadings- en adviesdienste was 96,6%.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Bestuurders het opleiding nodig in werkbegeesteringsbestuur en om gevalle van wegblyery te hanteer, terwyl werknemers opleiding in kommunikasievaardighede nodig het. Werksbegeestering aan die NWU moet gemeet word om 'n basislyn vas te stel.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Dit is van kritieke belang om te verseker dat gesondheids- en welstandsdienste op 'n billike, vertroulike en nie-diskriminerende wyse gelewer word. 'n Gesonde, goedversorgde personeelkomplement is noodsaaklik vir die handhawing van die hoë gehalte van die NWU se kernbesigheidsaktiwiteite en vir die bereiking van die universiteit se strategiese doelwitte.

ons prestasie teenoor ons teikens

'n Kultuur van begrip van beroepsgesondheid en veiligheid (BGV) is gevestig deur gereelde, verpligte veiligheidsvergaderings op kampusse. BGV-vertegenwoordigers ontvang deurlopende opleiding.

Die meeste elemente van die BGV-stelsel is op toesighouersvlak ontwikkel en ingestel.



Ons het nietemin 'n aantal tekortkominge teëgekoms in BGV-verslagdoening en in die funksionaliteit van ons BGV-stelsel, wat tot gevolg gehad het dat ons prestasietelling beduidend laer was as die teiken wat gestel is. 'n Eksterne oudit aan die einde van November 2015 het bevestig dat opleiding in die implementering van die BGV tekortkominge gehad het, veral met betrekking tot Subartikel 16.2-aanstellings. Die program vir 2016 is bygewerk om dit reg te stel.

(Volgens Subartikel 16.2 van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid mag 'n hoof uitvoerende beampte van 'n instelling gesondheids- en veiligheidspligte aan 'n Subartikel 16.2-aanstelling deleger.)

Te min informele BGV-oudits is in 2015 uitgevoer. Spesifieke items en doelwitte is nie vir 2016 gestel om 'n beheermeganisme te voorsien om te verseker dat oudits volgens skedule uitgevoer word nie.

Nog 'n tekortkoming was dat halfjaarlikse BGV-verslae nie in 2015 by die institusionele bestuur ter tafel gelê is nie.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die beroepsgesondheid- en veiligheid- (BGV-) stelsel is nie elektronies beskikbaar nie en sleutelemente van die stelsel is nie na 16.2-aanstellings afgewentel nie. Planne is egter daargestel om alle elemente op 'n sentrale elektroniese inligtingstelsel toeganklik te maak.



risiko's wat betrokke is

Ons het die groot risiko's ten opsigte van elemente van die BGV-stelsel wat nie geïmplementeer is nie, geïdentifiseer en het 'n projekplan saamgestel om dit in 2016 as 'n saak van dringendheid te hanteer.

belanghebbersbehoefte

Soos voorheen genoem het belanghebbers wat in die 16.2-hoedanigheid aangestel is, nie voldoende opleiding ontvang nie, maar veiligheidsvertegenwoordigers het wel voldoende opleiding ontvang.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die skedule vir 2016 is bygewerk om te fokus op die opleiding van 16.2-aanstellings. Kwartaallikse institusionele BGV-vergaderings sal in 2016 heringestel word en 'n elektroniese inligtingstelsel sal geïmplementeer word.





algemene terugblik


Aangeleenthede wat as die belangrikste en mees relevante vir die NWU en ons belanghebbers beskou word


'n Deurbraak vir die NWU was die samestelling en goedkeuring deur die Raad van 'n deeglik nagevorsde indiensnemingsgelykheidsplan met kwantitatiewe en kwalitatiewe doelwitte en teikens.

MAFIKENGKAMPUS


Twee universiteitswye transformasieprojekte, Groei Ons Eie Hout (GOEH) en die program vir 'n nuwe generasie akademici (New Generation of Academics Programme – nGAP) was in 2015 instrumenteel in die bou van kapasiteit op die kampus. 


Sewe kapasiteitsontwikkelingsposte is ingevolge die GOEH-projek aan die kampus toegewys, twee vir die Fakulteit Mens- en Sosiale Wetenskappe, twee vir Onderwys en Opleiding, een vir Regte en twee vir Landbou, Wetenskap en Tegnologie. 


Vir die nGAP het Handel en Administrasie twee poste gehad vir die ontwikkeling van kapasiteit in rekeningkunde. 

Verder het 10 personeellede in 2015 hul doktorsgrade verwerf en is daar aan vier kort sabbatsverlof toegestaan vir werk aan hul PhD's. Fondse uit die Navorsingsontwikkelingstoekenning is gebruik om 40 personeellede van verskillende fakulteite by te staan om kort navorsingsbesoeke te onderneem, konferensies by te woon en PhD-klasgeld te betaal. Altesaam 11 personeellede het elk R30 000 aan befondsing uit die Program vir Opkomende Navorsers ontvang om hul PhD's te voltooi. 

POTCHEFSTROOMKAMPUS

Groei Ons Eie Hout-inisiatief: Die NWU sit 'n bepaalde bedrag geld opsy spesifiek met die doel om jong opkomende akademici uit voorheen benadeelde groepe voor te berei. Vir hierdie doel het 12 nagraadse studente uit verskillende fakulteite beurse van R80 000 elk ontvang. Hierdie jong akademici deurloop mentorskapprogramme, kry geleenthede om te help met onderrig- en leerprojekte, en neem aan navorsingsprojekte deel. Van die kandidate is reeds as permanente werknemers van die NWU aangestel of het hulle by ander hoëronderriginstellings aangesluit. 


Nuwe Generasie Akademici ("nGAP"): Die DHOO het 'n raamwerk ingestel vir die voorsiening van personeel aan Suid-Afrika se universiteite, en die nGAP is fase 1 van hierdie personeelvoorsieningsinisiatief. In die eerste rondte van fase 1 het die NWU sewe poste ontvang van die 127 wat aan alle Suid-Afrikaanse universiteite toegewys is. In die tweede rondte het die NWU weer van die geleentheid gebruik gemaak en 12 aansoeke voorgelê, maar ons het nog nie die uitslag daarvan ontvang nie. 'n Aantal aansoeke wag op die derde rondte. 

Kapasiteitsbou – Billikheid: Met die oog op die bereiking van 'n diverse personeelkorps is die kapasiteitsboufonds as 'n leidinggewende meganisme bestuur. Deur middel van die kapasiteitsboufonds word 'n pos vir drie jaar befonds, waarna dit volledig deur die betrokke begrotingseenheid opgeneem word. Tot dusver is die volgende aanstellings gemaak: 

- Poste ten volle in die stelsel opgeneem: 25
- Poste wat tans befonds word: 19
- Poste wat in 2015 goedgekeur is en waar aanstellings nog in proses is: sewe

Strategiehersieningsproses: Die Potchefstroomkampus was volledig deel van die strategiehersieningsproses wat by die NWU aan die gang is. Ons het deur die Bestuurskomitee, rektorskantoor, dekan en fakulteite en die Senaat se Ad Hoc-komitee konstruktief daartoe bygedra.

Veranderingsbestuur is met welslae op alle vlakke uitgevoer, wat die personeel ingelig het oor die strategieproses en inkoop daarin bevorder het.

Die strategiehersieningsproses het die identifisering en optimalisering van nismarkte en nuwe markte vir die kampus ingesluit. 


VAALDRIEHOEKKAMPUS


Van die aangeleenthede wat in 2015 die mees wesenlike invloed op die kampus en ons belanghebbers gehad het, was die universiteit se strategiehersieningsproses, studentepotes en -optrede en die mislukking van die huidige finansiële model om regstelling te akkommodeer, asook die behoefte aan billike hulpbrontoedeling.

Belangrikste strategiese stappe wat gedoen is om waarde te skep en hoe dit ons langtermynbesluitneming beïnvloed


Die goedgekeurde indiensnemingsgelykheidsplan is strategies belangrik vir die skepping van waarde en die beïnvloeding van langtermynbesluitneming. Dit is dus van die uiterste belang om die NWU se Beleid oor Indiensnemingsgelykheid-doelwitstellings en Bestuur oor die volgende paar jaar met welslae te implementeer.

POTCHEFSTROOMKAMPUS

Nagraadse ope dag: In ooreenstemming met die strategiese doelwit om meer navorsingsgerig te word, het ons in 2015 'n ope dag vir nagraadse studente aangebied. Altesaam 773 voornemende meesters- en doktorsgraadstudente het die geleentheid bygewoon. 


Ope dag vir internasionale studente: Ons hou elke jaar 'n spesiale Internasionale Verwelkomings-, Oriënterings- en Multikulturele Dag om internasionale studente welkom te heet en hulle bekend te stel aan die akademiese, kulturele en sosiale omgewing van die Potchefstroomkampus en die stad. In 2015 is verskillende funksies op verskillende plekke op die kampus gehou en die dag het met 'n besoek aan 'n gemeenskapsbetrokkenheidsprojek geëindig. 

Belangrikste gevalle van eksterne betrokkenheid en interne belyning wat 'n invloed op waardeskepping vir die NWU het

Die belyning van posgrade is aan die einde van Desember 2015 afgehandel en het die grondslag vir die vergoedingsbelyningsprojek gelê. Die oogmerk daarmee is om vergoeding oor die volgende vyf jaar te belyn sonder om die finansiële volhoubaarheid van die NWU te beïnvloed. 

POTCHEFSTROOMKAMPUS

Die Potchefstroomkampus is verbind tot breë transformasie, wat rasse- en geslagsgelykheid insluit.

Wat billikheid betref, beplan ons om die doel van 30% swart akademiese personeellede teen 2018 te bereik, nadat 27% in 2015 verbygesteek is. Hierdie beplanning het behels die identifisering van poste wat deur swart en/of vroulike akademiese personeel gevul sal word, en die gebruikmaking van die Groei Ons Eie Hout- en nGAP-inisiatiewe om kapasiteit te bou. 

toekomsvooruitsig

Hoe ons huidige prestasie 'n impak sal hê op die waarde wat geskep word vir en prestasie van die NWU op die lang termyn

Die grondslag van 'n waardeskeppende mensekapitaalstrategie is dat lynbestuur hul rol en verantwoordelikheid in die bestuur van werknemers moet verstaan. Mensekapitaal as 'n funksionele afdeling bied tegniese en strategiese mensehulpbrondienste wat lynbestuur se verantwoordelikheid ten opsigte van werknemerbestuur bevorder.



Hierdie dienste is:

- Doeltreffende en doelgerigte werwings-, keurings- en bevorderingsbeleid en -praktyke
- Werkerskorpsbeplanningprosesse, waaronder werknemerontwikkeling en loopbaanpadbeplanning, om die doeltreffende voorsiening van vaardigheids-, vergoedings- en prestasiebestuursbeleid en -praktyke te verseker waardeur hoogpresterende werknemers gelok, behou en gemotiveer kan word.



Die huidige kapasiteitsbeperkings binne die afdeling mensekapitaal voorkom dat dit optimaal tot waardeskepping vir die NWU bydra.

MAFIKENGKAMPUS

'n Belangrike vennootskap is gesmee toe die Kantoor van die President van Suid-Afrika met die kampus se Gestremdeheidseenheid

kragte saamgesnoer het om gestremde gegraduatees te bemagtig en die regering in staat te stel om sy doel te bereik van indiensneming van ten minste 2% gestremde persone in elke departement.



POTCHEFSTROOMKAMPUS

Die Potchefstroomkampus wil weer eens bevestig dat ons tot breë transformasie verbind is. Dit sluit rasse- en geslagsgelykheid in.

Dit is ons doelwit om, wat billikheid betref, die doel van 30% swart akademiese personeellede teen 2018 te bereik, nadat ons die 27%-teiken in 2015 verbygesteek het.



As deel van ons beplanning identifiseer ons poste wat deur swart en/of vroulike akademiese personeel gevul sal word. Ons beplan ook om die Groei Ons Eie Hout- en nGAP-inisiatiewe hiervoor in te span om kapasiteit te bou.

VAALDRIEHOEKKAMPUS

Ons streef daarna om 'n innoverende universiteitskampus te word wat internasionaal erken word vir kundigheid op die gebied van onderrig en leer, en navorsing wat relevant sal wees vir die samelewings wat ons dien.

Dit doen ons deur onder andere 'n instaatstellende en ondersteunende omgewing in stand te hou waar personeel en studente kan floreer, en deur die aanbieding van studentgesentreerde, tegnologieverbeterde leer en onderrig deur begeesterde personeel wat aan individuele studente se behoeftes aandag gee.



VERGOEDING

Deur 'n benadering van "gewaARBorgde plus niegewaARBorgde vergoeding" te gebruik, poog die NWU se vergoedingstelsel om die volgende op die kort, medium en lang termyn te bereik:



- lok, motiveer en behou die kaliber personeel wat die universiteit in staat sal stel om die NWU-doelwitte ter ondersteuning van ons strategie te bereik,
- voorsien salarisse wat mededingend is met vergelykbare poste in die hoëronderrigsektor en ander toepaslike eksterne ekonomiese sektore
- voorsien salarisstrukture en individuele salarisse wat werklike verskille in poste en verantwoordelikhede billik weerspieël
- implementeer en administreer prestasiebestuur en laat salarisverhoging-beplanningstelsels toe wat billikheid sal kan bereik en handhaaf
- komplementeer konsekwent die ander elemente van NWU-vergoeding
- administreer vergoeding met voldoening aan alle wetlike voorskrifte van die land, asook kontraktuele verpligtinge teenoor werknemers, met spesifieke verwysing na die Wysigingswet op Indiensnemingsgelykheid (2013)
- beoefen gesonde bestuursbeginsels in die toepassing van vergoeding.



**R3 527
miljoen**

totale
inkomste

**R3 339,2
miljoen**

totale uitgawes (uitgesonderd
IAS 19-waardasies) 6,5% styging

R81 miljoen

netto surplus ná
inkomstebelasting
(IAS 19-waardasies ingesluit)

38,8%

inkomste uit staatsubsidie
as persentasie van totale
inkomste

**R170,1
miljoen**

se beurse uit
eie fondse

R249

miljoen

kontantvloei-belegging in
totale bates



ons vervaardigde kapitaal

Ons vervaardigde kapitaal kan beskryf word as alles wat die NWU besit, huur of beheer wat ons kernbesigheid en dienslewering moontlik maak. Dit sluit geboue, toerusting en ander infrastruktuur in.

Weer eens is hierdie kapitaalvorm in onderlinge samehang met die ander kapitaalvorme. Die bou van 'n nuwe gebou verminder ons finansiële kapitaal as gevolg van die boukoste, en verminder ons omgewingskapitaal omdat ons afval skep, maar dit voeg waarde aan ons intellektuele kapitaal toe, omdat die gebou vir die lewering van akademiese programme en die uitvoering van navorsing gebruik word. Indien die gebou egter volgens groen beginsels ontwerp word, soos die Ingenieursgebou en die gebou vir Lewenswetenskappe, albei op die Potchefstroomkampus, voeg dit waarde aan ons omgewingskapitaal toe en, as 'n item op ons lys van bates, voeg dit waarde aan ons finansiële kapitaal toe.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.8 Regstelling: Verseker dat beleide, prosesse en prioriteite wat gemik is op die regstelling van sistemiese en organisatoriese wanbalanse en ongelykhede in plek is, met spesifieke verwysing na regstelling van histories gevestigde praktyke.

ons prestasie teenoor ons teikens

Ons het goeie vordering gemaak in die belyning van sekuriteitstelsels tussen die kampusse sodat personeel en studente algemene toegang tot al drie kampusse het.



Die belyningsprojek vir elektroniese toegang is gefinaliseer en op 12 Oktober 2015 geaktiveer.

Voertuig- en voetgangertoegangstelsels op die verskillende kampusse is geïntegreer met deling van 'n gesamentlike databasis, wat alle personeel en studente van die NWU in staat stel om toegang te verkry tot algemene gebiede soos die hoofhekke, gewone draaihekke en biblioteke op alle kampusse.



Toegangbeheer is met die NWU se administratiewe kernprosesse en -besigheid geïntegreer. Wanneer personeel byvoorbeeld aangestel word of bedank, of studente registreer of hul studie staak, word toegangsbeheer dienooreenkomstig aangepas.

Die kampusse behou hul outonomie en buigsaamheid wat spesifieke toegangsbeheergebiede en sekuriteitstelsels betref. Die uitvoerbaarheid van die belyning van sekuriteitstelsels en -protokolle oor kampusse heen is ondersoek en is as 'n tweede fase van die oorspronklike projek voorgestel. Ons het reeds prosesse, data en dokumentasie oor die kampusse heen gestandaardiseer en belyn, en het 'n gemeenskaplike inligtingsplatform geskep.



Vir meer inligting oor hoe ons teenoor hierdie teiken presteer het, raadpleeg die verslag van die voorsitter van die Raad, onder die opskrifte Kampusontwikkeling (p37) en Fasiliteite en groot kapitaalwerke (p37).

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Bedryfsinstandhouding is 'n gesentraliseerde funksie waarvoor die kampusse verantwoordelik is. Die institusionele bestuur het dus nie 'n gekonsolideerde verslag oor bedryfsinstandhoudingsbegrotings en verwante bedryfsinfrastruktuur- en geboukwessies ten opsigte

van hierdie gedesentraliseerde verantwoordelikheid ontvang nie. Hierdie tekortkoming moet as deel van die nuwe strategie hanteer word.

Fisiese Infrastruktuur en Beplanning se verkrygingsafdeling het die tenderproses vir 94 infrastruktuurtenders hanteer.



risiko's wat betrokke is

Die instandhouding van infrastruktuur op die verskillende kampusse sal nie maklik wees om op 'n institusionele vlak te monitor en te bestuur sonder om die verantwoordelikheid aan 'n institusionele funksionele eienaar toe te wys nie.

belanghebbersbehoefte

'n Diens is aan alle onderrig-leer- en ondersteuningsentiteite binne die NWU gelewer met betrekking tot die beplanning en uitvoering van infrastruktuurprojekte.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Aan die einde van 2015 was die infrastruktuurprioriteite vir 2016 nog nie goedgekeur nie en was dit onder oorsig as gevolg van die begrotingstekort wat veroorsaak is deur die 0%-geldeverhoging wat die Presidensie aangekondig het. Die fokus sal op belegging in groei en makro-instandhouding wees.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die 0%-verhoging in klaskeld het gelei tot 'n daling in koste- en kapitaalbegrotings, met die potensiaal om groei, gehalte of die verwesenliking van die NWU se strategiese doelstellings aan bande te lê. Die onsekerheid oor toekomstige befondsing van DHOO en klaskelde maak dit moeilik om te beplan.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

5.11 Ontwikkel 'n strategiese infrastruktuurplan (SIP) waarin die inskrywingsplan, navorsingsplan, ondersteuningsfunksieplanne sowel as die onderskeie oudits (Instandhoudingsoudit, Gestremdeoudit, die BGV- en risiko-oudit) en standarde (omgewings-, volhoubaarheids- en interne tegniese standarde) verreken is.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die afdeling Fisiese Infrastruktuur en Beplanning het 'n infrastruktuurplan by die DHOO ingedien.

Die Infrastruktuurbeleid is in samewerking met die kampusse ontwikkel. Die Raad het dit goedgekeur en die institusionele bestuur het prosedures goedgekeur wat leiding oor infrastruktuuraansoeke verskaf. Die 2016-infrastruktuuraansoeke is vir die eerste keer in die begrotingsproses ingesluit, in ooreenstemming met die nuwe Infrastruktuurbeleid.

Geïntegreerde beplanning is gedurende die nuwe strategieformuleringsproses as 'n strategiese projek geïdentifiseer. Nuwe infrastruktuurversoeke sal gemeet word aan die norme van die DHOO en toekomstige inskrywingsbeplanning.

Fisiese Infrastruktuur en Beplanning het ook 'n plan voorgelê om uitgestelde instandhouding by die NWU te hanteer.

Die suksesvolle implementering van die plan berus op twee faktore. Die een is die implementering van die kampusse se formele beplanning vir voorkomende instandhouding. Die ander is die beskikbaarheid van voldoende befondsing om uitgestelde instandhouding in ooreenstemming met die makro-instandhoudingsplan te verminder.

Ons het begin om die rolle en verantwoordelikhede van die kampusse en die institusionele kantoor uit te klaar. Beheermaatreëls sal geïmplementeer word om moontlike leemtes in die voorkomende en daaglikse instandhoudingsproses te identifiseer. Fisiese Infrastruktuur en Beplanning hou 'n lys van goedgekeurde projekte en hou dit op datum. Inligting is elektronies beskikbaar en besonderhede van projekte word twee keer per jaar aan die Batekomitee van die Raad voorgelê.

As gevolg van tekortkominge in die stelsel vir die bestuur van huidige ruimtes (HRS-stelsel) kon inligting oor die benutting van huidige ruimtes nie met die DHOO-norme vergelyk en as 'n basis vir oprigting van nuwe infrastruktuur gebruik word nie.

algemene terugblik

Aangeleenthede wat as die belangrikste en mees relevante vir die NWU en ons belanghebbers beskou word

Uitgestelde instandhouding van infrastruktuur by die NWU kan slegs hanteer word indien voldoende befondsing gedurende die volgende 10 jaar voorsien word en formele beplanning instandhoudingsplanne op kampusse ingestel word.

Belangrikste strategiese stappe wat gedoen is om waarde te skep en hoe dit ons langtermyn-besluitneming beïnvloed

Die universiteit het 'n beleid oor infrastruktuur en fasiliteite aanvaar. 'n Strategie vir uitgestelde instandhouding van infrastruktuur by die NWU is deur die institusionele bestuur goedgekeur, hoewel dit van befondsing afhanklik is om te kan uitrol.

Kontantvloei voorspellings vir 2015-projekte is voltooi nadat die projekte formeel goedgekeur is. Die maandelikse kontantvloei voorspelling sal ingedien word binne twee weke nadat goedkeuring vir projekte vir 2016 ontvang is.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die uitgestelde instandhoudingsplan kan slegs suksesvol geïmplementeer word as die instandhoudingsplanne van die fasiliteiteafdelings van die Institusionele Kantoor en die kampusse belyn is. Belyning van die infrastruktuurplan met 'n geïntegreerde institusionele strategiese plan is steeds 'n uitdaging vir die universiteit.

risiko's wat betrokke is

Die belangrikste risiko's wat verband hou met infrastruktuur is uitgestelde instandhouding, gefragmenteerde beplanning en versuim om infrastruktuur optimaal te benut. Hierdie faktore kan 'n invloed op die finansiële volhoubaarheid van die NWU en die vervulling van belanghebbers se bedryfsbehoefes hê.

belanghebbersbehoefes

Verskeie belanghebbers is geraadpleeg, maar die interne beplanningprosesse van die NWU is nie verfyn om belyning van strategiese beplanning oor infrastruktuur te verseker nie.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Ons beveel aan dat die Raad 'n driejaar-infrastruktuurplan goedkeur, in ooreenstemming met die DHOO se verslagdoeningsregulasies.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Optimale benutting van ruimte sal in die toekoms belangriker word namate die koste van infrastruktuur styg en tekorte op die begroting 'n werklikheid word.



ons natuurlike kapitaal

Die NWU se vermoë om waarde toe te voeg deur ons kernbesigheid hang af van die gebruik van al ons kapitaalvorme, maar hierdie kapitaalvorme is op die ou einde almal op natuurlike kapitaal gebaseer.

Ons het byvoorbeeld water nodig om die lewens van ons personeel en studente vol te hou (ons mensekapitaal), en ons het grond nodig om te bou indien ons waarde aan ons vervaardigde kapitaal wil toevoeg. Ons besef egter dat hierdie hulpbronne skaars is en volhoubaar bestuur moet word om hul toekomstige beskikbaarheid te verseker.

omgewingsvolhoubaarheid

Die universiteit hanteer omgewingskwessies op 'n gestruktureerde, sistematiese wyse sedert Februarie 2013, toe ons die finale verslag oor ons eerste voldoeningsoudit ten opsigte van omgewingsreg vrygestel het.

Ná die oudit is 'n implementeringstrategie vir die NWU se plan van aksie opgestel. Hierdie strategie is aan die kampusse voorsien as 'n riglyn om die geïdentifiseerde aangeleenthede aan te pak. Die kampusse het in samewerking met die institusionele Groen Kampus-inisiatief (GKI) opgetree, wat deur die institusionele direkteur vir gemeenskapsbetrokkenheid gekoördineer word.

Die meeste van die aanbevelings van die oudit raak administratiewe prosesse wat hanteer moet word. In 2015 is 'n oorsigtelike oudit gedoen om die vordering te meet wat gemaak is, en wyses voor te stel om implementering van die ouditaanbevelings af te handel.

Ondanks die vordering wat gemaak is, is die grootste struikelblok vir die afhandeling van die uitstaande voldoeningskwessies dat nie een van die groenkampus-koördineerders voltyds aan die projek werk nie en moes staatmaak op 'n verskeidenheid personeel en afdelings om die werk te doen, wat dit moeilik maak om aanspreeklikheid toe te wys.

Dit moet as deel van die uitklaring van rolle en die bestuur van die herstruktureringproses in 2016 hanteer word.

Basislyne van huidige verbruik

Die Potchefstroomkampus, saam met die Fisiese Infrastruktuur en Beplanning, is besig om basislyne te bepaal vir die bestuur van onder andere water, elektrisiteit en afval.

Meters word geïnstalleer om water- en energieverbruik te meet, en daar word van afvalbestuurskontraakteurs vereis om verslae in te dien. Dit sal help om veranderinge in gebruik en gedrag sowel as maandelike besparings doeltreffend te meet. Vordering met betrekking tot meting op die ander kampusse wissel.

Saamry en vervoer

Al drie kampusse neem deel aan die voorsiening van saamrygeleenthede aan studente en personeel, met gebruik van 'n aanlyn besprekingsplatform. Hierdie opsies sluit die volgende in:

- Soek 'n Saamrygeleentheid, 'n universiteitwye projek wat van die dienste van 'n onafhanklike kontrakteur gebruik maak om saamryoplossings vir studente en personeel te voorsien.
- Die Komitee vir Mobiliteit, Parkering en Pendeldienste het maniere ondersoek om die tekort aan parkeerplek op die Potchefstroomkampus die hoof te bied en ons koolstofvoetspoor te verminder. Dit het oorweging van die gebruik van niekampusparkering en 'n pendeldiens na die kampus vir studente ingesluit. Die bevinding was egter dat dit te duur sal wees om te implementeer.
- Ander oplossings wat ondersoek word, is betaalde parkering, fietsvriendelike roetes, veilige voetpaaie en die gebruik van instap-draaihekke vanaf Januarie 2015.

Vir meer inligting oor ons pogings om die waarde van ons natuurlike kapitaal te verhoog, raadpleeg die Raad se verklaring oor volhoubaarheid, p24.

60

primêre skole gebruik die volhoubaarheidskurrikulum wat Opvoedingswetenskappe ontwikkel het

25 000

klerasie-items vir gemeenskappe ingesamel

80%

van die water in damme is grys water

R2,3

miljoen

sedert 2012 bespaar met elektrisiteitsbesparingsinisiatief

80%

van ons bemarkingsmateriaal is nou digitaal



R1 386,6

miljoen

inkomste van die staat:
subsidies en toelaes

R1 171,3

miljoen

studentverwante
inkomste

R946

miljoen

navorsings-, entrepreneurs-,
beleggingsinkomste

R2 533,1

miljoen

netto bates

R1 819,9

miljoen

personeelvergoeding

R1 337,7

miljoen

bedryfsuitgawes



ons finansiële kapitaal

Ons finansiële kapitaal omvat die poel van fondse wat aan die NWU beskikbaar is. Hierdie kapitaal se waarde word vrygestel wanneer dit in ander vorme van kapitaal omgeskakel word. Deur geld aan die opgradering van navorsingslaboratoriums te bestee, word ons finansiële kapitaal byvoorbeeld in vervaardigde kapitaal omgeskakel. Dit demonstreer ook die onderlinge verwantskap van die kapitaalvorme, omdat opgradering van laboratoriums regstreeks waarde aan ons vervaardigde kapitaal toevoeg, terwyl dit onregstreeks waarde aan ons mense- en intellektuele kapitaal toevoeg. (Ons navorsers put voordeel uit beter fasiliteite en is dus in staat om hoër navorsingsuitsette te lewer.)

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.2 Toegang: Verseker op al die kampusse dat beleid, prosesse en praktyke daarop gerig is om verhoogde en breër deelname te verseker, in ooreenstemming met die inskrywingsteikens waarvoor daar met die DHOO ooreengekom is en die diversiteitsteikens wat in November 2010 deur die Raad gestel is.

ons prestasie vergeleke met ons teiken

Ons finansiëlehulpkantore het hul bes gedoen om die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente- (NSFAS-) toekenning doeltreffend te bestuur te midde van moeilike omstandighede, met die vraag wat die aanbod van befondsing by verre oorskry en 'n toenemende onsekerheid oor toekomstige befondsing.



Die NSFAS-toekenning (wat Maatskaplike Ontwikkeling en die Funza Lushaka-beurse vir 2015 insluit) het R318 536 104 beloop, verteenwoordigend van 45,50% van die totale bedrag wat deur die finansiëlehulpkantore van die NWU administreer word. As gevolg van die doeltreffendheid van hierdie kantore en hul personeel was ons in 'n posisie om die totale bedrag in ooreenstemming met die NSFAS-riglyne toe te ken. 'n Bedrag van R2,6 miljoen is vroeg in 2016 geëis, nadat goedkeuring in Desember 2015 van NSFAS verkry is om hierdie bedrag van die Finalejaar-fonds na die algemene NSFAS-DO-fonds oor te plaas.



opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die NSFAS-toekenning het van 2014 tot 2015 met minder as 5% toegeneem en was laer as die inflasieverwante styging in klasgelde. Dit beteken minder studente kon in 2015 gehelp word. Verder neem die getal aansoekers elke jaar toe. As gevolg hiervan kon ons na raming in 2015 slegs 40% van aansoekers by die NWU met NSFAS-befondsing help.

risiko's wat betrokke is

Die finansiëlehulpkantore moet seker maak dat hulle slegs studente binne die NWU se NSFAS-toekenning goedkeur. Hulle moet ook vooruit kommunikeer met studente wat nie vir NSFAS-befondsing gekwalifiseer het nie as gevolg van ontoereikende fondse. Die bedoeling is om die risiko te bestuur dat studente sonder befondsing by die universiteit aankom en om die moontlikheid van protesaksie en slegte skuld te verminder.



Die doel van verhoogde en breër deelname kan nie bereik word indien befondsing afneem nie.

belanghebbersbehoefte

Die grootste belanghebbersgroep vir sover dit NSFAS-befondsing betref, is finansiële behoefte studente wat vir toelating kwalifiseer maar nie binne die beskikbare fondse geakkommodeer kan word nie. Die NWU word verteenwoordig in die uitvoerende komitee van die Finansiëlehulppraktisyns van SA, wat universiteite se finansiëlehulpkantore verteenwoordig en direkte toegang tot NSFAS-bestuur het. Die finansiëlehulpkantoor skakel gereeld met eksterne beurskenners om meer beursgeleenthede te werf.



planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die NWU is afhanklik van NSFAS-befondsing om behoeftige studente by te staan. Laat in 2015 het die DHOO addisionele befondsing beskikbaar gestel vir studente met skuld wat tussen 2013 en 2015 aangegaan is. Die NWU sal bykomende befondsing van R30,5 miljoen ontvang deur die invordering van skuld van vorige jare, en 'n bykomende toewysing om hierdie studente vir die 2016 akademiese jaar by te staan.



Die NSFAS-toekenning vir 2016 is nie verhoog nie, hoewel die minister vroeg in 2016 aangekondig het dat alle eerste toetreders wat vir NSFAS-befondsing kwalifiseer, toegelaat moet word om te registreer (binne die inskrywingsteikens van universiteite).



wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Hoewel die hoërondewyssektor die aankondiging oor bykomende befondsing vir eerste toetreders verwelkom het, is geen verbintenis van die DHOO of NSFAS ontvang dat befondsing inderdaad beskikbaar is nie. Ons glo hierdie studente moet vir die totale akademiese lewensiklus ondersteun word, maar daar bestaan steeds onsekerheid of befondsing inderdaad beskikbaar gestel gaan word.



Verder het hierdie studente geld nodig vir boeke, verblyf en kos voordat die NWU die befondsing ontvang, wat die kontantvloei van die universiteit onder druk plaas. Dit hou 'n wesentliche finansiële risiko vir die NWU in en is 'n groot stremming op die kapasiteit van die finansiëlehulpkantore.



SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.8 Regstelling: Verseker dat beleide, prosesse en prioriteite wat gemik is op die regstelling van sistemiese en organisatoriese wanbalanse en ongelykhede in plek is, met spesifieke verwysing na regstelling van histories gevestigde praktyke.

ons prestasie teenoor ons teikens

Belegging in, handhawing van en verslagdoening oor geboue-infrastruktuur is 'n belangrike stap onderweg daarna om gelykheid van voorsiening op die drie kampusse te verseker.

Finansies het in 2015 twee keer aan die Batekonomie van die Raad gerapporteer, eers in Mei en daarna in Oktober. Die gerapporteerde uitgawes was vir infrastruktuurprojekte per kampus en het enige eksterne befondsing ingesluit, asook infrastruktuur- en doeltreffendheidstoekennings van die DHOO, interne kapitaalbefondsing, uitgawes vir uitgestelde instandhouding en geringe bouwerk. 'n Jaarlikse geouditeerde verslag oor infrastruktuurbefondsingstoekennings is ook in April by die DHOO ingedien.

Wat betref strategiese verkryging en breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging het ons streng interne en eksterne vereistes nagevolg.

Die Skedule van Magtigings, soos goedgekeur deur die Raad, vereis dat alle transaksies van meer as R100 000 deur 'n tenderproses aan verskaffers toegeken moet word. In ooreenstemming met die Wet op Openbare Verkryging, en soos uiteengesit in paragraaf 5.2 van die NWU se Algemene Finansiële Riglyne, is alle tenders met gebruik van 'n puntstelsel toegeken.

Enige afwykings van hierdie vereistes is ten volle gemotiveer en goedgekeur deur die direkteur vir finansiële administrasie ingevolge gesag wat deur die institusionele bestuur gedelegeer is.

Die Jaarlikse Prestasieplan se teiken vir BGSEB-verkrygingsbesteding vir 2015 is op 60% gestel. Ons het hierdie teiken met 'n aansienlike marge oortref en het 'n persentasie van 80% vir 2015 behaal.

Vir meer inligting, raadpleeg ons prestasiebeoordelingsverslag, p75.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Strategiese verkryging: Fisiese Infrastruktuur en Beplanning se verkrygingsafdeling het die tenderproses vir 94 infrastruktuurtenders bestuur, terwyl die getal tenders wat deur die afdeling Finansiële Administrasie bestuur is in 2015 van 53 tot 120 toegeneem het, wat druk op die kapasiteit binne die sentrale Verkrygingsafdeling geplaas het.

Soms noodsaak swak beplanning aan die kant van bestuurders afwykings van die tenderproses om onderbrekings in kritieke prosesse of dienste te vermy. Van Mei 2015 af het die Departement Handel en Nywerheid nuwe BGSEB-kodes geïmplementeer. Omdat hierdie kodes moeiliker is om aan te voldoen as die vorige kodes dui voorlopige berekeninge daarop dat vir ons volgende BGSEB-sertifikaat, wat in April 2016 uitgereik moet word, ons BGSEB-vlak moontlik tot Vlak 6 sal daal. Dit is 'n dilemma wat alle universiteite in die gesig staar en spruit uit die vereiste vir "BGSEB-verskaffersontwikkeling" waarvoor ons nog nie gerat is nie.

risiko's wat betrokke is

Strategiese verkryging: Belanghebbers se prioriteit is om hul goedere betyds, teen die beste gehalte en teen die regte prys te ontvang. Van tyd tot tyd waarborg die puntstelsel van tenderbeoordeling nie dat daar aan alle belanghebbers se behoeftes voldoen sal word nie. Om hierdie risiko tot die minimum te beperk, is die tenderaar met die hoogste telling dikwels geëvalueer ten opsigte van die vermoë om die goedere of dienste van die vereiste gehalte betyds te lewer. Verwysings word opgevolg en vorige ondervinding word in ag geneem. Indien die risiko wesenlik is, word goedkeuring verkry om die tender aan die verskaffer met die tweedehoogste telling toe te ken.

Die grootste risiko van 'n fokus op die verhoging in die BGSEB-bestedingsvlakke (wat dus verskaffers uitsluit wat nie tot hierdie vlakke bydra nie) is dat dit teen 'n finansiële koste vir die NWU kan geskied, of dat dit gehalte-implikasies kan hê. Die verwagte daling in die BGSEB-status van die universiteit kan 'n negatiewe uitwerking hê op ons vermoë om tenders vir die regering te verkry, en kan dus 'n impak hê op toekomstige derdegeldstroominkomste.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Ons moet ons tenderafdelings sterker maak met die oog op die hoë volumes tenders en om diens van hoë gehalte te handhaaf. Ons beplan ook om die standaardtenderdokumentasie te verbeter deur op gebruikersvriendelikheid te fokus. Vir 2016 is ons doel om beplanning te verbeter deur bewustheid onder die verantwoordelike bestuurders te verhoog en om 'n tenderregister te hou om 'n oog te hou op tenders wat op die punt is om te verval.

Ons beplan om ons BGSEB-besteding op die huidige 85% te stabiliseer. 'n Prioriteit vir 2016 is om programme te inisieer ter ondersteuning van verskaffersontwikkeling met die oog op verbetering van ons verwagte BGSEB-status van Vlak 6. 'n Kostevoordeelontleding sal eers uitgevoer word.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die 0%-verhoging in klagsgeld het gelei tot 'n daling in koste- en kapitaalbegrotings, met die potensiaal om groei, gehalte of die verwesenliking van die NWU se strategiese doelstellings aan bande te lê. Die onsekerheid oor toekomstige befondsing van DHOO en klagselde maak dit moeilik om te beplan.

Die drastiese verswakking van die land se geldeenheid kan 'n negatiewe impak op ons finansiële lewensvatbaarheid hê deur die wesenlike blootstelling aan indirekte invoere via ons verskaffers. Die onsekerheid van die toekomstige waarde van die rand kan 'n negatiewe impak op ons langtermyn-verskaffingskontrakte hê.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

1.9 Hulpbrontoedeling: Verseker, deur behoorlike prosesse en strukture, dat die verspreiding van NWU-hulpbronne bely, regverdig en deursigtig is ten einde die kernbesigheidstrategie van die NWU te ondersteun.

ons prestasie teenoor ons teikens

Elke begrotingseenheid (die drie kampusse en die Institusionele Kantoor) neem eienaarskap van hul eie begroting en het 'n begrotingskomitee. Die Institusionele Begrotingskomitee (wat al die begrotingseenhede verteenwoordig) beveel dan die algehele begroting by die institusionele bestuur aan, wat dit goedkeur en by die Finansiële Komitee aanbeveel. Die Raad keur in die finale instansie die begroting op aanbeveling van hierdie komitee goed. Die NWU se begrotingsproses is dus interaktief. Verskillende vlakke van bestuur neem aktief deel aan hul begroting vir die volgende jaar, met inagneming van tendense van die verlede, risiko's en bekommernisse, meting aan norme en toekomstige doelwitte en planne. Die begrotingsteiken is per begrotingseenheid opgestel op grond van verhoudings (uitgawes gemeet as persentasie van die kernbesigheidsinkomste, naamlik onderrig en subsidie) met 'n gelykbreekbegroting (in geldstroom 1 en 4) op 'n kontantvloebasis as 'n doelwit.

Regverdige en deursigtige toewysing van hulpbronne is van sleutelbelang om te verseker dat ooreengekome uitsette bereik word. Hangende die finalisering van die NWU se nuwe strategie is die basislyn wat gebruik is om die begroting op te stel uit die missie-elemente in die huidige Jaarlikse Prestasieplan saamgestel, wat afgewentel is in doelwitte en aksieplanne. Die strategiese fondse soos begroot sal gebruik word om strategiese inisiatiewe te ondersteun wat nie in die bedryfsbegrotings van die sake-eenhede gedek is nie. Ons het voortgegaan om 'n inklusiewe, toepaslike begrotingsproses te implementeer en daarvoor verslag te doen. Die aanvanklike 2016-begroting is voltooi en gereed vir aanbeveling by die Finansiële Komitee en die Raad, soos beplan.

Die infrastruktuurplan en -begroting is vir die eerste keer in hierdie proses ingesluit. Die Presidensie se aankondiging op 23 Oktober 2015 oor die 0%-klasgeldverhoging vir 2016 het beteken ons moes weer na ons 2016-begroting gaan kyk. Die begroting sal vir goedkeuring deur die Raad op hul vergadering in Maart 2016 ter tafel gelê word.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Elke jaar is die grootste begrotingsuitdaging om 'n gelykbreek-kontantvloebegroting te bereik waar die verlaging van subsidie-inkomste (in reële terme), groei in uitsette en interne inflasiekoers hoër as die VPI is. In die 2016-begroting het die inkomste (voor die aankondiging van die 0%-klasgeldverhoging) slegs met 6,8% toegeneem, hoofsaaklik te wyte aan die 1,3%-styging in subsidie-inkomste, terwyl die interne inflasiekoers op 8,2% bereken is.

Nog 'n teleurstelling was die aankondiging van die 0%-klasgeldverhoging op 23 Oktober 2015. Die netto resultaat was 'n tekort van R55 miljoen in die 2016-begroting.

risiko's wat betrokke is

'n Gedetailleerde lys van risiko's en bekommernisse is ingesluit in die verslag oor risikobestuur (p16). Hierdie risiko's en bekommernisse kan soos volg opgesom word:

- Die 1,3%-toename in subsidie dek nie hoëronderwysinflasie of -groei nie. Die NWU sal dus in 2016 die daling in die subsidie (in reële terme) moet opmaak deur middel van addisionele klasgelde en eksterne inkomste, wat beide onder druk is as gevolg van stadige ekonomiese groei en die waardevermindering van die rand.
- Minder werklike nuwe toetreders en pyplynstudente het in 2015 ingeskryf, vergeleke met die inskrywingsplan. Hierdie afwyking is

'n direkte gevolg van die matriekwiskunde- en wetenskapuitslae en die daling in NSFAS-fondse (in reële terme) wat elke jaar beskikbaar is. Om die eerstetoetreders in 2016 te bereik, moet die getal nuwe toetreders met 7,9% groei. Indien nie, sal die NWU nie in staat wees om aan die inskrywingsplan soos ingedien by die DHOO te voldoen nie.

- Fakulteite het aangedui dat die ekonomiese klimaat 'n ongunstige impak gehad het op die beskikbaarheid van eksterne kontrakte, wat tot 'n daling in eksterne inkomste gelei het.
- Die styging van 8,6% in die koste van permanente personeel is meer as die styging van 6,8% in inkomste.
- Onmiddellik ná die aankondiging van die 0%-klasgeldverhoging op 23 Oktober het al drie die kampusse se finansiesafdelings stadiger verhalings van agterstallige studenteskuld gerapporteer en moes addisionele voorsiening vir slegte skuld gemaak word.
- Die interne inflasiekoers (8,2%) is hoër as die netto groei in inkomste (6,8%), wat nie op die medium tot lang termyn lewensvatbaar is nie.
- Die daling in die waarde van die rand het 'n groot impak op ons koopkrag en sal die koste van boeke en tydskrifte, programmatuur, lisensies, rekenaar- en ander IT-verwante koste beïnvloed.

belanghebbersbehoefte

Die NWU se begroting is 'n interaktiewe proses wat die drie sake-eenhede en verskillende vlakke van bestuur betrek, wat verseker dat die behoeftes van alle interne belanghebbers in aanmerking geneem word. Die voorgestelde begroting word dan geëvalueer en goedgekeur deur die institusionele bestuur, die Batekomitee (in die geval van die infrastruktuurbegroting), die Finansiële Komitee en die Raad.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die NWU moes vergoed vir die tekort as gevolg van die 0%-klasgeldverhoging deur die onkostebegroting en die kapitaalbegroting vir 2016 te verminder. Die herhalende surplus as persentasie van herhalende inkomste vir 2016 word op 0,9% geprojekteer, terwyl die teiken 3%-6% is.

wesentliche kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die risiko's wat hierbo geïdentifiseer is, is werklike kwessies wat 'n impak op die volhoubaarheid van die NWU sal hê indien dit nie aktief bestuur word nie. Maatreëls moet daargestel word om hierdie risiko's verder te verlig.

Die 25%-tekort op klasgelde en verblyfgelde in 2016 kan moontlik 'n permanente verlies wees. Die NWU sal nie in staat wees om die tekort op die kort en medium termyn op te maak deur middel van bykomende verhogings nie (benewens 'n jaarlikse verhoging en voortgesette implementering van ingefaseerde premies).

Ingesluit in die klasgeldverhoging vir 2016 is die voortsetting van die implementering van die ingefaseerde inhaal van die markpremies op eerstejaarmodules, soos goedgekeur deur die Raad vir die 2013-, 2014- en 2015-begroting. Hoewel dit ingesluit was in die berekening vir 2016 en deel was van die 75%-bydrae deur die DHOO, is dit in effek gestaak en bestaan die risiko dat dit onvolledig geïmplementeer word. Indien die DHOO voortgaan om klasgeldverhogings te reguleer, kan ons nie bloot die implementering van die premies wat beplan word vir 2016-2018 tot 2017-2019 uitstel nie. Dit hou 'n wesentliche risiko in vir die realisering van beplande inkomste en dus vir die finansiële lewensvatbaarheid van die NWU.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

4.1 Streef na relevante en dinamiese implementering van kundigheid en kommersialisering van navorsingsresultate.

ons prestasie teenoor ons teikens

Die projekbegrotingsmodel is hersien en gedurende Oktober 2014 het die institusionele bestuur 'n nuwe indirekte kosteverhalingsmetode goedgekeur. Die 2015- finansiële jaar is gebruik om die ou metode uit te faseer en die nuwe een in te faseer.

'n Memorandum waarin die nuwe kosteverhalingsmetode verduidelik word, is in Julie 2015 aan alle bestuurders uitgereik om hulle tydens die 2016-begrotingsproses by te staan. Die nuwe metode is op die kampusbegrotinginligtingsessies bespreek, sowel as met kleiner belangegroepes.

Die geprojekteerdebegroting-model is 'n belangrike instrument vir die bestuur van die NWU se derdegeldstroominkomste. Gedurende 2015 is die hersiene projekbegrotingsmodel gefinaliseer. Met betrekking tot kosteverhaling is 'n koers van 20% op omset goedgekeur.

Daar is aan die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite die verantwoordelikheid gegee om die NWU se nuwe aanspingsmodel te ontwikkel. Die projek sal vroeg in 2016 begin.

opmerkings/uitdagings/teleurstellings

Die grootste uitdaging vir die implementering van die nuwe kosteverhalingsmetode is veranderingsbestuur. Gevolglik het ons opgemerk dat bestuurders konserwatief vir eksterne inkomste begroot aangesien die nuwe kosteverhalingsmetode op 'n persentasie van omset gebaseer is.

risiko's wat betrokke is

Die volgende risiko's is betrokke:

- Die NWU maak staat op derdegeldstroominkomste om sy

kernbesigheid te subsidieer.

- Daar moet 'n goeie balans wees tussen aansporing van personeel om derdegeldstroominkomste te genereer en om 'n lewensvatbare bydrae tot die balansering van die boeke te lewer.
- Projekbestuurders en deelnemers bestee onvoldoende tyd aan beplanning en bepaling van die finansiële lewensvatbaarheid van derdegeldstroominkomste-aktiwiteite voordat hulle kontrakte sluit.
- Indirekte koste van hierdie aktiwiteite kan te laag geraam word, wat druk op skaars hulpbronne plaas.

belanghebbersbehoefte

Verskeie belanghebbers was betrokke by die hersiening van die kosteverhalingsmetode. 'n Taakspan met verteenwoordigers van Finansies, Interne Oudit, Mensekapitaal, Innovasie en die akademiese bestuur (dekane van fakulteite) het talle opsies ondersoek voordat 'n finale aanbeveling by institusionele bestuur gemaak is. Die ou kosteverhalingsmetode is as lomp en te ingewikkeld vir baie projekte beskou. Die nuwe metode is eenvoudig en makliker vir niefinansiële belanghebbers om te verstaan.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die nuwe kosteverhalingsmetode sal in 2016 ten volle geïmplementeer word. Ons sal ook begin met 'n ondersoek na outomatiese kosteverhaling deur middel van die finansiële stelsel.

wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Indien die NWU nie 'n toereikende surplus van derdegeldstroominkomste genereer nie, sal dit 'n wesentliche impak op die finansiële volhoubaarheid van die NWU hê.

SLEUTELPRESTASIEAANWYSER (PRESTASIE TEIKEN/BEDRYFDOELSTELLING)

4.5 Fokus op sakeontwikkeling

ons prestasie teenoor ons teikens

Vir 2015 was die fokus op die konsolidering en instandhouding van huidige beleggings wat reeds gemaak is en om die toekomstige strategie te heroorweeg. Daarom is die uitgestelde instandhouding van Cachetpark ('n beleggingseiendom) gekwantifiseer en implementeringsplanne gereed gemaak.

risiko's wat betrokke is

Beleggings in niekernbesigheid-aktiwiteite sal nie die verlangde opbrengskoers op die belegging genereer nie en sal skaars hulpbronne gebruik wat dan nie vir die kernbesigheid beskikbaar sal wees nie.

planne en teikens/vooruitsigte vir 2016

Die evaluering van die huidige beleggings sal voortgaan, terwyl ons die geleenthede om die inkomste uit die kernbesigheid te subsidieer, aktief sal ondersoek.


wesenlike kwessies wat 'n impak op ons volhoubaarheid het

Die lae ekonomiese groei van Suid-Afrika en die impak daarvan op die opbrengs op ons belegging (en die volhoubaarheid van enige onderneming), moet vergelyk word met die geleentheidskoste betrokke by die bestuur van beleggings wat geweldig baie van die kernbesigheid verskil.


algemene terugblik

Aangeleenthede wat as die belangrikste en mees relevante vir die NWU en ons belanghebbers beskou word

Die suksesvolle implementering van ons eie pasgemaakte Quali Finansiële Stelsel (KFS) was die belangrikste prestasie van 2015.

'n Belangrike strategiese aksie in 2015 was die vestiging van die Finansiële Bestuurskomitee, wat uit al die finansiële direkteure bestaan. Die komitee se taak is om samewerking, belyning en gesamentlike besluitneming in die finansiële omgewing aan te moedig. Die komitee het begin om die moontlike herorganisasie van die NWU se finansiëlebestuurs- en administrasiestruktuur te bespreek. 

'n Groot bron van kommer en risiko is die 0%-klasgeldverhoging wat op 23 Oktober 2015 aangekondig is en die finansiële impak daarvan op die NWU en die hoërondewyssektor in die geheel.

Hoe goed ons die gevolge bestuur, sal nog gesien moet word en sal direk afhang van die mate waarin die regering die befondsing van die hoërondewyssektor in die toekoms hanteer. Universiteite se bestuurs- en korporatiewebestuursliggame sal innoverend moet wees om in die toekoms hoër onderwys te lewer en te bestuur. 

Belangrikste strategiese stappe wat gedoen is om waarde te skep en hoe dit ons langtermynbesluitneming beïnvloed

Ons het in 2015 KFS geïmplementeer en die Finansiële Bestuurskomitee gevestig.

Belangrikste gevalle van eksterne betrokkenheid en interne belyning wat 'n invloed op waardeskepping vir die NWU het

Die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite is deur die Raad van Universiteite Suid-Afrika (USAf) as 'n lid van die befondsingstrategiegroep (BSG) aangewys. Die belangrikste rol is om strategiese kwessies in die befondsing van hoër onderwys te identifiseer en USAf oor befondsingskwessies te adviseer, asook om interaksie te hê met die KHO en die DHOO om die gehalte van befondsingsbeleide te verbeter en die implementering van sodanige befondsingsbeleide te monitor. 

toekomsvooruitsig

Hoe ons huidige prestasie 'n impak sal hê op die waarde wat geskep word vir en prestasie van die NWU op die lang termyn

Die tersiêre onderwyssektor ervaar toenemende finansiële uitdagings oor gelde, die immer dalende staatsubsidie en NSFAS-bydraes in reële terme, en die dalende waarde van die rand. Daar sal nog gewag moet word om te sien wat die uitkoms en impak sal wees van die aanbevelings van die spesiale taakspanne wat die regering aangestel het met betrekking tot klasgeldvrye onderwys en 'n nuwe raamwerk vir die befondsing van openbare hoërondewysinstellings. Realistiese alternatiewe moet gevind en daargestel word om bykomende buitebefondsing te genereer ten einde die NWU in te staat stel om sy finansiële doelwitte te bereik.

Geïntegreerde beplanning sal in die toekoms die meeste waarde toevoeg. Sodanige beplanning sal in aanmerking neem studente-inskrywingsbeplanning, impak op personeelbehoefte, infrastruktuurbelegging (waaronder IT), en fondse en hulpbronne wat beskikbaar is om die finansiële lewensvatbaarheid van die universiteit te evalueer. Met ander woorde, die geïntegreerde beplanning sal holisties kyk na al die hulpbronne wat nodig is en die lewensvatbaarheid van die planne.



verslag van die voorsitter van die finansiële komitee en die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite

Die doel van hierdie verslag is om 'n opsomming van die finansiële resultate van die universiteit vir 2015 te bied en om inligting oor die volgende te voorsien:

- Begrotings- en begrotingsbeheerprosesse
- Oorsig van finansiële prestasies



begrotings- en begrotingsbeheerprosesse

Die begrotingsproses by die NWU is 'n interaktiewe proses waardeur verskillende vlakke van bestuur eienaarskap neem van en aktief deelneem aan die opstel van die begroting vir die volgende jaar, met inagneming van die tendense van die verlede, sowel as toekomstige doelwitte/planne.



Gedurende die afgelope drie jaar het die Institusionele Begrotingskomitee 'n begrotingsteiken (saamgestel deur 'n Begrotingtaakspan met verteenwoordigers van Finansies, Mensekapitaal en Akademiese Bestuur) goedgekeur voordat die begrotingseenhede met die begrotingsproses begin het.

Die benadering wat deur die Begrotingtaakspan in die opstel van die 2015-teiken gevolg is, is soortgelyk aan dié van die vorige jaar. Dit was naamlik dat die teiken nie bloot 'n riglyn vir die begrotingseenhede moes wees wat op die status quo van die vorige jaar gebaseer was nie, maar eerder die NWU moes stuur om die Jaarlikse Prestasieplan ten volle te ondersteun.

Die Begrotingtaakspan het dus weer gefokus op die opstel van 'n doelwit wat gebaseer is op verhoudings en die kernbesigheid (klasgeld en subsidie) eerder as op bedrae (met laasgenoemde wat bereken is op grond van inkomste en uitgawes van die verlede), met 'n gelykbreekbegroting op 'n kontantvloeibasis as doelwit. Die teiken is dus per begrotingseenheid opgestel, gebaseer op verhoudings (in teenstelling met gebruik van die historiese begroting/werklike bedrae as 'n basis vir die berekening van bedrae wat in verhoudings omgesit is), naamlik :

- Personeelkoste tot inkomste
- Bedryfskoste tot inkomste
- Kapitaalkoste tot inkomste
- 'n Bydrae tot die gedeelde koste van die Institusionele Kantoor
- 'n Gelykbreekbegroting op 'n kontantvloeibasis (uitgesonderd belegging in infrastruktuur).



Die ideaal bly dat die verhoudings gebruik sal word om die NWU te stuur na 'n ideale kombinasie van inkomste en uitgawes, nie slegs vir die NWU in die geheel nie, maar ook per begrotingseenheid EN op laer vlakke, met die hoofdoel om finansiële volhoubaarheid op die lang termyn vir die NWU te verseker.



Elke begrotingseenheid (die drie kampusse en die Institusionele Kantoor) neem eienaarskap van hul eie begroting en het 'n begrotingskomitee wat toesig oor die begrotingsproses van die begrotingseenheid hou. Die Institusionele Begrotingskomitee (met verteenwoordigers van al die begrotingseenhede) is die komitee wat die aanbeveling by die institusionele bestuursplan maak, wat die begroting goedkeur en dit by die Finansiële Komitee aanbeveel. Die Raad keur in die finale instansie die begroting op aanbeveling van die Finansiële Komitee goed.

Omdat die begrotingsproses ten nouste aan die Jaarlikse Prestasieplan en die strategiese prioriteite gekoppel is, bly al die verskillende bestuursvlakke betrokke. In die loop van enige gegewe jaar bly alle personeellede wat finansies hanteer ten nouste betrokke deur die maandelikse afwykingsverslagdoeningstrukture. Afwykingsverslae word kwartaalliks tot op die vlak van institusionele bestuur gemoniteer.

Elke begrotingseenheid dien gedurende die begrotingsproses 'n risikoverligtingsplan in waarin hulle hul planne aandui om geïdentifiseerde risiko's te bestuur, en die voorgestelde aansuiwerings te dokumenteer indien finansiële teikens nie behaal word nie. Die begroting word aan die einde van Junie as 'n standaardprosedure hersien indien geen afwykings voorkom nie. Vir geldstroom (GS) 2, 3 en 5 word slegs toegelaat dat inkomste wat werklik ontvang is, bestee word. Geringe oorbestedings word ook deur die finansieskantore opgevolg.


oorsig van finansiële prestasies

Die finansiële oorsig vir die jaar geëindig 31 Desember 2015 word onder die volgende opskrifte aangebied:


> winsgewendheid en groei

Die totale inkomste van die universiteit het met 10,0% tot R3 527,0 miljoen (2014: R3 206,0 miljoen) toegeneem, terwyl die totale uitgawes (uitgesonderd die effek van IAS19-waardasies) met 6,5% toegeneem het tot 'n totale uitgawe van R3 339,2 miljoen vir die 2015 finansiële jaar (2014: R3 134,7 miljoen). Daarom is die surplus vir die universiteit se bedrywighede (herhalend en nieherhalend) R187,8 miljoen vir 2015 (2014: R71,3 miljoen).

Die impak van IAS19-waardasies op uitgawes is 'n styging van R106,8 miljoen vir 2015 (2014: 'n styging van R152,5 miljoen). Die netto surplus soos in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste weerspieël, is R81,0 miljoen (2014: tekort van R81,2 miljoen) en verteenwoordig 2,3% (2014: -2,5%) van die totale inkomste.




Die totale inkomste van die universiteit uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd vervreemding van EAT, vervreemding van beleggings en ander omvattende inkomste) het met 8,9% tot 'n totale inkomste van R3 485,9 miljoen toegeneem, terwyl die totale uitgawes uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd die effek van IAS19-waardasies) met 6,4% tot 'n totale uitgawe van R3 334,5 miljoen vir 2015 toegeneem het. Die surplus vir die 2015 finansiële jaar uit herhalende aktiwiteite verteenwoordig 4,3% (2014: 2,0%) van die totale herhalende inkomste.



Die universiteit se opbrengs uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd die effek van IAS19-waardasies) op aangewende kapitaal (totale bates minus bedryfslaste) het tot 6,0% verbeter (2014: 2,9%). Dit is hoofsaaklik te wyte aan 'n styging in die herhalende surplus ten spyte van 'n styging van 12,3% in netto bates.

Opbrengs op kapitaal aangewend




Inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 38,8% (2014: 39,4%) van totale inkomste en het sedert 2014 met 8,0% gestyg. Geoormerkte toelaes ten bedrae van R39,6 miljoen is uitgestel (2014: R24,8 miljoen).

Klasgeld is gemiddeld met 9,25% verhoog (2014: 10,5%). Studentverwante inkomste was 17,2% hoër as in 2014 (2014: 18,5%). Dit kan grootliks toegeskryf word aan die voortgesette egalige groei in studentetalle sowel as 'n styging in modules waarvoor daar ingeskryf is. Die totale studentverwante inkomste verteenwoordig 33,2% van die totale inkomste (2014: 31,2%).

Uitgawes sluit 'n bedrag van R35,4 miljoen in (2014: R36,8 miljoen) wat as onverhaalbaar en twyfelagtig afgeskryf is, sowel as 'n styging van R34,1 miljoen (2014: R0,9 miljoen) in die voorsiening vir slegte skuld met betrekking tot studentedebiteure. Uitgawes wat met studentedebiteure verband hou, het tot R69,5 miljoen (2014: R37,7 miljoen) gestyg.

Totale inkomste per kategorie



Totale uitgawes (uitgesonderd totale IAS19-aansuiwering) het met 6,5% gestyg (2014: 7,3%).


Personeelvergoeding (uitgesonderd totale IAS19-aansuiwering) het met 9,3% (2014: 11,2%) toegeneem, wat hoofsaaklik die 7%-lewenskosteaanpassing behels wat gedurende 2015 aan personeel toegestaan is. Die totale koste van personeeluitgawes vir 2015 het tot 51,6% (2014: 51,9%) van totale inkomste afgeneem.

Die algehele effek van IAS19-waardasies beloop 'n styging van R106,8 miljoen in personeeluitgawes (herhalend en nieherhalend) vir 2015 (2014: styging van R152,5 miljoen). Die standaard vereis van 'n entiteit om 'n uitgawe te erken wanneer dit die ekonomiese voordele voortspruitend uit die dienste gelewer deur 'n werknemer in ruil vir werknemersvoordele verbruik. Met inagneming van al die aannames en beïnvloedingsfaktore en die sensitiwiteit van die waardasie vir enige verandering in hierdie faktore, word die effek van totale IAS19-aansuiwering dus van die oorsig uitgesluit.

Bedryfskoste het met 0,9% (2014: 2,4%) gestyg en verteenwoordig 37,9% (2014: 41,3%) van totale inkomste, wat binne die gestelde teiken van 42% is. Die betreklik lae styging is toeskryfbaar aan die implementering van die risikoverligtingsplan wat deur laer klasgelde genoodsaak is, wat tydig ingestel is om besparings te optimaliseer. Streng begrotingsmaatreëls het 'n verhoogde bewusmaking van besparings tot gevolg gehad. Spesifieke uitgawes het egter gedurende 2015 toegeneem, waarvan die hoofitems opgradering van rekenaars (R8,7 miljoen) en professionele gelde (R8,6 miljoen) was.

Ander uitgawes met betrekking tot depresiasie, amortisasie en finansieringskoste het met 25,8% toegeneem, wat hoofsaaklik te wyte is aan depresiasie as gevolg van die groot belegging in eiendom, aanleg en toerusting wat deur middel van die DHOO-befondsing vir geourmerkte infrastruktuur en doeltreffendheid gefinansier is.


Totale uitgawes per kategorie (uitgesonderd totale IAS19-aansuiwering)



Die universiteit se ekwiteit het met 14,6% in die 2015 finansiële jaar toegeneem (2014: 1,2%), hoofsaaklik as gevolg van 'n styging van R104,0 miljoen in die netto bate waarde van personeelvoordele (pensioenfondse en ongeskiktheidsreserwefondse) op 31 Desember 2015 – ooreenkomstig die eksterne aktuariële waardasie ingevolge IAS19 (31 Desember 2014: daling van R70,0 miljoen).

Die beskikbare fondse het tot 8,0% (2014: 2,1%) van totale ekwiteit gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die realisering van R39,4 miljoen wins op genoteerde aandele, en 'n surplus van 4,3% (op herhalende aktiwiteite) wat binne die teiken (3% tot 6%) is. Sommige infrastruktuurprojekte het laat in 2015 begin en sal slegs in 2016 voltooi word – dus sal besteding teen oorgedraagde beskikbare 2015-reserwes gedurende 2016 plaasvind.

Beskikbare fondse: Geourmerkte fondse




> toegevoegde waarde

As 'n tersiêre instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (insluitende gemeenskapsdiens) het die NWU weer eens wesenlike waarde tot die ekonomie toegevoeg, ten opsigte waarvan die volgende uitgelig kan word:

- 15 597 (2014: 15 254) studente het gedurende 2015 grade en diplomas ontvang.
- R170,1 miljoen (2014: R165,5 miljoen) is uit eie fondse as beurse aan studente toegeken, wat 'n styging van 2,7% verteenwoordig (2014: 26,7%).
- Die kontantvloei-belegging in eiendom, aanleg en toerusting beloop R145,7 miljoen (2014: R192,0 miljoen), wat hoofsaaklik toe te skryf is aan die DHOO-geormerkte befondsing vir infrastruktuur en doeltreffendheid wat vir die tydperk 2010–2012 ontvang is, asook 'n nuwe siklus van befondsing vir 2012–2015.


> solvabiliteit

Die totale laste (R1 026,4 miljoen) uitgedruk oor opgehoopte reserwes (R1 977,1 miljoen) dui aan dat die universiteit se verhouding van skuld tot ekwiteit tot 0,52 (2014: 0,60) verbeter het. Dit kan toegeskryf word aan 'n styging van 14,6% (2014: 1,2%) in ekwiteit om die redes wat hierbo verduidelik is, en 'n daling van 0,4% (2014: 1,5% styging) in laste.



Die totale laste uitgedruk oor totale bates het tot 0,34 (2014: 0,37) vir die jaar verbeter. Die totale laste word dus 2,93 maal (2014: 2,68 maal) deur totale bates gedek.

Solvabiliteitsverhoudings gee steeds 'n duidelike aanduiding dat die universiteit solvent is en in staat is om sy verpligtinge op die lang en kort termyn na te kom.




> likiditeit


Die bedryfskapitaalverhouding dui aan dat die bedryfslaste 0,74 maal (2014: 0,63 maal) deur die bedryfsbates gedek is. Indien die ontleding in randwaarde uitgedruk word, het die bedryfsbates met R31,2 miljoen vir die 2015 finansiële jaar toegeneem, terwyl bedryfslaste vir dieselfde tydperk met R29,2 miljoen afgeneem het. Die hoofrede vir die styging in die bedryfsbates is die gevolg van 'n styging van R11,3 miljoen in kontant en kontantekwivalente, wat hoofsaaklik die gevolg is van kontant wat van langtermynbeleggings oorgedra is (wat met R130,9 miljoen toegeneem het, netto van herwaardasie). Verder was daar 'n styging van 14,9% (2014: 'n daling van 13,5%) in handels- en ander debiteure as gevolg van addisionele diverse debiteure. Die netto waarde van bedryfskapitaal, beleggings en totale laste het tot R494,9 miljoen (2014: R325,5 miljoen) verbeter.

	2015	2014
	Rmiljoen	Rmiljoen
Beleggings	1 174,4	1 040,2
Bedryfsbates	346,9	315,7
Totale laste	(1 026,4)	(1 030,4)
Netto beleggings, bedryfsbates en totale laste	494,9	325,5
Kapitaalverpligtinge	(25,5)	(146,5)
Netto kontant ná kapitaalverpligtinge	469,4	179,0

Die kontantvloeisituasie word noulettend gemoniteer om 'n optimale balans tussen langtermyn- en korttermynbeleggings te bereik sodat beleggingsinkomste geoptimaliseer word sonder om die vloei van besigheid in die gedrang te bring.




Die universiteit se verhouding van kontant en kontantekwivalente tot bedryfslaste het van 0,34 in 2014 tot 0,39 gedurende die 2015 finansiële jaar toegeneem, wat hoofsaaklik aan die oordrag van kontant en kontantekwivalente vanaf langtermynbeleggings toe te skryf is.



> hefboomfinansieringsverhoudings


Hefboomverhoudings ontleed die mate waarin langtermynfinansiering as 'n bron van finansiering gebruik word. Dit is 'n aanduiding van likiditeit op die langer termyn.

Niebedryfslaste het 21,9% (2014: 23,5%) van totale fondse wat aangewend is verteenwoordig. Hierdie verhouding het afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n lening wat ten volle in Mei 2016 aflosbaar is en dus deel van bedryfslaste is, verteenwoordig.



> kontantvloei

Die universiteit het 'n surplus van R170,9 miljoen vir die 2015 finansiële jaar gegenereer, en die netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite het R180,6 miljoen bedra. Die totale netto kontantvloei het in 2015 met R11,3 miljoen gestyg, met inagneming van onder andere R149,7 miljoen netto beleggingsinkomste, oordrag van kontant en kontantekwivalente na langertermynbeleggings (R157,1 miljoen) en die belegging in eiendom, aanleg en toerusting (R145,7 miljoen). Vir die 2014 finansiële jaar het die netto kontantvloei met R141,6 miljoen afgeneem. Die NWU is in 'n lewensvatbare kontantvloeisituasie.



> slot

Die universiteit was in staat om die volgende finansiële doelwitte gedurende die 2015 finansiële jaar te verwesenlik:

- Om totale bates met 9,0% (2014: 1,3%) te verhoog deur die toelae wat van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vir infrastruktuur ontvang is, sowel as eie fondse in eiendom, aanleg en toerusting te belê.
- Om gedurende die 2015 finansiële jaar 'n gesonde solvensiëstand en optimale likiditeitsvlakke te handhaaf ten einde te verseker dat die NWU 'n lopende saak bly.
- Om beurse wat aan studente toegeken word te vermeerder (beurse is met 2,7% verhoog).
- Om die afhanklikheidsvlak van staatsubsidie-inkomste te handhaaf en binne die doelwit van minder as 40% te bly, terwyl daar steeds bekostigbare hoër onderwys gelewer word. Inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 38,8% van totale inkomste vir 2015.

Die Raad en bestuur is saam daartoe verbind om die NWU op so 'n wyse te bestuur dat die gesonde finansiële stand in 2016 gehandhaaf sal word. Daar moet egter genoem word dat die styging van slegs 8% in ons grootste enkele bron van inkomste, naamlik staatsubsidie, laer is as die hoër onderwys interne inflasiekoers, wat geweldige druk op die lewensvatbaarheid van universiteite plaas. Ons het verder 'n daling ervaar in beleggingsinkomste, inkomste uit private geskenke en toelaes, sowel as verkope van goedere en dienste, as gevolg van wydverspreide moeilike ekonomiese omstandighede. Die depresiasie van die rand in 2016 het ons koopkrag ook wesenlik verlaag.

Die grootste uitdaging vir die NWU en die hoëronderwyssektor in die geheel is die finansiële uitkringeffek van die 0%-tariefverhoging wat op 23 Oktober 2015 aangekondig is. Hoewel die asdisionele subsidietoekenning om die beplande verhoging vir 2016 gedeeltelik te dek in die toekoms by die subsidiebloktokenning gevoeg sal word, hou dit nie rekening met die gedifferensieerde verhogings deur verskillende universiteite nie, en neem dit beslis nie die NWU se huidige proses van die implementering van ingefaseerde premies in aanmerking nie. Hierdie uitdaging sal deur behoorlike finansiële modellering en streng monitering van inkomste-en-uitgawebegrotings bestuur word ten einde te verseker dat die NWU finansiëel lewensvatbaar en volhoubaar sal bly.



MNR F STRYDOM
VOORSITTER: FINANSIËLE KOMITEE



ME E DE BEER
UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

op 31 Desember 2015

	2015 R'000	%	2014 R'000	%
BATES				
Niebedryfsbates	2 295 815	76.4	2 337 193	84.9
Eiendom, aanleg en toerusting	1 121 872	37.3	1 141 841	41.5
Beleggingseiendomme	20 323	0.7	20 820	0.8
Ontasbare bates	950	0.0	950	0.0
Beleggings	810 062	27.0	938 396	34.0
Ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansies	3 528	0.1	152	0.0
Uitgestelde inkomstebelastingbates	73	0.0	72	0.0
Pensioenreserwefondse - surplus	281 079	9.4	186 092	6.8
Ongeskiktheidsreserwefondse - surplus	57 928	1.9	48 870	1.8
Bedryfsbates	707 693	23.6	417 364	15.1
Voorraad	20 503	0.7	19 532	0.7
Handels- en ander debiteure	143 216	4.8	119 587	4.3
Huidige inkomstebelastingbates	406	0.0	5 217	0.2
Huidige gedeelte: Beleggings	360 828	12.0	101 634	3.7
Kontant en kontantekwivalente	182 740	6.1	171 394	6.2
Total bates	3 003 508	100.0	2 754 557	100.0
FONDSE EN LASTE				
Fondse beskikbaar	1 977 131	65.8	1 724 160	62.6
Opgelope fondse	1 976 617	65.8	1 723 451	62.6
Niebeherende belang	514	0.0	709	0.0
Totale laste	1 026 377	34.2	1 030 397	37.4
Niebedryfslaste	555 958	18.5	530 757	19.3
Langtermynlenings	42 644	1.4	71 352	2.6
Werknemervoordele	513 314	17.1	459 405	16.7
Bedryfslaste	470 419	15.7	499 640	18.1
Handels- en ander krediteure	293 013	9.8	307 285	11.2
Huidige inkomstebelastingaanspreeklikheid	4 265	0.1	0	0.0
Huidige gedeelte: Langtermynlenings	31 181	1.0	12 368	0.4
Huidige gedeelte: Werknemervoordele	20 422	0.7	19 861	0.7
Huidige gedeelte: Uitgestelde inkomste	47 881	1.6	102 328	3.7
Studentedeposito's en vooruitbetaalde inkomste	73 657	2.5	57 798	2.1
Totale fondse en laste	3 003 508	100.0	2 754 557	100.0

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die jaar geëindig 31 Desember 2015

	2015 R'000	% van totale inkomste	2014 R'000	% van totale inkomste
HERHALENDE ITEMS	135 556	3.9	103 751	3.2
Inkomste	3 485 916	98.9	3 199 728	99.8
Staatstoewysings - subsidies en toelaes	1 368 650	38.8	1 267 269	39.4
Klas- en ander gelde	1 171 280	33.2	999 211	31.2
Inkomste uit kontrakte (navorsing en ander)	227 587	6.5	240 069	7.5
Inwoning en voedseldienste	287 452	8.2	270 705	8.4
Dienste - entrepreneursaktiwiteit	264 400	7.5	264 813	8.3
Private geskenke en toelaes	45 101	1.3	40 456	1.3
Beleggingsinkomste	121 446	3.4	117 205	3.7
Uitgawes	3 350 360	95.0	3 095 977	96.6
Personeelvergoeding	1 819 877	51.6	1 664 853	51.9
IAS19 - aanpassings (werknemervoordele)	16 928	0.5	(37 593)	(1.1)
Bedryfsuitgawes	1 337 679	37.9	1 325 474	41.3
Depresiasie en amortisasie	164 569	4.7	129 856	4.1
Finansieringskoste	11 307	0.3	13 387	0.4
NIEHERHALENDE ITEMS	(53 490)	(1.6)	(184 324)	(5.7)
Inkomste	41 036	1.1	6 267	0.2
Wins op vervreemding van EAT	0	0.0	218	0.0
Wins op beleggings	39 541	1.1	6 015	0.2
Deel van wins van ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansies	0	0.0	34	0.0
Ander nieherhalende inkomste	1 495	0.0	0	0.0
Uitgawes	94 526	2.7	190 591	5.9
Bedryfsuitgawes	197	0.0	524	0.0
Verlies met vervreemding van EAT	193	0.0	0	0.0
Deel van verlies van ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansies	4 235	0.1	0	0.0
IAS19 - voordeelverhoging	89 901	2.6	190 067	5.9
Netto surplus/(tekort) voor inkomstebelasting	82 066	2.3	(80 573)	(2.5)
Inkomstebelastinguitgawe	1 101	0.0	633	0.0
Surplus/(Tekort) vir die jaar (nota 1)	80 965	2.3	(81 206)	(2.5)
ANDER OMVATTENDE INKOMSTE	172 368		102 048	
Pensioenreserwefondse - surplus	192 068		76 730	
Ongeskiktheidsreserwefondse - surplus	11 693		1 464	
Gesondheidsorg (medies) - (tekort)/surplus	(3 335)		6 036	
Netto billike waarde (afname)/toename op beskikbaar vir verkoop finansiële bates	(28 058)		17 818	
Totale omvattende inkomste vir die jaar	253 333		20 842	
NOTA 1:				
Om effek van IAS19-waardasies insake				
Werknemervoordele te illustreer				
Surplus vir die jaar vanuit normale bedryfsaktiwiteite - voor totale IAS19-aansuiwering	187 794	5.3	71 268	2.2
Werknemervoordele - totale IAS19-aansuiwering	(106 829)	(3.0)	(152 474)	(4.7)
Surplus/(Tekort) vir die jaar	80 965	2.3	(81 206)	(2.5)

verslag van die oudit-, risiko- en nakomingskomitee

Hierdie verslag is die ouditverslag van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee (ORNK) van die NWU vir die jaar geëindig 31 Desember 2015, ter voldoening aan die Regulasies vir Verslagdoening deur Openbare Hoëronderrwysinstellings (4 Junie 2014, Staatskoerant 37726).

lidmaatskap en samestelling

Die NWU-raad stel lede van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee aan in ooreenstemming met bepalings wat in die opdrag van die komitee vervat is. Alle lede is onafhanklik en finansiële onderlê.

Terwyl die NWU-raad se lede in die komitee in 2015 me M Claassens (voorsitter tot Desember 2015), mnr T Plaatjie (tot Junie 2015) vervang deur mnr N Nqandela (van Julie 2015) en adv J Kruger was, het die volgende onafhanklike finansiële kenners ook gedurende die oorsigtydperk in die

komitee gedien: me HS Fourie (tot Mei 2015), vervang deur me G Sigasa (vanaf Desember 2015), en dr K van der Walt.

Daar is van die verteenwoordigers van die eksterne ouditeure vereis om alle komiteevergaderings by te woon, en so ook van prof Dan Kgwadi (visekanselier), me E de Beer (uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite) en me M van der Merwe (direkteur vir interne oudit). Prof M Verhoef (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad) het as ex officio-lid gedien.

Die komiteeledes vir die 2015-jaar en die getal vergaderings wat bygewoon is, word hieronder aangedui:

Lede	Akademiese kwalifikasies	Ekstern/intern	Ampstermyne	Getal vergaderings gehou	Bywoning deur lede
Me M Claassens (tot September 2015)	GR (SA) Geregistreerde Ouditeur	Ekstern	2012 - 2015 (2)	1	1
Mnr T Plaatjie (tot Junie 2015)	BA	Ekstern	2012 - 2015 (1)	1	0
Mr Nqaba Nqandela (van Julie 2015)	MBA	Ekstern	2015 – 2018 (1)	2	2
Adv TJ Kruger	LLB, LLM	Ekstern	2014 – 2017 (2)	3	3
Dr K vd Walt	GR (SA) Geregistreerde Ouditeur	Ekstern	2014 – 2017 (1)	3	2
Me H Fourie (tot Junie 2015)	GR (SA) Geregistreerde Ouditeur	Ekstern	2012 – 2015 (2)	1	1
Me G Sigasa (van Julie 2015)	GR (SA)	Ekstern	2015 – 2018 (1)	2	2

mandaat

Die Raad het 'n hersiene opdrag vir die ORNK in November 2015 goedgekeur om die belyning van die komitee met 'n voorgeskrewe korporatiewebestuurstruktuur in ooreenstemming met die Wet op Hoër Onderwys sowel as die riglyne wat daargestel is deur die King-verslag oor korporatiewe bestuur (King III), beter te weerspieël.

Die ORNK se oorkoepelende doel is om die Raad by te staan in die uitvoering van hul toesighoudende verantwoordelikheid vir die proses van finansiële verslagdoening, die stelsel van interne beheer, die risikobestuurproses, die ouditproses en die proses vir die monitering van voldoening aan wette en regulasies, asook aan gedragskodes.

pligte uitgevoer

Die komitee het gedurende die finansiële jaar hul pligte en verantwoordelikhede volgens hul opdrag uitgevoer deur toesighouding oor die institusionele bestuur se rol in die skep en instandhouding van 'n behoorlike risikobestuurproses, en in die skepping van 'n doeltreffende beheeromgewing vir die universiteit, asook deur te verseker dat die institusionele bestuur die nodige respek vir die nakomingsprosesse demonstreer en bevorder.

Die primêre funksie van die ORNK is om al die toepaslike prosesse te evalueer wat ingestel is deur die universiteit om ons bates te beskerm, om toereikende rekeningkundige

rekords in stand te hou, interne beheerstelsels te ontwikkel en in stand te hou en om oor risikobestuur- en nakomingsprosesse toesig te hou.

Behalwe hul normale pligte is die komitee deur die uitvoerende komitee van die Raad versoek om advies te gee met betrekking tot 'n interne ouditverslag oor 'n versoek vir betaling deur 'n personeellid aan 'n maatskappy wat onder die direkteurskap van hierdie personeellid staan.

In die belang van verantwoordbare en deursigtige korporatiewe bestuur, het die komitee by die uitvoerende komitee aanbeveel dat die bevindings en aanbevelings van die universiteit se afdeling Interne Oudit oor die genoemde saak voor implementering van enige aanbevelings deur eksterne forensiese ouditeure bevestig word. 'n Uitgebreide proses het gevolg waarby eksterne forensiese ouditeure sowel as die universiteit se afdeling Regsdienste betrokke was om uitvoering aan die advies te gee en die saak tot tevredeheid van die Raad op te los.

interne oudit

Om deurlopende kwaliteitskontrole te verseker, ondergaan die universiteit se interneouditfunksie gereelde ekstern uitgevoerde onafhanklike kwaliteitsoorsigte. So 'n oorsig is in 2011 deur KPMG gedoen en sal weer in 2016 uitgevoer word. Die Skool vir Rekeningkunde in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe doen ook jaarliks so 'n kwaliteitsoorsig. Dit is weer eens in 2015 gedoen om sowel die ORNK as die eksterne ouditeure te verseker dat

die interneuditfunksie steeds doeltreffend, effektief en onafhanklik bly.

Die komitee het steeds gereelde verslae van Interne Oudit oor hul rollende planne en die resultate van hul aktiwiteite ontvang. Hierbenewens het die komiteevoorsitter steeds gereelde vergaderings met die direkteur van die interneuditfunksie gehou om op hoogte van beduidende bevindinge, ondersoeke en moontlike risikogebiede gehou te word.

Die komitee is vol vertroue dat die universiteitsbestuur die interneuditfunksie toelaat om robuus en onafhanklik te bly en dat hulle voortgaan om hul bedrywighede in ooreenstemming met die Internasionale Standaard vir Professionele Praktyk van Interne Ouditering te bely.

eksterne audit

KPMG is in September 2014 vir 'n vyfjaartermyn as eksterne auditfirma aangestel en het in 2015 die nodige dienste aan die NWU gelewer. Die voortsetting van die aanstelling van die eksterne ouditeure is aan 'n jaarlikse evaluering en goedkeuring deur die ORNK onderhewig.

finansiële funksie

In die uitvoering van hul pligte om toesig te hou oor die proses van finansiële verslagdoening, het die komitee voortgegaan om die kundigheid, hulpbronne en ervaring van die finansiëlebestuursfunksie van die NWU in die geheel te oorweeg. In hierdie verband het die komitee die ervaring en kundigheid van die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite sowel as die finansiële funksies en finansiële beheermaatreëls oorweeg.

finansiële jaarstate

Met betrekking tot die finansiële jaarstate, en in ooreenstemming met hul mandaat, het die komitee die volgende funksies uitgevoer:

- Op grond van die verslag wat bestuur aan hulle voorsien het, het hulle bevestig dat die finansiële jaarstate op die lopendesaa-krondslag opgestel is;
- het hulle die finansiële jaarstate en ander finansiële inligting wat openbaar gemaak is, ondersoek voordat dit deur die Raad goedgekeur is;
- het hulle rekeningkundige behandelings, beduidende of ongewone transaksies en rekeningkundige oordele oorweeg;
- het hulle die toepaslikheid van rekeningkundige beleide en enige veranderings daaraan oorweeg;
- het hulle 'n oorsig gedoen van die bestuursbrief met betrekking tot die finansiële jaarstate wat deur bestuur onderteken is;

- het hulle enige probleme oorweeg wat geïdentifiseer is, sowel as enige regs- en belastingaangeleenthede wat die finansiële state weselik kon beïnvloed; en
- het hulle afsonderlik met die bestuurspan, sowel as met die eksterne ouditeure en Interne Oudit vergader en hulle daarvan vergewis dat daar geen weselike swakheid in beheermaatreëls bestaan het nie.

verslae aan die raad

Vir die oorsigtydperk het die komitee voortgegaan om, as 'n vaste item, aan die Raad oor hul statutêre pligte, aktiwiteite wat uitgevoer is en die vernaamste bevindinge van die interneuditfunksie asook die eksterne ouditeure verslag te doen. Die komitee het ook voortgegaan om oor hul kommunikasie en interaksie met die eksterne ouditeure, die risiko's waarvan die Raad bewus gemaak moes word en die belangrikheid van sekere nakomingsaangeleenthede verslag te doen.

geïntegreerde verslag

Ná die oorsig deur die komitee van die geïntegreerde verslag van die Noordwes-Universiteit vir die jaar geëindig 31 Desember 2015, en nadat dit deur middel van 'n rondomtalieproses deur die komitee goedgekeur is, vertrou die komitee dat die universiteit, in alle weselike opsigte, steeds aan die toepaslike bepalinge van die Wet op Hoër Onderwys en die International Financial Reporting Standards voldoen het, en dat die verslag die finansiële stand op daardie datum, die resultate van die bedrywighede en kontantvloei vir die jaar redelik weergee.

In die lig daarvan dat die NWU sy doelstellings vir die finansiële jaar behaal het, het die komitee die geïntegreerde verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2015 vir goedkeuring deur die Raad aanbeveel.



ADV TJ KRUGER
VOORSITTER VAN DIE OUDIT-, RISIKO- EN
NAKOMINGSKOMITEE



ADV DR TJ KRUGER, SC
VOORSITTER VAN DIE RAAD

dankbetuigings

navrae en kontakbesonderhede

Institusionele Kantoor

Privaat Sak X1290, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika
Tel: +27 (18) 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za
Webwerf: www.nwu.ac.za

Mafikengkampus

Privaat Sak X2046, Mmabatho, 2735, Suid-Afrika
Tel: +27 (18) 389 2144
E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

Potchefstroomkampus

Privaat Sak X6001, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika
Tel: +27 (18)18 299 2769
E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

Vaaldriehoekkampus

Posbus 1174, Vanderbijlpark, 1900, Suid-Afrika
Tel: +27 (16) 910 3185
E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za

jaarverslagtaakspan

Jacoline Jansen van Vuuren, Nelia Engelbrecht,
prof Marlene Verhoef, Jan-Hendrik Viljoen, Ronell Pietersen

fotografie

Maclez Studio en NWU-kollegas

ontwerp en uitleg

SUN MeDIA MeTRO
www.africansunmedia.co.za
info@sunmediametro.co.za

drukwerk

SUN MeDIA MeTRO
www.africansunmedia.co.za
info@sunmediametro.co.za

*Die 2015-jaarverslag is deur die afdeling Institusionele Bevordering uitgegee.
Die jaarverslag is op die NWU se webwerf beskikbaar by <http://www.nwu.ac.za/af/content/nwu-jaarverslag>
This publication is also available in English.*